


'n Suid-Afrikaanse Instrumentale Kamermusiekensemble

1940

(Phyllis Chaplin, Noreen O'Sullivan, Erica Jolly, Kathellen Allister, Elsa Schneider, Lettie Vermaak, Margaret Williams en Anne Sack).

(Uit die Kathleen Allister-versameling in die Afrikana-afdeling van Johannesburgse Openbare Biblioteek).

# SUID-AFRIKAANSE KAMERMUSIEK:
# 'N HISTORIESE OORSIG EN
# EVALUASIE VAN GESELEKTEERDE WERKE

deur

ELIZABETH KRYNAUW

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR MUSICOLOGIAE

in die

DEPARTEMENT MUSIEKWETENSKAP

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF D J REID

JUNIE 1994

*"The Music of Friends"*

UNISA
BIBLIOTEEK / LIBRARY
1995 -04- 2 1
Class
Klas 785.700 968 KRYN
Acce
Aanwin
01576475

**Opgedra aan:**
**Anneli, Yolandi en Elani**
**asook Kerry, Frans en Douglas.**

## OPSOMMING

Die ontwikkeling van 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekidioom deur die stelselmatige assimilasie van inheemse musikale elemente uit Afrika-musiek in die oorspronklike Europese georiënteerde kamermusiekgenre, het gelei tot die navorsing oor die historiese ontwikkeling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek. 'n Oorsigtelike evaluasie van geselekteerde kamermusiekkomposisies word ingesluit.

Bydraes deur besoekende-, immigrante of Suid-Afrikaanse komponiste moet aan die volgende kriteria voldoen, voordat die komposisies as verwysings kon kwalifiseer:

(a) Die komposisies moet hoofsaaklik op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer wees.

(b) Instrumentale kamermusiekkomposisies moet volledig en voltooid wees.

(c) Bogenoemde werke moet vir drie tot nege instrumentaliste geskryf wees. Die omruiling of afwisseling van instrumente deur die uitvoerende kunstenaars is in aanmerking geneem.

Instrumentale kamermusiekkomposisies wat tydens hul studieperiode in die buiteland deur Suid-Afrikaanse komponiste gekomponeer is, is vanweë die selfverrykende proses en die voordeel wat Suid-Afrikaanse kamermusiek uit wedersydse kultuurwisseling getrek het, ingesluit. 'n Uitgebreide Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium van 512 komposisies vanaf 1890 tot 1990, sluit 365 gedateerde werke in.

Die geredelike beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente, musiekonderrigfasiliteite, asook die blootstelling aan plaaslike en internasionale instrumentale kamermusiekuitvoerings tydens konserte, huiskonserte of soirèes in die voorbereidende fase (1652-1910), het 'n bevorderlike

milieu vir die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek geskep. Eksterne beïnvloeding deur ekonomiese, sosiologiese, militêre, godsdienstige en politieke aktiwiteite het 'n beslissende rol in die ontwikkelingstempo van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek gespeel.

Evaluering van geselekteerde instrumentale kamermusiekkomposisies van 1890 tot 1990, word in 'n historiese konteks bespreek. Die ontplooiing van 'n egte Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekidioom is op enkele parameters gebaseer:

(a) Tematiese metamorfose
(b) Tematiese frasestruktuur
(c) Enkele kompositoriese tegnieke, exempli gratia imitasie of direkte herhaling.

Die bevordering van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek word tot die bydrae van belangrike instansies en enkele musiekverenigings beperk.

In Volume 2 word die verblyftydperk van besoekende komponiste asook die immigrasie- of emigrasiedatums van komponiste aangedui. Met die insluiting van 512 instrumentale kamermusiekkomposisies deur 139 amateur en professionele Suid-Afrikaanse of besoekende komponiste, is daar gepoog om belangrike biografiese besonderhede asook enkele bydrae deur die betrokke komponis tot die uitbreiding van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek, in te sluit.

Die chronologiese ordening van komposisies reflekteer die intense uitbreiding gedurende 1988 van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium . Addisionele inligting word in die bylae verstrek.

# SUMMARY

An indigenous South African instrumental chamber music idiom development through assimilation of indigenous musical elements in the original Eurocentric orientated chamber music genre, by the cosmopolitan structure of South African composers led to research of historical development of South African instrumental chamber music. A synoptic evaluation of selected chamber music compositions is included.

Contributions from visiting, immigrating or South African composers had to comply with certain referential criteria:

(a) Compositions must be composed mainly on South African soil.

(b) Instrumental chamber music compositions must be complete and finished.

(c) Compositions must be composed for three to nine instrumentalists Changing or alternating of instruments by performing artists considered.

Instrumental chamber music compositions created abroad by composers on Sabbatical are included due to the self-effacement afforded and advantages gained through mutual cultural interchange. The elaborate South African instrumental chamber music repertoire of 512 compositions from 1890 to 1990, includes 365 dated works.

The availability of instruments, tuition facilities and exposure to national and international performances through public concerts, private concerts or soirèes, during the preparatory phase (1652-1910) created a favourable milieu for the development of chamber music.

External influences such as economical, sociological, military, religious and political activities, played a determining role in the developmental tempo of South African instrumental chamber music.

Evaluation of selected instrumental chamber music compositions from 1890 to 1990 are discussed in an historical context. The evolution of an authentic South African instrumental chamber music idiom is based on a few parameters:

(a) Thematic metamorphosis.
(b) Thematic phrase structure.
(c) Certain composition techniques exempli gratia imitation or direct repetition.

The promotion of South African instrumental chamber music is limited to the contributions of important organizations and music societies.

In Volume 2 the period of sojourn of visiting composers as well as the immigration and emigration dates of composers are indicated. With the enclosure of 512 compositions by 139 amateur or professional South African or visiting composers, it has been endeavoured to incorporate important biographical details as well as some contributions of relevant composers.

A chronological list of compositions reflects the extensive expansion of the South African instrumental chamber music repertoire during 1988. Additional information is supplied in the appendix.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

DANKBETUIGINGS .................................................. xiii

AFKORTINGS ...................................................... xv
(a) Inrigtings en instansies ................................ xv

INLEIDING ....................................................... xvi

HOOFSTUK 1

MUSIKALE ONTWIKKELING AAN DIE SUIDELIKE PUNT VAN AFRIKA (1652-1838) ............. 1

1. Volksplanting onder die bewind van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (1652-1795) ........................ 1

1.1 Jan van Riebeeck se stigtingswerk (1652-1662) .......... 1

1.1.1 Diensverpligtinge van die musikante .................... 2
1.1.2 Musiek as intergrale deel van die handelspolitiek ...... 3
1.1.3 Die Seremoniële funksie van musiek ..................... 4
1.1.4 Beperkinge ten opsigte van musikale ontwikkelinge ...... 5
1.1.5 Sosiologiese invloed op musikale ontwikkeling .......... 5

1.2 Transisie vanaf Verversingspos tot Kolonie (1662-1795) ............................................ 6
1.2.1 Historiese agtergrond en kultuurverryking .............. 6
1.2.2 Kontrasterende sosiologiese kultuursamestellings ........ 7
1.2.3 Tafelmusiek ............................................ 10
1.2.4 Musiek as statussimbool ................................ 11
1.2.5 Sosio-ekonomiese vraagstukke en kultuurverryking ....... 12
1.2.6 Kamermusiekinstrumente en -partiture ................... 13
1.2.7 Die embriogeniese ontwikkeling van kamermusiek ......... 14
1.2.7.1 Huismusiek ........................................... 14
1.2.7.2 Slawe-orkeste ........................................ 16
1.2.7.3 Georganiseerde musiekuitvoerings ..................... 17
1.2.7.4 Informele dansmusiek ................................. 18

1.3 Internasionale spanning lei tot kultuuromwenteling ..... 19

2. Kamermusiekontwikkeling tydens die wisselende regerings-bestuur (1795-1806) ................................. 20

2.1 Die Kaap onder Britse bestuur (1795-1803) .............. 20

2.1.1 Musiekonderrig en konserte ............................. 20
2.1.2 Kamermusiekinstrumente en -partiture ................... 23

Bladsy

2.2 Die Kaap onder die Bataafse Republiek (1803-1806) ..... 24

2.2.1 Musiekhandelaars ........................................ 24
2.2.2 Toenemende gewildheid van slawe-orkeste ............... 26
2.2.3 Harmoniemusik ........................................... 27

3. Musikale inisiatief tydens die Britse bewind aan die Kaap (1806-1838) ................................ 28

3.1 Musiekonderrig met betrekking tot kamermusiek-instrumente ........................................... 28

3.1.1 Private onderrig ......................................... 28
3.1.2 Musiekskole en musikale stelsels ..................... 31

3.2 Uitvoering van vroeë instrumentale kamermusiekkomposisies ................................................ 33

3.2.1 Konsertuitvoerings ...................................... 33
3.2.1.1 Konsertmeester ........................................ 33
(a) Lemming, Frederik C (1782-1846) ........................ 33
3.2.1.2 Militêre musikante .................................... 35
(a) Informele kamermusiek .................................... 37
(b) Formele kamermusiek ...................................... 37

3.3 Individuele bydrae deur besoekende komponiste ......... 38

3.3.1 'n Verwerkte instrumentale kamermusiekkomposisie ...... 38
3.3.2 'n Oorspronklike instrumentale kamermusiekkomposisie .. 40

3.4 Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en -partiture ........................................... 41

3.5 Gevolgtrekkings ........................................... 45

HOOFSTUK 2

DIE STREMMENDE INVLOED OP KAMERMUSIEK GEDURENDE DIE KONFLIKJARE (1838-1910) .................................................. 47

1. Die Groot Trek (1838-1854) ............................... 47

1.1 Musiekonderrigfasiliteite ................................. 48
1.1.1 Kaapprovinsie ........................................... 48
1.1.1.1 Kaapstad ............................................... 48
1.1.1.2 Port Elizabeth ......................................... 50

Bladsy

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.2 | Natal | 50 |
| 1.1.2.1 | Durban | 51 |
| 1.1.2.2 | Pietermaritzburg | 53 |
| 1.1.3 | Oranje-Vrystaat | 54 |
| 1.1.3.1 | Bloemfontein | 54 |
| 1.1.4 | Transvaal | 55 |
| 1.2 | Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en -partiture | 56 |
| 1.2.1 | Kaapprovinsie | 56 |
| 1.2.1.1 | Kaapstad | 56 |
| 1.3 | Kamermusiekuitvoerings | 57 |
| 1.3.1 | Kaapprovinsie | 57 |
| 1.3.1.1 | Kaapstad | 57 |
| (a) | Amateur Musiekvereniging in Kaapstad | 57 |
| (b) | Militêre kamermusiekuitvoerings | 61 |
| 1.3.1.2 | Port Elizabeth | 61 |
| 1.3.2 | Natal | 62 |
| 1.3.2.1 | Durban | 62 |
| (a) | Informele uitvoerings | 62 |
| (b) | Formele uitvoerings | 63 |
| 1.3.2.2 | Pietermaritzburg | 64 |
| 1.3.3 | Oranje-Vrystaat en Transvaal | 65 |
| 2. | Stormagtige Jare (1855-1902) | 66 |
| 2.1 | Musiekonderrigfasiliteite | 66 |
| 2.1.1 | Kaapprovinsie | 66 |
| 2.1.1.1 | Kaapstad | 66 |
| 2.1.1.2 | Port Elizabeth | 67 |
| 2.1.2 | Natal | 69 |
| 2.1.2.1 | Durban | 70 |
| 2.1.2.2 | Pietermaritzburg | 71 |
| 2.1.3 | Oranje-Vrystaat | 73 |
| 2.1.3.1 | Bloemfontein | 73 |
| 2.1.4 | Transvaal | 75 |
| 2.1.4.1 | Pretoria | 75 |
| 2.1.4.2 | Johannesburg | 77 |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 2.2 | Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en - partiture | 78 |
| 2.2.1 | Kaapprovinsie | 78 |
| 2.2.1.1 | Kaapstad | 78 |
| 2.2.1.2 | Port Elizabeth | 80 |
| 2.2.2 | Natal | 82 |
| 2.2.2.1 | Durban | 82 |
| 2.2.2.2 | Pietermaritzburg | 84 |
| 2.2.3 | Oranje-Vrystaat | 86 |
| 2.2.3.1 | Bloemfontein | 86 |
| 2.2.4 | Transvaal | 86 |
| 2.2.4.1 | Pretoria | 86 |
| 2.2.4.2 | Johannesburg | 87 |
| 2.3 | Kamermusiekkomposisies | 88 |
| 2.3.1 | Kaapprovinsie | 88 |
| (a) | Militêre geleentheidsmusiek | 88 |
| (b) | Besoekende komponis<br>Bonicoli, Venceslo | 89 |
| (c) | Die eerste Suid-Afrikaanse instrumentale kamer-musiekkomponis<br>Beck, Johannes H Meiring (1855-1919) | 90 |
| 2.3.2 | Transvaal | 91 |
| 2.3.2.1 | Johannesburg | |
| (a) | Immigrante komponis<br>Von Booth, Karl E Otto (1842-1923) | 91 |
| 2.4 | Kamermusiekuitvoerings | 92 |
| 2.4.1 | Kaapprovinsie | 92 |
| 2.4.1.1 | Port Elizabeth | 92 |
| 2.4.2 | Natal | 94 |
| 2.4.2.1 | Durban | 94 |
| (a) | Jeugdige ensemblespel | 94 |
| (b) | Openbare kamermusiekuitvoerings | 94 |
| 2.4.2.2 | Pietermaritzburg | 97 |
| 2.4.3 | Oranje-Vrystaat | 99 |
| 2.4.3.1 | Bloemfontein | 99 |
| 2.4.4 | Transvaal | 103 |
| 2.4.4.1 | Pretoria | 103 |
| 2.4.4.2 | Johannesburg | 106 |

Bladsy


3. Die Heropbou-proses (1902-1910) .......... 110

3.1 Kamermusiekkomposisies .......... 110
3.1.1 Kaapprovinsie .......... 110
3.1.1.1 Suid-Afrikaanse komponiste .......... 111
(a) De Villiers, Marthinus L (1885-1977) .......... 111
(b) Hely-Hutchinson, Christian V N H (1901-1947) .......... 112
3.1.1.2 Immigrante komponis .......... 113
(a) Endler, Johann F (1871-1947) .......... 113

3.2 Kultuurverrykking deur Engelse Immigrante .......... 115

3.3 Transvaal .......... 116
3.3.1 Immigrante komponiste .......... 116
(a) Lissant-Collins, Henry (1880-1941) .......... 116
(b) Richfield, Sydney (1882-1967) .......... 116

4. Gevolgtrekkings .......... 117

4.1 Musiekonderrigfasiliteite .......... 117
4.2 Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en - partiture .......... 120
4.3 Kamermusiekuitvoerings .......... 121
4.4 Kamermusiekkomposisies .......... 123

HOOFSTUK 3

DIE WISSELENDE MUSIKALE ARENAS (1911-1945) .......... 125

1. Primêre ontwikkelingsfase in Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek .......... 125

1.1 Immigrante komponiste .......... 126
(a) Bell, William H (1873-1946) .......... 126
Strykkwartet in G mineur (1926) .......... 129
(b) Kirby, Percival R (1887-1970) .......... 133
(c) Lissant-Collins, Henry (1880-1941) .......... 136
(d) Barton, Horace (1872-1951) .......... 137
Trio in F mineur (1937) .......... 138
(e) Cherry, Richard J (1897-1982) .......... 142
(f) Idelson, Jeremiah (1893-1977) .......... 143
(g) Swanson, Walter D (1903-1981) .......... 145

1.2 Besoekende komponis .......... 147
(a) Pobjoy, Marjon .......... 147

Bladsy

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | Suid-Afrikaanse komponiste | 150 |
| (a) | Fagan, Johannes J (1889-1920) | 150 |
| (b) | Lapin, Lily (1893-) | 151 |
| (c) | Caluza, Reuben T (1895-1969) | 153 |
| (d) | Nepgen, Rosa S C (1909-) | 154 |
| (e) | Van Wyk, Arnold C V (1916-1983) | 154 |
| | Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941) | 155 |
| (f) | Underwood, Vangie | 159 |
| 2. | Gevolgtrekkings | 160 |
| 3. | Statistieke | 163 |

HOOFSTUK 4

| | | |
|---|---|---|
| | TRIOMFERENDE INDIVIDUALISME (1946-1990) | 166 |
| 1. | Sekondêre Ontwikkelingsfase (1946-1960) | 167 |
| 1.1 | Bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek | 167 |
| 1.1.1 | Immigrante komponis | 167 |
| (a) | De Vries, Gerard (1912-1972) | 167 |
| 1.1.2 | Besoekende komponis | 170 |
| (a) | Hylton-Edwards, Stewart (1924-) | 170 |
| 1.1.3 | Suid-Afrikaanse komponiste | 171 |
| 1.1.3.1 | Aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste | 171 |
| (a) | Idelson, Jeremiah (1893-1977) | 172 |
| (b) | Oxtoby, Charles F (1912-1978) | 172 |
| (c) | Swanson, Walter D (1903-1985) | 173 |
| (d) | Matthews, Hayden T (1894-1958) | 173 |
| (e) | Bradley, Leo P (1889-1968) | 175 |
| 1.1.3.2 | Egte Suid-Afrikaanse komponiste | 175 |
| (a) | Van Wyk, Arnoldus C V (1916-1983) | 176 |
| (b) | Grové, Stefans (1922-) | 177 |
| (c) | Du Plessis, Hubert L (1922-) | 179 |
| (d) | Enkele bydrae deur verskeie komponiste | 180 |
| 1.2 | Statistieke | 182 |
| 2. | Oorgangsfase (1961-1975) | 185 |
| 2.1 | Bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek | 186 |
| 2.1.1 | Immigrante komponiste | 186 |
| (a) | Van Zuilenburg, Paul E O F Loeb (1926-) | 186 |

Bladsy

(b) Nowotny, Norbert W (1937-) .......................... 187
Passacaglia opus 8 (1966) .......................... 188
(c) O'Reilly, Stephen (1919-1990) .......................... 190
(d) Van Oostveen, Klaas (1911-1992) .......................... 190

2.1.2 Besoekende Komponis .......................... 192
(a) Stam, Johannes T (1934-) .......................... 192
2.1.3 Suid-Afrikaanse komponiste .......................... 193
2.1.3.1 Aanvaarde Suid-Afrikaanse Komponiste .......................... 193
Meer ervare aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste ....... 193
(a) Idelson, Jeremaih (1893-1977) .......................... 193
(b) Cherry, Richard J (1897-1982) .......................... 193
(c) Swanson, Walter D (1903-1985) .......................... 194
2.1.3.2 Toetredende nuwelinge .......................... 195
(a) Bon, Gerrit (1901-1983) .......................... 195
(b) Van der Mark, Huigrina (1912-) .......................... 196
(c) Temmingh, Roelof W (1946-) .......................... 197
(d) Temmingh, Hendrik (1939-) .......................... 198
(e) Wegelin, Arthur W (1908-) .......................... 198
2.1.3.3 Egte Suid-Afrikaanse komponiste .......................... 200
Ervare komponiste .......................... 200
(a) Solomon, Alan (1938-) .......................... 200
(b) Fagan, Gideon (1904-1980) .......................... 201
(c) Harvey, Eva N (1900-1984) - 'n Dilettante komponis ..... 201
Kwartet vir fluit, hobo, tjello en klavier ....... 201
2.1.3.4 'n Nuwe Opkomende Komponiste Generasie .......................... 204
(a) Reid, Douglas J (1937-) .......................... 204
Strykkwartet in D (1969) .......................... 208
(b) Van Wyk, Carl A (1942-) .......................... 209
(c) Klatzow, Peter J L (1945-) .......................... 210
(d) Engela, Dawid S (1931-1967) .......................... 211
(e) Lamprecht, Christian E (1927-) .......................... 214
Tema en Variasies vir fluit, viool en tjello (1970) .......................... 215
(f) Zaidel-Rudolph, Jeanne (1948-) .......................... 217
(g) Roosenschoon, Hans (1952-) .......................... 219
(h) Enkele bydrae deur Suid-Afrikaanse komponiste .......... 221

2.2 Statistieke .......................... 222

3. Tersiêre Ontwikkelingsfase (1976-1990) .......................... 224

3.1 Bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek .......................... 224
3.1.1 Immigrante Komponiste .......................... 224
(a) James, Christopher L (1952-) .......................... 224
(b) Jolly, Margaret (1919-) .......................... 226
(c) Stephenson, Allan (1949-) .......................... 226
(d) LaPierre, Gerald (1947-1981) .......................... 229

Bladsy

3.1.2 Aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste .................. 231
3.1.2.1 Meer ervare komponiste .................. 231
(a) Swanson, Walter D (1903-1985) .................. 231
(b) Temmingh, Roelof (1946-) .................. 234
Autumn (1988) .................. 235
(c) Temmingh, Hendrik (1939-) .................. 236
(d) Wegelin, Arthur W (1908-) .................. 237
Strykkwartet Nr 2 opus 51 (1985-1986) .................. 237
(e) Van Oostveen, Klaas (1911-1992) .................. 239
(f) Enkele bydrae deur aanvaarde komponiste .................. 240
3.1.3 Egte Suid-Afrikaanse Komponiste .................. 240
3.1.3.1 Meer ervare komponiste .................. 240
(a) Van Wyk, Carl A (1942-) .................. 240
(b) Grové, Stefans (1922-) .................. 241
Trio vir viool, horing en klavier (1988) .................. 242
(c) Holm, Albrecht (1937-) .................. 243
(d) Adams, Rosalie (1927-) .................. 244
(e) Clough, Robert A (1936-1987) .................. 245
(f) Enkele bydrae deur verskeie komponiste .................. 245
3.1.3.2 Die Derde Generasie Komponiste .................. 246
(a) Klatzow, Peter J L (1945-) .................. 246
(b) Roosenschoon, Hans (1952-) .................. 249
(c) Zaidel-Rudolph, Jeanne (1948-) .................. 250
Margana (1985) .................. 254
3.1.3.3 Die Vierde Generasie Komponiste .................. 263
(a) Coulter, John R (1958-) .................. 263
(b) Kosviner, David G (1957-) .................. 265
Caiscum Apra ben gli orecchi (1982) .................. 266
(c) Vietri, Phillip F (1955-) .................. 269
(d) Hoenigsberg, David (1959-) .................. 270
(e) De Bliquy, Marc (1963-) .................. 271
(f) Els, Nicolaas A (1959-) .................. 273
(g) Malan, Waldo (1963-) .................. 273
(h) Smit, Petrus W (1956-) .................. 274
(i) Van Rensburg, Etienne (1963-) .................. 275

3.2 Statistieke .................. 278

3.3 Gevolgtrekkings .................. 281

HOOFSTUK 5

BEKENDSTELLING EN BEVORDERING VAN SUID-AFRIKAANSE INSTRUMENTALE KAMER-MUSIEK DEUR VERSKILLENDE INSTANSIES .................. 287

1. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie as beskermheer van 'n dinamiese, eietydse instrumentale kamermusiekkultuur 287

1.1 'n Sinoptiese oorsig oor die radiowese in Suid-Afrika .. 287

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | 'n Historiese oorsig van die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) .................... | 287 |
| 1.1.2 | Aktiwiteite na die totstandkoming van die SAUK ......... | 290 |
| 1.2 | Organisatoriese aspekte en aktiwiteite in die SAUK ter beskerming van Suid-Afrikaanse instrumentale musiek-musiek .......................................... | 293 |
| 1.2.1 | Die kopie- en uitvoerregafdeling ...................... | 293 |
| 1.2.2 | Die Musiekbiblioteek ................................. | 294 |
| 1.2.3 | Verspreiding van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek .......................................... | 297 |
| 1.2.3.1 | Indekssisteem ........................................ | 298 |
| 1.2.3.2 | Kaartsisteem ......................................... | 299 |
| 1.2.3.3 | Transkripsiediens .................................... | 299 |
| 1.2.3.4 | Diskoteek en Klankargief .............................. | 302 |
| (a) | Diskoteek ............................................ | 302 |
| (b) | Klankargief .......................................... | 303 |
| 1.3 | Geleenthede wat die SAUK aan Suid-Afrikaanse komponiste en uitvoerende kamermusiekensembles bied .............. | 305 |
| 1.3.1 | Oudisies en voorlegging van manuskripte ............... | 305 |
| 1.3.2 | Opdragte aan komponiste .............................. | 305 |
| 1.3.3 | Bekendstelling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek .......................................... | 308 |
| 1.3.4 | Bevordering van instrumentale kamermusiek in Suid-Afrika ......................................... | 314 |
| 1.3.4.1 | Besoekende kamermusiekensembles ....................... | 314 |
| 1.3.4.2 | Suid-Afrikaanse kamermusiekensembles .................. | 314 |
| 1.4 | Bekendstelling van kontemporêre instrumentale kamermusiek .......................................... | 315 |
| 2. | Nasionale Musiekverenigings en -instansies ............ | 318 |
| 2.1 | Suid-Afrikaanse Musiek Regte Organisasie (SAMRO) ....... | 319 |
| 2.2 | Suid-Afrikaanse Musiekgilde (SAMG) .................... | 324 |
| 2.3 | Obelisk .............................................. | 326 |
| 2.4 | Suid-Afrikaanse Skeppende Kunste (SSK) ................ | 328 |
| 3. | Gevolgtrekkings ...................................... | 330 |

Bladsy

SAMEVATTING ........................................... 336

1. Voorbereidende fase (1652-1910) ........................ 336

1.1 Wisselende kulturele beïnvloeding ..................... 336
1.2 Musiekonderrigfasiliteite ............................. 336
1.3 Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en -partiture . 339
1.4 Kamermusiekuitvoerings ................................ 340

2. Kreatiewe Periode (1890-1990) .......................... 341

2.1 Voorbereidende fase (1890-1910) ....................... 342
2.2 Primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) ................. 342
2.3 Sekondêre ontwikkelingsfase (1946-1960) ............... 345
2.3.1 Afname in die aantal besoekende en immigrante komponiste ........ 345
2.3.2 Bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek ........ 345
2.4 Oorgangsfase (1961-1975) .............................. 346
2.5 Tersiêre ontwikkelingsfase (1976-1990) ................ 348
2.6 Statistieke ........................................... 349
2.7 Inkorporering van inheemse Afrika musiekelemente in titels ........ 351
2.8 Inheemse Afrika musiekelemente as 'n integrale deel van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies ........ 352
2.9 Westerse of internasionale beïnvloeding op Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek ........ 353

3. Bekendstelling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies ........ 355

4. Slotsom ................................................ 360

BIBLIOGRAFIE .............................................. 361

A Gepubliseerde Werke ..................................... 361
B Ongepubliseerde Werke ................................... 364
C Suid-Afrikaanse Tydskrifte .............................. 367
D Koerantberigte .......................................... 373
E Onderhoude .............................................. 376
F Korrespondensie ......................................... 377
G Oudivisuele Bibliografie ................................ 379
H Suid-Afrikaanse Instrumentale Kamermusiekprogramme ..... 381
I Beskikbare Partiture .................................... 382
J Bylaag - Chronologiese weergawe van kategorieë ......... 389

## DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank uitspreek teenoor die volgende persone en instansies wat my behulpsaam was:

Prof D J Reid - my promotor en hoof van die Departement Musiekwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, vir sy waardevolle en professionele leiding, volgehoue motivering en belangstelling.

Alle Suid-Afrikaanse komponiste wat deur middel van korrespondensie, die voering van onderhoude of die beskikbaarstelling van partiture en persoonlike inligting asook resensies, bygedra het tot die versameling van belangrike inligting.

Direkteure en personeellede van die volgende biblioteke en instansies waar vrye toegang tot partiture en inligting beskikbaar gestel is, naamlik:

Staatsargief in Pretoria
Openbare Biblioteek van Johannesburg
Staatsbiblioteek in Pretoria
Biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika
Merensky Biblioteek, Universiteit van Pretoria
Musiekbiblioteek, Universiteit van die Witwatersrand
Musiekbiblioteek, Universiteit van Kaapstad
Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch
Musiekbiblioteek van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie
Stigting vir die Skeppende Kunste

Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie personeel en in besonder Mnr M S Levy (Direkteur van Ernstige Musiek) vir die beskikbaarstelling van belangrike inligting en instrumentale kamermusiekpartiture.

Mev J D Claassens, vir die professionele tikwerk en toegewyde ywer.

Mnr F H Kok, vir sy onbaatsugtige hulp en oplossings van tegniese probleme asook sy volgehoue belangstelling en aanmoediging.

Prof N Roets, Hoof: Taaldiens, aan die Randse Afrikaanse Universiteit, vir die aanbevelings ten opsigte van taalgebruik.

Mevv M C Lenz en S Hartzenberg, vir hul aanbevelings ten opsigte van tegnologiese terms.

Mnr van der Westhuizen, vir die bind van die proefskrif.

Familie-lede en kollegas vir hul belangstelling en onderskraging.

My moeder, vir haar ononderbroke ondersteuning en aanmoediging tydens my musikale vormingsjare.

My drie dogters vir hul opofferings, geduld en liefdevolle onderskraging gedurende die navorsingsproses.

E Krynauw

# INRIGTINGS EN INSTANSIES

| | | |
|---|---|---|
| 1. | ISCM | International Society for Contemporary Music. |
| 2. | JHB.Arg. | Johannesburgse Openbare Biblioteek Argief. |
| 3. | JPL | Johannesburg Public Library. |
| 4. | KRUIK | Kaapse Raad vir die Uitvoerende Kunste. |
| 5. | Nas.Bib.Wenen | Nasionale Biblioteek in Wenen. |
| 6. | NARUK | Natalse Raad vir die Uitvoerende Kunste. |
| 7. | PUCHO | Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. |
| 8. | SAMG | Suid-Afrikaanse Musiekgilde. |
| 9. | SAMK | Suid-Afrikaanse Musiekkollege. |
| 10. | SAMRO | Suid-Afrikaanse Musiek Regte Organisasie (Southern African Music Rights Organisation Ltd). |
| 11. | SA.O-Bib | Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad. |
| 12. | SAUK | Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. |
| 13. | SAVMO | Suid-Afrikaanse Vereniging vir Musiekonderwysers. |
| 14. | SSK | Stigting vir die Skeppende Kunste. |
| 15. | SUKOVS | Streekraad vir die Uitvoerende Kunste Oranje-Vrystaat. |
| 16. | St.Arg. | Staatsargief in Pretoria. |
| 17. | St.Bib. | Staatsbiblioteek in Denemarke. |
| 18. | SWARUK | Suid-Wes Afrikaanse Raad (vir) Uitvoerende Kunste |
| 19. | TRUK | Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste. |
| 20. | UK | Universiteit van Kaapstad. |
| 21. | UNISA | Universiteit van Suid-Afrika. |
| 22. | UOVS | Universiteit van die Oranje-Vrystaat. |
| 23. | UP | Universiteit van Pretoria. |
| 24. | US | Universiteit van Stellenbosch. |
| 25. | UW | Universiteit van die Witwatersrand. |

# INLEIDING

Kamermusiek is 'n vriendskaplike, intieme kommunikasie tussen instrumentaliste; 'n kameraadskap waar geen oorheersing of dominering deur 'n spesifieke party geduld word nie. Hierdie instrumentale kamermusiekdefinisie is gebaseer op die Franse revolusionêre uitroep van "vryheid, gelykheid en broederskap"; denkbeelde van die Franse en Engelse Verligtingstydperk (Aufklärung) wat aangevuur is deur Lock, Hume, Priestley, Price, Adam Smith, Montesquieu, Voltaire en Jean Jacques Rousseau.

Die unieke kameraadskap word akkuraat deur Percy Scholes opgesom in The Oxford Companion To Music:

> "There is an intimacy about the best chamber music that comes from the impression of a conversation amongst the participants. A poetic definition of it is "The Music of Friends". (1).

Die term "kamermusiek" verwys na musiek vir 'n klein ensemble van solo-instrumente wat twee tot nege instrumentaliste (met slegs een uitvoerder per deel) insluit. Die uitvoering van instrumentale kamermusiek kan in die intimiteit van 'n woonkamer of in 'n publieke konsertsaal (met of sonder luisteraars) geskied.

Alhoewel die omvattende definisie in The New Grove's Dictionary of Music and Musicians vokale kamermusiek vanaf die sestiende eeu se Madrigals tot die Duitse kunslied gedurende die negentiende eeu, asook die instrumentale solos en duette vanaf die Reniassance tot die hede insluit, sal hierdie proefskrif uitsluitlik op die instrumentale kamermusiekkombina-

---

1. P A Scholes (red), The Oxford Companion To Music, tenth edition. London: Oxford University Press, c1974, p. 170.

sies vanaf trio's tot nonette konsentreer. (2). Militêre ensembles asook ensembles wat uit mono-instrumentale kombinasies bestaan, is ingesluit indien elke instrumentale party 'n individuele ritmiese en melodiese karakter besit.

Die doel van hierdie studie is om die stelselmatige assimilasie van musiekelemente uit Afrika in die oorwegende Suid-Afrikaanse Eurosentriese kamermusiek-idioom, aan te dui. Reeds vanaf 6 April 1652 is die Eurosentriese kultuur aan die suidelike punt van Afrika blootgestel aan die beïnvloeding van die musiekelemente uit Afrika. Laasgenoemde musiekelemente is op 'n stelselmatige wyse in die oorwegend Eurosentriese Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek geassimileer om sodoende tot 'n unieke Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek-idioom te ontplooi.

Weens die omvangryke musikale historiese ontwikkelingstyd (1652-1990) is menige instrumentale kamermusiekkomposisie, byvoorbeeld Fantasie vir Stryktrio deur Jan Hendrik Ten Brink (1856-1920) wat op 25 Junie 1908 deur die Cherniawski-wonderkinders uitgevoer is, nie in die proefskrif ingesluit nie. (3). Minder bekende Suid-Afrikaanse kontemporêre komponiste en komposisies, naamlik Rudiger Meyer se Etude for four violins (1989) en Martin Sherzinger se The art of quote (1990) is ook uitgesluit. Bogenoemde komposisies is onderskeidelik op 24 September 1989 deur die Suid-Afrikaanse Musiekgilde in die Johannesburg Kunsmuseum,

---

2. S Sadie (ed), The New Grove's Dictionary of Music and Musicians. Eight edtion. London: Macmillian Publishers Ltd, 1980, Volume 4, p. 113.
3. Anonymous, Pretoria News, 25 June 1908.

Joubertpark, asook op 25 April 1990 in die Musaion, Pretoria Universiteit, uitgevoer.

**Modus Operandi**

Om die omvang van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium te bepaal, is die volgende gepubliseerde en ongepubliseerde werke geraadpleeg:

| | |
|---|---|
| Huskisson, Y | Die Bantoe-Komponiste van Suider-Afrika. Eerste uitgawe. Johannesburg: Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, 1969. |
| | The Bantu Composers of Southern Africa-Supplement. Pretoria: Human Science Research Council, 1983. |
| Malan, J P | Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie. Kaapstad: Oxford University Press, 1986. Deel I-IV. |
| Mallows, K | Chamber Music by South-African Composers in South African Libraries: A Bibliography. Cape Town: University of Cape Town, 1979. |
| Levy, M S | Catalogue of Serious Music: Original Works, Arrangements and Orchestrations, Published and in Manuscript, by Southern African Composers and Arrangers (1962-1992). Volume I, II and Appendix. Johannesburg: SAMRO, 1992. |
| Von Beck, | A Study of Bibliograhic Control Tools for Music Literature and Scores. (Published and unpublished with particular reference to the Republic of South Africa). A Master of Library Science at the University of South Africa, 1987. |

Gedurende die uitgebreide navorsingsproses is twee afsonderlike vraelyste aan Suid-Afrikaanse komponiste, binne en buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika, gestuur om belangrike opgedateerde inligting in te win. Die versamelde data is verdeel in biografiese inligting; bydrae tot die bevordering en uitbreiding van instrumentale kamermusiek deur komposisie-onderrig en/of skepping van uitvoeringsfasiliteite;

bydrae tot die instrumentale kamermusiekrepertorium; asook inligting ten opsigte van die uitvoering van kamermusiekkomposisies.

Volume 2 is eerste geskryf en het as raamwerk vir Volume 1 gedien.

'n Parallelle diepte-studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is aangedruf om die eksterne beïnvloeding op die ontwikkelingstempo van instrumentale kamermusiek op Suid-Afrikaanse bodem te bepaal. Assimilasie van Eurosentriese musiekkultuur het tydens die vestiging van die Nederlanders, Duitsers, die Franse Hugenote en Britse Setlaars plaasgevind. Die kosmopolitiese samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking het gelei tot die navorsing oor die instrumentale kamermusiek-standaarde in bogenoemde lande van herkoms.

Komponiste is geklassifiseer as besoekende, immigrante, aanvaarde of egte Suid-Afrikaanse komponiste. Bogenoemde komponiste se bydrae tot die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium is in 'n historiese konteks bespreek.

Notasievoorbeelde is hoofsaaklik uit die oorspronklike manuskripte aangehaal. Verwysingstegnieke is gebaseer op die deurlopende notas-metode waarin die navorser die geredelik identifiseerbare korttitelmetode aangewend het.

Gedurende die navorsingsproses is daar besluit op die samestelling van twee afsonderlike volumes.

**Volume 1**

Aangesien die musikale kreatiwiteit 'n bevorderlike milieu, aktiewe skeppingsproses asook die evaluering van die skeppingsproduk vereis, is die proefskrif hoofsaaklik in drie afdelings ingedeel. Die oorvleuling van bogenoemde kreatiwiteitskomponente word in die afdelings aangetref, naamlik:

Die voorbereidende fase (1652-1910) vorm die bevordelike milieu vir die vroeë historiese ontwikkeling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek wat sterk beïnvloed is deur ekonomiese, sosiologiese, militêre, godsdienstige en politieke faktore. Bogenoemde faktore het 'n beslissende rol in die ontwikkelingstempo van die Suid-Afrikaanse kamermusiek gespeel. Tydens die voorbereidende fase word die noodsaaklike beskikbaarheid van die musikale onderrigfasiliteite, asook die geredelike beskikbaarheid van instrumente in hoofstuk 1 en 2 bespreek. Blootstelling aan die uitvoering van nasionale en internasionale instrumentale kamermusiek tydens publieke konserte of in die intieme atmosfeer van huiskonserte of soirèes, word belangrik geag aangesien die luisteraar, uitvoerende kunstenaar asook die aspirante of aktiewe komponis met die internasionale kamermusiekstandaarde vertroud moet wees, voordat daar aan die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekidioom geskaaf kan word.

In hoofstuk 3 en 4 word die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek vanaf 1890 tot 1990 in vier ontwikkelingsfases verdeel. Bogenoemde indeling is hoofsaaklik deur die navorser gebruik om die verdeling van die uitgebreide data te vergemaklik. Evaluering van geselekteerde gedateerde of ongedateerde kamermusiekkomposisies van besoekende, immigrante asook Suid-Afrikaanse komponiste word bespreek. Die ontplooiing van Suid-Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiek sal bepaal word deur 'n oorsigtelike evaluasie van enkele parameters, as gevolg van die uitgebreide navorsingsveld wat strek oor 'n tydperk van 338 jaar.

In die uitbreiding en bekendstellingfase word slegs die bydrae deur belangrike instansies tot die bevordering van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek bespreek, naamlik: die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie (SAUK), die Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie (SAMRO), die Stigting vir die Skeppende Kunste (SSK), asook enkele musiekverenigings byvoorbeeld Obelisk.

**Volume 2**

Die bydrae van besoekende, immigrante of Suid-Afrikaanse komponiste moes aan die volgende kriteria voldoen, voordat die komposisie as 'n Suid-Afrikaanse skeppingsproduk kon kwalifiseer:

(a) Die komposisie moet hoofsaaklik op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer wees.

(b) Instrumentale kamermusiekkomposisie moet volledig en voltooi wees.

(c) Die werk moet vir drie tot nege instrumentaliste geskryf wees. Omruiling of afwisseling van instrumente deur die uitvoerende kunstenaars is in aanmerking geneem.

Suid-Afrikaanse komponiste se suksesvolle studente-pogings in bogenoemde genre is by die totale instrumentale kamermusiekrepertorium ingesluit en word ook afsonderlik in die bylae van die studente-pogings gemeld. Die kamermusiekkomposisies wat tydens studieperiodes in die buiteland gekomponeer is, is ingesluit as gevolg van die selfverrykende proses en die voordeel wat Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek uit die wedersydse kultuurwisseling trek. 'n Tydperk van vyf jaar is as oorgangfase toegelaat en word bereken vanaf die jaar waarin die komponis die land verlaat het. Komposisies uit die oorgangsfase is in aanmerking geneem. Indien die komponis van voorneme was om te emigreer, is alle komposisies vanaf die emigrasie-datum uitgesluit.

Alhoewel die verblyftydperk van besoekende komponiste asook die immigrasiedatum van komponiste aangedui is, word die hersiening van vroeër instrumentale komposisies op Suid-Afrikaanse bodem wel ingesluit.

Met die insluiting van 512 instrumentale kamermusiekkomposisies deur amateur of professionele Suid-Afrikaanse of besoekende komponiste, is alle komposisies volgens die instrumentale besetting geklassifiseer. Die navorser aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe klassifikasie van werke nie, aangesien alle komposisies nie ter insae bekombaar was nie.

In die Biografiese Katalogus word die volgende informasie weergegee: Biografiese besonderhede van die komponis asook die individuele bydrae tot die uitbreiding van instrumentale kamermusiek word in die eerste kolom ingesluit, terwyl die tweede en derde kolom onderskeidelik inligting ten opsigte van die komponis se kwalifikasies en komposisie-

leermeesters bevat. In die vierde kolom word die aantal werke in bepaalde kategorieë weergee, terwyl die uitvoeringsdatum asook die uitvoerende instrumentaliste van 'n spesifieke werk in die vyfde kolom ingesluit is.

In die Alfabetiese Katalogus word die bepaalde komposisies van 'n komponis, met verwysing na die bewaring van manuskripte deur sekere instansies in chronologiese volgorde, verskaf. Instrumentale kamerkomposisies oor die tydperk van een eeu (1890-1990) word in die Chronologiese Katalogus opgeneem.

Die bylae sluit die volgende inligting in: Vokale kamerkomposisies; Studente-pogings in bogenoemde genre; Suid-Afrikaanse instrumentale kamerkomposisies in die SAUK-klankargief asook die beskikbare instrumentale kamermusiekkomposisies in die SAUK-Musiekbiblioteek.

## HOOFSTUK 1

## MUSIKALE ONTWIKKELING AAN DIE SUIDELIKE PUNT VAN AFRIKA 1652-1838

### 1. Volksplanting onder die bewind van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (1652-1795) (1).

### 1.1 Jan van Riebeeck se stigtingswerk (1652-1662)

Op 5 April 1652 het bulderende kanonvuur die bereiking van die eindbestemming van Jan van Riebeeck se seevaart

> "... 't lant van Cabo de Boa Esperance namentlijck den Taffelbergh"

aangekondig. (2). Daarmee is die 143 jaar van die Nederlandse heerskappy aan die Kaap ingelui.

In die voorskriftelike lewenswyse en bedrywighede deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (NOIK) aan die Kaap, is voorsiening vir die handhawing en funksionering van musiek gemaak. Musiek het 'n attributêre rol in die leefwyse van die hoë Kompanjie-amptenare gespeel, waarin die uiterlike magsvertoon, 'n kenmerk van die Middel- (1620-1680) en die Hoog-Baroktydperk (1680-1750), geleë was. Dr Jan Bouws verwys soos volg na die kamermusiekuitvoerings en die verskeidenheid van musikale vermaak in So lank daar Musiek is ...:

---

1. C L Venter verwys in Suid-Afrikaanse Klaviermusiek: 'n Kultuurhistoriese en Stylanalitiese studie, 'n DMus proefskrif aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1977, p. 14, na die bewindtydperk van die NOIK as 1652-1799, terwyl C Beyers in die hoofstuk "Binnelandse Beroering en Ondergang van die Kompanjie, 1779-1795" in Geskiedenis van Suid-Afrika verwys na die formele oorname van die Kaap deur die Engelse bevelvoerders op 16 September 1795.
2. J Bouws, So lank daar Musiek is ...: Musiek en Musiekmakers in Suid-Afrika (1652-1982). Eerste uitgawe, Kaapstad: Tafelberg uitgewers, c 1982, p. 5.

> "Behalwe hierdie offisiële musiekbeoefening was daar die musiekbedrywigheid vir ontspanning: die dansmusiek in die kroeg sowel as die speelmusiek in die opelug en die kamermusiek in die salon." (3).

Musisering, die beginsel van kamermusiekensemblespel, is alreeds as ontspannende vermaak gedurende die seevaart beoefen. In Caput Bonae Spei hodiernum (1719) verwys Peter Kolb na bogenoemde musisering op die skeepsdek. Die trompetspeler het 'n rondeau op die skeepskaptein se bevel geblaas en die musiekliefhebbers onder die skeepsvolk het vir hul eie vermaak op die viool, hobo en fluit saamgespeel. (4).

### 1.1.1 Diensverpligtinge van die musikante

Die ontwaking van die Suid-Afrikaanse musiekkultuur is geïnisieer deur die insluiting van 'n klavesimbel tussen die kommandeur

Jan van Riebeeck, se besittings. (5). Drie tamboerslaners asook een of twee trompetspelers is by die Van Riebeeck-geselskap ingesluit volgens die Nederlandse gebruik om musikante vir seremoniële skeepsfunksies tydens 'n seevaart aan te wend. (6).

Die dienende pligte van die Kompanjiemusikante was dieselfde as die van die stadsmusikante en speelmanne in Nederland. (7). In die milieu van die verafgeleë, ingeslote fortgemeenskap het die diensverpligtinge van die musikante bestaan uit die aankondiging van 'n nuwe dag, bespeling

---

3. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 6.
4. Ibid, p. 9.
5. J Bouws, Langs die Wapad van Suid-Afrikaanse Musieklewe. Res Musicae, September 1960, Vol 7 Nr 4, p. 14, kol 2.
6. A C Hartman, 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika 1652-1900, 'n MMus verhandeling, aan die Universiteit van die Witwatersrand, 1947, p. 32.
7. J Bouws, So lank daar Musiek is..., p. 6.

van militêre sinjale en waarskuwing ten opsigte van gevaar en brand. Die stelselmatige insypeling van kamermusiekinstrumente blyk uit die melding van die viool, fluit, hobo en trompet in Jan van Riebeeck se Daghregister gehouden by den Oppercoopman. (8).

Van meet af aan het die tamboerslaner onder andere die besoekende seeliede en skepelinge van die skip se vertrektyd in kennis gestel. Die tamboerslaners, Louys Isaace en Huybert Roothoff (van Vlaamse afkoms) is onderskeidelik in 1661 en 1662 oorlede, terwyl die trompetspeler, Dick Lampe na Robbeneiland verban is. (9). Die Kompanjie het van die musikale soldate en matrose, wat in staat was om orrel, klavesimbel, harp, siter of kitaar te speel, in die militêre orkeste vir seremoniële plegtighede en dansorkeste vir feestelike funksies, aangewend.

### 1.1.2 Musiek as intergrale deel van die handelspolitiek

Die leefwyse aan die Kaap het gesentreer om en is ook beïnvloed deur die leefwyse van die kommandeur (later die goewerneur), amptenare, vaklui en garnisoen in die fort asook in die Kasteel. Getreiter deur die veediefstal van die nomadiese Hottentotte, naamlik Herry en sy handjievol Strandlopers, het Jan van Riebeeck reeds in Desember 1653 gepoog om hulle te lok:

> "met tabacq, arcaq ende eeten evens veelderleij apenspel..." (10).

---

8. J A van Riebeeck, D B Bosman en H B Thom, Daghregister gehouden bijn den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, Deel I, p. 32.
9. A C Hartman, 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika 1652-1800, pp. 38-39.
10. J Bouws, So lank daar Musiek is..., p. 9.

Hierdie humoristiese skouspel word ook aan Oedasoa, 'n inheemse stamkaptein, beskryf met verwysing na Jan van Herwaerden wat die viool bespeel het terwyl 'n soldaat grappe tot die vermaak van die Hottentotte gemaak het. (11).

In 1660 het die kommandeur hom op die gebruiklike aanwending van musiek gedurende 'n handelstransaksie verlaat, deurdat hy deur middel van klavesimbelspel sy opregte geneentheid teenoor 'n paar Hottentotkapteins tydens 'n veetransaksie in die fort, geïllustreer het. (12).
'n Hottentotleier, Kaptein Sousa (sic), was beïndruk deur die strelende musikale klanke van die "claversingel" (klavesimbel) en viool tydens sy besoeke aan die Fort 30 September en 14 Oktober 1660. (13).

### 1.1.3 Die seremoniële funksie van musiek

Selfs in die dramatiese eerste jare is musiek aangewend om seremoniële plegtighede op te luister. Openbare verskyning van 'n gesaghebber is deur trompetgeskal en tromgeroffel aangekondig. (14). Die sketterende geskal van die trompetspeler het lustig die deuntjie van Wilhelmus van Nassouwen laat opklink, terwyl hy in 1654 manhaftig bo-op die gestrande walvis in 'n riviermond ("zouten rievier") gestaan het ten aanskoue van die kommandeur Jan van Riebeeck en Joan Nieuhof. (15).

---

11. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 9.
12. <u>Ibid</u>.
13. A C Hartman, 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika 1652-1800, pp. 35-36.
14. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is...</u>, p. 9.
15. J Bouws, Langs die Wapad van Suid-Afrikaanse Musiek, <u>Res Musicae</u>, September 1960, p. 15, kol 1.

### 1.1.4 Beperkinge ten opsigte van musikale ontwikkeling

Gedurende die eerste dekade is musiek hoofsaaklik tot 'n tydverdryf beperk, as gevolg van die veeleisende uitdagings wat die Nederlanders ter wille van oorlewing moes trotseer. Ekonomiese terugslae is gekenmerk deur voedselnood in 1654, veediefstal, tekort aan arbeiders en 'n afsetmark vir produkte. Bogenoemde ekonomiese afhanklikheid van die Here XVII het gelei tot die beperking van uitbreiding soos A J Boeseken in die hoofstuk "Jan van Riebeeck en sy Stigtingswerk 1652-1662" soos volg stel, naamlik:

> "Ook wou die Here XVII die nedersetting nie buite die deur Van Riebeeck gestelde grense laat groei nie, aangesien hulle verdere uitbreiding beskou het as "te hasardeus om de kostelijckheijt van de bescherminge". (16).

Musiekonderrig was gedurende die tydperk volkome afhanklik van die toevallige aanwesigheid van geskikte persone.

### 1.1.5 Sosiologiese invloed op musikale ontwikkeling

'n Merkwaardige verandering in die leefwyse aan die Kaap wat verreikende gevolge vir Suid-Afrika ingehou het, was die voorwaardelike vryheid van die Kompanjie-amptenare. Bogenoemde noodsaaklike vergunning het gelei tot die selfstandige ekonomiese funksionering van

---

16. A J H van der Walt, J A Wiid en A L Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, Tweede uitgawe, Kaapstad: Nasou Beperk, ISBN 0 625 00527 9, p. 55.

die verversingspos. Alhoewel die Here XVII alreeds in 'n brief gedateer 30 Oktober 1655, toestemming ten opsigte van die vrylating van Vryburgers verleen het, het Van Riebeeck eers in Februarie 1557 die eerste vrybriewe na die geslaagde landbouproewe by "... 't Ronde Bosje" uitgereik. (17).

Die aanbevelings van die Kommissaris Rijckloff van Goens, wat die Kaap op 17 Maart tot 19 April 1657 besoek het, het gelei tot die verryking van die Suid-Afrikaanse musiekkultuur deur die invoer van slawe.
228 Guinese slawe het op 6 Mei 1657 met die Hasselt en 174 slawe het op 28 Maart 1658 met die Amersfoort in die Kaap aangekom. (18).

Met die vertrek van die ewewigtige, entoesiastiese kommandeur,
Jan van Riebeeck, na Batavia op 7 Mei 1662 het musiek slegs die funksie van ontspanning vervul in die veeleisende fisiese en psigiese omstandighede waarin die nedersetters hulle bevind het.

## 1.2 Transisie vanaf Verversingspos tot Kolonie (1662-1795)

### 1.2.1 Historiese agtergrond en kultuurverryking

'n Smeulende oorlog tussen Nederland en Engeland kon nie deur die Verdrag van Breda (1667) gestuit word nie. (19). Dit was vir

---

17. Van der Walt, Wiid, Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 45.
18. Ibid, p. 47.
19. Ibid.

Nederland gebiedend noodsaaklik om die nedersetting aan die Kaap, wat geleë was op een van die mees strategiese punte van die handelsroete na Oos-Indië, tot 'n staat van verdediging te verander. Bogenoemde verwikkelinge het aanleiding gegee tot die voltooiing van die Kasteel en die versterking van die garnisoen. (20).

### 1.2.2 Kontrasterende sosiologiese kultuursamestellings

Die oplossing van die produktiwiteitsvraagstuk aan die Kaap is belemmer deurdat daar in die welvarende Nederland geen werkloosheid was nie. Die oorgrote meerderheid vreemdelinge wat hul gedurende die eerste jare aan die Kaap gevestig het, was Noord-Duitsers wat aan die ellendige nagevolge van die Dertigjarige Oorlog in Duitsland (1618-1648) wou ontvlug. (21).

Die Duitsers is as soldate in die Kompanjiediens opgeneem of het hul as Vryburgers of deur direkte immigrasie aan die Kaap gevestig. Aan die begin van die sewentiende eeu was tussen een-vyfde en een-sesde van die koloniste, volgens Prof Moritz, van Duitse afkoms. (22).

Alhoewel die Duitsers deur die Nederlandssprekende koloniste geassimileer is, het hul 'n eiesoortige, verrykende musikale kultuur met hul saamgebring. Die Duitse instrumentale kamermusiek word hoofsaaklik in drie kategorieë verdeel, naamlik: Die verwerking of imitasie van vokale musiek wat vrylik aangewend of op 'n cantus firmus gebaseer is;

---

20. Van der Walt, Wiid en Geyer, <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, p. 63.
21. <u>Ibid</u>, pp. 63-64.
22. <u>Ibid</u>, p. 64.

suiwer geïmproviserende instrumentale kamermusiek; asook dansmusiek wat uitsluitlik vir 'n instrumentale ensemble verwerk of geskep is. (23). Gedurende die eerste helfte van die sewentiende eeu was die munisipale Stadtpfeiffer (bestaande uit vier tot twaalf instrumentaliste) en privaat musiekensembles hoofsaaklik verantwoordelik vir die ontwikkeling van instrumentale kamermusiek in Duitsland. (24).

Die aanvangsjare van die agtiende eeu is gekenmerk deur skerp kontrasterende sosiologiese samestellings aan die Kaap, naamlik heterogene, kapitaalkragtige, hoë kultuurontwikkeling van die Kasteelbewoners teenoor die kosmopolitiese, monopolitiese, mindergegoede, kultuurarme landsburgers. (25). Die magsbehepte ekonomiese monopolie-bewind van Willem Adriaan van der Stel, het gelei tot korrupsie en die burgerlike aanklag van sedisie, muitery en rebellie onder die leiding van Adam Tas in 1706. (26). Die geslaagde kolonisteverset teen Adriaan van der Stel en sy kliek het gelei tot die vervorming van die hetrogene volkselement tot 'n egte Afrikaanse karakter. (27).

Die territoriale-uitbreiding gedurende die eeu van die veeboer-pionier (1707-1779) op soek na beter weiding, is deur die topografie van Suid-Afrika bepaal. Die morele, ekonomiese en sosiale agteruitgang van die veeboere word in die De Cloppenburg verslag (1768) toegeskryf aan:

---

23. H Ulrich and P A Pisk, <u>A History of Music and Musical Style</u>, first edition. New York: Harcourt Brace Javanovich, Inc, c 1963, p. 196.
24. <u>Ibid</u>, p. 195.
25. C L Venter, <u>Suid-Afrikaanse Klaviermusiek</u>, pp. 14-15.
26. Van der Walt, Wiid en Geyer, <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, pp. 76-83.
27. <u>Ibid</u>, p. 84.

> "die afwesigheid van genoegsame dorpen, buurschappen gehugten" waar die koloniste godsdienstige-, opvoedkundige- en geregtelike vlak bedien kon word". (28).

Die opvoedkundige probleem is gedeeltelik verlig deur rondtrekkende meesters wat slegs 'n paar maande op een plek vertoef het. Selfs in die primitiewe hartbeeshuisie (wat deels deur kragtige rassetrots en deels deur die Calvinistiese geloofopvatting regeer is en waar die opvoedkundige pligte op die vaderlike figuur gerus het), was analfabetisme 'n uitsondering onder die grensboere. Bogenoemde probleme het in die uitsonderlike gevalle waar musiek beoefen is tot 'n onverfynde musikale standaard gelei.

Die koloniale grense is in 1780 verskuif na die Visrivier in die ooste en die Buffelrivier in die noordweste, onderskeidelik 800 en 480 kilometer vanaf die hoofstad. In die uitgestrekte landskap het ongeveer die helfte van 20,000 blankes 'n nomadiese bestaan as veeboere gevoer, terwyl die oorblywende helfte as landbouers in die Kaapse distrik en die omgewing van Stellenbosch geboer het. (29). In teenstelling met die sosiale agteruitgang van die veeboere, het die landbouers 'n bestendige leefwyse gevoer.

Dr J Bouws verwys in <u>Kultuur</u> na die ingrypende kulturele bydrae deur die Franse hulpleer tydens die vierde Nederlands-Engelse Oorlog (1780-1784). (30).

---

28. Van der Walt, Wiid en Geyer, <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, p. 96.
29. <u>Ibid</u>, p. 103.
30. J Bouws, Hollandse tyd in die Musieklewe van Suid-Afrika, <u>Kultuur</u>, Johannesburg: Filma, Augustus, 1946, p. 26, kol 2.

### 1.2.3 Tafelmusiek

Die gebruiklike Europese aanwending van tafelmusiek tydens feestelike maaltye, is gekenmerk deur solistiese instrumentale of ensemble-uitvoerings. In die tweede helfte van die sewentiende eeu is in Duitsland van spesiale tafelmusiek melding gemaak wat bestaan het uit 'n aantal instrumentale danse (bekend as instrumentale suite). Bogenoemde musiek is vir verskillende instrumentale besettings geskryf, byvoorbeeld instrumentale trio, Das yeger Horn en instrumentale kwartet, Der pfoben, asook Johann Hermann Schein (1586-1630) se Banchetto musicale (1617). (31). Dr J Bouws verwys in Solank daar Musiek is ... na die onontbeerlike funksie en hoë aansien van tafelmusiek op Suid-Afrikaanse bodem, naamlik:

> "Veral by die afskeid van die retoervloot na patria, die "Scheydsmaal", was tafelmusiek onontbeerlik". (32).

Die amateur musikant, Abraham van Riebeeck het gedurende sy deurreis na Batavië in 1676, verwys na die meesterlike virtuositeit en improvisatoriese elemente in die Kaapse tafelmusiek na aanleiding van die uitvoering deur 'n swart hofmeester op die harp, 'n jong slaaf wat die luit bespeel het en vioolspel deur 'n soldaat gedurende 'n afskeidsmaal. (33).

---

31. H Ulrich and P Pisk, A History of Music and Musical Style, p. 293.
32. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 11.
33. Ibid, p. 11.

Deur 'n tweede notering van tafelmusiek in 'n kort tydsduur van slegs tien dae deur Abraham van Riebeeck, tydens die afskeidsmaal deur die goewerneur, Johan Bax van Herentals, word die gewildheid van tafelmusiek aan die einde van die sewentiende eeu aan die Kaap beklemtoon.

### 1.2.4 Musiek as statussimbool

Die laaste twee dekades van die sewentiende eeu word deur die binnelandse uitbreiding en ekonomiese welvaart onder die bevel van die vlytige nuwe kommandeur, Simon van der Stel, gekenmerk.

Hoë Kompanjie-amptenare was in kulturele bedrywighede 'n voorbeeld vir die laer sosiale burgers. Belangstelling in die digkuns en huismusiek was deel van hul opvoeding. (34). Van der Stel se kultuurbelangstelling kan op musikale gebied teruggevoer word tot die Amsterdamse musieklewe byvoorbeeld vier "blasende en musiceerende" Amsterdamse stadsmusikante wat sy huweliksplegtigheid opgeluister het en ook vir die tafelmusiek tydens die bruilof verantwoordelik was. (35).

Musiek is tot gedurende die bewind van Simon van der Stel tot 'n statussimbool verhef. In <u>Gold-Bergwerke in Sumatra 1680-83</u> (1931) verwys Elias Hesse na die luisterryke wyse waarop vername persone ont-

---

34. J Bouws, Hollandse tyd in die Musieklewe van Suid-Afrika, <u>Kultuur</u>, Augustus 1946, p. 26.
35. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 17.

moet en verwelkom is, naamlik met trompetgeskal en tromgeroffel. (36). Die vrolike musikale viering van Kommandeur van der Stel se verjaarsdag gedurende 'n reis na die Noordweste in 1685 met 'n opelug-uitvoering van twee trompetspelers, 'n paar hobospelers en ses violiste, bevestig die belangrike rol van musiek in die kommandeur se lewe. (37).
Fére Tachard het tydens 'n gesprek met die kommandeur op 13 September 1685 te Uilenberg soos volg na bogenoemde private ensemble verwys:

> "Vanderstell avoit amené avec luy deux Trompettes, quelques Hautbois, et cinq ou six Violina". (38).

Simon van der Stel het ook deur die bespeling van die kitaar gedurende bogenoemde reis die rol van 'n aktiewe musikant vertolk. (39). Die Spaanse kitaar is in 1670 op 'n Amsterdamse kermis aangekoop en Van der Stel het volgens mededeling kitaaronderrig van Jeronimus Reijnwalt ontvang. (40).

### 1.2.5 Sosio-ekonomiese vraagstukke en kultuurverryking

Die meer liberale optrede van die Kompanjie teenoor die koloniste het gelei tot graanprysverhoging, die invoer van slawe en die stigting van dorpe soos Stellenbosch en Drakenstein met selfstandige sosio-ekonomiese en opvoedkundige inrigtings.

---

36. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 18.
37. <u>Ibid</u>.
38. A C Hartman, 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika 1652-1800, p. 40.
39. J G Perry, <u>Spore in die Tyd-Kaap</u>, eerste uitgawe, Johannesburg: McGraw-Hill, 1971, p. 23.
40. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 18.

Die ernstige gebrek aan geskikte koloniste wat die kolonisasieplan van Simon van der Stel in 1685 gekortwiek het, is deur die herroeping van die Edik van Nantes (wat aan die Protestante 'n groot mate van godsdiensvryheid verleen het) in Oktober 1685 deur Lodewyk XIV van Frankryk, opgelos. Die instroming van die landboukundige Franse vlugtelinge is deur die Here XVII as 'n gulde geleentheid beskou om die Kaapse koloniste se getalle te versterk.

Die Franse Hugenote het nie slegs die Suid-Afrikaanse landboukunde verryk met hul wynboukennis nie, maar ook die musiekkultuur. Vanaf 1650 was die Hugenote aan die sekulêre musiekbloeitydperk, soos geïnisieer deur Jacques Champion de Chambonnières, Jean Henri d'Anglebert, Jean Baptiste Lully, Francois Couperin en Jean-Philippe Rameau blootgestel. (41). Die volksmusiek in Frankryk was ook van 'n hoë gehalte. Deur die assimilasiebeleid en denasionalisering deur die Nederlandse bewind, is die Franse kultuurelemente opgeneem in die Nederlandse kultuur en dit het as die embriogeniese Suid-Afrikaanse musiekkultuur gedien.

### 1.2.6 Kamermusiekinstrumente en -partiture

'n Interessante verwikkeling gedurende die vormingsjare van die Afrikaner is die inisiatief wat op instrumentale fabriseringsgebied geneem is. So vroeg as 1735 het die goewerneur Jan de la Fontaine alreeds opdrag aan die regeringstimmerman, Jan Jacob Poosen, gegee om 'n kamer-

---

41. D J Grout, A History of Western Music, revised edition. London: J M Dent and Sons, Ltd, 1978, pp. 338-395.

orrel met tien tot twaalf registers vir sy dogter te bou. (42). Die Kaapse orrelbouer en klavierstemmer, Johan L Hodderson, het in 1791 'n nuwe orrel gebou. In Stellenbosch is 'n huisorrel vir Dispencier (hoof van die Polisie Raad) en Adriaan van Schoor opgerig. Op die landgoed van die wynbouplaas, Blauenklippen te Stellenbosch, word 'n soortgelyke huisorrel gevestig. Lichtenstein verwys na 'n selfvervaardigde "citer van Afrikaansch essenhout" wat hy persoonlik gesien het.

Belangrike Kompanjie-amptenare het musiekinstrumente met hul verhuising na die Kaap saamgebring, byvoorbeeld: Damiaan Hugo Staring wat "Musicqgereedschap" ter waarde van drie gulden en sestien stuiwer uit Tessel na die Kaap gebring het. (43). Kamermusiekinstrumente is soms op die solder of "opcaamer" gestoor. Die sekretaris van die Weeshuis, Joachim Nikolaus von Dessin (1704-1761) het byvoorbeeld die musiekinstrumente van sy slawe-orkes, naamlik twee trompette, twee horings, twee viole, 'n kontrabas en 'n hobo op die solder bewaar. (44).

### 1.2.7 Die embriogeniese ontwikkeling van kamermusiek

#### 1.2.7.1 Huismusiek

Die professionele musikante onder die garnisoen was verantwoordelik vir die musikale onderrig van die vername Kompanjie-amptenare en welgestelde burgers se kinders, wat die deelname aan huismusiek ingesluit het. (45).

---

42. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 12.
43. <u>Ibid</u>.
44. <u>Ibid</u>.
45. J Bouws, "Langs die Wapad ...," <u>Res Musicae</u>, p. 15, kol 2.

Dr Venter verwys in "Suid-Afrikaanse Klaviermusiek: 'n Kultuurhistoriese en Stylanalitiese studie", na die bekwame Duitse musici wat op aanvraag verlof ontvang het om hulself aan die gesinne te verhuur. (46) Hierdeur is die noodsaaklike opvoeding, asook vokale en instrumentale onderrig aangebied.

In teenstelling met die voorafgaande periodes van musikale bloei, val die klem op die musikale musisering binne die intieme huislike kring. (47). Die aktiwiteite van die Nederlandse musiekuitgewers het aan die geweldige aanvraag na partiture van verskillende instrumentale kombinasies van destydse kontemporêre musiek voldoen. Hierdeur kon die Nederlandse musiek ook aan die buiteland bekendgestel word.

In Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960 word daar verwys na Jan Hendrik Noord as "leermeester in die Musicque" wat deur Frans van der Stel in diens geneem is. (48). Die eerste ware Suid-Afrikaanse musiekonderwyser was die bekende orrelis, Nicolaas Godfried Heyns (1725-1792), wat musiekonderrig sy nering gemaak het. (49).

Alhoewel die inligting ten opsigte van onderrigmetodiek en aanwending van kamermusiekinstrumente onvolledig is, verwys Dr Jan Bouws na die besoekende reisigers, byvoorbeeld James Cook, Cornelius de Jong, Francois le Vallant. Hierdie reisigers het hul bewondering ten opsigte

---

46. C L Venter, Suid-Afrikaanse Klaviermusiek, p. 14.
47. J Bouws, Musiek in Suid-Afrika, eerste uitgawe. Kaapstad: Voorland Brugge, 1946, p. 15.
48. F Chr Coetzee (red), Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960, tweede uitgawe. Pretoria: J L van Schaik Bpk, 1975, p. 9.
49. J Bouws, So lank daar Musiek is ... , p. 12.

van die virtuose klavesimbelspel deur die Kaapse dames gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu, uitgespreek het. (50).

Gunstige kritiek ten opsigte van sang, fluit- en harpspel is van bogenoemde kritici ontvang. In teenstelling hiermee word na die onbevredigende onderriggehalte deur Jan Hendrik Noord verwys. Sy kontrak van 16 April 1714 in diens van Johanna Wessels, eggenote van Francois van der Stel, is op 13 Julie 1715 opgeskort. 'n Minderwaardige onderrigstandaard was die rede vir hierdie besluit. (51).

### 1.2.7.2 Slawe-orkeste

Tafelmusiek of dansmusiek is gedurende die agtiende eeu deur slawe in die huishouding van vername Kompanjie-amptenare en welgestelde burgers, gespeel. 'n Verskeidenheid van instrumente is in bogenoemde tuistes aangetref, soos gestaaf deur Dr Jan Bouws in <u>So lank daar Musiek is ...</u> waar hy na die "opcaamer" verwys as die bewaarplek van Von Dessin se slawe-orkesinstrumente. (52). Hoë waarde is aan 'n musikale slaaf geheg soos blyk uit Von Dessin se <u>Memoriaal</u>:

> "denselven op de fluijt, hobooij en waldhoorn (kon) speelen, waarvan ik 't eerste deesen avond gehoord hebbe: die jong kost mij dus wijnig gelt, naam: (sic) 112,12". (53).

Francois Valentyn het in sy reisbeskrywings na die musisering van slawe op 'n handviool, viool da gamba, harp, "cither" of kitare verwys. (54).

---

50. J Bouws, Langs die Wapad ..., <u>Res Musicae</u>, p. 15, kol 2.
51. J Bouws, <u>Musiek in Suid-Afrika</u>, p. 20.
52. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 12.
53. <u>Ibid</u>.
54. <u>Ibid</u>, p. 13.

In die reisverhale van Lichtenstein en Jonkvrou Uitenhage de Mist word soos volg na die onveranderde staat van improvisatoriese didaktiek van slawe sedert die besoek van Abraham van Riebeeck in 1676 verwys:

> "Leermeester noch leerlingen kennen (...) eene enkele noot: maar alles wordt op het gehoor gespeeld". (55).

Die universele tendens waar slawe-orkeste vir musikale vermaak verantwoordelik was, het dus ook aan die suidpunt van Afrika posgevat. Kontrasterend met die uitgebreide repertorium en hoër artistiese musikale peil van die Europese orkeste, het die slawe-orkeste hoofsaaklik marse, koraalmusiek, verskillende danse soos die menuet, horrelpyp, gavotte en allemande gespeel. Na aanleiding van 'n danskaart van Vergelegen is die Mars van de deserteur uit die komiese opera Le deserteur deur P A Monsigny, wat alreeds in 1770 in Nederland bekend was, asook 'n gavotte van A Corelli (1653-1713), uitgevoer. (56).

### 1.2.7.3 Georganiseerde musiekuitvoerings

Die besoekende Sweed, Wallenberg, het in 1770 die tekort aan teaters en openbare musiekuitvoerings as vervelig beskou. (57). Die vroegste bewys van georganiseerde konsertaanbiedings word in die Kasboek van Johannes Duminy aangetref. (58).

Die aanbieding en organisering van konserte was hoofsaaklik in die be-

---

55. J Bouws, Geskiedenis van die Musiekonderwys in Suid-Afrika (1652-1902), eerste uitgawe. Kaapstad: Nasou Beperk, 1960, p. 3.
56. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 13.
57. J L M Franken, Duminy-dagboeke. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging, 1938, p. 353.
58. C L Venter, Suid-Afrikaanse Klaviermusiek, p. 16.

kwame hande van die algemene handelaar, soos C M Villet, gelaat en hulle is as gevolg van die gebrek aan openbare konsertsale gewoonlik in privaat wonings aangebied. (59).

Sporadiese vermelding van embriogeniese beoefening van kamermusiek word aangetref. Lichtenstein het in sy beskrywing van Kommissaris De Mist se plegtige ontvangs deur veldkornet De Beer, tydens sy reis by Kweekvallei, verwys na die twee De Beer seuns wat op 'n paar "wanstemmende" fluite die Duitse volksliedjie "Freut euch des Lebens" gespeel het. (60).

**1.2.7.4 Informele dansmusiek**

In teenstelling met die formele musisering in kamermusiek was die meer informele musisering van dansmusiek 'n instelling by huweliksfeeste en ander onthale. Slawe en vrygelate bediendes het stelselmatig die verantwoordelikheid van die goewerneur se musikante, wat verantwoordelik was vir die verskaffing van dansmusiek teen 'n vasgestelde vergoeding, oorgeneem.

Dr Jan Bouws verwys in So lank daar Musiek is ... na die gewildheid van dansmusiek gedurende die Kompanjie-bewind. (61). Die ewigdurende afwisseling ten opsigte van modes, danse en gepaste musiek is gedurende die verblyf van reisigers as losiesgaste, aan die Kaapse dames oorgedra.

59. J Bouws, Musiekbeoefening aan die Kaap in die Hollandse Kompanjietyd, Kwartaalblad van Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1961-62, Vol 16, pp. 105-118.
60. J Bouws, Musiek in Suid-Afrika, p. 22.
61. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 14.

Die ononderbroke kontak met die stamlande, deur die huisvesting wat teen 'n vergoeding aan skeepslui gebied is, het tot kultuurverryking gelei. (62). Die Kaapse dames was veral met die Europese dansmodes, naamlik die Engelse quadrille, die Franse menuet, en die algemene kontradans vertroud gewees.

## 1.3 Internasionale spanning lei tot kultuuromwenteling

Burgerlike ontevredenheid ten opsigte van korrupsie en afpersing deur die Kompanjie-amptenare het gelei tot die burgerlike petisie in 1779. Die uitspraak van die Here XVII is vertraag deur die uitbreek van die oorlog tussen Nederland en Engeland op 20 Desember 1780, na aanleiding van die Nederlandse deelname aan die Amerikaanse Vryheidsoorlog. (63).

Weense die groeiende internasionale spanning op die vooraand van die Franse Revolusie in 1789 het die Franse die Kaap gedurende 1781-1784 beset. Die seeroete na die Ooste is met ongeveer 2 000 tot 3 000 manskappe verdedig. Die ekonomiese, sosiale en kulturele omwenteling het tot ongekende welvaart in die Kaapse samelewing gelei. (64). Hierdie omwenteling het die Kapenaars in staat gestel om veral op kulturele vlak met Europa mee te ding.

---

62. C L Venter, Suid-Afrikaanse Klaviermusiek, p. 14.
63. Van der Walt, Wiid, Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 115.
64. F C L Bosman, Drama en Toneel in Suid-Afrika. 'n DPhil proefskrif aan die Universiteit van Amsterdam, 1928, Deel I, p. 28.

Die revolusionêre uitroep van "vryheid, gelykheid en broederskap", denkbeelde van die Engelse en Franse Verligting of "Aufklarung", aangevuur deur Lock, Hume, Priestley, Price, Adam Smith asook Montesquieu, Voltaire en Jean Jacques Rousseau, het in die Kaapse Ideologiese Patriotisme weerklank gevind. (65). Die ekonomiese en politieke vraagstukke het gelei tot die revolusionêre beweging teen die Nasionale Konvensie op 16 Julie 1795.

'n Aanslag deur die die Britse invalsmag onder leiding van Admiraal Elphinstone en Generaal Craig, in Junie 1795 te Simonsbaai, het op 16 September 1795 tot die formele oorgawe van die Kaap aan die Engelse bevelhebbers gelei. Die Britse heerskappy sou 'n verrykende invloed op die Suid-Afrikaanse musieklewe uitoefen.

## 2. Kamermusiekontwikkeling tydens die wisselende regeringsbestuur (1795-1806)

### 2.1 Die Kaap onder Britse bestuur (1795-1803)

#### 2.1.1 Musiekonderrig en konserte

Gedurende die eerste vyf jaar van die Britse bewind is musiek as 'n deeltydse of voltydse beroep beoefen vanweë die ekonomiese welvaart. Die drukkende monopolieë en agterstallige grondbelasting wat uit die Kompanjietydperk gedateer het, is afgeskaf. (66).

---

65. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 109-112.
66. Ibid, p. 132.

'n Onrusbarende toename in die plundering van plase deur die nomadiese Hottentotte aan die Oosgrens, asook die koalisie tussen die Hottentotte en Xhosas, het gelei tot die verwoesting van gevestigde dorpe. Bittere vyandskap tussen die boere en bogenoemde bevolkingsgroepe het die rondswerwende veeboere met hul huisgesinne in 'n meer westelike rigting gedwing. Uit Reizen in de Binnelanden van het Zuidelijk gedeelte van Afrika in de jaren 1797 en 1798, kan afgelei word dat musikale beoefening ongestoord in die stedelike gebiede voortgesit was. John Barrow verwys na die hoë musikale standaard in sang, fluit-, harp- en klavesimbelspel. (67).

Die Europese musikale volksopvoeding deur Pestalozzi of Nageli, word egter nie in Suid-Afrika weerspieël nie, omdat die onderrigaktiwiteit slegs die uitvloeisel van 'n behoefte aan 'n byverdienste by die wisselvallige inkomste van komponis en uitvoerder was.

Die Duitse amateurmusikus, Carel Christoph Pabst (-1805), was die eerste musiekleermeester wat sy dienste in een van die hoof kamermusiekinstrumente, naamlik die viool, aangebied het. Op 31 Januarie 1802 het hy in Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter geadverteer dat hy van voornemens was om "informatie" in musiek, met toestemming van die Goewerneur, aan te bied. (68).

---

67. J Barrow, Reizen in de Binnelanden van het Zuidelijk gedeelte van Afrika in de jaren 1797 en 1798. Uit het Engelsch. Haarlem 1805, p. 67.
68. J Hoge, Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806, in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Negende Jaargang Kaapstad, 1946, p. 306.

Sy voorneme om 'n "Musyk School" vir gevorderde leerlinge sowel as beginners van agt jaar te open, word deur 'n advertensie op 19 Junie 1802 in die Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter, gepubliseer. (69). Pabst se sekondêre oogmerk was om die leerlinge in orkesspel te onderrig.

Die aandag van die Kaapse musiekliefhebbers is gevestig op Pabst se musikale kwaliteite en aktiwiteite toe hy 'n aantal intekenkonserte gedurende die wintermaande van 1801-1802, georganiseer het. Tydens hierdie konserte het hy as dirigent opgetree. Slegs twaalf dae nadat hy 'n musiekskool opgerig het, het hy tesame met sy "Muziek Gezelschap" samewerking tydens 'n toneelaand in die Afrikaanse Skouburg verleen. (70). Die veelsydige aktiwiteite van Pabst, naamlik dié van musiekonderwyser en dirigent, is 'n voorbeeld van die funksionering van musiek as byverdienste. Pabst was net 'n opgeleide bakker. (71).

Terwyl die huiskonserte in volle swang was, is in 1800 ook van die Burgerwaghuis se uitvoeringsfasiliteite gebruik gemaak tydens die aanbieding van "intekenkonserte". (72).

---

69. Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter, 31 Januarie 1802.
70. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Kaapstad: Oxford University Press, 1986, Deel IV, p 1.
71. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad 1800-1850 en sy verhouding tot die Musiekkultuur van Wes-Europa. DPhil proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch. Kaapstad: A A Balkema, 1966, p. 5.
72. Bosman, Drama, p 67.

In die daaropvolgende jaar is van militêre konserte in Roelandstraat 7 asook in die Afrikaanse Skouburg op Boereplein melding gemaak. Die eerste openbare instrumentale konsert in die Skouburg is op 11 Desember 1802 deur G Aldermat, in samewerking met verskeie plaaslike musici en musiekliefhebbers, onderneem. Of kamermusiek gedurende die konsert uitgevoer was, is onduidelik aangesien daar slegs na 'n paar arias met variasies soos, uitgevoer op die flageolet, verwys word. (73).

### 2.1.2 Kamermusiekinstrumente en -partiture

Uit die veelvuldige advertensies is dit duidelik dat die beskikbaarheid van instrumente die aanvraag oorskry het, aangesien spesifieke instrumente meermale geadverteer is. Die eerste instrumentale aanbieding het op 6 Augustus 1800 in <u>Geauthoriseerde Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter</u> verskyn. Die advertensie het soos volg gelui:

> "Te Koop. Ten Huise van John Elmlie, no 18, op de Hoek van de Lange Markt, en Loop Straat (...) Musiec Instrumenten. (74).

Die beoefening van kamermusiek word nie uitgesluit nie aangesien partiture en pedagogiese boeke beskikbaar was, soos blyk uit die advertensie op 28 November 1801 in <u>Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter</u>:

---

73. J Bouws, <u>Die Musieklewe van Kaapstad</u>, p. 55.
74. <u>Geauthoriseerde Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter I</u>, 16 Augustus 1800.

> "Die volgende artikelen met de Royal George aangebragt,
> Zyn thans te bekomen ten Pakhuise van Thomas Haine en Co.
> Te weten: (...) Musiek en instrumenten". (75).

Die lewensvatbaarheid van Pabst se musiekskool word bevraagteken deurdat sy instrumentarium, onder andere kabinet-orrel, viool, altviool en bas Walthoring, tydens 'n publieke vendusie te koop aangebied is. (76). Op 7 November 1804 het Pabst sy "Fraay Forte Piano" geadverteer. Hieruit kan afgelei word dat genoegsame instrumente vir die beoefening van kamermusiek gedurende die aanvangsjare van die negentiende eeu in die Kaap beskikbaar was.

## 2.2 Die Kaap onder die Bataafse Republiek (1803-1806)

### 2.2.1 Musiekhandelaars

Na die terugbesorging van die verowerde kolonies deur Groot Brittanje was die Bataafse regering belas met staatkundige, ekonomiese en administratiewe vraagstukke. (77).

Gedurende hierdie geskiedkundige tydperk het die aanvraag na nuwe instrumente en musiekboeke toegeneem namate die bevolkingsaanwas plaasgevind het. Dr J P van der Merwe vermeld in die hoofstuk,

---

75. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 161.
76. Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter I, nr 21, 27 Augustus 1803. Die dreigende konkurrensie van musici van groter formaat, byvoorbeeld die Duitse violis, Johann Christoph Schumpf en die Deense violis en pianis, Frederick Carl Lemming, het miskien tesame met finansiële probleme aanleiding gegee tot die selfmoord van die stigter van die eerste Suid-Afrikaanse musiekskool.
77. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 139.

"Die Kaap onder Britse en Bataafse Bestuur 1795-1806" dat die bevolkingverspreiing met die aankoms van die Bataafse regeringslede ongeveer 22 000 blankes, 25 000 slawe en 10 000 Hottentotte binne die grense van die Kaapprovinsie was. (78). In die Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Gerigter van 25 Junie 1803 word van die eerste musikant wat ook as musiekhandelaar opgetree het, naamlik J C Kemmerling, melding gemaak. (79). Uit die advertensie blyk dat hy 'n volledige musiekwinkel in Boomstraat 27, Kaapstad, bedryf het. Belangrike kamermusiekinstrumente asook -onderdele was in sy winkel beskikbaar, naamlik:

> "... Violen, Alten, Bassen, Fluiten en meer andere soorten van Instrumenten". (80).

Verder het Kemmerling onderneem om herstelwerk van strykinstrumente te behartig.

Die verkope van musiekboeke en musiekinstrumente was vir sommige musiekonderwysers, byvoorbeeld Grondeler en Logier, slegs 'n byverdienste, terwyl algemene handelaars soos Watts & Smith:

> "Forte Pianos, Orgels, Vioolen, Fluite, Hoboos, Clarinetten, Trommeltjies, Fluitjes &c &c en een quantiteit Nieuw Musiek"

in hul pakhuise of vendulokale te koop aangebied het. (81).

---

78. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 140.
79. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 33.
80. Ibid.
81. Ibid, p. 34.

## 2.2.2 Toenemende gewildheid van slawe-orkeste

Die improviserende musikale vermoë van die Kaapse Maleiers en die samestelling van klein dansorkessies uit die slawe in groot huishoudings, het M H K Lichtenstein gedurende sy reise in die jare van die Bataafse tydperk beïndruk. (82). In Reizen in het Zuidelijk Gedeelte van Afrika in de jaren 1803, 1804, 1805 en 1806, spreek Lichtenstein sy verbasing uit oor die vaardige wyse waarop die slawe hul huishoudelike pligte vir musiekinstrumente kon verruil:

> "Slechts een wenk is er noodig, en oogenblikkelijk grijpt de kok de fluit in plaats van de tang, de staljongen verruilt den roskam voor de viool en de tuinier zet de spade ter zijde, om de violoncelle te strijken". (83).

Uit bogenoemde aanhaling is dit duidelik dat kamermusiek, miskien op 'n informele trant, tog deur die slawe beoefen is. Dr Bouws verwys in So lank daar Musiek is... na die beskrywing van Jacob van Reenen se slawe-orkes wat die bespeling van klarinette, horings, fagotte, viole, kontrabasse en fluite ingesluit het. (84).

---

82. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 13.
83. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 140.
84. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 13.

Vername openbare figure soos Kaptein Pieter van Breda was ook verantwoordelik vir die uitbreiding van instrumentale musiek. (85).

### 2.2.3 Harmoniemusik

Die gewildheid van Harmoniemusik het gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu afgeneem as gevolg van die prominensie en gewildheid van die Britse militêre blaasorkeste. Sporadiese uitvoering van Harmoniemusik het egter nog voorgekom, byvoorbeeld tydens die feestelike herdenking van die Augsburgse Konfessie op 30 Junie 1830 wat in die Lutherse Kerk aangebied is. 'n Ensemble bestaande uit Frederik Carl Lemming (orrelis) en ongeveer agt militêre orkeslede het tydens hierdie funksie die tweede beweging asook die Finale van Haydn se Militêre simfonie uitgevoer. (86).

---

85. J Bouws verwys onderskeidelik in "Langs die Wapad van Suid-Afrikaanse Musieklewe" in Res Musicae, September 1960 asook in "Die Musieklewe van Kaapstad" soos volg na die musikale aktiwiteite op Pieter van Breda se landgoed, Oranjezicht: 'n Musiektent is op die landgoed van Kaptein Pieter van Breda opgerig. Deur die ophysing van 'n vlag het hy musiekliefhebbers aan die Kaap in kennis gestel dat hul welkom was om na die slawe-orkes op Oranjezicht te kom luister. Bogenoemde slawe-orkes het uit dertig lede bestaan wat soms uniforms gedra het en die slawe het hoofsaaklik op fluite en viole gespeel.

86. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig in Suid-Afrika van 1652 tot 1902: 'n Kultuurhistoriese Evaluering. 'n DMus proefskrif aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1987, pp. 120-121.

## 3. Musikale inisiatief tydens die Britse bewind aan die Kaap (1806-1838)

Die aankoms van die 3 124 Britse Setlaars in 1820 en Lord Charles Somerset se verengelsingsbeleid in 1822, het op kulturele gebied verrykende gevolge vir die Suid-Afrikaanse musiekkultuur ingehou. Toegang tot die mees ontwikkelde en verfynde kamermusiek is aan die Afrikaner verleen deur middel van die Engelse taalmedium en blootstelling aan kultuurverfyning deur wedersydse persoonlike kontak. (87).

Die onblusbare kruitvat aan die Oosgrens, Slagtersnek-rebellie, asook die ekonomiese vraagstukke soos die finansiële debakel as gevolg van die roekelose vermeerdering van papiergeld, 'n ongunstige handelsbalans, die verdwyning van 'n afsetgebied vir Kaapse produkte en die oprigting van 'n diskontobank, het die koloniste swaar getref. Dus was uitgebreide en veelsydige musiekonderrig deur amateur en professionele musici, noodsaaklik.

### 3.1 Musiekonderrig met betrekking tot kamermusiekinstrumente

#### 3.1.1 Private onderrig

Individuele private musiekonderrig is gedurende die eerste dekade van die negentiende eeu hoofsaaklik by die leerlinge se tuistes aangebied.

---

87. P M Young, A History of British Music. London: Ernest Benn Ltd 1967, pp. 73-135.

Plaaslike musici wat op bogenoemde wyse klavierlesse aangebied het, was onder andere die kapelmeesters Johann Friedrich Conrad Niederhoffer en Jacob Christiaan Abe, en die orreliste van die Groote Kerk en die Lutherse Kerk, naamlik: Heinrich Franz Gründler (Grondeler) en Johann Conrad Wahl (Waal). 'n Afname in lewenskrag het Waal genoodsaak om die publiek deur middel van 'n advertensie in kennis te stel dat hy op 67-jarige ouderdom slegs by sy huis, Loopstraat 63, onderrig sou gee. (88).

Die Engelse miniatuurskilder en onderwyser, Jacob Frieman, het deur middel van 'n advertensie sy dienste vir vioolonderrig, aangebied. (89). Die balletmeester en stigter van die dansskool in Dorpstraat 2, Jacques Bertrand, het sedert 1813 privaat lesse op die viool en kitaar gegee. (90). Alhoewel hy in 1817 sy aktiwiteite tot musiek-, dans- en sangskool uitgebrei het, het hy voortgegaan om privaatlesse in dans, sang, viool en kitaar aan te bied. Die suksesvolle musiekonderrigloopbaan van Bertrand is deur die uitbreiding van sy onderrigaktiwiteite tot Spaanse kitaar, siter en klavier gekenmerk.

Die opgeleide beroepsmusikus, Johan Fredrik Osmitius, het in 'n koerantadvertensie op 14 Desember 1816 sy voornemende musiekskool, waar onderrig in viool-, fluitspel en ander blaasinstrumente aangebied word, bekendgestel. Sy bereidwilligheid om klaviere te stem vir ekstra inkomste, weerspieël die destydse ekonomiese wurggreep.

---

88. J Bouws, <u>Die Musieklewe van Kaapstad</u>, p. 6.
89. <u>Ibid</u>.
90. <u>Ibid</u>.

'n Goeie onderlinge kollegiale verhouding tussen Bertrand en Osmitius, word deur hul samewerking in die aanbieding van 'n leerlingkonsert op 13 Desember 1817, geïllustreer. Bewyse van kamermusiekmusisering word aangetref in die reklameberig op 22 November 1817 in Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigte. 'n Elfjarige dogter sou nie net as klaviersoliste in die Concertante Simfonieë van Pleyel optree nie, maar sou ook deelneem aan die uitvoering van Daniël Steibelt se Klavier-kwartet. (91). Die belowende en beminde jong musikus, Osmitius, is egter op 11 Februarie 1820 oorlede, slegs 'n jaar na die geboorte van sy dogter uit die huwelik met Elisabeth Magdalena Serrurier.

Die Lutherse orrelis en toneelspeler, Wilhelm Brandt van Keerom-straat 25, se veelsydigheid ten opsigte van instrumentale bemeestering, blyk uit 'n koerantberig op 13 September 1842 in De Verzamelaar waar daar na hom as klavier-, viool- en kitaaronderwyser verwys word. (92). Brandt se verdere musikale bydrae is sy betrokkenheid as dirigent van die amateurorkes tydens die veertigjarige jubileumviering van Ds Meent Borcherds in 1826 en die gedenkwaardige opvoering van Weber se opera Der Freischütz in 1831. (93). Vanaf 1845 was hy genoodsaak om ook as klavierstemmer op te tree. (94).

Een van die onopvallende groep musiekleermeesters wat musiekonderrig slegs as 'n ekstra geldelike inkomste naas hul daaglikse werksaamhede beskou het, was die Italiaanse boekhou-onderwyser, W T van den Berg,

---

91. Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter, XII, nr 612, 22 November 1817.
92. De Verzamelaar, III, nr 113, 13 September 1842.
93. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 12.
94. Ibid.

wat sedert April 1821 fluitlesse gegee het. (95). Die afgetrede kapelmeester van die 72ste Regiment, John Brown, het deur middel van 'n advertensie berig dat hy sy vorige beroep vaarwel toegeroep het om as klavier- en klarinetleermeester en klavierstemmer op te tree. Vanaf 1823 het hy ook privaat Engelse- en dwarsfluitlesse aangebied. (96).

Moeilike heersende ekonomiese omstandighede aan die Kaap het die Britse immigrant, James Gregory te Langstraat 49, in 1823 genoodsaak om as veelsydige musikale leermeester in klavier, fluit en "dubbelde flageolet", op te tree. Verder het hy ook sy inkomste versterk deur as klavierstemmer op te tree. (97).

### 3.1.2 Musiekskole en musikale stelsels

Met die aankoms van Frederick Logier op 26 Februarie 1826 in Kaapstad, het die aktiewe musiekhandelaar, E K Green, die publiek deur middel van 'n koerantberig van hul voornemende Akademie, gebaseer op die Logeriaanse stelsel, in kennis gestel. (98). Bogenoemde stelsel was gebaseer op die drieledige beginsel van: Musisering deur 'n aantal leerlinge; aanvanklike praktiese oefeninge onder die bekwame leiding van die onderwyser, waar die korrekte pianistiese-handposisie onderrig is en ten slotte die gelyktydige harmonie-kursus wat op praktiese oefeninge gebaseer is. Periodieke "openbare eksamens", waartydens vreemdeling teenwoordig kon wees, is gepropageer. (99).

---

95. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 13.
96. Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter, XVIII, nr 909, 14 Junie 1823.
97. The African Court Calender and Directory, 1824-1828.
98. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 18.
99. Ibid, p. 20.

Friederick Logier en Edward K Green het onverwyld 'n tweetalige prospektus opgestel. 'n Faksimilee-afdruk van die eerste prospektusbladsy in Suid-Afrikaanse Erfenis (1962) lui:

> "Prospectus van die Piano-Forte Institut, opgerigt volgens Logier's Systhema van Musicale Opvoeding in de Breede Straat No 45 door Den Heer Green en Den Heer Frederick Logier." (100).

In 'n advertensie op 3 Maart 1826 het Green aangekondig dat hul onderneem om 'n Akademie gebaseer op die Logeriaanse stelsel in klavierspel en musiekteorie te open, met die belangrike byvoeging dat Logier van voornemens was om 'n beperkte aantal leerlinge in viool, tjello, fluit en waldhoring te onderrig. (101).

Die Logeriaanse sillabus het verwerkings van kamermusiekkomposisie van Beethoven se Trio in Es-dur vir twee klaviere, onderskeidelik in boek 11 en 12, ingesluit. Tydens die musiekkonserte van die Akademie van Mnr Robertson op 29 Junie en 1 Julie 1826, het die dames van die tweede klas Beethoven se Kwintet in Es, 'n verwerking deur Mnr Robertson, uitgevoer. (102).

Vanaf 8 Junie 1827 is sang-, viool- en tjello-klasse na Woensdae en Saterdae verskuif. 'n Teoretiese kursus is in 1830 vir jong here ingestel, terwyl die invoeging van harponderrig in Desember 1830 aanbeveel is. (103). Die onderrig in die primêre kamermusiekinstrumente het dus nie agterweë gebly nie.

---

100. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 21.
101. The Cape Town Gazette and African Advertizer, XXI, nr 1051, 3 Maart 1826.
102. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 22.
103. Ibid, p. 23.

In die beginperiode het die Logeriaanse Akademie die belangstelling van hoë amptenare en vername handelslui geprikkel. Uit 'n advertensie na die somervakansie in 1835, is die duidelike afname in belangstelling en geesdrif ten opsigte van die Logeriaanse stelsel waarneembaar in Logier se melding dat die publiek voorkeur verleen aan ligte klassieke komposisies soos walse, danse en marse. (104).

## 3.2 Uitvoering van vroeë instrumentale kamermusiekkomposisies

### 3.2.1 Konsertuitvoerings

#### 3.2.1.1 Konsertmeester

**(a) Lemming, Frederik Carl (1782-1846)**

Die avontuurlustige, veelsydige Deense musikus en komponis, het kort na sy aankoms in Kaapstad sy Suid-Afrikaanse debuut in 'n "groot instrumentale konsert" op Woensdag 16 Oktober 1805 in die Skouburg gemaak. (105). Die tweede instrumentale konsert deur Lemming, wat vir 31 Maart 1806 geskeduleer was, is vermoedelik tot 9 April uitgestel weens sy huwelik met Frederika Rosina Heins. (106). Met sy terugkeer vanaf Rio de Janerio in Maart 1817, is hy na aanleiding van sy konsert-, kompositoriese en uitvoeringaktiwiteite as die belangrikste musikus in Kaapstad beskou. (107).

---

104. De Zuid-Afrikaan, V, nr 265, 27 Februarie 1835.
105. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 67.
106. Ibid.
107. J P Malan (red), Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie. Kaapstad: Oxford University Press, 1984, Vol III, p. 175.

Dr Bouws verwys in So lank daar Musiek is ..., na Lemming se konsert-aktiwiteite as sy primêre bron van inkomste:

> "Veral in 1807 was hy baie aktief met konserte, wat vermoedelik sy enigste bron van inkomste gebly het, omdat kompositoriese werk, soos arrangemente van opéras comiques vir die Franse amateurgeselskap, deur sy kollega Schrumpf gedoen is". (108).

Gedurende Julie 1806 het hy 'n reeks van agt intekenkonserte, waarvan die eerste as 'n huiskonsert vir 16 Julie te Kerkstraat 20 beplan was, aangekondig. (109). Uitvoerende musici in bogenoemde konserte het hoofsaaklik uit musiekliefhebbers bestaan. (110).

Die verskillende reekse intekenkonserte is gedurende 1812 tot 1816 in die "African Club" en by Lemming se tuiste, te Ziekedwarsstraat 14, aangebied. Die weeklikse oefening van die "Musicaal Liefhebbery-gezelschap" is na Maandae verskuif en het verband gehou met die vyf konserte wat in dié daarop volgende maande in die Vrymesselaarslosie, De Goede Hoop, uitgevoer is. Die moontlike uitvoering van kamermusiekkomposisies kan nie uitgesluit word nie, aangesien Lemming die strykkwartetkomposisie, naamlik: X Variations sur l'air O, Du lieber Augustin, op die tema van die bestaande Duitse volksliedjie gekonstrueer het. (111).

---

108. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 28.
109. Teenstrydigheid ten opsigte van die lokaal waar die konsert van 31 Maart 1806 aangebied is, word aangetref in Die Musieklewe van Kaapstad, p. 67 wat verwys na die lokaal as die Skouburg, terwyl Dr Bouws in So lank daar Musiek is ..., p. 28 die lokaal as Lemming se tuiste aangee.
110. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 31.
111. J Bouws, Komponiste van Suid-Afrika. Kaapstad: Nasou, 1971, p. 19.

Bewyse dat die Suid-Afrikaanse publiek toegang tot nuwe, verfrissende komposisies kort na die Europese première gehad het, word aangetref in die konsertprogram van 9 November 1816 waartydens Lemming een van sy aanwinste, naamlik "'n Nieuw Piano Forte Concert van Duzzek" (vier jaar na die dood van die destydse bekende Tsjeggiese komponis) uitgevoer het. (112). Lemming het 'n kamermusiekorkes bestaande uit 6 tot 8 lede van die militêre musiekgroep, tydens die herdenking van die Augsburgse Konvensie op 30 Junie 1816 in die program ingesluit. Die musikale loopbaan van Lemming word in Kaapstad deur middel van afskeidskonserte in die Britse Losie en in die Afrikaanse Skouburg, beëindig. (113).

Dr Bouws verwys na die afsluiting van 'n belangrike, hoogstaande, kwaliteit tydvak in die Kaapse jong konsertlewe met die vertrek van Lemming:

> "Die rits van musiekmeesters: Carel Pabst, Johann Christoffel Schrumpf en Frederik Carl Lemming het daarin geslaag om - naas die kapelmeesters van die militêre musiekbendes en die passerende operaensembles - as soliste sowel as leiers van musiekgeselskappe uit die Kaapse burgery, aan die Kaapse musieklewe van die beginjare van die negentiende eeu 'n lewendigheid en inhoud te gee wat nie agter gestaan het by die musikale bedrywigheid van Wes-Europese provinsie-stede van daardie tyd nie". (114).

### 3.2.1.2 Militêre musikante

Die aantal musikante in die Kaapstadse militêre orkes is in 1822 vasgestel op tien en is uitgebrei tot veertien spelers in die daaropvolgende jaar.

---

112. J Bouws, <u>Die Musieklewe van Kaapstad</u>, p. 72.
113. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 32.
114. J Bouws, <u>Die Musieklewe van Kaapstad</u>, p. 72.

In Die Musieklewe van Kaapstad, verwys Dr Bouws na die belangrike invloed van die militêre orkes op die Suid-Afrikaanse kulturele ontwikkeling gedurende 1810 tot 1910:

> "Die invloed wat die Britse militêre musiek gedurende meer as 'n eeu in Suid-Afrika uitgeoefen het, kom vrywel ooreen met die in Kanada, en die uitspraak van Helmut Kallmann: "the British regimental bands stationed in Canada exercised an influence far beyond the military sphere. They gave impetus to cultivation of secular art music and made orchestral concerts possible(...)", geld ook vir Suid-Afrika in die algemeen en in die besonder vir Kaapstad tydens die eerste helfte van die negentiende eeu. (115).

'n Uitsonderlike instrumentale ensemble van 'n fluit, kitaar en fagot is op 31 Julie 1824 deur Charles Etienne Boniface in medewerking met regimentsorkeslede tydens die opvoering van "De barbier van Sevilie" deur Beaumarchais, uitgevoer. (116).

Die eerste reeks militêre intekenkonserte is so vroeg as 1801 aangebied en is uitsluitlik deur die militêre musikante georganiseer en uitgevoer. (117). Selfs gedurende die eerste Britse Besetting van die Kaap (1795-1803) het Pabst van die militêre blasers in sy oorwegende strykorkes aangewend. In die hoofstuk, "'n Merkwaardige begin van die Kaapse Konsertlewe", bevestig William Burchell die gebruiklike deelname van militêre blaasmusikante aan sosiale konserte, soos uitgevoer op 8 Desember 1810.

---

115. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, pp. 85-86.
116. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., p. 43.
117. W Burchell, Woodcut vignettes: From "Travels in the interior of South Africa", Cape Town: Struik, 1968, pp. 20-22.

Die militêre orkeste se repertorium was taamlik uitgebrei en het informele en formele kamermusiek ingesluit.

## (a) Informele kamermusiek

Militêre musikante het op 'n ligter trant die offisiële en semi-offisiële partytjies met hul musiek opgeluister. Op 14 April 1821 het die Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigte in sy verslag onder andere melding gemaak van 'n geleentheid waartydens 'n kamermusiekuitvoering plaasgevind het. Bogenoemde uitvoering het ten tye van die Handelskamer se jaarlikse dinee plaasgevind. Sir Rufane Shawe Donkin het as waarnemende Goewerneur die funksie bygewoon. Die musikante van die 38ste Regiment het na die Britse volkslied, verskeie liedere, duette en trio's uitgevoer. (118). 'n Soortgelyke uitvoering is tydens die publieke dinee in 1836 ter ere van Sir Benjamin D'Urban, in die Beurssaal aangebied.

## (b) Formele Kamermusiek

Formele, ernstige musiek is tydens die georganiseerde militêre konserte deur die afwisseling van amateur soliste, koor- of instrumentale groepe uitgevoer.

Die bekende kapelmeester van die 27ste Regiment en klarinetspeler, Wallace, het tydens 'n konsert op 21 Februarie 1838 in samewerking met 'n fluit- en harpspeler die Concertina van Kramer, uitgevoer. (119).

---

118. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 91.
119. Ibid, p. 93.

'n Minder ewewigtige konsertprogram deur die kapelmeester van die 25ste Regiment, Robert Medhurst, is op 14 Augustus 1840 aangebied. Die program het uit dertien items, wat onder andere kamermusiek insluit, bestaan. (120). Die Duo Concertante vir klavier en viool deur Herz en Lafant, asook 'n onbekende stuk vir tjello en klavier is ingesluit in bogenoemde program. (121).

## 3.3 Individuele bydrae deur besoekende komponiste

### 3.3.1 'n Verwerkte instrumentale kamermusiekkomposisie

Die Deense komponis, Frederick Carl Lemming, het na sy kort besoek aan Rio de Janeiro (1808-1810), 'n tweede besoek aan Suid-Afrika gebring. Vanaf Augustus 1810 tot Maart 1817 sluit sy musikale aktiwiteite ook die komponering van nuwe musiek vir die Ballet, De schipbreuk of de Korsaren op het eiland Ivica (1810) asook ander werke soos die komiese sangspel De verhinderde dansparty of Het orchest onder den tafel (1815), in. (122).


Aangesien Lemming aan die hoof van 'n orkes (bestaande uit strykers en militêre blasers) gestaan het, bestaan die moontlikheid dat sy strykkwartet, naamlik: X Variations fur l'Air: O du Lieber Augustin, nie net die eerste oorspronklike kamermusiekkomposisie is wat op

120. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, pp. 89-90.
121. Ibid, p. 90.
122. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., pp. 29-30.

Afrikaanse bodem uitgevoer is nie, maar ook moontlik hier gekomponeer is. Bogenoemde werk is gebaseer op die Duitse volksliedjietema van <u>O du Lieber Augustin</u> en is geskryf vir 'n solo viool, 'n tweede viool, altviool en kontrabas. (123). Beïnvloeding deur die sewentiende eeuse Duitse instrumentale ensemblemusiek word in die aanwending van die volksliedjie as cantus firmus in bogenoemde komposisie gereflekteer.

**Incipit 1: Lemming, F C: <u>X Variation für l'Air: O du Lieber Augustin</u>.**

Titelbladsy




---

123. Die oorspronklike eksemplaar van Lemming se strykkwartet, <u>X Variation für l'Air: O du Lieber Augustin</u> word in die Stadsbiblioteek van Arhus, Denemarke bewaar. 'n Mikrofilm van hierdie komposisie is tans in die besit van Prof R Ottermann, Musiekdepartementshoof aan die Universiteit van Stellenbosch.

### 3.3.2 'n Oorspronklike instrumentale kamermusiekkomposisie

Die Britse fluitis en violis, C White, het sy musikale aktiwiteite gedurende sy verblyf aan die Kaap tot die kompositoriese aspek uitgebrei. Die première van White se trio, Tyrolise Air, with nine new Variations, "composed and arranged for two Violins and Violoncello", het op 7 Junie 1828 onder die beskerming van sy edele Luitenant-Goewerneur Lord Charles Somerset, plaasgevind. (124).

Die konsertprogram, soos op 6 Junie 1828 geadverteer in The Cape of Good Hope Government Gazette sluit vier ander kamermusiekkomposisies in. Tydens die tweede deel van die program is White se kamermusiekkomposisie deur "Masters Burns" (vermoedelik sy leerlinge) en die komponis uitgevoer.

"Plan of the Concert

Part 1st

- Solo Quartet, First Violin Obbligato, Romberg.
- Glee, Life's a Bumper, Wainwrite.
- Trio, Masters Burns and Mr White, Ricci.
- Hope told a flattering Tale, with Variations Kreutzer.

Part 2nd

- Flute Quartet, Pleyel.
- Tyrolis Air, with nine new Variations, composed and arranged for two Violins and Violoncello, by Mr White.
- Trio, Masters Burns and Mr White, Zanetti.
- Introductions to Le Pipe Tobac, composed and arranged by Mr White.
- The admired and brilliant Variations by Krautzer.
- The Last Rose of Summer, embellished by Mr White. who on this occasion will play without any accompaniment.
- Finale, God Save the King."

---

124. The Cape of Good Hope Government Gazette, XXIII, nr 1169, 6 June 1828.

## 3.4 Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en -partiture

Instrumente is hoofsaaklik deur Europese en Britse musici na die Kaap gebring. Musici het voortdurend op hoogte van die musikale ontwikkeling in Europa gebly. Deur kontak met sy vaderland te behou het Boniface op 16 Januarie 1827 ingevoerde Franse kitare in Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter geadverteer. As opposisie van Green het John F Aschen van die "Muzyk Instrumentenmaker Kortemarkstraat" in 1825 hout- en koperblaasinstrumente geadverteer. (125).

Die ooraanbod van musiekinstrumente wat gedurende 1806 tot 1838 te koop of vir oorname aangebied is, het die aanvraag van die betreklike klein Kaapse gemeenskap oorskry. Die volgende instrumente is herhaaldelik geadverteer: Viole, altviole, tjello, kontrabasse, siters, kitare, harpe, trompette, fluite, flageolette, horings, hobo's, klarinette, serpe, fagotte, klaviere, tamboer, tamboeryn, trekklavier, glasharmonika en 'n hand- of draai-orrel. Verder is onderdele vir 'n orrel, strykinstrumentsnare, meganiese musiekinstrumente soos 'n musiekdoos, asook 'n metronoom te koop aangebied. (126).

Na die afsterwe van Green in April 1828 is ses klaviere, 'n tjello met 'n kas, drie viole, 'n kitaar met 'n kas, 'n fagot en 'n klarinet in 1832 op 'n openbare veiling verkoop. (127).

---

125. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 116.
126. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 160.
127. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 116.

Die verspreiding van musiekinstrumente en partiture deur musiekonderwysers was 'n algemene verskynsel. Finansiële probleme het Boniface gedwing om op 'n vindingryke wyse 'n waardevolle bydra tot die kulturele volksopvoeding te maak deur die eerste Kaapse musiekuitleenbiblioteek te stig. Die maandelikse finansiële bydrae het gewissel vanaf twee riksdaalders en vier schellings vir leerlinge, tot vyf riksdaalders vir buitestaanders. (128).

Dr Bouws verwys op 16 Mei 1964 in Die Burger na Boniface se indrukwekkende musikale partituurversameling:

> "De Verzameling bestaat uit Sonatas, Rondos, Ouvetures, enz.enz.enz. voor Guitar alleen; Duettos, Trios, Quintetten, Concertos, enz.enz. voor alle Instrumenten met Guitar: - en uit een menigte Liederen, in Italiaansche, Spaansche, Engelsche, Fransche, Duitsche en zelfs Hollandsche Talen". (129).

Bogenoemde beskikbare kamermusiekpartiture impliseer nie slegs die moontlikheid van musisering nie, maar lewer ook bewys van die bydrae tot die ontluiking van kamermusiek in die Kaapprovinsie.

Boniface se unieke poging tot oorlewing was egter nie suksesvol nie en op 17 Julie 1827 is sy insolvente boedel deur die Sekwester verkoop. Geen melding is van sy partituurversameling gemaak nie. (130).

---

128. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 9.
129. Ibid.
130. Ibid, p. 10.

Instrumente is ook te koop aangebied voor die vertrek van musici na die buiteland. Lemming het op 5 November 'n berig in die Kaapshe Stads Courante geplaas waarin die verkoping van sy instrumente as volg geadverteer is:

> "1 Harp en andere Musicaale Instrumenten, en wat verder ter Tafel sal worden gebragt".

Met die afsterwe van Bertrandt in 1823 is die publieke vendusie van sy boedel op 6 Desember 1823 in die Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter geadverteer met verwysing na "eenige Muziekinstrumente en Muziekboeken". (131).

Die beskrywing van 'n verrassende ervaring by die aanhoor van 'n slaweorkes tydens M D Teenstra se besoek aan die weduwee Colyn van Klein Constantia, word in 'n brief gedateer 2 Julie 1825 gegee. Sestien musikante het onderskeidelik die volgende instrumente bespeel: Klarinette, fluite, trompette, fagot, slang, bekkens en twee groot dromme. Volgens 'n berig op 15 Januarie 1830 in The Cape of Good Hope Government Gazette is die orkes op 20 Januarie ontbind nadat Mej Colyn die 31 slawe en slavinne asook die volledige stel instrumente verkoop het. (132).

---

131. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 6.
132. Ibid, p. 141.

Edward Knolle Green (1788-1828) was 'n belangrike musiekhandelaar was wat op 16 April 1814 na Kaapstad geëmigreer het. In die Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigte van 14 Mei 1814 het Green die volgende berig, waarin sy uitgebreide spesialisering in verskillende kamer-musiekinstrumente en beskikbare musiekstukke vir alle instrumente geadverteer word, geplaas:

> "Muziek. Uit de hand te koop. Aan het Huis, het laaste bewoond door den Bakker J Hendriksen, in de Langestraat No. 30. E. K. Green, Van het Musiekhuis van Clementi & Co. Musiek Instrumentmakers in London, Van diverse fraaye en effen Pianofortes, die men verzekeren kan van de eerste qualiteit te zyn, als mede een qualiteit Fluiten, Violen, Clarinets, Hand-Orgels, Flagiolets, Militaire Fluiten, Drieangels, Spaansche Guitars, Wandel Fluiten met Poken, een stel nieuwe uitgezonden Waldhoorns met sleutels, voor een Militaire Bende, een zeer groot assortement van de uitgezogste en nieuw gedrukte Musiekstukken voor alle Instrumenten, &c. &c. mitsgaders eenige allerbeste uitlandsche Viool en Pianoforte Snaren." (133).

Green se verbintenis met Engeland was vir Suid-Afrika 'n aanwins deurdat hy die nuutste ontwikkeling op musikale gebied in die kortste moontlike tyd kon bekom. Selfs manuskrippapier en gedrukte musiek was volgens 'n advertensie op 3 Maart 1826 in Edward Knolles Green se musiekwinkel beskikbaar gewees. (134). In Oktober 1817 het hy die Maalzels Metronoom of "Muzikale Timekeeper" geadverteer. (135).

---

133. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 162.
134. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 116.
135. Ibid, p. 163.

## 3.5 Gevolgtrekkings

Gedurende die volksplanting onder die bewind van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (1652-1795) was musisering geen onbekende aspek van die Nederlandse leefwyse nie, aangesien die skeepslui op 'n informele basis interne musikale kommunikasie gehandhaaf het. (136). 'n Groeiende belangstelling in musiekbeoefening en uitvoering is veral gedurende die 143 jaar van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie bewind in Kaapstad en Stellenbosch aangetref. Dr Jan Bouws verwys soos volg in <u>So lank daar Musiek is ...</u>, na die onmisbare noodsaaklike ontspanning van die seelui en die landbewoners:

> "Uit alles blyk juis hoe talryk die verskillende instrumente in die sentrums was, en dat hul musiek onmisbaar en kosbaar vir die bewoners van die Kaap in die Kompanjiestyd was". (137).

Musiekonderrig in kamermusiekinstrumente is deur amateurs of professionele musici as 'n byverdienste gedurende die wisselende regeringsbestuur (1795-1806), aangebied. Alhoewel musiekonderrig deur opgeleide musici as 'n beroep beoefen is, het die volgehoue ekonomiese wurggreep musici gedwing om uitgebreide instrumentale onderrig te gee. In die stedelike gebiede het musikale ontwikkeling ongestoord gedy deurdat huiskonserte parallel met intekenkonserte bestaan het. Die eerste instrumentale konsert is op 11 Desember 1802 in die Afrikaanse Skouburg, Boereplein aangebied.

---

136. Verwys na Volume 1, p. 2.
137. J Bouws, <u>So lank daar Musiek is ...</u>, p. 16.

'n Ooraanbod van kamermusiekinstrumente deur musiekhandelaars en -onderwysers, soos blyk uit die veelvuldige koerantadvertensies, is gedurende hierdie tydperk in die Kaap gehandhaaf. Bogenoemde ooraanbod het die beperkte publieke aanvraag oorskry. Die beoefening van kamermusiek kan nie uitgesluit word nie, aangesien voldoende instrumente, partiture en pedagogiese handboeke vir kamermusiekinstrumente beskikbaar was. Verder is die instandhouding en herstelwerk van kamermusiekinstrumente deur musiekmeesters en musiekhandelaars onderneem.

Die belangrike bydrae tot kamermusiek deur die musikale improviserende slawe, kan nie oor die hoof gesien word nie. Melding van die natuurlike wyse waarop die slawe kamermusiekinstrumente bespeel het, dui op die uitvoering en beoefening van informele kamermusiek.

Die dertigjarige Britse bewind (1806-1838) het tot intense kultuurverryking aanleiding gegee deurdat die Suid-Afrikaner deur middel van die gedwonge verengelsingbeleid en persoonlike kontak met die Britse Setlaars, blootgestel is aan kultuurverfyning en toegang tot die mees ontwikkelde en verfynde universele kamermusiek verkry het.

Konsertmeesters en verskeie musiekgeselskappe het nie alleen eietydse Europese kamermusiek uitgevoer nie, maar ook die eerste Suid-Afrikaanse gekonstrueerde kamermusiekkomposisies, deur F C Lemming en C White.

# HOOFSTUK 2

## DIE STREMMENDE INVLOED OP KAMERMUSIEK GEDURENDE DIE KONFLIKJARE (1838-1910)

Die stremmende staatkundige en ekonomiese vraagstukke gedurende die konflikjare (1838-1910) kan beskou word as die voorbereidende fase vir die ontwikkeling van 'n ware Suid-Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiekgenre. Verfynde Westerse kultuurverryking, die essensiële faktor van die embriogeniese Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek, is veral deur die Britse Setlaars na Suid-Afrika gebring.

### 1. Die Groot Trek (1838-1854)

Ekonomiese en staatkundige faktore was die motivering van die gewigtigste gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik die Groot Trek (1838-1854). Tog is die kern van hierdie gebeurtenis die voortbestaan van 'n selfstandige nasie met 'n individuele kultuur in 'n staatkundige vryheid.

Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis word ook gekenmerk deur die rustige ontplooiing en vestiging van musiekverenigings, -skole en - uitvoerings in die Kaapprovinsie en Natal, teenoor die enge beoefening en uitvoering van musiek gedurende die rustelose jare van die Groot Trek (1838-1854) in die Republikeinse provinsies.

Slegs die musikale ontwikkeling in die vernaamste sentra in elke provinsie sal kortliks bespreek word om die noodsaaklike agtergrond vir die ontplooiing van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies te skets.

## 1.1 Musiekonderrigfasiliteite

### 1.1.1 Kaapprovinsie

Alhoewel finansiële terugslae as gevolg van die instelling van die vrystellingswet van slawe (1834-1838) deur Sir D'Urban asook die waardevermindering van geld ervaar is, word die voldoende beskikbaarheid van professionele en amateurmusici in die Britse kuskolonies geïllustreer deur die aanbieding van privaatmusiekklasse en die stigting van musiekinstitute. Verder het die voortslepende grens-oorloë, die wantroue in die Imperiale regering; die wanverhouding tussen heer en kneg asook die "Swarte Ommegang" van 1812 wat loodreg teen die Afrikaner se fundamentele kulturele en godsdienstige opvatting ingedruis het, 'n stremmende uitwerking op die bestendige ontwikkeling en uitvoering van musiek gehad. Bogenoemde faktore het as die belangrikste beweegredes vir die Groot Trek in 1838-1858 gedien. (1).

#### 1.1.1.1 Kaapstad

Privaat musiekleermeesters was verantwoordelik vir die noodsaaklike fundamentele musiekonderrig wat aanleiding tot die bevordering en uitbreiding van die uitvoerende asook die skeppende fasette van instrumentale kamermusiek op Suid-Afrikaanse bodem gegee het. Die verreikende invloed van strykinstrumentonderrig deur Henry Woollard en Robert Byrne (onderskeidelik vanaf 1848 en 1851) word gereflekteer in

---

1. Van der Walt, Wiid en Geyer, <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, pp. 192-195.

die eerste ontwikkelingfase van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek (1910-1945) aangesien 92% van alle komposisies strykinstrumentkombinasies insluit. (2).

Essensiële klavieronderrig, waardeur harmoniese beginsels effektief geïllustreer en die vertikale klankkombinasies visueel en ouditief geanaliseer kan word, is deur middel van privaatonderrig asook georganiseerde onderrig aan institute bevorder. Die kritiese Duitse pianis, Carl Junghenn, het in die gebruiklike koerantadvertensie homself bekendgestel as "leerling van die groot Thalberg" en sy dienste as musiekpedagoog aan beginners sowel as gevorderde studente aangebied. (3). Talryke advertensies vir musiekleerlinge dui op die wisselvalligheid van sy musiekpraktyk in die Kaap en dien ook as 'n barometer van die ongunstige ekonomiese klimaat.

In die voorwoord van die ernstige pedagogiese poging getiteld "<u>The Art of Playing the Piano-forte from the earliest Rudiments to the highest state of cultivation</u>", deur Jughenn in 1851 word die oppervlakige klavieronderrig aan die Kaap genoem en gekritiseer. (4). Ongeag Jughenn se negatiewe ervaring word die klavier gedurende die Suid-Afrikaanse ontwikkelingfase (1910-1945) in 44% van die instrumentale ensemblekombinasies geïnkorporeer.

---

2. Verwys na Volume 2, pp. 117-118.
3. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel III, pp. 70-71.
4. J Bouws, <u>Geskiedenis van Musiekonderwys in Suid-Afrika</u>, p. 24.

### 1.1.1.2 Port Elizabeth

Met die instroming van die Britse Setlaars in 1820 is nie net die status van musiek verhoog tot 'n onontbeerlike interne deel van die opvoedingsproses nie, maar dit het ook aanleiding gegee tot die lewensvatbaarheid van verskillende nedersettings. Die suksesvolle vestiging van 4 000 Britse Setlaars in Algoabaai (beter bekend as Port Elizabeth), deur Sir Rufane Donkin het bygedra tot die snelle ontwikkeling van die dorp deurdat opvoedkundige en godsdienstige inrigtings asook noodsaaklike gesondheidsgeriewe opgerig is.

Met die stigting van die plaaslike koerante, naamlik die Eastern Province Herald en die Port Elizabeth Telegraph (onderskeidelik in 1845 en 1848) is musikale informasie ten opsigte van die beskikbaarheid van instrumente en musiekklasse versprei. (5).

### 1.1.2 Natal

Kontrasterende musikale ontwikkeling word gereflekteer in die meer outodidaktiese improvisatoriese benadering deur die Voortrekkers, teenoor die verheffing van musiek tot 'n interne komponent van 'n volwaardige Engelse opvoeding deur die Britse Setlaars.

---

5. A J J Troskie, The Musical Life of Port Elizabeth 1875-1900, a MMus dissertation at the University of Port Elizabeth, 1969, p. 1.

### 1.1.2.1 Durban

Die vestiging van musikale onderrigfasiliteite gedurende die ontwikkelingsjare van Port Natal (Durban) is sedert 1824 negatief deur die politieke onrus beïnvloed. (6).

Met die vestiging van die Britse Setlaars in 1842 onder leiding van Francis Farewell, Henry Fynn en James King, het kultuurverryking ook op die Natalse bodem plaasgevind. (7). Die Britse Setlaars was vertroud met die Engelse instrumentale kamermusiekkomposisies van Jacobean, Orlando Gibbons (1583-1625) en Henry Purcell (1659-95). (8). Bogenoemde stelling word deur G S Jackson in Music in Durban 1850-1900 ondersteun aangesien instrumentale kamermusiekkomposisies van Thomas Pinto (1714-1783), Edward Loder (1813-1865), Henry Smart (1813-1879) en William S Bennett (1816-1875), aan die Britse Setlaars bekend was:

> "The early British settlers brought with them the musical heritage of the late eighteenth- and early nineteenth-century British music compounded with many contemporary Continental influences." (9).

---

6. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 211.
7. Bogenoemde Britse emigrasie is bespoedig deur 'n aantal gebeure, naamlik die nederlaag van die Boere Republikeinse magte asook die beëindiging van die Republiek van Natal onderskeidelik op 4 Mei 1842 en in Meimaand 1843. Ontevrede Boere het Natal teen die einde van 1848, met die aankoms van die Britse immigrante, verlaat. Ongeveer 4 000 Britse immigrante het tussen 1848-1851 deur Durban beweeg met die hoop om grond in Pietermaritzburg in besit te neem.
8. C Headington, The Listener's Guide to Chamber Music, first edition Dorset: Blandford Press, 1982, p. 5.
9. G S Jackson, Music in Durban 1850-1900, first edition. Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1970, p. 2.

Met die vestiging van die Britse Setlaars in 1842 was daar 'n oplewing op musikale gebied. Musiek is as deel van 'n volwaardige Engelse opvoeding gereken en musiekonderrig is hoofsaaklik met tale gekombineer. Die eerste Durbanse musiekonderwyser, Mev Jolly, het deur middel van 'n advertensie op 5 Oktober 1852 in die D'Urban Advocate onderrig in tale, danspassies en houding asook in klavierspel te Fieldstraat gepropageer. (10).

Die fundamentele onderrig in klavier en strykinstrumente, wat hoofsaaklik die primêre instrumente van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies gedurende die ontwikkelingfase (1910-1945) vorm, is ook in hierdie Britse kuskolonie aangebied. Deur prominente drukwerk op die voorblad van die eerste uitgawe van die Natal Mercury op 25 November 1852, het Mnr D Hull (jnr) homself op die aanvaarbare konvensionele toetrede tot musiekonderrig, as professor in musiek bekendgestel. Hy was hoofsaaklik verantwoordelik vir die herstel en stem van klaviere, maar het ook opleiding in klavierspel gegee.
'n Boekhandelaar, Mnr W A Frazer, ook bekend as een van die vooraanstaande violiste in Durban, was verantwoordelik vir die aanbieding van instrumentale onderrig en het sy inkomste aangevul deur klaviere te stem. Hieruit word afgelei dat die musiekonderrigprofessie gedurende die ontwikkelingsjare nie lonend was nie, aangesien hy sy dienste tussen Durban en Pietermaritzburg moes verdeel. (11).

---

10. D'Urban Advocate, 5 October 1852.
11. G S Jackson, Music in Durban 1850-1902, p. 103.

### 1.1.2.2 Pietermaritzburg

Die Natalse musikale bakermat is in 1838 gestig en aktuele staatsbesluite is gedurende die stigingsjare (1838-1842) in die hoofsentra van Natal geneem. (12). Na die slag van Bloedrivier het die Voortrekkers hulle in Pietermaritzburg gevestig. (13).

Die outodidaktiese musikale agtergrond van bogenoemde inwoners het bestaan uit instrumentale sekulêre musiek wat tydens die feesvieringe van huwelike of verjaarsdae op 'n viool en akkordeon uitgevoer is. (14). Tydens gewyde samesang is instrumentale begeleiding deur verskillende instrumentale kombinasies, byvoorbeeld 'n viool en akkordeon of 'n fluit met klawers en kornet, verskaf. Dr van der Spuy verwys soos volg na die Voortrekkers se buigsame musikale aanpassings en die verworwe musikale agtergrond in die proefskrif "Die Musieklewe van Pietermaritzburg 1850-1902":

> "Die meeste trekkers wat hul in Pietermaritzburg gevestig het, het dus hierdie musikale agtergrond gehad. Die musiekbeoefening is egter aangepas by hul omstandighede. Met hul vestiging in 'n streek sou dit moontlik wees om hul musiekaktiwiteit aan te pas en uit te bou." (15).

Die ontwikkeling van Pietermaritzburg is nie aan bande gelê met die wegtrek van die Voortrekkers in 1843 nie. Sosiale en ekonomiese ontplooiing het ongestoord in die dorp plaasgevind terwyl die militêre musikante bygedra het tot die bevordering van musiek. In 1843 is die

---

12. Van der Walt, Wiid en Geyer, <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, p. 221.
13. <u>Ibid</u>, p. 218.
14. H H van der Spuy, Die Musieklewe van Pietermaritzburg 1850-1902, 'n DMus proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch, 1975, p. v.
15. Ibid.

nuusblad, De Natalier, onder die redaksie van Charles Boniface uitgegee Hierdie plaaslike inligtingstuk is aangewend om musikale informasie ten opsigte van musiekonderrigfasiliteite asook die beskikbaarheid van instrumente en die uitvoering van instrumentale kamermusiek te propageer. (16).

Gedurende die eerste ontwikkelingsjare in Pietermaritzburg was musiekonderrig totaal afhanklik van die toevallige beskikbaarheid van leermeesters.

### 1.1.3 Oranje-Vrystaat

#### 1.1.3.1 Bloemfontein

Musiek is gedurende die ontwikkelingsjare in die Oranje-Vrystaat hoofsaaklik tot die funksie van tydverdryf beperk, as gevolg van die uitdagings wat die Voortrekkers ter wille van oorlewing moes trotseer. Staatkundige en ekonomiese probleme asook die interne verdeeldheid onder die blanke bevolking het aanleiding gegee tot die beperking van musikale ontwikkeling.

---

16. H H van der Spuy, Die Musieklewe van Pietermaritzburg, p. vi.

Na die Tweede Trek uit die gebied het slegs 15 000 blankes in die uitgestrekte, afgeleë landstreek gebly. (17). Musiekonderrig was gedurende die tydperk volkome afhanklik van die toevallige beskikbaarheid van geskikte musici.

### 1.1.4 Transvaal

Onenigheid oor die bestemming van die Trek; die voortdurende oorloë teen inheemse volke asook aanvalle van die inheemse volke op weerlose laers; die stigting van dorpe asook interne politieke onenigheid en die onverbiddelike stryd om erkenning van die staatkundige onafhanklikheid, het weinig of enige tyd vir die beoefening of ontwikkeling van die Voortrekkers se musiektalente gelaat.

Gedurende die migrasie en herbevestiging van die Afrikanervolk het die sosiologiese en godsdienstige aktiwiteite ongestoord voortgegaan.
Die toevallig aanwesigheid van instrumente, byvoorbeeld 'n beuel, viool, akkordeon, kitaar of fluit, is benut tydens sosiale- of godsdienstige geleenthede. (18).

Konserwatisme en wantroue teenoor vernuwing deur die Boerevolk, asook die vestiging van die blanke bevolking op die uitgestrekte landskap het

---

17. C F J Muller (red), <u>500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u>. Eerste Uitgawe. Pretoria: Academica, (c) 1968, pp. 178-179. Verwys na die hewige botsings in die suidelike Transoranje tussen die hetrogene bevolkingsamestelling en die Basoeto-opperhoof, Mosjesj, wat gelei tot die uitbreiding van die Britse gesag. As bondgenoot van Adam Kok was die Britse regering verplig om die Griekwas daadwerklik teen die blankes te beskerm en so is die Tweede Trek uit die gebied ingelui.
18. J Bouws, Musieklewe in die Transvaal 1852-1899, <u>Vita Musica</u>, Oktober 1962, p. 10, kol 1.

waarskynlik aanleiding gegee tot die trae kultuur en musikale ontwikkeling gedurende die eerste jare in die Transvaal.

## 1.2 Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en - partiture

Die vrylike beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente, wat die onbelemmerde beoefening van instrumentale kamermusiek moontlik gemaak het, is hoofsaaklik te danke aan die vestiging van gespesialiseerde musiekhandelaars. Bogenoemde handelaars was hoofsaaklik tydens die Groot Trek (1838-1854) tot die Kaapprovinsie beperk.

Die primêre verspreiding van kamermusiekinstrumente na die binneland is gedurende die Groot Trek geïnisieer deur die insluiting van enkele stryk-, houtblaas- en koperblaasinstrumente, asook die akkordeon.

### 1.2.1 Kaapprovinsie

#### 1.2.1.1 Kaapstad

'n Toename in gespesialiseerde musieksake onder die bestuur van T M Adney, R Byrne en T J Hitchcock het tydens 1840 in Kaapstad verskyn. Alhoewel Hitchcock as orrelbouer na Suid-Afrika gekom het, was hy ook verantwoordelik vir die verspreiding van bladmusiek. (19).

Die vermoënde, opgeleide klavierstemmer, George Blackford Silver Darter

---

19. Venter, Suid-Afrikaanse Klaviermusiek, p. 23.

(1803-1879) het in ongeveer 1849 met sy familie na Suid-Afrika verhuis. (20). In 1850 is "Darter & Sons Music Warehouse" as die eerste musiekhandelaar wat verantwoordelik was vir die verspreiding van bladmusiek asook die verkope van ingevoerde klaviere, gestig.

## 1.3 Kamermusiekuitvoerings

Die musikale inisiatief deur die Engelssprekende burgery het gedurende die veertigerjare as gevolg van Lord Charles Somerset se verengelsingbeleid toegeneem en is duidelik in die musieklewe gedemonstreer. Musiek het veral 'n belangrike onderdeel van die vermaak gedurende toneelaande gevorm. Kenmerkend was die invoeging van komiese- en tussenliedere wat afgewissel is deur bykomende militêre orkes musiekitems. (21).

Die aktiwiteite van enkele verenigings sal bespreek word om die stelselmatige inkorporering van instrumentale kamermusiekitems in konsertprogramme en soirèes te demonstreer.

### 1.3.1 Kaapprovinsie

#### 1.3.1.1 Kaapstad

##### (a) Amateur Musiekvereniging in Kaapstad

Die stigting van die Amateur Musiekvereniging onder die beskerming

20. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel I, p. 301.
21. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, pp. 111-112.

van die hoofregter, Sir John Wylde op 18 Junie 1844, is deur middel van 'n Engelse advertensie in De Verzamelaar, gepropageer. (22).

In die uitgebreide konsertprogram van veertien items tydens die gedenkwaardige eerste konsertaanbieding op 30 Julie 1844 is 'n instrumentale kamermusiekitem ingesluit. Die volgende kamermusiekkomposisie deur die destydse "kontemporêre" komponis, Franz Krommer (1760-1831):
'n Kwintet vir fluit, twee viole en twee tenoorviole (altviole), is tydens die konsertprogram uitgevoer. (23). Bogenoemde konsert is in die Beurssaal deur 'n aansienlike groot gehoor bygewoon.

In samewerking met die militêre musikante is op 2 September 1844 die verwerking van die Mars uit Mosè in Egitto (1818) van Rossini, vir twee fluite en klavier deur die beroemde fluitis, Jean-Louis Tulou (1786-1865) uitgevoer. (24). Die hoë uitvoeringstandaard van die militêre musikante op 2 September 1844 word deur Sammons in Sam Sly's African Journal indirek met die Europese uitvoeringsstandaard vergelyk.

Kamermusiek is sporadies as aanvullende items (tussenitems) in die konsertprogramme van die Amateur Musiekvereniging ingesluit. Trio l'Amour van die Frans-Switserse Dussek-leerling, Jean-Baptiste E Dupuq (1770-1822) is op 27 Maart 1845 tydens die sesde konsert ingesluit. (25). Die Kaapse musikale publiek en kunstenaars was dus bekend met eietydse kontemporêre instrumentale kamermusiek.

---

22. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 111.
23. Ibid, p. 112.
24. Ibid.
25. Ibid, p. 114.

Die debuutoptrede tydens die tiende konsert op 24 September 1845 was waarskynlik dié van die onbekende pianis Jan Stephanus de Villiers (1827-1902). (26). De Villiers was verantwoordelik vir die klavierparty in Carl Czerny se Trio vir viool, tjello en klavier wat gedurende bogenoemde konsert uitgevoer is. Die wisselwerking tussen uitvoerende vaardighede en kompositoriese beïnvloeding word gereflekteer in De Villiers se inkorporering van die klavierparty as deel van al sy ongedateerde instrumentale kamerkomposisies, naamlik: Fantasie Offertoire, Grand Fantasie asook Trio. (27).

Dr Bouws verwys in Die Musieklewe van Kaapstad na die onblusbare, voortstuwende kulturele aktiwiteite gedurende 1846:

> "Nieteenstaande die vertrek van die militêre musikante na die grense, waardeur die amper-onmisbare blasers by die orkes-uitvoerings uitgeval het, het die jaar 1846 'n druk en gediffrensiëerde (sic) musiekoefening gehad met orkeskonserte, solo-aande, musikale en letterkundige "avonstonden", gewyde koorsang en 'n hewige dispuut in Sam Sly's African Journal". (28).

Die kwynende ledetal van die Amateur Musiekvereniging het tot slegs twaalf lede gedaal en reflekteer die stremmende invloed van die politieke en ekonomiese vraagstukke op die ontwikkelingsproses van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek.

---

26. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 116.
27. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 3, p. 83.
28. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 118.

Die voortbestaan van die Amateur Musiekvereniging is gekortwiek deur die ongemotiveerde lede asook die vertrek van die militêre musikante. Die militêre musikante is in die Winterberge gestasioneer volgens Sir B U'Durban se noodsaaklike hervormingspoging. Laasgenoemde handeling was daarop gemik om die land te beskerm en ook te dien as 'n poging om die Groot Trek te verydel. Verder het die tragiese dood van die vasbeslote en optimistiese sekretariaat, Henry Charles Carpenter (1821-1847) op 15 Augustus 1847, die einde van die kort bloeitydperk van die Amateur Musiekvereniging verhaas.

Mnr Woollard was verantwoordelik vir die organisering van 'n aantal "soirées musicales" aan sy tuiste te Breëstraat 15 in Kaapstad. Die intieme konsertvorm het groot belangstelling by die breë publiek gewek:

> "Dit blyk dat hierdie intiemere konsertvorm - 'n tussenvorm van musiek in 'n saal en 'n salon - by die liefhebbers ingeslaan het, want nog twee sulke aande het die winter, op 9 Junie en 7 Julie, gevolg". (29).

Lede van die Amateur Musiekvereniging was vermoedelik verantwoordelik vir die organisering van die kamerorkes, wat onder leiding van Mnr Woollard, op 7 Julie 1849 aan die soirée deelgeneem het.

Die roemlose afsluiting van die musikale geselskap word gereflekteer deur die vendusie op 13 Julie 1850, waartydens 'n vleuelklavier deur Harper, 'n klarinet, instrumentale bladmusiek en musiekstanders van die hand gesit is. (30).

---

29. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad, p. 123.
30. Ibid, pp. 123-124.

**(b) Militêre kamermusiekuitvoerings**

Opvallend is die insluiting van instrumentale kamermusiekitems tydens die konsertprogramme deur die militêre orkeste. Robert Medhurst, die dirigent en kapelmeester van die 25ste Regiment (1844-1850), was verantwoordelik vir 'n reeks ernstige konserte wat jaarliks deur 'n amateurgroep uitgevoer is. (31). Wallace het op 21 Februarie 1838 'n klarinetsolo deur Iwan Muller met harpbegeleiding deur Douchez uitgevoer. Verder was hy as lid van die ensemble ook verantwoordelik vir die uitvoering van Kramer se Concertina vir klarinet, fluit en harp. (32).

**1.3.1.2 Port Elizabeth**

Britse Setlaars het in Port Elizabeth die tradisionele beskawingsgeriewe geskep. Kenmerkend was die snelle wisseling van persoonlikhede gedurende die eerste dekade wat gelei het tot die sporadiese bevrediging van musikale behoeftes. Die eerste konsert was 'n liefdadigheidsfunksie ten bate van "behoeftige Iere en Skotte".

Instrumentale kamermusiekbegeleiding deur 4 viole, altviool, tjello, kontrabas en twee fluite is aangewend vir die ambisieuse onderneming om 18 konsertitems van glees, liedere en duette tydens die vroegste konsert in November 1848 aan te bied. (33).

---

31. J Bouws, Die Musieklewe van Kaapstad 1800-1850, pp. 89-90.
32. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 107.
33. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 49.

### 1.3.2 Natal

#### 1.3.2.1 Durban

Die formele kamermusiekuitvoerings in Durban is geïnisieer deur die informele instrumentale musisering waardeur familie- en vriendskapsbande hegter gesmee is.

**(a) Informele uitvoerings**

Saans het die klavier die middelpunt van ontspanningsvermaak gevorm en interne familiebande is deur vokale samesang of instrumentale musisering verstewig. (34). Vriendskaplike musisering op stryk- of blaasinstrumente het tot die implementering van informele impromptu konserte aanleiding gegee.

In 1851 was die oorgrote meerderheid van die 1 200 gevestigde Engelssprekende Durbaniete vertroud met die beginsel van musisering. Ontberinge gedurende die uitputtende seereis, wat vanaf Engeland tot Suid-Afrika oor 'n tydperk van drie maande gestrek het, het aanleiding gegee tot die spontane skeepsdekkonserte waar die beginsel van musisering beoefen is. (35).

---

34. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel I, p. 408.
35. Ibid, Deel I, pp. 408-409.

**(b) Formele uitvoerings**

Aanbiedinge van die meer formele huiskonserte of soirées het bygedra tot meer selfversekerde optredes deur plaaslike amateurmusici. Alhoewel die uitvoeringstandaard van die uitgerekte soirée-programme soms minderwaardig was, het die publiek hul volle ondersteuning aan hierdie uitvoerings verleen.

Gedurende 1850 was musisering aan die tuistes van invloedryke families in Berea 'n aanvaarde norm. Begaafde musici kon die viool bespeel terwyl veral manlike fluitiste in die gemeenskap teenwoordig was en vooraanstaande families klaviere besit het. Hieruit kan afgelei word dat instrumentale ensemblespel gedurende die tydperk wel plaasgevind het.

Die behoefte aan 'n georganiseerde sosiale lewe het gelei tot die stigting van Durban se eerste musiekvereniging in 1851. Begeleiding op viole, "kornet a piston", Franse horings, fluite, klavier en tjellos, is deur die Durbanse Filharmoniese vereniging aan die glee-klub verskaf. (36).

Die konvensionele indeling van die konsertprograminhoud in twee seksies reflekteer die inkorporering van werke deur Klassieke en Romantiese komponiste soos uitgevoer tydens 'n konsert op 3 Julie 1854. (37).

---

36. G S Jackson, <u>Music in Durban</u>, pp. 6-7.
37. <u>Ibid</u>, p. 7.

Sosiale georganiseerde soirées deur die verenigings of godsdienstige instansies was die voorloper van die Durban se instrumentale ensemble verenigings. Die jaarlikse soirée deur die Filharmoniese vereniging is op 10 November 1853 in die stoor van William Palmer in Weststraat aangebied. 'n Volledige verslag van bogenoemde konsert het in die Natal Mercury van 16 November verskyn. (38). Koste verbonde aan die bywoning van die soirées was billik, terwyl die musikale vermaak gunstig ontvang is.

### 1.3.2.2 Pietermaritzburg

In die geïsoleerde Pietermaritzburg, 'n selfstandige stad met 'n eiesoortige karakter, is die kontinuïteit van die musikale uitvoeringspraktyk hoofsaaklik geïnisieer deur entoesiasme van die amateur.

Die Voortrekkers se begrensde musikale belangstelling was beperk tot huisgodsdiens of musikale afleiding deur harmoniumspel in hul tuistes, terwyl die bevordering van openbare musiekuitvoering vir hulle geen bekoring ingehou het nie. (39).

---

38. G S Jackson, Music in Durban, p. 10.
39. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 20.

Kenmerkende Britse beïnvloeding op die openbare musiekuitvoeringterrein is op 31 Augustus 1843 deur die bespeling van die gewilde liedjie Gary Owen van die trom-en-fluitorkes deur die Sherwood Foresters ingelui. Die enigste musikale uitvoerings tydens die eerste bestaansjare van Pietermaritzburg was die weeklikse georganiseerde verskeidenheidskonserte in die Garrison Teater.

Vanaf die vyftigerjare is konserte in verskeie sentrums, soos die Florey Hotel of Crown Hotel, Jones se "Assembly Room", handelshuise in Kerkstraat of selfs in die "Government Schoolroom" aangebied. Soms is die eindelose lang konserte of soirées gekombineer met die maandelikse vergadering. (40). Bogenoemde praktyk word in die notules van die "Mechanic's Institute" gereflekteer.

### 1.3.3 Oranje-Vrystaat en Transvaal

Trae ontwikkeling van instrumentale kamermusiek tydens die Groot Trek in die twee Boere Republikeine provinsies, naamlik die Oranje-Vrystaat en Transvaal, was hoofsaaklik beïnvloed deur die moeisame oorlewingsproses.

---

40. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel VI, p. 21.

## 2. Stormagtige Jare (1855-1902)

Teen die agtergrond van onstuimige internasionale politieke woelinge het Kaapstad gefunksioneer as die brandpunt van die Suid-Afrikaanse musieklewe tydens die laaste kwart van die negentiende eeu. (41).
Die laaste drie dekades van die eeu word gekenmerk deur migrasie op plaaslike gebied en immigrasie vanuit die buiteland wat bygedra het tot die lewendige musiekbeoefening asook die Westerse kultuurverryking in die vier uitgestrekte dele van die Suid-Afrikaanse sub-kontinent, naamlik die Kaapprovinsie, Natal, Oranje-Vrystaat en Transvaal.

### 2.1 Musiekonderrigfasiliteite

#### 2.1.1 Kaapprovinsie

##### 2.1.1.1 Kaapstad

Kaapstad het tot aan die einde van die negentiende eeu die primêre basis van die Suid-Afrikaanse kultuur- en musiekontwikkeling gevorm en Dr J S Jooste verwys in "Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig in Suid-Afrika 1652-1902" soos volg na die verskuiwing van primêre musiekontwikkeling na ander sentra:

---

41. D W Kruger verwys na die mislukking van die voorgestelde nasionale federasieplan vir Suid-Afrika deur Sir George Grey weens die internasionale politieke woelinge soos die beëindigde Krimoorlog, die Indiese muitery asook die dreigende botsing tussen Frankryk en Engeland, waardeur 'n groot druk op die Britse regering geplaas is, in die hoofstuk "Britse Kolonies en Boererepublieke, 1854-1872", Geskiedenis van Suid-Afrika deur Van der Walt, Wiid en Geyer, pp. 258-259.

> "Verder bly Kaapstad die kern van alle kuns- en vermaaksontplooiing in Suid-Afrika in die negentiende eeu tot in die negentigerjare toe Johannesburg en die ander groot stede soos Pretoria en Durban in hierdie opsig na vore getree het." (42).

Die behoefte aan die opgradering van die musikale standaarde in Suid- Afrika, naamlik die instelling van praktiese en teoretiese musiek- eksamens, is die uitvloeisel van die onderhandelinge tussen Dr J H Meiring Beck en Sir George Grove (Direkteur van die Royal Academy of Music) wat geïnisieer is deur 'n memorandum opgestel deur die musiekonderwysers van die Kaapprovinsie. Bogenoemde memorandum is aan die Raad van die Universiteit van die Kaap De Goede Hoop gerig. (43). Die knellende droogte en 'n ongekende depressie gedurende die vyftiger- en sestigerjare, het nie net 'n negatiewe invloed op ekonomiese gebied uitgeoefen nie, maar was ook indirek verantwoordelik vir die aanbieding van 'n meer veelsydige musiekonderrig.

**2.1.1.2 Port Elizabeth**

In Port Elizabeth is die musiekonderrig vanaf 1874 deur die dinamiese professionele musikus, Herr C J H Eberlein, gedomineer.
Charles John Herman Eberlein, toegerus met 'n DPhil graad van 'n Duitse Universiteit, het hom via Engeland as orrelis van die St Mary's en as musiekonderwyser aan die Grey Instituut in Port Elizabeth kom vestig. (44). Op 24 April 1874 het hy 'n lesing gebaseer op "The mission and study of musical art" in Port Elizabeth, met vokale en instrumentale toeligtings, aangebied. Gemengde stryk- en klaviertrio's

---

42. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 127.
43. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 217.
44. A J J Troskie, The Musical Life of Port Elizabeth, p. 31.

het die basis van sy onderrigmetode, waarin hy gepoog het om voortdurend 'n fyn balans tussen tegniese-, teoretiese- en interpetasie beginsels te handhaaf, gevorm. (45). Hy was ook verantwoordelik vir klavier-, viool- en klassangonderrig aan die "Grey Institute" en "Girls Collegiate School". In 1881 het Herr Eberlein die betrekking van musiekonderwyser aan die St Andrew's Kollege in Grahamstad aanvaar. (46).

Private musiekonderrig was vrylik in alle instrumentale seksies asook in die fundamentele komposisiekomponent beskikbaar, byvoorbeeld: Prof Z Lionarons het homself na sy aankom in 1874 as 'n klavier-, viool- en sangonderwyser voorgestel terwyl Mnr W H Howard lesse op hout- en koperblaasinstrumente, soos die klarinet, fluit, kornet a'piston, horing en harmonielesse aangebied het. (47).

Die musiekonderrigstandaarde is verhoog deur die aanbieding van verskillende erkende Europese onderrigmetodes, byvoorbeeld die "Stuttgart Method" onder die waaksame oog van Herr Gregor von Wilden asook die instelling van gevestigde teoretiese en praktiese musiekeksamens van Britse musiekinstitute soos die "Trinity College" van Londen in 1880. Prof Eaton Fanning het op 7 September 1895 die eerste "Trinity College" praktiese musiekeksamen aan die "Girls' Collegiate School" afgeneem. (48). Kwaliteit onderrig is deur professionele en uitvoerende kunstenaars asook gekwalifiseerde musiekonderwysers met erkende lisen-

---

45. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel II, pp. 4-6.
46. A J J Troskie, The Musical Life of Port Elizabeth, p. 34.
47. Ibid.
48. Ibid, p. 43.

siate, byvoorbeeld Mejj Ellen Niven en French, aangebied. Nasionaal erkende musici soos Charles Israel, Horace Barton, Roger Ascham en Dr Leo Bradley was verantwoordelik vir die verbetering van musiekstandaarde. In 1896 het Mnr O E Goldschmidt die Emil Goldschmidt studiebeurs vir pianiste tussen die ouderdom van 15-21 jaar gestig om sodoende pianiste aan te moedig om hoër uitvoeringstandaarde na te streef.

Musici het hul vir voortreflike onderrigmetodes beywer en na die Suid-Afrikaanse Uitstalling het Herr Eberlein, as volgeling van die Logeriaanse sisteem wat op groepsonderrig gebaseer is, daadwerklike pogings aangewend om 'n Musiekakademie in Port Elizabeth te stig.
'n Breedvoerige bespreking van die voorskriftelike onderrigmetodiek aan die Akademie wat gegrond is op die fundamentele groepmusiseringsmetode, word deur A J J Troskie in "The Musical Life of Port Elizabeth: 1875-1890" aangetref. (49).

### 2.1.2 Natal

Die immigrasie van Duitsers, Britse Setlaars, negentig Hollanders onder leiding van T W Colenbrander in 1858, asook die invoer van Indiese-arbeiders in 1860 het 'n kosmopolitiese bevolkingskarakter aan Natal verleen. (50). Knellende vraagstukke soos die bekamping van diefstal en dienskontrakbreuk deur die inheemse bevolking; die uitbreek van die Anglo-Zoeloe-oorlog asook die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog het bygedra tot 'n onrustige historiese tydperk wat die musikale ontwikkeling gestrem het.

---

49. A J J Troskie, The Musical Life of Port Elizabeth, pp. 37-40.
50. C F J Muller, <u>500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u>, p. 220.

**2.1.2.1 Durban**

Die persmedia is aangewend om komposisie-onderrig in Durban aan te moedig. Die eerste daadwerklike poging is deur Mnr W Cooper, musiekleier van die Durban Rifles, aangewend. Op 9 Maart 1875 het hy onder die opskrif "Music Class" in die Natal Colonist die onderrig van

> "Theory of Music in all its branches, including First Principles and Composition"

geadverteer. (51). Die vestiging van fundamentele kompositoriese kennis het wel dividende gelewer gedurende die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek se ontwikkelingfase (1910-1945) deurdat ses ware Suid-Afrikaanse komponiste gedurende hierdie fase na vore getree het.

Gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu was die instemming en herstel van klaviere meer lonend as privaat musiekonderrig.
'n Alternatief vir die rondswerwende musiekonderwysers was die stigting van musiekstudio's wat as die voorloper tot die musiekakademie gefunksioneer het. Die eerste musiekakademie is in Augustus 1877, deur die besoekende violis en sanger, Prof Florence Machielse gestig. (52).

Uitgebreide musikale opvoedkundige ondersteuning is tydens die kortstondige funksionering van Mnr J H Mackay se Akademie vir Musiek in 1885, aan lede van die Filharmoniese vereniging aangebied. Musiekonderrig in die primêre kamermusiekinstrumentale besetting, naamlik die klavier en viool, asook die fundamentele kompositoriese basis is aan die musiekakademie aangebied. Na die onsuksesvolle poging was

51. S G Jackson, Music in Durban, p. 105.
52. Ibid, p. 103.

Mnr Mackay in die daaropvolgende jaar genoodsaak om sy eerste musiekwinkel in Weststraat te open. (53).

Verskeie privaat skole is gedurende die sewentigerjare van die negentiende eeu in Natal gestig en praktiese musiek is as 'n gevestigde studierigting in die kurrikulum van St Joseph Kloosterskool en Durban "Young Ladies' Collegiate Institution" geïmplementeer. Musiekonderrigstandaarde is verhoog deurdat slegs onderwysers met erkende musieksertifikate vanaf 1880 in skole aangestel is. (54). In 1888 is die eerste instrumentale ensemble-uitvoering tydens die "Durban High School" se konsertprogram ingesluit. Die skepping van geleenthede vir ensemblespel is dus ook op skolastiese vlak gevestig.

### 2.1.2.2 Pietermaritzburg

In Pietermaritzburg is professionele privaatonderrig deur Dunster, Campbell-Rowland, Herr Eberlein, R J Vosper en Alfred Day, in klavier, orrel en viool asook in sang aangebied. (55). Verder het strykinstrumentspesialiste, soos Herr Eberlein, Ferranti en Eugene Benzon, gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu onderrig aan musiekleerlinge in Pietermaritzburg verskaf.

Die veelsydige musikus, uitvoerende pianis en komponis, J C Dunster, het in Oktober 1882 deur middel van die gebruiklike koerantberig in <u>The Natal Witness</u>, homself as "Professor of music" bekendgestel.

53. S G Jackson, <u>Music in Durban</u>, p. 104.
54. <u>Ibid</u>.
55. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel IV, p. 27.

As ervare afgetrede dirigent van "East Twinckenham and Charlton Choral Societies" was hy van voorneme om onderrig in klavier, orrel, viool, sang, harmonie en kontrapunt aan te bied. Beperkte onderrig op kompositoriese gebied soos as volg deur Dunster aangedui:

"Amateur's Compositions Corrected and Arranged". (56).

Deurlopende beskikbaarheid van instrumentale onderrig deur uitvoerende strykermusici soos F H Crossley en Monsieur Ferranti is onderskeidelik in 1883 en 1888 in die persmedia gepropageer. (57).

Die entoesiastiese en ywerige pedagoog, Herr Eberlein, het in 1888 'n musiekskool waar instrumentale en vokale onderrig asook teorie- en komposisieklasse aangebied sou word, in Durban en Pietermaritzburg in die vooruitsig gestel. (58). Ook hier het die gemengde klavier- en stryktrio's die basis van sy onderrigmetode gevorm. Herr Eberlein se oogmerk was om die fyn balans tussen tegniese, teoretiese en interpetasiebeginsels, soos gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu in Port Elizabeth, te handhaaf.

Faktore wat bygedra het tot die verhoging van die uitvoerende en die kompositoriese aspekte is die praktiese en teoretiese musiekeksamens wat op 'n gereelde jaarlikse basis deur die eksaminatore van die "Royal School of Music" (Londen), "Trinity College of Music" (Londen) asook die Universiteit van Kaap de Goede Hoop, afgeneem is.

---

56. H H van der Spuy, Die Musieklewe in Pietermaritzburg, p. 156.
57. Ibid, p. 158.
58. Ibid, pp. 115-116.

## 2.1.3 Oranje-Vrystaat

### 2.1.3.1 Bloemfontein

Ten spyte van staatkundige probleme met die grondlegging van 'n eie staatsdiens, die protes van gebelgde Vrystaatse republikeine teen die verbreking van die Bloemfontein-konvensie deur Brittanje na die ontdekking van diamante in die distrik Hopetown in 1867, en die tydelike resessies en ernstige droogtes wat gelei tot 'n oorlewingstryd, het die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement daarin geslaag om 'n georganiseerde onderwysstelsel te stig. (59). 'n Geleentheid is dus vir die beoefening van instrumentale ensemblespel op skolastiese vlak geskep.

Bogenoemde ekonomiese vraagstukke word gereflekteer in die noodsaaklike byverdienste naamlik die kopiëring van bladmusiek deur die eerste musiekonderwyser, G S Higson, gedurende 1859 in Bloemfontein.
Mej W von Settler, 'n musiekonderwyseres wat vanaf 1879 verbonde was aan die Eunice Meisieskool, het 'n musiekateljee in Bloemfontein geopen en die opvoedkundige waarde van ensemble-spel vir kinders beklemtoon. (60). Musiekonderrigaanbieding in verskillende instrumente en teoretiese komponente deur 'n enkel onderwyser soos J T Beaven en O T de Villiers, reflekteer die dualistiese ekonomiese invloed op musikale vlak deurdat gedwonge veelsydige musiekonderrig ter wille van oorlewing aangebied is. Dit kan egter ook positief geïnterpreteer word as 'n geweldige aanvraag na musiekonderrig.

---

59. Prof C F J Muller, 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 249.
60. J L K Human, Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boere-Oorlog, 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976, pp. 192-199.

'n Koerantartikel in The Friend op 25 November 1880 verwys na die veelsydigheid van O T de Villiers as musiekonderwyser omdat hy musiekonderrig in alle klawerbordinstrumente soos orrel, harmonium en klavier, strykinstrumente soos die viool, houtblaas- en koperblaasinstrumente, musiekteorie asook komposisie kon aanbied. (61).

Musikale opheffing aan die Oranje-Vrystaatse skole is deur Dr John Brebner geïnisieer met die invoer en bekendstelling van musiekeksamens van die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop in 1894. (62). Verder was die Engelse musiekonderwyser, Mnr John T Beavan (1870-) houer van 'n ATCL-diploma, verantwoordelik vir die invoering van die "Trinity College" eksamens gedurende 1895 in Bloemfontein.
'n Fenomenale deurbraak op die opvoedkundige gebied is in 1898 gemaak met die toekenning van 'n musiekonderwysdiploma aan die eerste Vrystaatse student, naamlik Mej W Mader van St Michael's. In die daaropvolgende jaar het vyf studente, onder meer Elsa Leviseur, bogenoemde musiekonderwysdiploma verwerf. (63). Bogenoemde deurbraak verwys na die opleiding van volwaardige musiekonderwysers op Suid-Afrikaanse bodem.

---

61. J L K Human, Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850, p. 194.
62. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel I, p. 186.
63. Ibid.

### 2.1.4 Transvaal

Alhoewel Kaapstad as die bakermat van Suid-Afrikaanse kulturele ontwikkeling gedurende die negentiende eeu gefunksioneer het, het ander belangrike kulturele sentra in die noorde ontstaan.

In Transvaal is die musikale pioniersonderrig ook gekenmerk deur die aanbieding van private onderrig asook die totstandkoming van musikale institute deur gekwalifiseerde pedagoë en uitmuntende uitvoerende musici.

#### 2.1.4.1 Pretoria

Teen die agtergrond van die onafhanklikheidserkenning deur Brittanje met die ondertekening van die Sandrivier-konvensie op 17 Januarie 1852, het die Zuid-Afrikaanse Republikeinse (ZAR) Volksraad in Junie 1852 besluit om twee plase by Bronkhorstfontein vir die stigting van Pretoria uit te hou. (64).

Ekonomiese welvaart en oplewing is in die vooruitsig gestel met die ontdekking van spoelgoud by Pelgrimsrust en Lydenburg in 1872 en dit het aanleiding gegee tot die toestroming van fortuinsoekers vanuit die buiteland. Gedurende die Anneksasieperiode (1877-1881) het Pretoria 'n metamorfose, vanaf 'n eenvoudige boeredorpie tot 'n sterk gekultiveerde verengelsde handelsentrum, ondergaan. (65).

---

64. E Vermeulen, Die Musieklewe in Pretoria (1902-1926), 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Pretoria, 1967, p. 1.
65. Ibid, p. 7.

Die kosmopolitiese karakter van Pretoria gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu was gebaseer op die samevoeging van die Duitse, Franse, Engelse en Voortrekker-pioniers. Prof D J Reid beklemtoon die positiewe kulturele bydrae van die Engelssprekende Pretorianers in die doktorale proefskrif "A Systematical Survey of the Musical History of the Transvaal to 1902", soos volg:

> "The English were traders, hunters and prospectors. With their arrival the social scene brightened considerably, picnics were held, and occasionaly dances and balls". (66).

Pionierswerk in musiekonderrig is veral deur twee gekwalifiseerde, ywerige Engelssprekende en Nederlandse dames in Pretoria verrig.
Mevv Ellen Norburn (1857-1930) en Bal van Lier was nie alleenlik vir die musikale ontwikkeling van hul leerling verantwoordelik nie, maar het onderskeidelik bekendheid verwerf met die stigting van die "Pretoria College of Music" en die "Pretoria Konservatorium". (67).
Deurlopende musiekonderrig is onder andere in die fundamentele kamer-musiekkomponente, naamlik in klavier, viool, tjello en teoretiese vakke aangebied.

In Pretoria het musiekonderwysers deur middel van koerantadvertensies hul uitgebreide musikale bekwaamhede aan die publiek bekendgestel. Deur die gebruiklike bekendstelling op 23 Desember 1882 in die <u>Transvaal Advertiser</u>, het Mnr R B Moorby, dirigent van die "Choral Society" in Londen, homself as leermeester in klavier, orrel, viool en

---

66. D J Reid, A Systematic Survey of the Musical History of the Transvaal to 1902, a DMus thesis at the University of Cape Town, 1971, p. 18.
67. E Vermeulen, Die Musieklewe in Pretoria (1902-1926), p. 159.

sang bekendgestel. Op dieselfde wyse het Mnr Alfred Allen homself in Oktober 1883 as musiekonderwyser bekendgestel.

### 2.1.4.2 Johannesburg

Na die ontdekking van goud op die Witwatersrand deur die Struben-broers in 1884, het die Zuid-Afrikaanse Republikeinse (ZAR) regering nege plase tot openbare gouddelwery geproklameer. Met die snelle instroming van delwers en die verrysing van 'n groot delwerskamp het die regering die kosmopolitiese dorp, Johannesburg, uitgemeet.

Musiekonderrig in die kosmopolitiese aspirante "stad" was van hoogstaande gehalte aangesien professionele musici soos Karl Edmund, Otto van Booth, Young, F Waltham, G W Pichells en die vier Weinbernn-broers, bygedra het tot die verhoging van musiekstandaarde. Die briljante violis, komponis en orrelis, Karl Edmund Otto von Booth (1842-1923) het in 1875 na Suid-Afrika geïmmigreer. (68). Von Booth het hom hoofsaaklik as konsertviolis in Johannesburg gevestig, maar was ook vir die aanbieding van musiekonderrig verantwoordelik.

Volgens 'n koerantberig in <u>The Star</u> van 15 Augustus 1893 sou die lang verwagte en noodsaaklike musiekonderrigsentrum, naamlik die "Johannesburg School of Music" deur drie welbekende musici geopen word. Drie professionele musici in klawerbord-, houtblaas- en koperblaas-, asook in strykinstrumente, is op 15 Augustus 1893 soos volg in <u>The Standard and Diggers News</u> voorgestel, naamlik:

---

68. L Wolpowitz, <u>James & Kate Hyde: And the development of music in Johannesburg up to the First World War</u>. Pretoria: J L van Schaik, Ltd, 1969, p. 52.

> "Young, one of the oldest music professionals in this country, trained at the Royal Academy of Music in London, conductor of several orchestras and teacher of the pianoforte, organ and harmony. F. Waltham, trained at Kneller Hall College of Music, cornet player and teacher of the cornet, banjo, mandoline, clarinet and other wind instruments. G. W. Pichells, pupil of the eminent cellist Mons. Vieuxtemps and solo cellist of the Royal Opera Company". (69).

Die uitmuntende Russiese violis, Max Weinbernn, het in samewerking met sy broers (Lazar, Mottel en Isaac) na hul aankoms aan die einde van 1896 in Johannesburg viool- en kornetlesse aangebied. As vioolonderwyser aan "The Weinbernn Academy of Music" in Abelstraat Berea, het Max Weinbernn uitmuntende vioolonderrig gegee. Hy was verantwoordelik vir die onderrig aan 'n generasie violiste wat elke denkbare medalje, studiebeurs en prys op Suid-Afrikaanse bodem verower het. (70). Fundamentele onderrig van die primêre instrumente in Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek is ook in Johannesburg aangebied.

## 2.2 Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en -partiture

### 2.2.1 Kaapprovinsie

#### 2.2.1.1 Kaapstad

Deur die vrylike beskikbaarheid van instrumente en bladmusiek is amateurmusici in staat gestel om kamermusiekensembles te vorm en te musiseer. Sewe musiekhandelaars asook instrumentprodusente het hul aan die einde van 1854 in Kaapstad gevestig, naamlik:

John Fredirik Aschen, Adam Bredell, Thomas Hitchcock, Thomas Sleigh,

---

69. L Wolpowitz, James & Kate Hyde, p. 56.
70. Ibid, p. 57.

W S Darter, Mnre F & C Martiensen asook Johan Christiaan Bosse jnr en J F Weygand & Co (71). Volgens 'n adreslys van musiekhandelaars en inwoners van Kaapstad, soos saamgestel op 2 Desember 1854, was vier musiekmagasyne in Kaapstad geleë, naamlik: G S Darter in Adderleystraat 26, Hewitt & Sons in St Georgestraat 14, T Hitchcock in St Georgestraat 47 en T Sleigh in Krommarkstraat.

'n Vermoënde, opgeleide klavierstemmer, George Blackford Silver Darter (1803-1879) het die musiekfirma, Darter & Sons, volgens 'n kontrak op 30 Maart 1874 aan sy twee seuns oorhandig. (72). Bogenoemde firma het as die vernaamste leweransiers van bladmusiek en musiekinstrumente in Kaapstad gefunksioneer en het dus ook bygedra tot die bevordering van instrumentale ensemblespel. Geïnisieer deur die komposisie-pogings van George Darter jnr, het die Darter firma vanaf 1860 tot 1943 tot die publisering van Suid-Afrikaanse musiekkomposisies toegetree. (73).

---

71. J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, pp. 116-117.
72. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel 1, p. 301.
73. J Bouws, So lank daar musiek is..., pp. 77-78 asook J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel 1, p. 301.

Bogenoemde musiekpublikasie is in 1840 geantisipeer deur die litografiese pogings van John Marthinus Carstens Schonegevel (1819-1871). (74). Die assimilasie van inheemse Afrika-invloede word ook op litografiese vlak aangetref. Visuele Afrika-elemente, soos die dansende kaalvoet Hottentotvrou vergesel deur 'n vioolbegeleier op die voorblad van die klavierstuk, La Hottentotte, Grand African Wals deur Gustave Perdonnet, is alreeds gedurende die vroeë jare sigbaar en word deur die komponis (Gustave Perdonnet) beskryf as 'n uitmuntende Afrikaanse litografiese produksie. (75). Bogenoemde komposisie was by die pakhuis van die musiekuitgewer en -liefhebber, W N Frushard in Langemarkstraat 22, beskikbaar.

### 2.2.1.2 Port Elizabeth

Musiekinstrumente is gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu deur die redakteur van die Eastern Province Herald, Mnr George Impey, eienaar van Richards, Impey & Co musiekwinkel in Port Elizabeth, geadverteer. (76). In 1874 word die volgende items

---

74. J Bouws, So lank daar Musiek is ..., pp. 69-71.
75. Die moontlikheid van 'n musiekdrukkery in Kaapstad was tot 1840 ondenkbaar en alle komposisies op Suid-Afrikaanse bodem het tot en met 1840 in handgeskrewe vorm verskyn. Die eerste komposisie wat op Suid-Afrikaanse bodem in primitiewe drukvorm verskyn het, was die geestelike liedjie Jezus, de Ware Zondaars Vriend wat opnuut deur Frederick Logier getoonset is. Die veelsydige litograaf, Johan Marthinus Carstens Schonegevel (1819-1871) was waarskynlik verantwoordelik vir hierdie historiese gebeurtenis. As musikus, bedrewe graveerder in hout, koper asook in ander metale, was hy in staat om allerlei drukwerk uit te voer. Sy Kaapse kollegas was nie in staat om met hom te kompeteer nie. Die vermoede bestaan dat met die sluiting van die Staatsdrukkery in 1845 Schonegevel die pers vir eie gebruik aangewend het. Bogenoemde vermoede word dan ook deur 'n advertensie in die weekblad Sam Sly's African Journal van 10 April 1854 bevestig.
76. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 193.

geadverteer:

> "Instruction books for the Harmonium, Concertina, Flute, Violin and Guitar". (77).

Nadat Mnr Geo Castleden se eie musiekwinkel gesluit moes word, het hy in 1883 as bestuurder vir Mnr Impey gaan werk. 'n Uitgebreide versameling van instrumente is in 1883 in die Eastern Province Herald geadverteer en dien as 'n bewys van die geredelike beskikbaarheid van instrumente wat gereeld in kamermusiek-kombinasies aangewend is.

Die verkope van musiekinstrumente deur privaat eienaars is deur middel van koerantadvertensies onder die publiek se aandag gebring. In 1897 het nog 'n musiekwinkel in Port Elizabeth geopen en 'n verskeidenheid van bladmusiek en musiekinstrumente is te koop aangebied. (78).

Om musiek te bevorder is selfs 'n gekombineerde musiekwinkel en musiekbiblioteek, "Music Saloon and Music Library", in Oktober 1883 deur die violis Maurice Nathan geopen. Bladmusiek kon vir 'n periode van veertien dae, vir die inskrywingsfooi van ongeveer R 3,00 (30/-) per jaar, uitgeneem word. Bogenoemde besigheid het egter na 'n tydperk van twee jaar as gevolg van swak ondersteuning en wanadministrasie gesluit.

'n Merkwaardige poging is deur 'n Queenstown firma, Messrs Mendelssohn and Co, aangewend om die komposisies van jong nasionale en internasionale komponiste onder die publiek se aandag te bring. Bogenoemde firma was verantwoordelik vir die kort stondige verskyning van 'n nuwe nuus-

---

77. A J J Troskie, "The Musical Life of Port Elizabeth", p. 166.
78. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 194.

blad The Cape Musical Monthly. Die eerste uitgawe het in Januarie 1884 verskyn. (79).

## 2.2.2 Natal

### 2.2.2.1 Durban

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu was die klavier deel van die middelklas Victoriaanse meubelment. Geen huis was ten volle gemeubileer sonder 'n klavier nie en die instrument is aangewend vir die basiese musiekopleiding. (80).

Die eerste klavier in Natal, vervaardig deur George Wood, het in 1849 in Durban aangekom en word tans in die Old House Museum in St Andrew-straat gehuisves. (81). Klaviere is in musiekwinkels asook deur middel van advertensies te koop aangebied. Die oorweldigende aanvraag na klaviere het gelei tot die vernuftige vervaardiging van klaviere op eie bodem deur die bekende Durbanse pianis, Mnr G B S Darter (later ook stigter van die Darter & Son firma in Kaapstad). (82). Alhoewel vleuelklaviere skaars was, het Mev Cubitt in 1854 al die eerste semi-vleuelklavier in Durban besit. Die oormaat van klaviere in Durban het aanleiding gegee tot die periodieke besoeke aan Durban deur die klavierstemmer, Mnr George Vinnicombe van Loopstraat in Pietermaritzburg.

---

79. A J J Troskie, The Musical Life of Port Elizabeth, p. 166.
80. G S Jackson, Music in Durban, p. 110.
81. Ibid.
82. Ibid.

As "Professor from Liverpool" het Mnr Ira Hirst na sy aankoms in Durban ontdek dat die instemming en herstel van klaviere meer lonend was as om musiekonderrig te gee. Die klavierhandelagentskap is aan hom toegeken en sy suksesvolle besigheid is in Weststraat 412 gevestig. (83).

Die geredelike beskikbaarheid van instrumente in Durban word weerspieël in die verskeidenheid instrumente wat deur professionele en amateur-musici aangebied is. Verder is die talryke uitvoerings deur militêre orkeste en musiekverenigingorkeste 'n bewys hiervan. Blaasinstrumente is deur die offisiere van die 45ste Regiment-orkes aan die eerste militêre orkes in Durban beskikbaar gestel. Militêre instrumente en bladmusiek is ook op 4 Mei 1869 in The Natal Mercury geadverteer. (84).

Die beskikbaarheid van stryk-, houtblaas-, koperblaas- en slaginstrumente word vanaf 1871 bevestig deur die uitbreiding van die "Orchestral Union" se blaserseksie met 'n instrumentale samestelling van twee violiste, 'n tjellis, 'n pianis en harmoniumspeler tot twee fluitiste, 'n hoboïs, twee klarinettiste, drie Franse horingspelers, 'n kornet-, eufonium- en tromboonspeler. (85).

---

83. G S Jackson, Music in Durban, p. 103.
84. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, pp. 253 en 256.
85. Ibid, pp. 261-262.

**2.2.2.2 Pietermaritzburg**

Die besigheid van P Davis & Sons in Pietermaritzburg het vanaf 1860 bestendig gegroei tot die grootste musiekhandelaar in Natal. (86). 'n Katalogus van 10 000 items waaronder ongeveer 100 instrumente (meestal klaviere) geresorteer het, is saamgestel. Die publikasies van advertensies en 'n rubriek, The music of the day, wat onderskeidelik in 1883 en 1884 in The Natal Witness gepubliseer is, lewer 'n bewys van die gunstige ekonomiese klimaat. Omdat Davis ook in 1882 'n reeks van vier middagkonserte ingestel het, word bogenoemde stelling gestaaf. Die primêre doel van Mnr Davis se aktiwiteite was hoofsaaklik om vokale, instrumentale asook dansbladmusiek te adverteer en sodoende verkope te bevorder.

Vause, Slatter & Kie het op 'n kleiner skaal klaviere van die hand gesit, terwyl John A Levick hoofsaaklik in 'n verskeidenheid instrumente, soos musiekdosies, Duitse konsertinas, klaviere, viole, kitare en snaartromme, gespesialiseer het. Aktiewe musiekdeelname is deur die musiekhandelaars bepleit, om nie net die omset te verbeter nie maar ook as 'n meganisme om die eentonige, doellose dae te verwyl. Die musiekwinkel van John Levick was egter nie so welvarend nie en is in 1892 deur Sauders & Slatter oorgeneem.

Musiekinstrumente en die meubels van die Royal Teater is op 6 Mei 1878 te koop aangebied. Die bedrewe klavierstemmer en -hersteller R B Moorby, was nie slegs die eienaar van die Royal Teater nie, maar

---

86. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 28.

ook van 'n musiekwinkel. 'n Uitgebreide verskeidenheid instrumente tydens die verkoping het die volgende items ingesluit, naamlik:
10 Klaviere, 3 "pianettes", 3 harmoniums, 'n harp, 2 tjellos, 'n kontrabas asook twee snaartromme en 'n verskeidenheid van koperblaasinstrumente. Die moontlikheid dat die musiekwinkelvoorraad wel by die verkoping ingesluit is, word gestaaf deur die omvangryke aantal instrumentale partiture (ongeveer 2 000), wat tydens bogenoemde aangeleentheid te koop aangebied is. (87).

Revolusionêre omwentelinge deur tegniese ontwikkeling gedurende die negentigerjare het gelei tot nuwe toekomsperspektiewe. Die eksperimentele "fonograaf"-konserte gedurende 1895 kan beskou word as die voorloper van die grammofoon en elektroniese kamermusiekkonserte van die twintigste eeu. Die eerste demonstrasie van radiotelegrafie deur middel van die biograafvertoning in 1897 in Natal, het plaasgevind in die YMCA Saaltjie en het die eeu van telegraafkommunikasie, (vervolmaak deur die stigting van die SAUK in 1936), ingelei. Prof Malan beskou die uitvinding van die grammofoon as 'n ondermyning van amateurmusiekbeoefening, deurdat musikale klanke op die mees passiewe wyse in die intimiteit van wonings, teen 'n minimale koste van R 11,00 beskikbaar was. (88). Instrumentale ensemblespel is ook deur dié uitvinding gekortwiek.

---

87. H H van der Spuy, Die Musieklewe van Pietermaritzburg, p. 58.
88. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel IV, p. 28.

### 2.2.3 Oranje-Vrystaat

#### 2.2.3.1 Bloemfontein

Kamermusiekinstrumente was wel gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu in Bloemfontein beskikbaar aangesien Mnr Bauer die eerste siviele blaasorkes in 1867 gestig het. (89). Verder het die Vrystaatse Artilleriekorps in 1871 slegs aansoek gedoen vir uniforms. In 1874 is agtien instrumente deur die Pallice firma in Straatsburg deur bemiddeling van President Brand en die Duitse konsul, Mnr C E Fichart, aan bogenoemde korps verskaf. (90). Die violis, Ferdinand Israel, het ook 'n musiekwinkel in Bo-Kerkstraat in Bloemfontein bedryf.

### 2.2.4 Transvaal

#### 2.2.4.1 Pretoria

Die vrylike beskikbaarheid van instrumente in Pretoria word bevestig deurdat Mnr Alfred Allen 'n maand na sy aankoms in Pretoria in staat was om 'n blaasorkes saam te stel waarin viole, 'n klavier, groot tamboer, fluite, klarinette en 'n kornet bespeel is. (91). Die geweldige aktiewe deelname aan uitvoerings deur orkeste, kamermusiekensembles en militêre orkeste ondersteun bogenoemde stelling.

---

89. J L K Human, Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850, p. 191.
90. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 276.
91. Ibid, p. 290.

### 2.2.4.2 Johannesburg

Met die vestiging van etlike professionele en amateurmusici in Johannesburg tydens 1887, was A D Alexander verantwoordelik vir die vervoer van die eerste klavier na bogenoede myndorp. Op aandrang van die mynwerkers het die hoteleienaar van die Heights Hotel in Commisionerstraat die instrument aangekoop. (92). Deursettingsvermoë van die opgeleide klavierstemmer, James Haig Mackay, het aanleiding gegee tot die stigting van 'n uitgebreide en florerende besigheid deurdat hy in 1888 twee klaviere per ossewa vanaf Durban na Johannesburg vervoer het. Prof J P Malan verwys na die lewendige belangstelling en groot vraag na musiekinstrumente deur die vestiging en uitbreiding van Mackay Bros Bpk, naamlik:

> "Mackay Bros Bpk het gou gevestig geraak as die grootste en mees bekende invoerder van musikale handelsware in Transvaal en het 'n sterk invloed op die musikale ontwikkeling van die dorp begin uitoefen". (93).

Die Mackay firma is deur musici as hul hoofkwartiere gebruik om hul beroep en aktiwiteite bekend te stel. Later het die firma as 'n besprekingskantoor vir konserte gefunksioneer en ook as beskermheer van wêreldberoemde kunstenaars soos Madam Albani, Mnr en Mev Sims Reeves, Albert Friendenthal opgetree. Die Mackay firma was verantwoordelik vir die organisering van konserte, soos "Fraulein Kieschke's Evening Concert" op 2 Maart 1899. (94).

---

92. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, p. 11.
93. Ibid.
94. L Wolpowitz, James & Kate Hyde, p. 53.

## 2.3 Kamermusiekkomposisies

### 2.3.1 Kaapprovinsie

Gedurende die voorbereidende fase van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek is geleentheidsmusiek deur die militêre orkesdirigente in die bekende dansvorm gekomponeer, terwyl meer gesofistikeerde instrumentale kamermusiekkomposisies deur die tydelike Italiaanse immigrant en slegs een Suid-Afrikaanse komponis gedoen is.

### (a) Militêre geleentheidsmusiek

Geleentheidsmusiek is deur militêre orkesdirigente vir blaasorkeste en kamermusiekensembles gekomponeer. Dr S J Jooste verwys na komponiste wat uitsluitlik vir spesifieke geleenthede gekomponeer het, byvoorbeeld die twee besoeke aan die Kaap deur die Hertog van Edinburgh in 1860 en 1867 het aanleiding gegee tot die skepping van verskeie komposisies, soos <u>Prince Alfred Polka</u> en <u>Eurylalus Schottische</u> deur William Ireson; <u>Britian's Sailor Prince</u> deur W Corne asook <u>Royal Sailor's March and Breakwater Schottische</u> deur J Roome en <u>Duke of Edinburgh's Wältz</u> deur V Bonicoli. (95). Al vyf instrumentale komposisies verskyn in 'n dansvorm en die algemene spreektaal vir "Schottische" is "seties". (96).

---

95. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, pp. 107-108.
96. J Bouws, Musieklewe in die Transvaal 1852-1899, <u>Vista Musica</u>, Oktober 1962, p. 10.

**(b) Besoekende komponis**

**Bonicoli, Venceslo**

Die ervare Italiaanse kamermusiekensemble-klarinetspeler, Signor Venceslo Bonicoli het in 1865 as dirigent van die negende Regiment-orkes na Suid-Afrika gekom. In Parys, Sint Pietersburg en Wenen het hy as lid van die Haydn-Genootskap, die Guido d'Arezzo-geselskap van Monaco en dié van Sainte Cécile in Parys opgetree. (97). Hy het van 1865-67 in Kaapstad en daarna tot 1870 in King William's Town gewoon. Sy eerste optrede as uitvoerende kunstenaar was in Kaapstad tydens 'n landboutentoonstelling op 14 November 1865 . Daarna het hy in samewerking met die Kaapstadse Musiekvereniging, die Apollo-unie en Duitse koor, Germania, konserte aangebied waartydens vokale en instrumentale komposisies uitgevoer is.

Die vermoede dat verskeie van Bonicoli se instrumentale kamermusiek-komposisies in Kaapstad uitgevoer is, word deur Dr S J Jooste in "Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig in Suid-Afrika" bevestig. Die Grand quartet vir klarinet, klavier, harp en harmonium; asook Grand quintet vir klarinet, kornet, althoring, tromboon en klavier is waarskynlik deur Bonicoli, as klarinetspeler, in samewerking met amateurmusici in Kaapstad uitgevoer. (98).

97. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel I, p. 209.
98. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 108.

## (c) Die eerste Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomponis

**Beck, Johannes Henricus Meiring (1855-1919)**

Die veelsydige amateurkomponis, mediese dokter, politikus en stigter van die damesmusiekskool in Vredenburg, Johannes Henricus Meiring Beck, (1855-1919) het sy eerste musiekopleiding in Worcester ontvang. (99). Tesame met sy universiteitstudies het Meiring Beck viool- en klavier-onderrig in Kaapstad ontvang en plaaslik as lid van die Kaapstad Musiekvereniging, onder leiding van Prof Carl Schultz, aan orkesuit-voerings deelgeneem.

Tydens sy mediese studies in Edinburgh was Beck ook verbonde aan 'n orkesvereniging. Met sy terugkeer na Suid-Afrika het hy onderskeidelik op Kimberley (1881), Worcester (1883) en na sy huwelik met Mej May Kuys in 1885, in Rondebosch gepraktiseer. Die meeste van sy komposisies het hul oorsprong in hierdie gelukkige jare gehad, terwyl sy tuiste "Rustenburg" as rusoord deur menige besoekende musici, onder wie die beroemde violis Remenyi, gebruik is. (100).

Na sy toetrede tot die politiek in 1898 is hy vanaf gekose verteenwoor-diger na senator van die eerste Unie-parlement en in 1916 tot Minister van Poswese bevorder. Musikale aktiwiteite is in die gerestoureerde "Oude Drostdy" woning op Tulbagh voortgesit. Sedert 1903 is daar gereeld huiskonserte in die woning aangebied. Die vermoede bestaan dat Meiring Beck as violis die vioolparty van sy instrumentale kamermusiek-

---

99. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel I, p. 149.
100. <u>Ibid</u>.

komposisie, <u>Suite</u> (1890) vir klavier, viool en tjello, tydens een van die huiskonserte uitgevoer het.

### 2.3.2 Transvaal

#### 2.3.2.1 Johannesburg

**(a) Immigrante komponis**

**Von Booth, Karl Edmund Otto (1842-1923)**

Die briljante musikus en komponis, Karl Edmund Otto von Booth het in 1875 na Suid-Afrika geïmmigreer (101). As vioolleerling van Will, het Otto op veertienjarige leeftyd komposisieonderrig in Londen ontvang. (102).

Die Duitse violis het hom in 1890 in Johannesburg kom vestig en spoedig by die plaaslike musiekaktiwiteite ingeskakel. As uitvoerende violis het hy voorkeur aan kamermusiekensemblespel verleen. Op 18 Januarie 1890 het hy 'n aandeel in die uitvoering van die konsertverrigtinge tydens 'n rookkonsert in die Wanderers gehad. Verder was hy ook op 5 Maart 1892 betrokke by die liefdadigheidskonsert ten bate van die Joodse Siekeboeg. In samewerking met Rudolph Israel (tjellis) en Halford-Smith is 'n instrumentale trio tydens die konsert op 14 Maart 1890 in die Fillis' Amfiteater aangebied.

---

101. F Z van der Merwe, <u>Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie 1787-1952</u>. Eerste uitgawe, Pretoria: J L van Schaik Bpk, 1958, p. 380.
102. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel IV, p. 463.

Na aanleiding van mondelinge mededeling het Von Booth sy komposisies aan Comte de Ferrieres toevertrou maar dié kunsmusiekkomposisies is tydens 'n brand in Ferrieres se woning vernietig. Drie instrumentale komposisies van Von Booth word tans in die argief van die Johannesburgse Openbare Biblioteek bewaar. Gespesifiseerde aanduidings van die instrumentale kombinasies ontbreek in al die partiture. Aangesien die werke uitsluitlik vir strykkombinasies gekomponeer is, het die navorser dit goed geag om die werke na aanleiding van titels as strykkwartette te klassifiseer.

Die ongedateerde Quartette, Introduction and Fugue asook Andante (tema met variasies) is waarskynlik gedurende 1890-1899 asook 1902-1923, tydens Von Booth se verblyf in Johannesburg uitgevoer.

## 2.4 Kamermusiekuitvoerings

### 2.4.1 Kaapprovinsie

#### 2.4.1.1 Port Elizabeth

Alhoewel die oplewing op kulturele vlak hoofsaaklik deur die Britse Setlaars geïnisieer is, was die Duitse immigrante veral gedurende die laaste drie dekades van die negentiende eeu vir die musikale oplewing in Port Elizabeth verantwoordelik. Individuele Duitsers, byvoorbeeld Herr Eberlein, asook die Duitse musiekvereniging (Deutsche Liedertafel) was verantwoordelik vir die aanbieding van "Soirées Musicales" aande. Verder is gekombineerde konsert- en dansfunksies asook die verskeiden-

heidskonserte waartydens veral Klassieke instrumentale kamermusiekkomposisies gedurende die sewentiger- en tagtigerjare van die negentiende eeu uitgevoer.

Die resensie op 20 Maart 1879 in The Observer verwys na die uitstaande artistieke aanbieding van die Haydn kwartette deur amateurmusici tydens een van die Deutsche Liedertafelkonserte. Die program het die volgende twee instrumentale kamermusiekwerke ingesluit, naamlik: die Andante beweging uit Trio Nr 20 deur Gottlieb met Herr Eberlein (pianis), Mnr Kunze (tjellis) en Mnr Blumenthal (violis); asook Strykkwartet Nr 83 deur Haydn met Mnre Wedekind en Blumenthal (eerste en tweede violis), Herr Eberlein (altviolis) en Mnr Bussmann (tjellis). (103). Die positiewe ontwikkeling van die publieke artistieke smaak word gereflekteer deur vyfhonderd mense wat bogenoemde konsert bygewoon het.

Herr Eberlein het in Julie 1886, as besoekende gaskunstenaar in 'n Deutsche Liedertafelkonsert opgetree. In samewerking met die Mnre Bracht en Bussmann het Herr Eberlein, as lid van 'n ensemble, 'n paar trio's van die destydse kontemporêre komponis, Reissiger (1798-1859), uitgevoer. Die resensie van bogenoemde uitvoering in The Spectator van 20 Julie 1886, weerspieël die hoë artistieke uitvoeringstandaard wat gehandhaaf is. (104).

---

103. A J J Troskie, "The Musical Life of Port Elizabeth, pp. 57-58.
104. Ibid.

## 2.4.2 Natal

### 2.4.2.1 Durban

#### (a) Jeugdige ensemblespel

Die eerste skoolensemble is geïnisieer uit die behoefte aan musikale bravade gedurende die jaarlikse prysuitdeling. Gemengde stryk- en klaviertrio's het die basis van Herr Eberlein se onderrig gevorm.
As musiekonderwyser aan die "Durban High School" was hy verantwoordelik vir die stigting en uitvoering van 'n instrumentale ensemble-item tydens 'n konsert op 21 Desember 1888. In die Natal Mercury Supplement op 22 Desember 1888 word die deelname van 'n klein koperblaasensemble beskryf. Gedurende die prysuitdelingsplegtigheid op 1 Julie 1897 het die lede van die kadetorkes, bygedra tot die bekendstelling van instrumentale kamermusiek tydens die uitvoering van 'n kwartet. (105).

#### (b) Openbare kamermusiekuitvoerings

Openbare kamermusiekuitvoerings is gedurende die tydperk 1856 tot 1860 (met die ontbinding van die Durban Filharmoniese vereniging) op 'n ongereelde basis deur die Amateur Musiekvereniging aangebied. Instrumentale kamermusiekuitvoerings is in die programme van verskeidenheidskonserte in die Masonic Saal asook liefdadigheidskonserte in die Trafalgar saal onderskeidelik in 1863 en 1869 ingesluit. Alhoewel die laasgenoemde liefdadigheidskonsert 'n finansiële sukses was het die ernstige instrumentale kamermusiek nie by die gehoor byval gevind nie. (106).

---

105. G S Jackson, Music in Durban, p. 108.
106. Ibid, p. 21.

Kamermusiekkonserte, met 'n meer intieme atmosfeer, is vir die ernstige konsertganger georganiseer. Die programme was uitsluitlik gebaseer op klavierkomposisies, liedere of musiek vir strykensemble. Violiste was meer geskik om as lede van 'n trio- of kwartetensemble te funksioneer en kamermusiekkonserte het so vroeg as 8 Julie 1881 in Berea plaasgevind. Bogenoemde konsertprogram het 'n Haydn trio ingesluit wat deur Mnre E A Platt (pianis), Behrends (tjellis) en Richards (violis) uitgevoer is. 'n Verskeidenheid van glees, liedere, klaviersolos en voorlesings uit werke van Engelse digters en romanskrywer is aangewend om die bewegings uit die Haydn Trio te skei. (107).

Instrumentale kamermusiek van Klassieke komponiste is gedurende Augustus 1885 in die Filharmoniese Saal deur 'n uitstaande ensemble uitgevoer, byvoorbeeld: Haydn se Klaviertrio Nr 1 in G majeur deur Mev Beviss (pianiste), Ferranti (violis) en Mnr E Howlett (tjellis). (108). Lokale uitvoerende kunstenaars was verantwoordelik vir die uitvoering van Haydn se Kwintet vir klavier en strykers, tydens 'n konsert wat op 20 Februarie 1886 deur Mev Beviss in die Stadsaal georganiseer is.

Behalwe vir die besoekende trio-ensemble, bestaande uit Mnre Walther, Ramsden en Boman, wat verantwoordelik was vir 'n reeks van drie kamermusiekkonserte gedurende Desember 1886 in die Filharmoniese Saal, het die uitstaande violis, Remenyi, in 1887 by die plaaslike strykers aangesluit vir die uitvoering van strykkwartetbewegings uit die Haydn, Schubert, Mozart, Boccherini en Beethoven repertorium.

---

107. G S Jackson, Music in Durban, p. 114.
108. Ibid.

Die Durbanse Kamermusiekvereniging is in 1890, onder die leiding van Mnre Walther en Clifford Hallé, gestig. (109). Aktiewe belangstelling is getoon deur Mnre E Jackson en E Howlett, gevestigde strykers vanuit Johannesburg, en die pianis Mnr Moray Maclean. Op 31 Januarie 1891 is een van die enkele publieke konserte deur die vereniging in die "Ladies' College" Saal in Russelstraat aangebied. Die program het die Trio opus 52 van Rubenstein, asook die kwartet verwerking van Beethoven se Septet opus 20 ingesluit. 'n Onaktiewe periode is vanaf 1891 tot die herlewing in 1897 deur die vereniging ervaar. (110).

Die eerste konsert van 'n reeks kamermusiekkonserte, soos geïnisieer deur Mnr F Israel in 1894, is op 17 Maart in die Gemeente Saal in Musgravestraat aangebied. Beethoven se Septet opus 20 is in samewerking met 'n blaasensemble uitgevoer. Die konsertprogram van 28 April 1894 het Weber se Trio opus 63 vir viool, altviool en klavier asook die eerste beweging van Beethoven se Vioolkonsert opus 61, onderskeidelik uitgevoer deur Mnr Israel, Mnr en Mev Jonquier; asook Mnr Israel in samewerking met Mej Phillips, ingesluit.

'n Gekombineerde vokale en instrumentale konsert is op 5 November 1894 deur Mnr Isreal in samewerking met verskeie uitvoerende kunstenaars aangebied. Schubert en Beethoven se strykkwartette is tydens bogenoemde konsert deur Mnr E Sander, Kaptein Taylor, Mnre F Israel en E Jackson uitgevoer.

'n Klassieke kamermusiekkonsert is op 29 Augustus 1899 in die Masonic

---

109. G S Jackson, Music in Durban, p. 115.
110. Ibid.

Saal in Smithstraat aangebied. Gedurende die konsertprogram is Schubert se Strykkwartet in E mol majeur asook Godard se Klaviertrio in F majeur opus 72 deur Mnre Otto von Booth, W J Abeleven, F Israel en E Jackson uitgevoer.

Met die transformasie vanaf 'n periodieke reeks instrumentale kamermusiekkonserte (soos geïnisieer deur Mnr F Israel in 1894) tot 'n musikale instituut in Durban (met die stigting van die eerste Durbanse Strykkwartet in 1902), is die weg vir besoekende kamermusiekensembles, byvoorbeeld die Biene Trio in 1903; asook die Cherniavski Trio in 1909 gebaan. (111).

### 2.4.2.2 Pietermaritzburg

Ontbrekende musikale inisiatief en fasiliteite in Pietermaritzburg het 'n stremmende invloed op die uitbreiding en bekendstelling van instrumentale kamermusiek uitgeoefen.

Die intieme atmosfeer van die CJMV-Saal in Pietermaritzburg, het voldoen aan die spesifieke behoefte vir die uitvoering van kamermusiek. Tydens die inwyding (gekombineer met 'n vergadering) van bogenoemde saal op Maandag, 23 Mei 1881 was die musikale hoogtepunt die uitvoering van Haydn se eerste klaviertrio. (112). Bewyse dat kamermusiekkonserte byval gevind het, word gereflekteer deur 'n reeks van vier vokale- en instrumentale kamermusiekkonserte, gebaseer op werke van die uitstaande Klassieke meesters asook populêre komponiste, wat deur

---

111. G S Jackson, Music in Durban, p. 116.
112. H H van der Spuy, Die Musieklewe van Pietermaritzburg, p. 154.

Charles Lascelles aangebied is. Hy het gepoog om slegs die vooraanstaande musici te betrek. 'n Teleurstellende openingskonsert het op Woensdagaand, 30 November 1881 plaasgevind. Die verwerking van Beethoven se lied Adelaide, as 'n klaviertrio het volgens Dr H H van der Spuy in "Die Musieklewe van Pietermaritzburg (1850-1902)" op 'n amper te populêre, maar minderwaardige program verskyn. (113).

Die tweede konsert in hierdie reeks is oorwegend gebaseer op 'n godsdienstige program wat deurspek was van neerslagtige emosies soos smart en angs wat deur die eerste Vryheidsoorlog beïnvloed is. (114). Deur die afwesigheid van instrumentale en vokale sekulêre komposisies in die program, word die neerslagtigheid van die gemeenskap beklemtoon.

In samewerking met die vooraanstaande vokaliste en instrumentaliste is die eerste van 'n reeks inskrywingskonserte, geïnisieer deur F H Crossley, op Woensdag, 17 Oktober 1883 aangebied. (115).
Dr van der Spuy verwys na die konsert as die eerste geleentheid waartydens 'n volwaardige strykkwartet in Pietermaritzburg opgetree het. (116). Die konsertprogram het die volgende kamermusiekwerke ingesluit: die Andante-beweging uit Fesca se tweede strykkwartet; die Adagio-, Menuet en Trio-bewegings uit Haydn se Strykkwartet Nr 75, asook die Allegro-beweging uit Mozart se tweede strykkwartet.

Die "Grand Concert" deur Pietermaritzburg se Liefdadigheidsvereniging

---

113. H H van der Spuy, Die Musieklewe van Pietermaritzburg, p. 154.
114. Ibid, p. 156.
115. Ibid, p. 162.
116. Ibid, p. 159.

het op 24 September 1891 onder die beskerming van Sir en Lady C B H Mitchell plaasgevind. Hierdie konsert het meer 'n kamermusiekkarakter besit as gevolg van die insluiting van verskeie trio's van Fesca en Lachner asook klavierkwartette onder andere Ruy Blas van Mendelssohn. Die kombinering van die jaarvergadering met die konsert het 'n jaarlikse instelling geword. (117). Op 26 September 1892 is die jaarlikse konsert ten bate van liefdadigheid aangebied en die interessante program het klaviertrio's van Reissiger en Fesca ingesluit.

Gedurende Mei 1895 het die Australiese geselskap, die Payne familie, 'n aantal konserte in Pietermaritzburg aangebied. Die hoofaantrekkingskrag van die verskeidenheidsprogram op 12 Mei 1895 was "Bell-ringing" deur 'n sekstet-ensemble. Twee kwartette, naamlik The Wayside Chapel deur die Bradford geselskap asook March of the Pilgrims is deur die Clarke geselskap uitgevoer. Bogenoemde musiekgeselskap het die volgende dorpe gedurende hul plattelandse toer tot 25 Mei 1895 ingesluit: Harrismith, Ladysmith, Dundee en Newcastle waardeur instrumentale kamermusiek in Natal bekendgestel is.

### 2.4.3 Oranje-Vrystaat

#### 2.4.3.1 Bloemfontein

Fenomenale finansiële voorspoed is verkry deur die omvangryke handel met die heterogene volksamestelling op die diamantvelde. (118).

---

117. H H van der Spuy, Die Musieklewe van Pietermaritzburg, p. 159.
118. Prof C F J Müller, 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 249.



**Die Payne Familie**

**'n Internasionale besoekende instrumentale kamermusiek-ensemble in 1895 (119).**

---

119. Met vergunning deur Prof D J Reid uit "A Systematic Survey of the Musical History of Transvaal to 1902", p. 55 (a).

Westerse kultuurverryking op Suid-Afrikaanse bodem is deur die tradisionele behoefte van die buitelandse fortuinsoekers gedemonstreerdeur in hul vrye tyd musiek te beoefen. Die kortstondige funksionering van koor- of instrumentale verenigings is duidelik beïnvloed deur die breë publiek se gebrek aan belangstelling. (120).

Die eerste suksesvolle kooruitvoering op 16 Julie 1874 onder die leiding van Sam Barratt, het aanleiding gegee tot die stigting van 'n Bloemfontein Koorvereniging, onder die voorsitterskap van Mnr Berbner. (121). Dele van <u>Acis and Galatea</u> deur Handel is in Julie 1875 gedurende die eerste deel van die program uitgevoer, terwyl die tweede deel aan 'n verskeidenheid items gewy is. 'n Verwerking van 'n Mozart kwintet vir klavierduet en viool is tydens die optrede deur die drie Barrett-broers uitgevoer. (122). Die Barrett-trio-ensemble het ook die verwerkte ouverture tot Rossini se <u>Tancredi</u> op 'n harmonium en twee viole uitgevoer. (123).

Die ontbinding van die Bloemfontein Koorvereniging tydens 'n publieke vergadering in Augustus 1875 toon die trae belangstelling in die uitbreiding en uitvoering van kamermusiek.

Gedurende 1873-1893 het Ivan H Haarburger in samewerking met die drie Israel-broers kamermusiekkomposisies uitgevoer. Die drie Israel-broers; George, Ferdinand en Charles, het gedurende die laaste twee dekades van die negentiende eeu periodiek as 'n strykensemble opgetree.

---

120. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel I, pp. 176-181.
121. <u>Ibid</u>, Deel I, p. 180.
122. <u>Ibid</u>, Deel I, p. 181.
123. <u>Ibid</u>.

Hulle was ook verantwoordelik vir die aanbieding van die heel eerste kamermusiekkonsert in Bloemfontein op 22 Januarie 1885. Hierna is gereelde uitvoerings in die raadskamer van die Bloemfonteinse Stadsaal aangebied. (124). In 1895 het die Israel-ensemble bygedra tot die bekendstelling van instrumentale kamermusiek deurdat hulle tydens 'n uitgebreide toer deur Suid-Afrika ongeveer 150 strykkwartette uitgevoer het.

Die Duitse pianiste, Mej M Kieschke, se organisatoriese vermoë en diepgaande musiekkennis blyk duidelik uit die reeks konserte wat in 1890 aangebied is. Haar bydrae tot die bevordering van Suid-Afrikaanse musiek is duidelik in die insluiting van die komposisies van plaaslike komponiste in konsertprogramme. Verder was sy ook verantwoordelik vir die propagering van veral kamermusiekkonserte wat deur die Israel-broers aangebied is. (125).

In Augustus 1885 het die militêre orkes van Mnr A M Baumann in samewerking met amateurmusici 'n konsert in Bloemfontein aangebied.
Die konsertprogram het 'n trio vir fluit, viool en klavier ingesluit wat deur die amateurmusici uitgevoer is. (126).

124. J L K Human, Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850, p. 194.
125. Ibid, p. 192.
126. S J Jooste, Westerse Blaasinstrumentspel en -onderrig, p. 276.

### 2.4.4 Transvaal

#### 2.4.4.1 Pretoria

Die verskeidenheidkonserte gedurende die tagtigerjare van die negentiende eeu het hoofsaaklik bestaan uit vokale en instrumentale items, alhoewel koor- en orkes-items sporadies ingevoeg is. Privaat konserte gedurende 1883-1885, deur Alfred Allen asook die meer gesofistikeerde Euterpe musiekverenigingkonserte het in bogenoemde kategorie geval. (127).

Die privaat konserte het gedien as die oorgang vanaf die verskeidenheidskonsert tot die organisering van suiwer instrumentale kamermusiekkonserte. Signor Colla Marini het op 18 Januarie 1884 in samewerking met Dr Fockens en sy familie 'n konsert met 'n meer informele kamermusiekkarakter in die Stadsaal van Pretoria aangebied. (128). Groter prominensie is aan instrumentale musiek verleen deurdat die ouverture tot Muta de Portici van Auber uitgevoer is deur die Fockens familie terwyl Nabuchodonoson (sic) van Verdi uitgevoer is deur 'n tjellis, violis en twee pianiste. (129). 'n Klein gehoor het bogenoemde konsert bygewoon.

Drie opeenvolgende konserte is onderskeidelik op 27 Januarie, 3 Maart en 7 April 1891 in die Afskaffingsaal aangebied. 'n Groot waarderende gehoor het die derde konsert op 3 Maart 1891 bygewoon. Tydens hierdie

---

127. D J Reid, A Systematic Survey of the Musical History in Transvaal, p. 103.
128. Ibid.
129. Ibid.

konsert het Leyds (pianis), Amorison (violis) en Pool (tjellis) die trio-verwerkings uit Mozart se Don Juan asook Donzetti se Liebeselixer uitgevoer. Die Nocturne vir twee viole en klavier deur Beethoven is deur Mnre Amorison, Taylor Fox en Leyds uitgevoer, terwyl Mej Peacock en Mnre Amorison, Henning en Pool verantwoordelik was vir die aanbieding van Meditation deur Bach-Gounod.

Mev Ribbink van Lier het in 1893 'n reeks van drie inteken-kamermusiek-konserte aangebied. Na die suksesvolle eerste konsert het Mev van Lier die lokaal verander na die Caledonian Saal om 'n groter gehoor te akkommodeer. Die laaste twee konserte is onderskeidelik op 30 September en 18 November 1893 aangebied. Instrumentale uitvoerende kunstenaars wat tydens die laaste konsert opgetree het die volgende persone ingesluit: Johannes C Leyds (pianis), Mnr Amorison (eerste violis), Mnr Landau (altviolis), Mnr Holleman (tjellis). (130).

Kenmerkend is die uitvoering van Klassieke en Romantiese instrumentale kamermusiek tydens gekombineerde vokale en instrumentale kamermusiek-konserte. Voorbeelde van so 'n konsert is dié op 17 Maart 1894 deur die violis, Mnr Thomas Ballantyne, in die Caledonian Saal asook 'n afskeidskonsert van Signor Rotondo in die Grand Hotel op 2 September 1896. Tydens die 'n afskeidskonsert is 'n hoë uitvoeringstandaard deur die musici gehandhaaf alhoewel die publieke bywoning power was.
Mnr H Ten Brink (violis), Signor Rotondo (tjellis) en Monsieur Jonquier

---

130. D J Reid, A Systematic Survey of the Musical History in Transvaal, pp. 107-109.

(pianis) was verantwoordelik vir die uitvoering van die Andante en Finale bewegings uit Menselssohn se Trio in D mineur. (131).

Plaaslike musici het die inisiatief geneem om ook kamermusiekkonserte te organiseer. Huiskonserte is ook deur verskeie Pretoriaanse families aangebied. Die Middelbergs-familie het op Saterdagaande van 1896 tot 1898 huiskonserte aangebied. Tydens een van die huiskonserte is instrumentale trio's van Gade, Mendelssohn en Tsjaikowski, asook kwartette uitgevoer. (132).

Oorheersende politieke aktiwiteite op die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog, die depressie van 1898 asook die pokke-epidemie het 'n negatiewe invloed op die musikale aktiwiteite gehad. Die afwesigheid van die uitvoerende kunstenaars, wat militêre verpligtinge op die slagveld moes nakom asook die heersende armoede, het die uitvoering van kamermusiek amper onmoontlik gemaak. (133).

Na die ondertekening van die vredesverdrag in Vereeniging op 31 Mei 1902 het die konsertaktiwiteite stadig na normaal teruggekeer.
Henri Ten Brink het 'n reeks van ses intekenkonserte georganiseer. Tydens die tweede deel van die vyfde konsert op 10 Junie 1902 is die Andante Grazioso en Allegro bewegings van die Trio vir viool, tjello en klavier van Mozart deur M M Remenyi, Israel en Stidolph uitgevoer. Die konsertprogram van die sesde konsert op 27 Junie 1902 het die Trio vir viool, tjello en klavier (Tema met variasies) van Beethoven ingesluit

---

131. D J Reid, A Systematic Survey of the Musical History of Transvaal, pp. 118-119.
132. Ibid, p. 122.
133. Ibid, p. 293.

en Mnre Remenyi, Israel en Stidolph het as die uitvoerende kunstenaars opgetree. (134).

Die volgende musiekverenigings het bygedra tot die bekendstelling van internasionale instrumentale kamermusiekkomposisies in Pretoria: die Euterpe musiekvereniging, die Duitse klub asook die Pretoria Dameskoor.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die konsert- en kultuuraktiwiteite in Pretoria oënskynlik normaal voortgegaan. Ongeag die afname in die aantal konsertaanbiedings is enkele publieke konserte tydens die eerste maande van 1900 aangebied. 'n Voorbeeld van bogenoemde konserte in Pretoria is die gekombineerde vokale en instrumenale konsert wat op 7 Mei 1900 in die St Andrew Saal aangebied is.
Die Pretoria Dameskoor het onder leiding van Mnr Henri Ten Brink aan bogenoemde konsert deelgeneem.

**2.4.4.2 Johannesburg**

In die beginjare van Johannesburg (1886-1899) is aandag aan die ontwikkeling van openbare teaters bestee. Ernstige musiekliefhebbers het positief gereageer op die aanbieding van konserte deur 'n klein groepie musici. (135). Liefdadigheidskonserte is aangebied om tot die boufondse van kerke en hospitale by te dra. Op 26 Augustus 1890 is 'n liefdadigheidskonsert ten bate van die Duitse Lutherse Kerk in die

---

134. D J Reid, A Systematic Survey of the Musical History of Transvaal, p. 328.
135. L Wolpowitz, <u>James & Kate Hyde</u>, p. 51.

Wanderer Stadion aangebied. Tydens die konsert het Otto von Booth in samewerking met Mnr Moray Maclean (pianis) en Rudolf Israel (tjellis) 'n beweging uit die Trio van Hummel, uitgevoer. (136).

'n Konsert is vir Amy Fenton op 14 Maart 1890 in die Fillis' Amfiteater georganiseer. Die konsertprogram het Beethoven se Trio opus 1 Nr 13 ingesluit en Von Booth (violis), Israel (tjellis) en Halford-Smith (pianis) het as uitvoerende kunstenaars opgetree. (137).
Die Presbiteriaanse Kerk in Breëstraat, 'n bekende vergaderplek vir 'n reeks kamermusiekkonserte, is nuttig aangewend en Von Booth het as hooffiguur in elke ensemble-item opgetree. Tydens die derde konsert op 30 Julie is 'n Trio deur Nils Gade uitgevoer. Die vierde konsert is op 27 Augustus 1891 aangebied. Schumann se Trio vir klavier, viool en tjello, uitgevoer deur Von Booth, Kieschke en Israel, was die hoogtepunt van die konsertprogram.

'n Reeks van vier "Otto von Booth's Chamber Concerts" is in samewerking met Mej Kieschke, Mnr Israel en Mej Fraser, op 'n twee-weeklikse basis in die Presbiteriaanse Kerk aangebied. Die eerste konsert is op 2 Julie 1891 aangebied en die inskrywingsgeld het R 2,10 beloop. Tydens die tweede konsert op 16 Julie is die Kreutzer Sonate Op 47 vir viool en klavier, deur Beethoven uitgevoer. Die tweede konsert in die reeks is op 26 April 1892, in samewerking met Mnr Israel en Mej Kieschke in die Wanderersaal aangebied. Hulle het die ondersteuning van Mev C Marks asook Mnre T A Rogers, Stiassny en Ernest Weller ontvang.

---

136. D J Reid, A Systematic Survey of the Musical History of Transvaal, p. 107.
137. Ibid, p. 108.

Op Woensdag 28 Junie 1892 is die afskeidskonsert vir Otto von Booth in die Wanderer Stadion gereël. Tydens die verskeidenheidskonsert is 'n Andante-beweging uit Von Booth se Sonate vir klavier en viool uitgevoer. Die aanvaarding van kontemporêre instrumentale musiek deur die breë publiek word gereflekteer deur die tweede uitvoering van N W Gade se Trio vir klavier, viool en tjello deur Mnre J Leyds, O von Booth en Holleman. Die volledige program sluit ook vokale kamermusiekitems deur Von Booth in.

**Incipit 2: Mr Otto von Booth's Farewell Benefit Concert, Wednesday, June 28th. (138).**

PROGRAMME.

PART I.

| | | |
|---|---|---|
| DUO PIANOFORTE | "Aus Holberg's Zeit" I.—Praeludium. II.—Gavotte. III.—Rigaudon. MESSRS. K. STIASSNY AND J. LEYDS. | *Grieg* |
| SONG | "Simon the Cellarer" MR. T. BALLANTYNE. | *J. L. Hatton* |
| SONATA—PIANOFORTE AND VIOLIN | "Andante" MESSRS. J. LEYDS AND OTTO VON BOOTH. | *Otto von Booth* |
| SONG | "Come to Me" MISS FOOTE. | *Wadham* |
| ARIA (MARTA) | "M'appari" MR. GRANT FALLOWES. | *Flotow* |
| SOLO PIANOFORTE | *a*, "Romanza" / *b*, "Cappriccio" FRAULEIN KIESCHKE. | *Gounod* / *St. Heller* |
| SONG | "Sunshine and Rain" MISS DIGHT. | *Blumenthal* |
| SOLO—VIOLIN | "Romanza Andaluza" (By desire). MR. OTTO VON BOOTH. | *Sarasate* |
| VOCAL TRIO | "The Sea Fairies" MISS DIGHT, MRS. HYDE, AND MISS FOOTE. | *Otto von Booth* |

PROGRAMME.

PART II.

| | | |
|---|---|---|
| DUO PIANOFORTE | "Slavische Tänze" MESSRS. K. STIASSNY AND J. LEYDS. | *A. Dvorak* |
| SONG | "A Summer Night" MR. S. FOOTE. | *Goring Thomas* |
| STRING QUARTETTE OP. 125 | "Adagio and Allegro" MESSRS. OTTO VON BOOTH, ENGEL, LANDAU, AND CURTIS. | *F. Schubert* |
| SONG | "She Wandered down the Mountain Side" MADAME HYDE-LEIPOLD. | *F. Clay* |
| SONG | "Is it Love" MR. GRANT FALLOWES. | *A. Sullivan* |
| SOLO VIOLIN | "Polonaise" MR. OTTO VON BOOTH. | *Wieniawski* |
| SONG | "The Sands of Dee" MRS. TATE. | *F. Clay* |
| TRIO—PIANOFORTE, VIOLIN, AND VIOLONCELLO | MESSRS. J. LEYDS, OTTO VON BOOTH, AND HOLLEMAN | *N. W. Gade* |

---

138. Program "Mr Otto von Booth Farewell Benefit Concert, Wednesday, June 28th" gehuisves in die Africana Afdeling van Johannesburg se Openbare Biblioteek.

Mej Kieschke het inisiatief geopenbaar deur 'n reeks van drie Klassieke konserte op 19 Januarie, 2 en 16 Februarie te skeduleer. Professionele musici, naamlik: Otto von Booth, Ed. Lippert, Holleman, A Landau asook ander uitvoerende musici het ondersteuning verleen. Die konsertprogram van die eerste aanbieding het die Kwintet opus 44 van Schumann, vir klavier, twee viole, altviool en tjello ingesluit.

Al vier bewegings is uitgevoer deur Mej Kieschke, Mnre Ed Lippert, Otto von Booth, A Landau en Holleman. Die konsertprogram is afgesluit met 'n Haydn Trio vir klavier, viool en tjello. Die belangrikste jaar in die ontwikkeling van kamermusiek in Johannesburg is 1890 omdat inisiatief deur die musici uit die setlaarsgeledere geneem is om kamermusiekkonserte te reël. (139).

Na die mislukte Jameson-inval (1896) was daar 'n geleidelike afname in die konsertaanbiedings vanaf 65 konserte in bogenoemde jaar tot slegs 29 in 1899. Met die oorlogsverklaring op 11 Oktober 1899 is die militêre wet in werking gestel. Na die grootskaalse uittog gedurende die voorafgaande maande was daar 'n dramatiese verandering op kulturele gebied. In teenstelling met die kulturele woelinge gedurende die vorige jare, is 'n periode van onaktiewe deelname ervaar.

Sam Foote het positief gereageer op die berig van 13 November 1899 in The Standard and Diggers News wat die organisering van 'n konsert voorgestel het. Aan die einde van Desember 1899 is 'n verskeidenheidskonsert in die aangeboude saal gehou. Op 1 Junie 1900 is Johannesburg

139. D J Reid, Systematic Survey of the Musical History of Transvaal, p. 111.

deur die Britse militêre magte ingeneem sonder dat daar 'n enkele skoot geskiet is.

## 3. Die Heropbou-proses (1902-1910)

Verpletter deur die materialistiese verwoesting en die psigiese ontwrigting van die Tweede Vryheidsoorlog, was die Afrikaner weer eens in 'n oorlewingstryd gedompel. Bogenoemde terugslae het 'n stremmende uitwerking op die kulturele ontwikkeling van die Afrikaner uitgeoefen.

'n Noodsaaklike nasionale benadering tot ekonomiese en gemeenskaplike sake is gedurende 1907 in die Selborne-memorandum bepleit. Die opstelling van die Selborne-memorandum het gespruit uit die wrywing en onenigheid tussen die verskillende kolonies ten opsigte van die verkeer en doeanewedywering. Staatkundige eenwording is in bogenoemde memorandum voorgestel en dit het gelei tot die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910. (140).

### 3.1 Kamermusiekkomposisies

#### 3.1.1 Kaapprovinsie

Teen die gunstige musikale agtergrond van die aktiewe uitvoering van Klassieke kamermusiekkomposisies, 'n voldoende verskeidenheid van beskikbare kamermusiekinstrumente en -partiture, asook die vrylik bekombare musiekonderrig in die Kaapkolonie, is die eerste tree tot die

---

140. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 447-449.

ontluiking van die Suid-Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiek geneem.

#### 3.1.1.1 Suid-Afrikaanse Komponiste

**(a) De Villiers, Marthinus Lourens (1885-1977)** (141).

Marthinus Lourens de Villiers het nasionale bekendheid verwerf met die toonsetting van Senator Langenhoven se liriek van Die Stem in 1921. In die musikale milieu van sy ouerhuis, het M L de Villiers opleiding in die klawerbordinstrumente naamlik die klavier en orrel ontvang. Sy ouers was ook verantwoordelik vir sy onderrig in viool, klarinet en harmonie. Op 'n jeugdige ouderdom is hy aan die basiese vereistes van ensemble musisering blootgestel. Om die bladmusiek behoorlik te kon lees moes hy, as tienjarige klarinetspeler in sy vader se blaasorkes, op 'n kassie staan. (142).

M L de Villiers se buitengewone musikaliteit het gedurende 1899 in sy jeugdige skeppingsdrang tot uiting gekom. Sy eerste komposisie-poging op veertienjarige leeftyd is opgeneem in Sewe Stap Liedjies wat eers in 1940 deur die Nasionale Pers gepubliseer is. Meer aandag is na sy skeppingspoging aan harmonie-onderrig geskenk. Gedurende sy studentejare aan die Hugenote Universiteitskollege in Wellington is sy eerste instrumentale kamermusiekkomposisie gekonstrueer. Die komposisie,

---

141. M de Villiers, M L de Villiers: Toonsetting van "Die Stem" en opsomming van sy loopbaan. Eerste uitgawe, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, p. 2.
142. Ibid, p. 3.

<u>Salon-stuk</u> (1902) vir twee viole, klavier en orrel is hoofsaaklik vir die intieme familiemusisering geskep. Instrumentale partye was onderskeidelik deur die familielede uitgevoer, naamlik: broers (violiste), moeder (pianis) en vader (orrelis). (143).

Die onwrikbare deursettingvermoë van die Afrikanervolk wat gelei het tot die ontstaan van die Suid-Afrikaanse nasionalisme word gereflekteer in die vokale komposisies van M L de Villiers. Die volkskomponis se onderwysloopbaan op Wepener is gekenmerk deur sy geesdriftige pogings om aan almal 'n geleentheid te gun vir deelname aan die musiseringsproses. Pedagogiese komposisies is hoofsaaklik geskep volgens die vermoë van elke amateur. Selfs na die hervatting van sy studies aan die Kweekskool van die Victoria College (tans die Universiteit van Stellenbosch) in 1908, het M L de Villiers 'n bydrae op die komposisiegebied gelewer. (144).

**(b) Hely-Hutchinson, Christian Victor Noel Hope (1901-1947)** (145).

Die geniale musikale wonderkind het as seun van die goewerneur van die Kaapkolonie, Sir Walter Hely-Hutchinson, waarskynlik sy eerste musiekonderrig op Suid-Afrikaanse bodem ontvang. Hy het op die jeugdige ouderdom van agt jaar sy eerste instrumentale kamermusiekkomposisie geskryf. <u>Quartet</u> (1909) vir klavier en strykers asook <u>Quartet No 1</u> vir klavier en strykers is deur die Novello uitgewers in die album

---

143. M de Villiers, <u>M L de Villiers: Toonsetting van "Die Stem" en opsomming van sy loopbaan</u>, p. 3.
144. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel I, p. 334.
145. <u>Ibid</u>, Deel II, pp. 181-185.

A child's thoughts gepubliseer. Alhoewel die tweede Quartet No 1, 'n ongedateerde komposisie is, kan aangeneem word dat hierdie komposisie-poging ook op Suid-Afrikaanse bodem gekonstrueer is aangesien die werk as 'n jeugdige komposisie deur die uitgewers beskou word. 'n Derde Quartet (gedateer Junie 1909) is ook in bogenoemde album opgeneem.

Waarskynlik het Christian, volgens die aanvaarde norm, vanaf tienjarige ouderdom sy opvoeding aan die "Eton and Balliol College" in Oxford ontvang. Sy musikale opleiding het hy aan die "Royal College of Music" voltooi. Verder het hy ook as private student onder Sir Donald Tovey gestudeer.

Onduidelikheid bestaan of die ongedateerde instrumentale kamermusiek-komposisies op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer is. Hely-Hutchinson het Suid-Afrika slegs vir 'n kort tydperk vanaf 1922 tot 1925 besoek. Die ongedateerde komposisies sluit die volgende werke in: Piano Quintet; Idyll and diversions vir fluite, hobo, klarinet, fagot, horing en klavier; Scherzo asook Theme and variations vir stryk-kwartet.

### 3.1.1.2 Immigrante komponis

**(a) Endler, Johann Franz (Hans) (1871-1947)** (146).

Die lewenslustige, veelsydige Oostenrykse musikus en komponis, Johann Franz (Hans) Endler het hom op uitnodiging van Karl Metzler in

---

146. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, pp. 10-14.

1903 in Kaapstad gevestig. As opgeleide tjellis, altviolis, kontrabas- en trompetspeler was Hans die ideale keuse as ensemblelid van die beplande kamermusiekensemble in medewerking met Metzler. Die Mount Nelson Trio het bestaan uit Haasdyk, Van Erkel en Luyt en ander amateurmusici. Weens gebrekkige belangstelling in die kamermusiekskema moes die ensemble na 6 konserte ontbind word. (147).

Endler het as opvolger van P K de Villiers se musiekpraktyk in Stellenbosch bekendheid vir sy meesleurende ywer en entoesiasme verwerf. In medewerking met Metzler is die Germania Strykkwartet gestig. Hierdie ensemble was verantwoordelik om kamermusiek op 'n uitgebreide basis in die Kaapkolonie, vanaf die Boland tot Cradock en Colesberg, bekend te stel. Kollegiale samewerking het gelei tot die totstandkoming van die Stellenboschse Konservatorium in 1905. Ongeag die veeleisende verpligtinge van die Konservatorium het kamermusiek 'n besondere plek in Endler se daaglikse roetine ingeneem.

Die ongedateerde instrumentale trio, Petite Valse, vir viool en klavier met tjello obbligato is in die Klassieke styl gekomponeer. Die homofoniese en simmetriese komposisie is waarskynlik uitgevoer tydens Endler se kamermusiekaktiwiteite in Stellenbosch, en besit 'n karakteristieke harmoniese tonika-dominant verhouding. Hierdie instrumentale ensemble-juweel is deur R Muller in Kaapstad onder die noemnaam van Endler (naamlik Hans Endler), gepubliseer. (148).

---

147. E P Grobbelaar, Die lewe en werk van Hans Endler en sy invloed op die musieklewe van Stellenbosch, 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Stellenbosch, 1969, p. 162.
148. H Endler, Petite Valse. Kaapstad: R Muller, s.a.

### 3.2 Kultuurverryking deur Engelse Immigrante

In Engeland is gedurende 1853-1898 'n oplewing in instrumentale kamermusiek waargeneem. Tydens hierdie period is 103 Britse kamermusiekkomposisies (vanaf Sterndale Bennett tot Elgar, insluitende die van Sullivan, Parry, Stanford, Cowen en Mackenzie) uitgevoer. Bogenoemde uitvoerings is deur die Duitse idealis, August Manns (1825-1907) geïnisieer. (149). Verskeidenheidskonserte is hoofsaaklik tydens die populêre "Monday Pops Concerts" in die St James Hall, Londen, aangebied en is op 14 Februarie ontwrig deur die uitsluitlike uitvoering van instrumentale kamermusiekkomposisies. Die waaghalsige ondernemingsgees van Arthur Chappel is entoesiasties deur die breë bevolking van Londen verwelkom. (150). In 1862 is elf kamermusiekkonserte in Liverpool, Newcastle, Edinburgh en Glasgow aangebied.

'n Uitgebreide kamermusiekrepertorium wat alle Klassieke asook destydse "kontemporêre" komponiste (Brahms, Burck, Chopin, Goetz, Goldmark, Grieg, Joachim, Onslow, Raff, Rheinberger, Rubenstein, Saint-Saëns, Schumann en Spohr) ingesluit het, is uitgevoer. Kamermusiekkomposisies van die volgende Engelse komponiste is ook gedurende die konserte ingesluit, naamlik: Balfe, Bennett, Henschel, Loder, Macfarren, Mellon, Thomas Pinto en Henry Smart. (151).

Tydens die Engelse komponiste se immigrasie na Suid-Afrika in 1902, was hulle alreeds beïnvloed deur hul eie trdisionele instrumentale kamer-

---

149. P M Young, <u>A History of British Music</u>, first edition, London: Ernest Benn (Ltd), c 1967, p. 484.
150. <u>Ibid</u>, p. 485.
151. <u>Ibid</u>, p. 486.

musiek. Sydney Richfield (1882-1862) en Henry Lissant-Collins (1880-1941) het hulle na hul aktiewe bydrae tot die bevordering van musiekstandaarde in die Kaapprovinsie, in Transvaal gevestig.

### 3.3 Transvaal

#### 3.3.1 Immigrante komponiste

**(a) Lissant-Collins, Henry (1880-1941)** (152).

Die veelsydige uitvoerende kunstenaar en aspirantkomponis het hom onderskeidelik in 1902 en 1903 as lid van die redaksionele personeel van Transvaal Leader en The Star, in Johannesburg gevestig. As aktiewe en veelsydige orkeslid in James Hyde se orkes was hy bevoeg om musikale opheffingswerk deur middel van ontledings en kritiek van konserte in The Star te doen.

Lissant-Collins was 'n voorstander van musikale ontwikkeling in ensemblespel en het al in 1903 gewaarsku teen die stagnering van musikale smaak indien daar nie wegbeweeg sou word vanaf die marse van Sousa, beskrywende programmusiek en die klingelende onsin van salonliedjies en ballades nie. (153).

**(b) Richfield, Sydney (1882-1967)** (154).

Die veelsydige uitvoerende kunstenaar en komponis het hom na twee jaar

---

152. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, pp. 190-191.
153. Ibid.
154. Ibid, Deel IV, pp. 142-145.

se aktiwiteite in Kaapstad, in Potchefstroom as musiekonderwyser gevestig. Richfield was verantwoordelik vir die heroprigting van die blaasorkes asook die vestiging van 'n musiekskool waar hy klavier-, viool- en mandolienonderrig gegee het. As komponis van ligte en gewilde komposisies het hy een van die toonaangewende musici van Potchefstroom geword.

## 4. Gevolgtrekkings

### 4.1 Musiekonderrigfasiliteite

Die musiekonderrig in Suid-Afrika het tussen 1838-1910 gevarieer vanaf toevallige beskikbaarheid van musiekleermeesters gedurende die stigtingsjare van die Republikeinse stede tot die voldoende beskikbaarheid van professionele en amateurmusici in die Britse kuskolonies. Na die Tweede Vryheidsoorlog was musiekonderrig vrylik beskikbaar.

Die ontwikkeling van die musiekonderrigsvlak kan vanaf 1866 gesien word in die aanbieding van privaat musiekklasse tot die stigting van musiekstudio's, -akademies en -skole. Deur die inkorporering van dans- en postuurhoudingsklasse in die musiekskole kan afgelei word dat die belangstelling in instrumentale musiek gedurende die Stormagtige Jare (1855-1902), nie genoegsaam was vir die stigting van 'n selfstandige musiekskool nie. Die musiekstudio's het gedien as die voorloper van die musiekakademies wat vanaf 1877 opgerig is.

In privaat skole is die musiek as 'n selfstandige vak aangebied en het die status van sosiale voorbereiding van 'n jong dame geniet, terwyl

die vak as 'n "aangename afleiding" in departementele staatsondersteunende skole beskou is. 'n Nasionale hoër opvoedkundige inrigting, naamlik die Stellenbosch Konservatorium het in 1905 tot stand gekom, terwyl die Pretoria Musiekkollege in 1910 deur Mev Norburn gevestig is. In Johannesburg is privaat musiekskole gestig, byvoorbeeld die "Johannesburg School of Music" onder die leiding van Mnre Waltham, Young en Pichells terwyl "The Weinbrenn Academy of Music" deur die Weinbrenn familie bestuur is.

Met die instroming van die Britse Setlaars in 1842 is musiekonderrig as deel van die volwaardige Engelse opvoeding beskou en dit het aanleiding gegee tot die groter vraag na professionele en amateurmusici.
Die algemene aanvaarbare bekendstelling van musiekleermeesters het vanaf 1842 tot 1882 deur middel van koerantadvertensies geskied.

Onvoldoende inkomste deur die aanbieding van musiekonderrig gedurende die Groot Trek (1838-1854) asook in die Stormagtige Jare (1855-1902) het verskeie musici gedwing om hul inkomste aan te vul deur klaviere te stem. Uitvoerende kunstenaars het weer hul inkomste deur die aanbieding van privaat musiekklasse aangevul.

Die noodsaaklikheid van klavieronderrig word deur die wisselwerking tussen uitvoerende vaardighede en kompositoriese beïnvloeding tydens die primêre ontwikkelingsfase (1910-1945) geïllustreer. Prominensie word aan die instrument as 'n primêre instrument in ensemblebesettings verleen, deurdat die klavier in 44% van die komposisies ingesluit word.
Praktiese musiekonderrig was beskikbaar in klawerbord-, houtblaas-, koperblaas-, stryk- en slaginstrumente. Perkussiewe onderrig is

hoofsaaklik deur die orkesmeesters van verskillende blaasorkeste aangebied. Menige professionele musici het na Suid-Afrika geïmmigreer. Die musiekkwalifikasies van bogenoemde musici het gewissel. Mej A French het 'n lisensiaat in klavierspel aan die "Royal Academy of Music" verower, terwyl Herr C J H Eberlein 'n DPhil graad in musiek in Duitsland verwerf het. Dr J Brebner het die musiekeksamens van die Universiteit van die Kaap De Goede Hoop in 1894 in die Oranje-Vrystaat geïnisieer, terwyl die eerste praktiese eksamen van internasionale instansies in 1895 in Port Elizabeth afgeneem is. Die waardevolle onderrigmetode van Herr Eberlein, met die handhawing van 'n fyn balans tussen tegniese, teoretiese en interpretasie beginsels in die stryk- en klaviertrio's ensemblespel, het bygedra tot die ontwikkeling van die uitvoerende en kreatiewe komponente van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek.

Teoretiese onderrig is vanaf elementêre teoretiese klasse uitgebrei tot meer gevorderde harmonieklasse. Herr Eberlein en Mnr F H Crossley het die groepsonderrigmetode, wat slegs 'n voortsetting van die Logeriaanse sisteem was, gepropageer. Dr Bradley was egter verantwoordelik vir die omvangryke uitbreiding van musiekonderrig deur teoretiese klasse vir volwassenes in Port Elizabeth aan te bied.

In Durban is die eerste poging tot komposisie-onderrig deur Mnr W Cooper en Mej A Hart in 1872 aangewend. Die Natalse musiekkurrikulum is in 1896 uitgebrei met die insluiting van teorie, harmonie en komposisie. Musiekvormleer en musiekgeskiedenis is later bygevoeg. Teoretiese eksamens deur verskillende internasionale instansies is alreeds vanaf 1880 in Port Elizabeth afgeneem en het aanleiding gegee

tot die opheffing van Suid-Afrikaanse uitvoerende en kreatiewe komponente in die instrumentale kamermusiekgenre.

**4.2 Die beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en -partiture**

Die geredelike beskikbaarheid van die volledige reeks orkes- of kamermusiekinstrumente was hoofsaaklik te danke aan die vestiging van gespesialiseerde musiekhandelaars in al vier provinsies. Die persmedia is in 'n toenemende mate aangewend om die beskikbaarheid van instrumente onder die publiek se aandag te bring.

Die oorweldigende aanvraag na klaviere het aanleiding gegee tot die vervaardiging van klaviere deur G B S Darter (stigter van die bekende musiekfirma Darter & Seuns in Kaapstad) op Suid-Afrikaanse bodem.

Gunstige ekonomiese toestande het die vindingryke musiekhandelaar, P Davis & Seuns in Pietermaritzburg, gemotiveer om die omset te vergroot deur 'n rubriek, naamlik "The music of the day" gedurende 1883-1884 in The Natal Witness te skryf asook 'n reeks middagkonserte in te stel met die doel om vokale-, instrumentale- en dansbladmusiek te adverteer.

Die revolusionêre musiekdrukkerspoging van die veelsydige litograaf, Johan Marthinus Carstens Schonegevel, was die voorloper van die musiekuitgewerafdeling van die Darter & Seuns firma. Laasgenoemde firma was vanaf 1860 tot 1943 verantwoordelik vir die bewaring van musikale Africana.

Lewendige belangstelling in musiekaktiwiteite en die groot aanvraag na instrumente het bygedra tot die vestiging van Mackay Bros Bpk in Johannesburg, wat nie alleen die grootste en bekendste musiekhandelaar in Transvaal was nie, maar ook as beskermheer van besoekende internasionale uitvoerende kunstenaars en organiseerder van verskeie konserte opgetree het.

### 4.3 Kamermusiekuitvoerings

Musikale inisiatief deur die Engelssprekende burgers het vanaf die veertigerjare, as 'n uitvloeisel van Lord Charles Somerset se verengelsingbeleid in 1822, toegeneem. Musiek is as 'n belangrike vermaaklikheidsaktiwiteit beskou. Met die aankoms van die Britse Setlaars, onderskeidelik in 1820 en 1842 tot 1858 in Port Elizabeth en Durban, het die grootste beweging van kultuurverryking ten opsigte van instrumentale kamermusiek aan die suiderpunt van Afrika plaasgevind.

Die Britse Immigrante en Setlaars was vertroud met die instrumentale kamermusiekuitvoerings tydens die populêre "Monday Pops" konserte in Londen. 'n Omvangryke kamermusiekrepertorium wat Klassieke en Romantiese (destydse kontemporêre musiek) asook die instrumentale kamermusiek deur die Britse komponiste ingesluit het, is gedurende 1853-1898 in Londen uitgevoer. Die hunkering om die tradisie op Suid-Afrikaanse bodem voort te sit is vergroot deur die lustelose, onaktiewe kultuurlewe gedurende die ontwikkelingsjare van verskeie dorpe en stede.

Verder het die karakteristieke ligHartige en liberale lewensbeskouing van die Engelssprekende bevolking, veral in die Boere Republieke, bygedra tot 'n aktiewe, sorgvrye kultuurlewe. Miskien was dit juis die Afrikaner se konserwatiewe lewensuitkyk en wantroue teenoor vernuwing wat 'n stremmende invloed op die ontwikkeling van die instrumentale kamermusiek uitgeoefen het.

Die oorgang vanaf verskeidenheidskonsertprogramme, wat instrumentale kamermusiekitems ingesluit het, tot die georganiseerde kamermusiekkonsertreekse gedurende die tagtiger- en negentigerjare van die negentiende eeu, word waargeneem. Die ontwikkelingsfase het die gewilde intieme siorées, inskrywings-, privaat, filantropiese, verskeidenheids- en militêre orkeskonserte ingesluit. Kamermusiekkonsertreekse is uitsluitlik vir die ernstiger musiekliefhebber georganiseer, byvoorbeeld in Johannesburg is die "Otto von Booth Chamber Concerts" aangebied.

Seldsame besoeke van internasionale kamermusiekensembles gedurende 1838-1910 het aanleiding gegee tot die stigting van plaaslike kamermusiekensembles, waar daar opvallende medewerking tussen professionele en amateurmusici plaasgevind het. Tog het die internasionale ensembles (soos die beroemde Russiese Cherniavski-ensemble, die Hambourg-Coryjeag-Coates ensemble asook die Australiese Payne familie) deur middel van kulturele kruisbestuiwing die Suid-Afrikaanse musici op die hoogte gehou van die musikale ontwikkeling op internasionale vlak.

Konsertorganiseerders was verplig om enkele instrumentale kamermusiekkomposisies in 'n verwerkte vorm aan te bied weens die beperkte aantal beskikbare uitvoerende kunstenaars. Die Suid-Afrikaanse publiek is blootgestel aan konsertprogramme wat die instrumentale kamermusiekrepertorium van die Klassieke en Romantiese komposisiemeester ingesluit het. Minder bekende Europese kamermusiekkomponiste, byvoorbeeld die Franse komponis, B Godard (1849-1895); die Belgiese komponis, H Vieuxtemps (1820-1881); die Hongaarse komponis, T Nachez (1859-1930) asook die Deense komponis, Nils Gade (1817-1890) se werke is ook tydens die konsertprogramme uitgevoer.

## 4.4 Kamermusiekkomposisies

In die rustige suide het die tydelike verblyf van die Italiaanse komponis, Venceslao Bonicoli, tot die uitvoering van sy instrumentale kamermusiekkomposisies gelei. Die embriogeniese ontluiking van Suid-Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiek kan teruggevoer word tot die skepping van Meiring Beck se Suite in 1890. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het die ongunstige konflikjare wel 'n stremmende uitwerking op die kreatiwiteit van die Suid-Afrikaanse bevolking uitgeoefen. 'n Leemte van twaalf jaar is geïdentifiseer, voordat die volgende instrumentale kamermusiekkomposisie verskyn het. Salonstuk (1902) deur M L de Villiers is hoofsaaklik vir die intieme familiemusisering gekomponeer, terwyl die instrumentale kamermusiek-jeugkomposisies van C V N H Hely-Hutchinson in 1909 as aansporing vir die Suid-Afrikaanse jeugdige aspirante komponiste kon dien om op 'n jeugdige ouderdom 'n bydrae tot die instrumentale kamermusiekrepertorium te lewer.

Britse, Duitse en Oostenrykse immigrante het 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiek verleen deur komposisies wat in die Klassieke idioom gekomponeer is, na te laat.

Deur bewys te lewer dat die Suid-Afrikaanse publiek, asook aspirante en professionele komponiste en uitvoerende musici blootgestel is aan internasionale kontemporêre kamermusiek deur georganiseerde uitvoerings en die geredelike beskikbaarheid van instrumente en kamermusiek-partiture, is die grondlegging vir die Suid-Afrikaanse ontwikkeling van instrumentale kamermusiek voltooi. 'n Bevordelike milieu vir die aktiewe skeppingsproses is dus gestabiliseer. Die Europese kultuurverryking het dus aanleiding gegee tot die sporadiese komponering van instrumentale kamermusiekkomposisies gedurende die voorbereidende fase (1838-1910).

# HOOFSTUK 3

# DIE WISSELENDE MUSIKALE ARENAS

# 1911-1945

'n Gerigtheid op Europa, die naelstring van die Suid-Afrikaanse musieklewe, is deur die kosmopolitiese musiekverryking aan die suiderpunt van Afrika versterk. Tydens die transformasie vanaf 'n tydelike verversingspos tot die totstandkoming van die Unie in Suid-Afrika (1910) word 'n nasionalistiese Afrikaanse karakter waargeneem.

Tog was die besoekende en immigrante komponiste terdeë bewus van die ongerepte, inheemse musikale rykdom wat 'n ware Afrikakarakter aan hul instrumentale kamermusiekkomposisies kon verleen. Die sporadiese inkorporering van bogenoemde inheemse elemente in die instrumentale kamermusiekkomposisies het geleidelik tot 'n volwaardige Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekidioom ontwikkel.

Terwyl sommige komponiste oorwegend in die Westerse instrumentale kamermusiekidioom gekomponeer het, is ander oënskynlik beïnvloed deur die inheemse Afrika musiekelemente.

## 1. Primêre ontwikkelingsfase in Suid-Afrikaanse Instrumentale Kamermusiek (1911-1945)

Die primêre ontwikkelingfase in die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek word gekenmerk deur die bydrae van immigrante komponiste, besoekende komponiste en asook die eerste Suid-Afrikaanse komponistegenerasie.

## 1.1 Immigrante komponiste

Assimilasie van die Engelse kultuurverryking op Suid-Afrikaanse bodem word in die aanwending van inheemse volksmusiekmateriaal in sommige instrumentale kamermusiekwerke gereflekteer en kring ook uit tot die merkwaardige bydrae op musiekopvoedkundige, uitvoerende en kreatiewe gebied. 'n Noemenswaardige bydrae is gedurende die primêre ontwikkelingsfase deur vyf Engelse komponiste gelewer.

### (a) Bell, William Henry (1873-1946) (1).

William Henry Bell het nie alleenlik as die eerste merkwaardige Suid-Afrikaanse komposisiementor en komponis, 'n onskatbare bydrae tot die kamermusiekgenre gelewer nie, maar was 'n beslissende faktor in die rigtinggewing en kwaliteitsbepaling van die musiekontwikkeling in Suid-Afrika. As hoof van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in Kaapstad het hy vanaf 1912-1935 'n merkwaardige bydrae tot die uitvoering en skepping van instrumentale kamermusiek gelewer. (2).

Die Suid-Afrikaanse Musiekkollege het van 'n onafhanklike konservatorium (1910-1923) tot die enigste Fakulteit van Musiek in Suid-Afrika ontwikkel, na die inlywing in 1923 van die kollege as deel van die

---

1. Biografiese besonderhede van W H Bell word aangetref in J P Malan se Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel I, pp. 156-164, terwyl sy vernaamste bydrae tot die ontwikkeling van instrumentale kamermusiek in Volume 2, pp. 8-9 bespreek word.
2. H H van der Spuy, W H Bell: Enkele aspekte van sy loopbaan en sy invloed op Suid-Afrikaanse Musieklewe, 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Port Elizabeth, 1970, p. ii.

Kaapstadse Universiteit onder die leiding van Prof W H Bell. (3).

As erkende Engelse komponis en Professor in harmonie en kontrapunt aan die "Royal Academy of Music", het Bell in 1912 na Suid-Afrika geïmmigreer nadat hy die aanstelling as eerste Direkteur van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege aanvaar het. In Suid-Afrika het die nagevolge van die Tweede-Vryheidsoorlog (1899-1902) naamlik die depressie en die knellende droogtes, aanleiding gegee tot die ontstaan van die nasionale sosio-ekonomiese vraagstukke, wat 'n stremmende invloed op die ontwikkeling van musiek uitgeoefen het. (4).

Alhoewel Bell se komposisies in vergelyking met die Westerse wêreldberoemde komponiste, epogenies van aard is, is hul waardevol ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kreatiewe literatuur. (5). As komposisieleermeester het Bell 'n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekgenre gelewer deurdat sy ryk Laat-Romantiese idiomatiese beïnvloeding in die werke van sy leerlinge voortgeleef het. Bekende kamermusiekkomponiste uit die eerste en tweede Suid-Afrikaanse komponiste-generasies het onder Bell gestudeer, naamlik:
Johannes Fagan, Blanche Gerstman, Stefans Grové, John Joubert en Hubert du Plessis. Slegs Grové en Joubert, en in 'n mate Du Plessis,

---

3. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 202.
4. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 488-490, verwys na die volgende sosio-ekonomiese probleme, naamlik: die ontvolking van die platteland en die toestroming van arm blankes na die stede; die georganiseerde blanke arbeidersbeweging in 1913 wat gekumuleer het tot die nasionale staking in 1914 deur blanke steenkool-, spoorweg- en goudmynwerkers soos deur die Federasie van Ambagte gelas is.
5. A Wegelin, Musiekkroniek: W H Bell, Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 15, Nr 3, September 1975, p. 218.

het daarin geslaag om tred te hou met die voortdurende ontwikkeling van die internasionale komposisiestrominge waardeur hulle die Romantiese mentaliteit afgeskud het. (6).

Die belangrikste faktor in die kreatiewe proses, naamlik die fisiese instrumentale uitvoering van die innerlike psigiese klankbeelde van 'n komponis, is daadwerklik aangepak deur die instelling van die periodieke studentekonserte aan die Suid-Afrikaanse Musiekkollege deur Prof W H Bell. Komposisies van die leermeester en studente is tydens die konserte uitgevoer. Ongeag die outomatiese betrokkenheid van Suid-Afrika by die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) is die komposisies van Johannes Fagan, Alec Ashworth en Bell gedurende die eerste konsert uitgevoer. Die tweede studentekonsert is in samewerking met die Kaapstadse Stadsorkes op 4 Desember 1918 aangebied.

Met die erkenning van Afrikaans as ampstaal in 1925, is 'n kamermusiek-konsert op 15 September 1925 aan die tuiste van Strubenholm in Rosebank, deur die Suid-Afrikaanse Musiekkollege aangebied. (7).
In sy veelvuldige buitemuurse aktiwiteite het Bell gekonsentreer op die bevordering van Suid-Afrikaanse musiek deur 'n reeks "Saturday Popular Concerts" in te stel. Destydse kontemporêre komposisies van Suid-Afrikaanse en Engelse komponiste is tydens 'n konsert op 5 Mei 1934 uitgevoer. Komposisies van die volgende komponiste is in die konsertprogram ingesluit: Theo Wendt (1874-1951), W J Pickerill (1892-1955), Doris Beyers, Meiring Beck (1855-1919), Percival R Kirby

---

6. A Wegelin, Musiekkroniek: W H Bell, Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 15, Nr 3, September 1975, p. 218.
7. H H van der Spuy, W H Bell: Enkele aspekte van sy loopbaan en sy invloed op Suid-Afrikaanse Musieklewe, p. 141.

(1887-1970), W H Bell (1873-1946), Armstrong Gibbs (1889-1960), Blanche Gerstman (1910-1973) en Leslie Heward (1897-1943).

Prof Bell se groot literêre erudisie het hom in staat gestel om deur middel van weeklikse rubrieke in The Cape, The South African Nation en deur musiekkritiek en 'n platerubriek in The Cape Argus musikale opvoeding aan die algemene leserpubliek in Suid-Afrika te verskaf. Onvermoeide ywer, entoesiasme en visioenêre musikale insig word in sy veelsydige betrokkenheid op alle musikale terreine weerspieël. (8).

Bell het sy eerste poging in die instrumentale kamermusiekgenre in Engeland aangewend. Sy onvoltooide werk vir klavierkwartet word ook in die MusiekbibliotEek van die Universiteit van Kaapstad aangetref.
Die inleiding en die eerste beweging van die klavierkwartet is gedurende Junie 1894 vir die konvensionele instrumentale besetting, naamlik: klavier, viool, altviool en tjello, geskryf. (9).

**Strykkwartet in G mineur (1926)**

Slegs een van sy drie instrumentale kamermusiekkomposisies, naamlik Strykkwartet in G mineur (Junie 1926) is op Suid-Afrikaanse bodem geskep. Die oorspronklike beskadigde manuskrip, asook 'n gefotostateerde kopie, word tans in die Musiekbibliotheek van die Universiteit van Kaapstad gehuisves. Opvallend is die meer beskrywende Romantiese tempo-aanduidings van die strykkwartet wat uit drie bewegings bestaan, naamlik: Poco adagio tot Allegro moderato; Adagio espressivo en

8. H H van der Spuy, W H Bell: Enkele aspekte van sy loopbaan en sy invloed op die Suid-Afrikaanse Musieklewe, p. 274.
9. Universiteit van Kaapstad, Korrespondensie gedateer 14 Oktober 1993.

Allegro scherzo. Hierdie manuskrip beslaan 47 bladsye en bladsy 24 is gekanselleer.

Kenmerkend is die tematiese verwantskappe van die sangerige melodieë, asook die saambindende ritmiese motiewe wat hoofsaaklik in 'n afwisselende kontrapuntale en homofoniese tekstuur aangebied is. Die duidelike kandensiële ruspunte in die komposisie ondersteun die opvallende tonaliteitsgebondenheid.

Karakteristieke Romantiese musikale elemente, byvoorbeeld die rubato implikasie word in die inleiding (mate 13-16) teen die opvallende wisselende metriese aanwending, geïmpliseer. Fyn nuansering en intense dinamiese manipulasie in klein motiwiese patrone of frases funksioneer as die oorheersende karakteristieke eienskap van die instrumentale komposisie.

**Incipit 3.1:** **Bell, H W: <u>Strykkwartet in G mineur</u> (1926)**
**Romantiese ekspressiwiteit, (mate 13-16).**



Die ooreenstemmende sekwensiële aanwending van ritmiese en melodiese elemente in die oorwegende Westerse en inheemse Afrika musiek word soos volg deur Bell aangewend:

(a) Die horinsontale melodiese kwart-interval word in mate 14-16 sekwensieel in die tweemaat-frase struktuur gehanteer.

(b) Voortsetting van die sekwensiële tegniek deur tweede viool en altviool in 'n multi-ritmiese konteks (mate 14-20).

(c) Bogenoemde sekwensiële tegniek word teen die oorwegende mono-ritmiese herhaling van 'n enkel tjellonoot (mate 14-17) aangewend.

**Incipit 3.2:** **Bell, H W:** **<u>Strykkwartet in G mineur</u> (1926).**

Sporadiese aanwending van ooreenstemmende Westerse en inheemse Afrika komposisie-tegnieke, (mate 14-21).



Die sterk ritmiese saambindende openingsmotief in die derde beweging en vinnige toonleerpassasies word sporadies onderbreek deur die geaksentueerde mono-ritmiese aanwending in alle partye.

Onsekerheid heers of die tweede ongedateerde Strykkwartet in F majeur op Suid-Afrikaanse bodem geskep is. Die komposisie word tans ook in die Kaapstadse Universiteit Musiekbiblioteek gehuisves en bestaan uit die konvensionele vier bewegings, naamlik: Poco Allegro, Scherzo, Adagio en Allegro. 'n Gebinde en gekopieerde weergawe asook die oorspronklike manuskrip, bestaande uit 27 bladsye, word ook by bogenoemde instansie aangetref. (10).

Die laaste lewensjare van Prof Bell was waarskynlik beïnvloed deur die gebeure op internasionale front waar die dreigende Tweede Wêreldoorlog in alle felheid op 3 September 1939 uitgebreek het. Die veelsydige musikus en uitmuntende komposisiementor is op 14 April 1946 in Gordonsbaai oorlede.

Stefans Grové (1922-) het die Strykkwartet in D majeur (1946) opgedra aan sy eerste komposisieleermeester, Prof W H Bell. Hierdeur het hy erkenning verleen aan een van die invloedrykste komposisieleermeesters in Suid-Afrika. Op 15 April 1946, twee dae na die afsterwe van Bell, is die Strykkwartet tydens 'n konsert wat aan die komposisies van Grové gewy is, uitgevoer. 'n Tweede uitvoering van die instrumentale kamermusiekkomposisie is in dieselfde jaar in die Oranjeklub aangebied. (11).

---

10. K Mallows, Chamber Music by South African Composers in South African Libraries, Cape Town: University of Cape Town, 1978, p. 60.
11. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 133.

Hubert du Plessis se erkentlikheid teenoor die filosofiese en inspirerende mentor gedurende sy jeugjare word gereflekteer in Strykkwartet opus 13 (1950-1953) met die opskrif "To the memory of William Henry Bell". (12).

**(b) Kirby, Percival Robson (1887-1970)** (12).

Die historikus en veelsydige komponis, Percival Robson Kirby, is in 1913 deur die Onderwysdepartement van Natal as organiserende Musiek-inspekteur aangestel. Kirby het hom gedurende die ekonomiese krisis in Suid-Afrika in Pietermaritzburg gevestig.

Alhoewel Prof Kirby geen sistematiese musiekonderrig ontvang het nie, het hy na die toekenning van die MA graad in Psigologie en Biologie aan die Alberdeense Universiteit in 1910, ingeskryf vir 'n komposisie-kursus. In 1913 het hy die diploma van assosiaat aan die "Royal College of Music" met behulp van die Reid-studiebeurs, wat in 1910 aan hom toegeken is, onder leiding van Sir Charles V Stanford en Dr C Wood verwerf. (13).

Tydens sy driejarige verblyf aan die kollege het hy klavier- en fluit-onderrig ontvang en ook as timpanispeler van die Kollege-orkes onder leiding van Sir Charles Stanford opgetree. Die hoë standaard van sy oorsese komposisies word gereflekteer deur die twee toekennings, naamlik die Arthur Sullivan Komposisieprys asook die August Manns prys wat

---

12. H H van der Spuy, W H Bell: Enkele aspekte van sy loopbaan en sy invloed op die Suid-Afrikaanse Musieklewe, p. 362.
13. Anonymous, South African Musical Personalities: III Prof Percival Robson Kirby, Res Musicae, Maart 1960, p. 3.

hy verower het. (14). Hy het dus as ervare komponis na Suid-Afrika geïmmigreer.

Kirby se primêre taak was om skoolmusiekonderwysers aan die "Government Training College" in Piermaritzburg op te lei. Uitgebreide navorsing is deur Kirby onderneem om bevredigende musiekopleiding aan die Indiër- en Kleurlingkinders, asook aan die jeug van die inheemse bevolking te verskaf. (15). Intense betrokkenheid by bogenoemde aktiwiteite het gelei tot sy omvangryke bydrae tot die etnomusikologie in Suid-Afrika, deurdat hy vanaf 1923 tot 1971 verskillende artikels in verskeie nasionale en internasionale musiektydskrifte gepubliseer het. (16). Ekspedisies na die inheemse bevolkingstuislande in 1930-1934 asook in 1936 het die veel berese musikus in staat gestel om waardevolle etnologiese publikasies die lig te laat sien, naamlik: The Musical Instrument of the Native Races in South Africa asook The Bushmen of the Southern Kalahari. Waardevolle navorsing op bogenoemde gebied het aanleiding gegee tot die insluiting van inheemse volksmelodieë in sy komposisies.

Die bevordering tot voltydse professor in Musiek deur die Raad en Senaat van die Johannesburgse Universiteitskollege het 'n era van uitgebreide musikale aktiwiteite vir Kirby ingelui. As 'n uitmuntende

---

14. F J van der Merwe, The Compositions of Percival Robson Kirby (1887-1970), a MMus dissertation at the University of the Witwatersrand, 19, p. 4.
15. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, p. 119.
16. Ibid.

musikus is hy beskou as 'n aanwins vir die Transvaal waar hy vir een-en-dertig jaar diens gelewer het. Gustave Hall was beïndruk deur die veelsydige musikus en verwys soos volg na die optimistiese benadering deur Kirby:

> "I have come across many musicians in my time, but never a young man with such a quick, forceful, indefatigable enthusiasm."

Die verlies van 'n waardevolle musikus deur Natal word ook in die berig betreur. (17).

Kirby was verplig om al sy energie gedurende die eerste jare tydens die vestiging van 'n nuwe Musiekdepartement aan te wend. Dus was daar weinig geleentheid om musiek te komponeer. In 1924 is hy verkies as "Fellow of Royal College of Music", honoris causa. (18).

Sy enigste instrumentale kamermusiekkomposisie op Suid-Afrikaanse bodem, <u>Miniature Suite</u> vir fluit, hobo, klarinet, horing en fagot is in 1926 aangedurf en is in werklikheid 'n verwerking van die oorspronklike komposisie wat in 1912 gekomponeer is. Op 22 Januarie 1927 is die agt minute lange kamermusiekwerk in die Kaapstadse Stadsaal uitgevoer. (19). Die oorspronklike manuskrip word tans in die "Oxford University Music Club" gehuisves terwyl die verwerkte partituur in Johannesburg se Openbare Biblioteek geakkommodeer word.

---

17. F J van der Merwe, The Compositions of P R Kirby, p. 7.
18. Ibid, p. 9.
19. M S Levy, <u>Catalogue of Serious Music: Original Works, Arrangements and Orchestrations, Published and in Manuscript by Southern African Composers and Arrangers (1962-1992)</u>. Johannesburg: SAMRO, 1992, Deel I, p. 206.

Breyer het 'n katalogus van Kirby se komposisies, wat tans in Johannesburg se Openbare Biblioteek gehuisves word, saamgestel naamlik: "Professor Percival Robson Kirby MA, DLitt, FRCM; Head of the Department of Music, University of the Witwatersrand 1921-1954 - A bibliography of his works." (20). 'n Uitgebreide outobiografiese lys van alle komposisies en verwerkings sedert 1961 is deur Kirby saamgestel en is op 10 Januarie 1967 voltooi. Bogenoemde informasie verskyn onder die titel: "Classified catalogue of compositions/ by / Percival R Kirby/ with full particulars of instrumentation". Alle manuskripte en verwerkings word in die Musiekbiblioteek van die Johannesburgse Openbare Biblioteek gehuisves.

(c) **Lissant-Collins, Henry (1880-1941)** (21).

Tydens die langdurige depressie (1929-1933) wat in Oktober 1929 begin het met die ineenstorting van Wall Street weens oorspekulasie en die omvangryke werkloosheid, het Henry Lissant Collins, redakteur van The Diamond Fields Advertiser in Kimberley (1924-1931), sy enigste instrumentale musiekkomposisie geskryf.

Die Klavierkwartet (1927) vir konvensionele instrumentale besetting van klavier, viool, altviool en tjello is op 4 Augustus 1931 in Johannes-

---

20. F J van der Merwe, The Compositions of P R Kirby, p. 13.
21. Biografiese besonderhede word deur J P Malan in Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, pp. 190-191 verskaf.

burg uitgevoer. (22). Tans word die oorspronklike manuskrip, wat 38 bladsye beslaan, in die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se biblioteek in Durban aangetref. Alhoewel die Klavierkwartet (1927) uit die konvensionele vier bewegings, naamlik: Allegro moderato; Andante; Scherzo en Finale bestaan, is daar 'n moontlikheid dat inheemse Afrika-elemente soos dié in Lissant-Collins se Zoeloesimfonie (1922), ook in die instrumentale kamermusiekkomposisie geïmplementeer is.

(d) **Barton, Horace (1872-1951)** (23).

Die nagevolge van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) is gekenmerk deur depressie en 'n knellende droogte wat bygedra het tot die nasionale sosio-ekonomiese vraagstukke. Desnieteenstaande het Horace Barton in sporadiese samewerking met Ethel Biden (violis), Alice Ivimy (violis), Charles Davies (violis) en Percival Jackson (tjellis) tydens die uitvoering van trio's deur Niels Gade en Mendelssohn in die Duitse Liedertafelsaal, bekendheid as uitvoerende ensemblespeler verwerf.

Gedurende 'n landswye toer in 1911 het Barton, in samewerking met Ada Crossley (sopraan), Gregor Cherniavsky (tjellis) en Stanley Newman (kontrabasspeler) bygedra tot die bekendstelling van kamermusiek. 'n Hoë uitvoeringstandaard van kamermusiek is deur bogenoemde ensemble in Bloemfontein, Kimberley en Pretoria gehandhaaf.

22. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, p. 191.
23. Ibid, Deel 1, pp. 140-142.

Barton het sy kleurryke loopbaan as 'n veelsydige musikus in die Transvaal ingelei met sy aanstelling as orrelis vanaf 1911-1923 aan die St George Presbiteriaanse Kerk. Sy menigvuldige musikale aktiwiteite het orrel- en klavieruitvoerings, dirigering van die Johannesburgse Mannekoor asook die Johannesburgse Filharmoniese Vereniging in 1915, die dosering van teoretiese en praktiese musiekkomponente onderskeidelik aan die Maude Harrison Konservatorium en die Universiteit van die Witwatersrand (1923-1945), ingesluit. (24).

In teenstelling met die gebruik van verskillende skuilname tydens die konstruering van vokale komposisies naamlik "Excalibur" en "Kleinjan", het Barton drie instrumentale kamermusiekkomposisies onder sy eie naam gekomponeer. Konvensionele titels word aan sy komposisies toegedig, naamlik: Trio in F mineur (1937), Sonate vir twee altviole en klavier (1945) en Menuet (1945) vir drie fluite en 'n driehoek.

**Trio in F mineur (1937)**

Die Trio in F mineur (1937) is 'n verteenwoordigende voorbeeld van 'n meer Romantiese vormontplooiing deurdat die twaalf minute lange werk slegs in een beweging gegiet is. Hierdie komposisie kan beskou word as die oorgang vanaf die eerste tot die tweede Suid-Afrikaanse komponistegenerasie. Barton verkry 'n intense emosionele trefkrag met die akkoordale bravour inleiding van twaalf mate deur die klavierparty. Sporadiese kontrapuntale tekstuur word geskep deur die kontasterende

---

24. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel I, p. 141.

stemvoering tussen die viool en tjellopartye. Metriese wisseling asook die tempi-wisseling met rubato-effekte, wat verhoog word met die rallentando en a tempo aanduidings, kan beskou word as 'n antisipering van die derde en vierde Suid-Afrikaanse kontemporêre komponiste-generasie in Suid-Afrika waar wisselende tempi 'n karakteristieke instrumentale kamermusiekeienskap is.

Die oorheersende Eurosentriese Romantiese karakter in die Trio word beklemtoon deur die verwisseling vanaf die mineurtoonaard in die inleiding (mate 1-12) tot die majeurtoonaard in die codetta-seksie. Die enharmoniese skryfwyse asook die verplasing van die funksionele harmonie deur statiese harmoniese aanwending dra by tot die sukses van hierdie komposisie.

'n Oplewing van kulturele aktiwiteite het plaasgevind vanweë die ekonomiese herlewing en die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) in 1936. (25). Die trefkrag van die Trio in F mineur (1937) asook die buitengewone geskiktheid van die intieme kamermusiekgenre om lewendig oor die eter uitgesaai te word, word in die drie opeenvolgende uitsendings van bogenoemde Trio deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) se senders in Johannesburg en Durban, gereflekteer.

Trio in F mineur (1937) is op 7 September asook 14 November 1938 vanuit die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in Johannesburg uitgesaai. Die uitvoerende kunstenaars gedurende die uitsendings was onderskeidelik Doris Pryce (violis), Vaughan Pryce (tjellis) en Horace Barton (pianis)


---

25. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 538.

asook J Schuman (violis), N Goldler (tjellis) en Horace Barton (pianis). 'n Derde uitsending van die werk is op 25 Augustus 1939 uit die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in Durban gedoen. Die uitvoerende kunstenaars was George Walker (violis), Olive Fothergill (tjellis) met Dukie Goodwill as pianis. Sommige uitvoerende kunstenaars het hul handtekening op die titelbladsy gegraveer.

**Incipit 4: Barton, H: <u>Trio in F mineur</u> (1937)**

**Titelblad**




(Oorspronklike manuskrip word in die SAUK Musiekbiblioteek, Johannesburg bewaar).

(e) **Cherry, Richard John (1897-1982)** (26).

In 1922 het die fagotspeler Richard Cherry na Suid-Afrika geïmmigreer en hy was onderskeidelik aan die Durbanse Munisipaliteit-orkes (1922-1928) en tot 1938 aan die Kaapstadse Stadsorkes verbonde. Sy veelvuldige verpligtinge het harmonie-onderrig aan mede-orkeslede, navorsing as orkesbibliotekaris, dirigering, asook praktiese en teoretiese onderrig aan die Suid-Afrikaanse Musiekkollege ingesluit. Finansiële verpligtinge asook die stremmende depressiejare (1929-1933) het aanleiding gegee tot die intensiewe benutting van tyd gedurende die treinritte tussen Muizenberg en Kaapstad waar hy noodsaaklike bestudering van lesings-materiaal en orkestrering van instrumentale partye as 'n ekstra inkomste aangedurf het. (27).

Tydens sy verblyf in Kaapstad is Little Suite for six wind instruments (1937) gekomponeer en die werk is op 11 September 1938 deur lede van die Kaapstadse Stadsorkes onder leiding van die komponis uitgevoer. (28). Hierdie werk het klaarblyklik verlore geraak aangesien dit nie in die "Manuscripts Collection: Inventory of Richard Cherry Collection" saamgestel deur Herma van Niekerk, ingesluit word nie. (29).

---

26. R van den Berg, In Memoriam - Richard Cherry (1897-1982). The South African Journal of Musicology, 1983, Vol 3, p. 57.
27. L Cherry, Additional Notes on the Life of Richard Cherry, Pretoria: UNISA Library, a s, p. 4.
28. Teenstrydige inligting word aangetref naamlik L Wolpowitz verskaf 1935 as datum waarop Cherry na Johannesburg verhuis het in Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie Vol 1, p. 257; terwyl L Cherry in "Additional Notas on the Life of Richard Cherry" op p. 4 die verhuisingsdatum as 1938 aangee. Laasgenoemde bron word ingesluit in die Richard Cherry versameling soos gehuisves in UNISA biblioteek.
29. H van Niekerk, Manuscripts Collection: Inventory of the Richard Cherry Collection, Pretoria: UNISA Library, 1989, pp. 1-26.

Michael S Levy verwys na bogenoemde werk as Suite for Woodwind (1937) in drie bewegings. Behalwe die wysiging van die titel word die instrumentale besetting ook tot fluit, hobo, klarinet, fagot en horing afgeskaal. (30). Sedert 1938 was Richard Cherry verbonde aan die SAUK orkes in Johannesburg.

(f) **Idelson, Jeremiah (1893-1977)** (31).

As ervare uitvoerende ensemble-speler en altviolis het Jeremiah in 1912 by sy suster in Johannesburg aangesluit. Die veelsydige uitvoerende kunstenaar se talente is deeglik benut aangesien hy verantwoordelik was vir die verskaffing van saxofoon- en banjo-uitvoerings in teekamers. Verder het hy 'n orkes in "His Majesty's Theatre" tydens die aanbieding van klanklose films gedirigeer.

Gedurende sy loopbaan as altviolis van die Kaapstadse Stadsorkes in 1916-1917 asook 1922-1923, het hy komposisie-lesse van Prof W H Bell ontvang. As lid van kamermusiekensembles was hy betrokke by menige konsertuitvoerings in Pretoria en Johannesburg. Vanaf 1923 tot 1926 het Idelson die amp van Direkteur van "African Theatres" beklee.

---

30. M S Levy, Catalogue of Serious Music, Vol 1, p. 42.
31. Biografiese besonderhede word deur J P Malan in Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, pp. 256-258 verskaf.

Na sy aanstelling as orkeslid van die "African Broadcasting Company" het hy 'n betrekking as uitvoerende altviolis by die SAUK aanvaar. Tydens sy verbintenis met die radiowese het hy verskeie ampte beklee, naamlik: bibliotekaris, programopsteller en orkestreerder.

Twee instrumentale kamermusiekkomposisies, naamlik Fantasie vir strykkwartet (1940) en Jeansa (1944) is tydens Idelson se verbintenis met die SAUK gekomponeer. Die instrumentale besetting vir Jeansa (1944) is twee viole en klavier. (32).

Waardevolle en uitgebreide gemeenskapsdiens is deur Jeremiah gelewer as musiekleier van die Verenigde Joodse Progressiewe Gemeente in Johannesburg; Eremusiekdirekteur van die Suid-Afrikaanse Bond vir Progressiewe Judaïsme en ook as inisïeerder van die Suid-Afrikaanse Komposisie Vereniging in 1942. (33). In die verhandeling "Eva Noel Harvey (1900-1984) a South African Composer" word verwys na die doelwit van laasgenoemde vereniging om jaarliks twee konserte, wat Suid-Afrikaanse komposisies insluit, aan te bied. (34). Volgens die persoonlike dokumentasie van Eva N Harvey het Idelson bygedra tot die bereiking van dié doelwit voordat hy in 1957 as Ere-Sekretaris van bogenoemde vereniging uitgetree het. (35).

Na sy uittrede as SAUK-orkestreerder het hy hom uitsluitlik op komposisie en die joernalistiek toegelê.

---

32. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 257.
33. E Krynauw, Eva Noel Harvey (1900-1984) a South African Composer, a MMus dissertation at the University of the Witwatersrand, 1989, p. 4.
34. Ibid.
35. E N Harvey, Personal documents, housed at Bobolink, Sandhurst, Johannesburg, 10 November 1957.

(g) **Swanson, Walter Donald (1903-1981)** (36).

Die grootste bydrae tot die studieveld van Suid-Afrikaanse trio's tot nonette is deur die veelsydige Engelse pedagoog, uitvoerende kunstenaar en komponis, Walter Donald Swanson, gemaak. Van sy 46 instrumentale kamermusiekkomposisies is 25 werke na 1924 op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer.

Met die aanvaarding in 1924 van die doseerpos as strykinstrumentdosent aan die Grahamstadse Onderwysopleidingskollege het Walter Swanson 'n waardevolle bydrae tot die musikale ontwikkeling en bekendstelling van instrumentale kamermusiek gelewer. Uitgebreide musikale aktiwiteite is gedurende die eerste ses jaar van sy verblyf in die Kaapkolonie gedemonstreer en sluit die volgende in, naamlik: Strykinstrumentdosent aan die Grahamstadse Onderwysopleidingskollege (1924-1925); violis van die Kaapstadse Stadsorkes (1926) en in 1927 assistentdirigent van bogenoemde orkes. (37).

Sy kortstondige verblyf in die Transvaal is gekenmerk deur sy uiteenlopende belangstellings. Hy het in 1929 vir Kinemas, 'n jong filmindustrie in Johannesburg gewerk en in sy vrye tyd aan die uitvoerings van die Ketelbey-strykkwartet deelgeneem. (38).

---

36. M Swanson, Korrespondensie gedateer 20 September 1993.
37. Ibid.
38. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel IV, p. 316.

Die knellende depressie het Swanson blykbaar gedwing om 'n meer stabiele werk in Queenstown te aanvaar. Finansiële verantwoordelikheid het hom genoodsaak om twee verskillende poste gelyktydig te beklee, naamlik dié van musiekonderwyser aan "Queen's College" en as orrelis aan die St Michael Kerk. (39). Swanson se affiniteit vir die inheemse vokale musiek het gelei tot die verwerking van Nkosi Sikelel' I Africa vir 'n instrumentale ensemble soos in Mev M Swanson se korrespondensie vermeld word:

> "It was when he was in Queenstown that he really got to know the African community of SA and for the first time he heard Nkosi Sikelel' I Africa sung as an anthem. He made the first staff notation copy of the music, and arrange it for string quartet, but he loved the natural, spontaneous unaccompanied singing of the African choirs, and until the very end of his life, he was always available when needed to adjudicate choir competitions or give advice". (40).

M S Levy verwys in Volume 2 van Catalogue of Serious Music na die verwerking van Nkosi Sikelel'I Africa in 1937 vir strykkwartet. In 1979 het Swanson die verwerking hersien en die manuskrip van bogenoemde verwerking word by die Suid-Afrikaanse Musiek Regte Organisasie (SAMRO) gehuisves. (41).

Gedurende sy twaalf jaar in die radiowese was hy verantwoordelik vir die skepping van bykomstige musiek vir glansprogramme. Verder het hy ook praatjies oor musiekaangeleenthede vir die SAUK-satelliet in Kaapstad voorberei. Die eerste gedateerde instrumentale kamermusiekkomposisies het gedurende die tydperk uit sy pen gevloei. Die stryk-

---

39. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 316.
40. M Swanson, Korrespondensie gedateer 20 September 1993.
41. M S Levy, Catalogue of Serious Music, Vol 2, p. 555.

kwartet vorm die basis vir sy eerste drie instrumentale kamermusiekkomposisies, naamlik: Strykkwartet Nr 1 (1936); Tempo di Minuetto (1940) vir hobo en strykkwartet; asook 'n stel variasies gebaseer op 'n bekende en lighartige volksdeuntjie naamlik Brandewyn laat my staan (1940) vir strykkwartet. Bogenoemde werke word binne die tydsduur van ses minute uitgevoer en is ongepubliseer.

Gedurende 1941 het Walter, ongeag die uitputtende SAUK-werkslading van 60 uur per week, die vakuture as eerste klasmusiekdosent aan die Hewat Opleidingskollege in Roelandstraat, vir 'n tydperk van 30 jaar aanvaar.

1.2 **Besoekende komponis**

(a) **Pobjoy, Marjon** (42).

Vir 'n dekade lank (1935-1945) is die oplewing in die musikale arena van Oos-Londen gekenmerk deur die organisatoriese vermoë van die veelsydige Engelssprekende musikus, Marjon Pobjoy. Bogenoemde kulturele oplewing lewer bewys van die wedersydse beïnvloeding van ekonomiese en kulturele faktore.

As eggenote van die pastoor van die Anglikaanse Kerk St Saviour, was sy verantwoordelik vir die organisering van konserte en het ook as uitvoerende pianiste in samewerking met die Oos-Londense Munisipale Orkes aan konserte deelgeneem.

---

42. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 36.

'n Hoogtepunt in haar bydrae tot die uitvoering en bekendstelling van instrumentale kamermusiekkomposisies word in 1936 met die stigting van die Oos-Londense Musiekklub asook die "East London String Players" bereik. (43). Maandelikse konserte, waartydens plaaslike soliste en ensemblegroepe opgetree het, is deur die Oos-Londense Musiekklub aangebied.

Pobjoy se kreatiewe bydrae tot die instrumentale kamermusiekgenre word gekenmerk deur die kontrasterende Westerse en inheemse Afrika-invloede. Die invloed van Westerse kunsmusiek word gereflekteer deur die aanwending van tradisionele Engelse volkmusiekmateriaal in die English Suite (1936) vir strykkwartet deurdat die finale van die konvensionele strykkwartet die kombinasie van twee landelike deuntjies, naamlik "The old note" en "Hunt the squirrel" insluit.

Insluiting van Afrika-musiekelemente is in 'n tweede komposisie vir strykinstrumente in 1936 aanwesig, deurdat 'n inheemse melodie as tematiese materiaal in die Variations for strings on an African melody (1936) aangewend is. 'n Sterk moontlikheid bestaan dat bogenoemde werke gedurende 1936-1945 deur plaaslike musici uitgevoer is.


---

43. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 36.

**Incipit 5: Suid-Afrikaanse Instrumentale Kamermusiekkomponiste tydens die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945)**



Caluza, Reuben T (1895-1969)(44)



Van Wyk, Arnold C V (1916-1983)(45)

44. Y Huskisson, Die Bantoe-Komponiste van Suider-Afrika, Eerste uitgawe, Johannesburg: SAUK, 1969, p. 24.
45. Dr H Temmingh, Die Musiek van Arnold van Wyk, Musicus, Vol 2.2, 1974, p. 53.

## 1.3 Suid-Afrikaanse komponiste

### (a) Fagan, Johannes Jacobs (1889-1920) (46).

Die tragiese afsterwe van een van die belowende Suid-Afrikaanse komponiste, naamlik Johannes J Fagan, het Suid-Afrika nie net beroof van die eerste komponis uit eie bodem wat die potensiaal vir uitgebreide werke getoon het nie, maar ook van 'n waardige eiesoortige toetrede tot die historiese ontwikkeling van instrumentale kamermusiek in Suid-Afrika.

Fagan se kompositoriese nalatenskap bestaan uit 'n verskeidenheid manuskripte in verskillende stadia van voltooiing en rypheid, waaronder twee instrumentale kamermusiekkomposisies ressorteer. Die ongedateerde werke naamlik die Trio vir klavier, viool en tjello asook die Strykkwartet is tussen 1914-1920 gekomponeer. Aangesien Johannes Fagan op Suid-Afrikaanse bodem vanaf 1914-1916 asook tydens sy verblyf in 1918-1919 komposisie-onderrig van Prof W H Bell ontvang het, het hy in 1917-1918 asook in 1920 komposisie-onderrig van Vaughan Williams aan die "Royal Academy of Music" ontvang. Dit is dit onduidelik of bogenoemde werke wel op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer is. Die moontlikheid dat een of albei werke op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer is, word egter gesteun deur die omvangryker komposisie-opleiding wat hy van Prof Bell ontvang het.

---

46. S Grové, Die ontstaan en ontwikkeling van ons kunsmusiek - Deel 3, Johannes Fagan 1898-1920, Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser, Nr 97, Augustus 1980, pp. 11-14.

Albei instrumentale kamermusiekkomposisies verskyn in 'n onvoltooide vorm deurdat daar onderskeidelik negentien mate van die kalvierparty in die Trio vir klavier, viool en tjello asook twee dele van die Strykkwartet ontbreek. (47). As komposisie-student van Prof Bell word die laat Romantiese skryfstyl ook in Fagan se instrumentale kamermusiekkomposisies aangetref. Sy kortstondige kreatiewe periode word in 1920 afgesluit. (48).

(b) **Lapin, Lily (1893-)** (49).

Tydens Lily se musiekopleiding vanaf 1909 aan die Brusselse Konservatorium het sy komposisie-onderrig van Victor Mercier, asook onderrig in ensemblewerk en tjello ontvang. Hierdie waardevolle opleiding word in die oorwegende liederkomponis se enkele bydrae tot die instrumentale kamermusiekgenre naamlik: Tango: Trio vir klavier, viool en tjello gedateer 6 September 1930 gedemonstreer. Sy was op daardie stadium woonagtig te 749 Pretoriusstraat, Arcadia in Pretoria. Die komposisie is opgedra aan MHF, 'n onbekende, maar die werk kon ook aan haar drie susters opgedra wees. (50).

Die oorspronklike manuskrip van die Tango (1930) word in die Musiekbiblioteek van die SAUK in Johannesburg onder die katalogus nommer 676/A bewaar. (51).

---

47. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 43.
48. J Bouws, Suid-Afrikaanse Komponiste van Vandag en Gister, Kaapstad: A A Balkema, 1957, p. 49.
49. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, p. 165.
50. L Lapin, Tango: Trio (1930), Titelbladsy.
51. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 5, p. 158.

Die manuskrip bestaan uit ses bladsye en die tonale werk in C mineur open met 'n driftige viermaat-inleiding deur die klavierparty.
'n Romantiese idiomatiese kenmerk is die lang liriese sangerige melodiese lyne wat oor die gesinkopieerde ostinato-klavierbegeleiding gekonstrueer is. Die ritmiese ostinato-patroon in die baslyn van die klavierparty herinner sterk aan die kenmerkende ostinato-ritmes van die inheemse Afrika musiek.

**Incipit 6: Lapin, L:** __Tango: Trio vir klavier, viool en tjello__ **(1930)**

Ritmiese ostinato-klavierpatroon. (mate 5-14).



Die onreëlmatige triool-passasies asook die wisselende tempi en die tertsgekonstrueerde akkoorde met enkele chromatiese verandering, is kenmerkend van die laat Romantiese periode.

**(c) Caluza, Reuben Tholakele (1895-1969)** (52).

As Zoeloe pedagoog het Reuben Caluza die eerste poging aangewend om die internasionale notasiestelsel aan sy eie mense bekend te stel. Caluza het sy primêre opleiding aan die Ohlange Instituut ontvang. Die ervare koordirigent is deur "His Master's Voice" grammofoonmaatskappy genader om Zoeloe-liedere in Engeland op te neem. (53).

Tydens sy tweede buitelandse besoek het Caluza 'n vierjarige BMus graad van die Hampton-Instituut in Virginia, Amerika verwerf. (54). Sy eerste instrumentale kamermusiekkomposisie, <u>Reminiscences of Africa</u> (die voltooiingsdatum is waarskynlik 1934) het 'n intergrale deel van sy studies gevorm. Sy vrye tyd is in beslag geneem deur die same-stelling van 'n vokale studentekwartet uit Wes-Afrika, wat tradisionele Zoeloe-liedere in hul repertorium geabsorbeer het.

Vir die volgende twee-en-'n-half jaar het Caluza 'n musiekopvoedkundige studierigting aan die Universiteit van Columbia gevolg. Die verwerwing van die MA graad is gebaseer op twee instrumentale strykkwartette.

---

52. Y Huskisson, <u>The Bantu Composers of Southern Africa-Supplement</u>, Second edition Pretoria: Human Science Research Council, 1983, p. 2.
53. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel I, p. 243.
54. <u>Ibid</u>.

Bogenoemde strykkwartette reflekteer 'n Afrika-karakter deurdat albei werke onderskeidelik op oorspronklike Zoeloe-liedere gebaseer is.
Die vokale komposisies naamlik, Ricksha en Go down Moses, is deur Caluza gekomponeer en funksioneer onderskeidelik as die cantus firmus vir Strykkwartet Nr 2 en Strykkwartet Nr 3.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1937 het Caluza die aanstelling as Musiekhoof aan die Adams Kollege aanvaar.

**(d) Nepgen, Rosa Sophia Cornelia (1909-)** (55).

As sensitiewe tienderjarige is Rosa Nepgen sterk beïnvloed deur die poëtiese benadering van haar spraakterapeut, Stephanie Faure. (56). Selfs gedurende haar universitêre musiekopleiding het haar belangstelling in tale verdiep deurdat sy in 1927 aan die Universiteit van die Witwatersrand die BA en BMus grade met die hoofvakke Musiek, Engels en Etiek behaal het. Na die verwerwing van die BMus Honneurs graad in 1931 en die gebruiklike praktiese lisensiate in orrel- en klavierspel was sy tot 1944 as dosent aan die Musiekdepartement van die Universiteit van die Witwatersrand verbonde.

Haar enigste instrumentale kamermusiekkomposisie, Trio (1940) vir viool, tjello en klavier, is tydens haar periode as dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand gekomponeer. (57).

---

55. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, p. 314.
56. Ibid, p. 315.
57. M S Levy, Catalogue of Serious Music, Vol 2, p. 287.

(e) **Van Wyk, Arnold Christiaan Vlok (1916-1983)** (58).

Dit is ironies dat die eerste werklike diepgaande Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisie op vreemde bodem, naamlik in Engeland, tydens Arnold van Wyk se studie-periode, gekomponeer is. Die uitgebreide tydperk van agt jaar wat Van Wyk in die buiteland vertoef het, val binne die kriteria van komposisiekeuse as gevolg van die studie-periode oor 'n tydperk van drie jaar en die vyfjaar-periode waarin eksperimentele kulturele vernuwing plaasgevind het. Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941) is in Londen voltooi.

Deur sy geniale kreatiwiteit en as uitvoerende pianis aan die "Royal Academy of London" het hy verskillende toekennings verower, naamlik die Charles Lucas-prys vir die beste eksamenkomposisie, die Roller-prys as uitvoerende pianis en in 1941 die medalje van die "Worshipful Company of Musicians" wat op 'n driejaarlikse basis aan die uitstaande student in die uitvoerende asook skeppende afdeling toegeken word. (59).
In 1940 is die "British Performing Right Society" beurs vir 'n verdere twee jaar verleng.

**Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941)**

Die trae ontwikkeling van Suid-Afrikaanse skeppende toonkuns word beskryf as "pretensieloos en patrioties" en word toegedig aan die

---

58. H Temmingh, 'n Stylkritiese Studie van die musiek van Arnold van Wyk, 'n MMus verhandeling aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1965, pp. 1-3.
59. H Temmingh, 'n Stylistiese Studie van die Musiek van Arnold van Wyk, p. 7.

afwesigheid van 'n werklike volksliedkultuur en die gebrek aan tradisie as gevolg van die uitgebreide pionierstryd in die binneland. (60).
In teenstelling met die opmerking word die intense trefkrag van die diepgaande ernstige toonkuns in Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941) verhoog deur nasionale en internasionale erkenning te verwerf as die eerste waardevolle Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek-komposisie. Die werk is tussen September 1940 en Junie 1941 gekomponeer en in 1946 deur die Britse firma Boosey and Hawkes gepubliseer.

Die suite-agtige meer gekompliseerde deurdagte komposisievorm van Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941), met konstrasterende emosionele stemminge, word in negentien minute uitgevoer. (61). Tematiese fragmentasie is hoofsaaklik op konsonante-intervalle gebaseer terwyl die frases hoofsaaklik tonaalgebonde is, alhoewel modulasies vrylik aangewend word. Die sterk ritmiese vorm en gejaagde isoritmiek is opvallend en die veelvuldige tempowisseling is karakteristiek aan die eerste elegie. Aggressie word deur die mono-toniese ritmiese quasi-ostinato- en ostinato-patrone in die tjelloparty ontlok, en herinner sterk aan die kenmerkende ostinato ritmiese patrone van die inheemse Afrika musiek.

---

60. H Temmingh, 'n Stylistiese Studie van die Musiek van Arnold van Wyk, p. 5.
61. P Klatzow (ed), Composers in South Africa Today. First edition. Cape Town: Oxford University Press, 1988, p. 9.

**Incipit 7.1: Van Wyk, A C V: Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941)**
**Mono-toniese ostinato-patroon in tjelloparty, (mate 137-147).**



'n Volwasse en vakkundige strykkwartettegniek word weerspieël in fyn gebalanseerde instrumentale kommunikasie terwyl die derde elegie oorheersende altsolistiese seksies besit wat deur ruwe tjello tussenwerpsels aan die einde onderbreek word.

**Incipit 7.2: Van Wyk, A C V: Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941)**

**Altsolistiese seksie in die derde elegie.**




Eksperimentele instrumentale effekte word vervang met die gelyktydige aanwending van pizzicato en martelle-effekte wat gekombineer word met glissandi.

Die sterk polifoniese tekstuur word gekenmerk deur die liniêre melodiese karakter. Antisipering van die kenmerkende Avant-garde dissonant-effek word verkry deur die pedaalpunte waardeur uiters gespanne harmonieë ontstaan. Tonaalgebonde en funksionele harmonie word geïmpliseer deur die eenvoudige akkoordformasies en konvensionele kadenspunte.

Die internasionale première van Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941) is in 1946 deur die Britse Uitsaai-korporasie (BUK) uitgesaai, terwyl die eerste nasionale uitsending in 1945 plaasgevind het. Gedurende die Suid-Afrikaanse musiekfeesweek was Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941) deur die SAUK in Johannesburg tydens die Kamermusiekkonsert op die Engelse sender uitgesaai. (62). Op 13 Februarie 1990 is bogenoemde werk uitgevoer deur P Koornhof (violis), E van der Merwe (violis), M Combrink (altviolis) en H Coetzee (tjellis). (63).

Internasionale erkenning is in 1951 verkry tydens die "Festival of the Internasional Society for Contemporary Music" te Brussel. (64).

**(f) Underwood, Vangie**

Geen biografiese inligting van Vangie Underwood is beskikbaar nie. Die vermoede dat Underwood se Strykkwartet in D mineur (1933) 'n studentekomposisiepoging is, word gesteun deur die feit dat bogenoemde werk uit slegs een beweging bestaan. (65).

Alhoewel die oorspronklike manuskrip tans in besit van die Pretoriase Universiteit is, is telefonies bevestig dat Underwood nie aan dié instansie of die Universiteit van Suid-Afrika geregistreer was nie. (66).

---

62. Verwys na Volume 1, Hoofstuk 5, p. 309.
63. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 2, p. 68.
64. U Siehoff verskaf 'n vroeër internasionale première-datum naamlik 1950 in "South Africa String Quartets", a BMus dissertation at the University of the Witwatersrand, 1982, p. 91.
65. K Mallows, Chamber Music by South African Composers, p. 11 and U Siehoff, South African String Quartets, 1982, p. 90.
66. Op 25 Augustus 1993 kon geen telefoniese bevestiging verkry word van UNISA se Registrasie-afdeling dat Underwood as 'n BMus student by die instituut geregistreer was nie.

## 2. Gevolgtrekkings

Die sporadiese instrumentale kamermusiekkomposisie-pogings gedurende die eerste jare (1911-1929) na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, reflekteer die sterk invloed wat deur die onstabiele ekonomiese, sosiologiese en politieke toestande op die skeppende toonkuns uitgeoefen is. (67).

Die trae kulturele ontwikkeling word gereflekteer in die skeppingstempo van slegs vier gedateerde instrumentale kamermusiekkomposisies oor 'n tydperk van agtien jaar. Noemenswaardige kreatiewe pogings is uitsluitlik deur Engelssprekende immigrante geïnisieer. Wedersydse kultuurverryking, naamlik die assimilasie van Afrika-volksmusiekelemente in die Eurosentriese Engelse musiekkultuur op Suid-Afrikaanse bodem, het die fondasie vr 'n eiesoortige Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiek gevorm. Afrika-melodieë is hoofsaaklik deur Prof Bell, Prof Kirby en Lissant-Collins in hul komposisies aangewend.

Prof W H Bell het as komposisiementor 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek gelewer. Deur die instelling van periodieke studentekonserte asook "Popular Saturday Concerts", het Prof Bell die belangrikste faktor in die krea-

---

67. Onstuimige politieke en ekonomiese arenas word gekenmerk deur die herhaaldelike afkondiging van die krygswet om vrede en stabiliteit te handhaaf, gedurende die georganiseerde blanke arbeidsbewegingstakings in 1913; die Rebellie (1914) asook tydens die revolusie na die gedwonge loonsvermindering in 1922 in die mynbedryf. Verstedeliking het aanleiding tot die oproerigheid gegee en is geïnisieer deur die uitgerekte na-oorlogse depressie vanweë die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918). Die sosio-ekonomiese probleme het veral in Transvaal en in 'n mindere mate in die Vrystaat voorgekom.

tiewe proses, naamlik die fisiese instrumentale uitvoering van die innerlike psigiese klankbeelde van 'n komponis, beklemtoon.

Musikale opleiding is nie slegs aan alle rasse verskaf nie, maar daar is ook pogings aangewend om die algemene Suid-Afrikaanse publiek deur middel van koerantrubrieke en platekritiek in nuusblaaie, op te voed. Instrumentale kamermusiek in hoofsaaklik in Kaapstad uitgevoer, byvoorbeeld Prof Kirby se hersiene weergawe van Miniature Suite (1912) in 1926, soos uitgevoer op 22 Januarie 1927. Lissant-Collins se Klavierkwartet (1927) is eers gedurende 1931 in die tweede stadium van die primêre ontwikkelingsfase van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek in Johannesburg uitgevoer.

'n Konvensionele vormbenadering word in Kirby se komposisies aangetref, terwyl die meer omskrywende tempo-aanduidings in die drie bewegings van Strykkwartet in G mineur (1926) deur Prof Bell sy sterk Romantiese, idiomatiese skryfwyse illustreer.

Die uitgebreide en langdurige nasionale en internasionale depressie van 1929-1933, wat vererger is deur die grootste droogte in Suid-Afrika, het ongeskoolde arbeiders genoodsaak om in die stede op die oorversadigde arbeidsmark mee te ding. Werkloosheid was aan die orde van die dag en professionele musici en komponiste is genoodsaak om verskillende musikale aktiwiteite gelyktydig aan te durf om sodoende hul finansiële verpligtinge na te kom.

Die stremmende uitwerking van die depressie op kultuuraktiwiteite blyk duidelik uit die enkele komposisiepogings. Slegs twee instrumentale kamermusiekkomposisies is gedurende die tydperk 1929-1933 geskep.

Die uitgebreide toename in die aantal instrumentale kamermusiekkomposisies kan toegeskryf word aan die opgradering van Suid-Afrikaanse maatskaplike dienste; die verbetering en uitbreiding van die vervoernetwerk; die ekonomiese welvaart; die stabiele landbousektor en die florerende sakesektor wat beslis bygedra het tot die oplewing in kompositoriese aktiwiteite na 1936. Afgesien van interne politieke onstabiliteit, het die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) die ekonomiese voorspoed en nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika gestimuleer.
Die vernaamste bydrae tot die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium is deur die Engelssprekende immigrante en besoekende komponiste gelewer.

Horace Barton se Trio in F mineur (1937) is die mees verteenwoordigende voorbeeld van 'n individuele, onkonvensionele en Romantiese idiomatiese skryfwyse. Bogenoemde komposisie kan die as die transisie vanaf die eerste tot die tweede Suid-Afrikaanse komponistegenerasie geskou word. Antisipering van die derde Suid-Afrikaanse kontemporêre komponistegenerasie word in die onreëlmatige en afwisselende metriese aanwending opgemerk.

Op vreemde bodem is die eerste waardevolle instrumentale kamermusiek-komposisies deur Suid-Afrikaans gebore komponiste, naamlik Reuben T Caluza en Arnold van Wyk, geskep.

Die wisselende musikale arenas word dus geïdentifiseer deur die skepping van instrumentale kamermusiek op eie bodem deur Suid-Afrikaanse komponiste asook onderskeidelik in Amerika en Engeland. Uitbreiding van die instrumentale kamermusiekrepertorium kan in drie kategorieë geklassifiseer word, naamlik:

Bydrae deur Engelssprekende immigrante komponiste.
Bydrae deur besoekende Engelse komponis.
Bydrae deur Suid-Afrikaanse komponiste op eie bodem asook in die vreemde.

Tydens die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) het sommige komponiste in die Westerse instrumentale kamermusiekidioom gekomponeer, terwyl ander oëskynlik beïnvloed is deur die inheemse Afrika musiekelemente.

## 3. Statistieke

Gedurende die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) is 25 kamermusiek-komposisies geskep. Slegs 36% van bogenoemde aantal komposisies is deur die Suid-Afrikaanse komponiste geskryf, terwyl 64% deur immigrante en besoekende komponiste gekomponeer is.


Slegs 6,8% of 25 instrumentale kamermusiekkomposisies uit die totaal van 365 gedateerde werke, is gedurende die primêre ontwikkelingsfase gekomponeer. Die 25 instrumentale kamermusiekkomposisies kan soos volg gekategoriseer word, naamlik:

| KATEGORIE | AANTAL | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Trio's | 5 | 20% |
| Kwartette | 15 | 60% |
| Kwintette | 4 | 16% |
| Sekstette | 1 | 4% |
| Septette | 0 | 0% |
| Oktette | 0 | 0% |
| Nonette | 0 | 0% |

Die grafiese voorstelling verskaf die kategoriese persentasie op die vertikale as, terwyl die verskillende kategorieë op die horisontale as aangetoon word.

Die meeste kamermusiekkomposisies is dan in die kwartet-kategorie gekomponeer.

GRAFIESE UITEENSETTING



# HOOFSTUK 4

# TRIOMFERENDE INDIVIDUALISME

# 1946-1990

Die sistematiese ontwikkeling vanaf Laat-Romantisisme tot die implementering van Impressionisme, Neo-klassisisme, Ekspresionisme, Serialisme, Elektroniese musiek asook ander Avant garde strominge en veral die tradisionele idiomatiese musikale elemente van die inheemse Afrika-musiek in die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek, kan verdeel word in die sekondêre- en tersiêre ontwikkelingsfases. Die sekondêre ontwikkelingsfase (1946-1960) word van die tersiêre ontwikkelingsfase (1976-1990) geskei deur 'n oorgangsfase (1961-1975) waarin die aanwending van Eklektisisme teenwoordig is.

Die sporadiese aanwending van inheemse Afrika-musiekelemente gedurende die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) is geleidelik geabsorbeer as intergrale musikale elemente tydens die triomferende individualistiese tydperk (1946-1990). 'n Hoogtepunt van bogenoemde assimilasie-proses word tydens die tersiêre ontwikkelingsfase (1976-1990) deur die derde en vierde komponiste generasies in die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies aangetref.

Die kriteria vir Suid-Afrikaanse komponiste word gebaseer op die absorbering van immigrante-komponiste uit die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) as "aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste" na 'n oorgangsfase van vyf jaar waarin die betrokke komponiste Suid-Afrikaanse burgerskap kon aanvaar en dus hul komposisie-loopbaan in Suid-Afrika voortgesit het. Verder sal daar na Suid-Afrikaans gebore komponiste as "egte Suid-Afrikaanse komponiste" verwys word.

Deur bogenoemde indeling in "aanvaarde" en "egte" Suid-Afrikaanse komponiste kan die navorser op 'n meer akkurate wyse die bydrae deur beide groepe tot die instrumentale kamermusiekrepertorium bepaal.
Die volgorde waarin komponiste en komposisies bespreek word is uitsluitlik gebaseer op die chronologiese bydrae deur komponiste tot Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekgenre.

**1. Sekondêre Ontwikkelingsfase (1946-1960)**

**1.1 Bydrae tot Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek**

Die sekondêre ontwikkelingsfase word gekenmerk deur die bevordering van instrumentale kamermusiekkomposisies, naamlik die instelling van nasionale komposisie-kompetisies en die uitsending van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek tydens radioprogramme. Verskeie instrumentale komposisies is gedurende hierdie periode gepubliseer, terwyl internasionale erkenning deur enkele Suid-Afrikaanse komponiste verwerf is.

**1.1.1 Immigrante komponis**

**(a) De Vries, Gerard (1912-1972)**

Tydens die hewige internasionale kritiek wat deur die instelling van die Suid-Afrikaanse segregasiebeleid ontlok is (1), het die pedagogies geïnspireerde Nederlandse komponis, Gerard de Vries, aan die einde van 1951, met sy huisgesin na Suid-Afrika verhuis.

---

1. C F J Muller, 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 433.

In Den Haag het hy diplomas in klavieronderrig en teorie aan die Koninklike Konservatorium behaal, terwyl die fondasie vir sy skeppingsaktiwiteite deur die internasionale komposisie-leermeester, Henk Badings, gevorm is. (2). As veelsydige musikus het De Vries in Nederland studente vir die harmonie-eksamens voorberei en as musiekkritikus van die dagblaaie <u>Het Vaderland</u> en <u>Trouw</u>, waardevolle kritiek gelewer. Hy het hoofsaaklik die bekendstelling en uitbreiding van atonale en seriële komposisies gepropageer.

Gedurende sy verblyf in Suid-Afrika het De Vries musiekonderrig aan die volgende skole en kolleges aangebied: die Hoërskool De Rust, die Hoërskool Vredendal, die Van Rheede Skool, die Onderwyskollege in Oudtshoorn asook die Onderwyskollege van Suid-Kaapland in Oudtshoorn. (3).

Die eerste pedagogies geïnspireerde instrumentale kamermusiekkomposisie deur De Vries op Suid-Afrikaanse bodem is waarskynlik vir leerlinge aan die Hoërskool De Rust gekomponeer, aangesien die netjies versorgde manuskrip van <u>Trio</u> (1953) afgesluit word met die naam "De Rust". Hierdie werk is vir die konvensionele strykinstrumentkombinasie van viool, altviool en tjello geskryf en is op 4 April 1953 voltooi. (4).

---

2. T L de Vries, Korrespondensie gedateer 15 September 1992.
3. Ibid.
4. Ibid.

Die enkelbeweging-komposisie word gekenmerk deur melodiese en ritmiese verdubbeling in die verskillende strykpartye. Atonaliteit word deur die snelle afwisseling van toonsoorttekens gesuggereer. Alhoewel De Vries 'n poging aangewend het om die Avant-garde kompositoriese skryfwyse te inkorporeer deur die aanwending van sinkopasie, enkele metriese verwisselinge asook vergrote drieklanke, word die ware Avant-garde individuele, horisontale instrumentale melodiese lyne ondermyn deur die periodieke partyverdubbeling. Die pedagogiese waarde van die werk is in die snelle afwisseling van pizzicato- en arco-spel geleë.

Danksy die insluiting van die blokfluit in 1958 as die primêre praktiese instrument aan die Onderwyskollege, het die onbekombare blokfluitpartiture aanleiding gegee tot die skepping van die stel variasies wat op Suid-Afrikaanse volksliedjies gebaseer is, naamlik:

a. O die liewe Martatjie
b. Hansie Slim
c. Pollie ons gaan Pêrel toe
d. Die Son verrys.

Bogenoemde stel variasies is gedurende 1958-1959 vir die besetting van twee sopraanblokfluite en 'n altblokfluit gekomponeer. Die ongekompliseerde ritmiese skryfwyse in die tonaalgebonde stel variasies is in die konvensionele tweeledige vorm gegiet. Deur die aanwending van elementêre toonsoorte soos G majeur, C majeur en F majeur word die pedagogiese waarde van bogenoemde werk verhoog.

Slegs die miniatuur kamermusiekkomposisie vir drie sopraanblokfluite, naamlik <u>Fugetta oor Hansie Slim</u> (1960) deur De Vries, is deur

Studio Holland in Kaapstad gepubliseer. 'n Voortdurende kontrapuntale skryfwyse met sporadiese imitasie is kenmerkend van die tonale komposisie. Die afwesigheid van dinamiese aanduidings is opvallend.

**Incipit 5: De Vries, Gerard: Fugetta oor Hansie Slim (1960). (5).** Reële kontrapuntale imitasie met ontbrekende dinamiese aanduidings. (mate 1-9).




**1.1.2 Besoekende komponis**

**(a) Hylton-Edwards, Stewart (1924-) (6).**

Die besoekende Engelse komponis, Stewart Hylton-Edwards, het slegs agt jaar (1948-1956) as assistent-direkteur vir musiek aan die St John-

---

5. G de Vries, Fugetta oor Hansie Slim (1960), p. 1.
6. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 254.

kollege in Johannesburg op Suid-Afrikaanse bodem, vertoef. (7). As veelsydige musikus was Hylton-Edwards vanaf 1950 verantwoordelik vir die dosering van die buite-kurrikulêre musiek aan die Witwatersrandse Universiteit. Hy was ook werksaam as musiekteorie-eksaminator vir die Universiteit van Suid-Afrika en het ook opgetree as musiekkritikus tydens die SAUK se simfoniekonserte. (8).

Hylton-Edwards se bydrae tot die instrumentale kamermusiekgenre sluit 'n strykkwartet asook twee houtblaastrio's in. Tydens die Van Riebeeckfees in 1952 is die eerste prys aan Hylton-Edwards se Strykkwartet Nr 1 (1951) toegeken. Die assimilasie van inheemse tematiese materiaal is in die titel houtblaastrio Variations on an African theme (1953) sigbaar. Die tweede houtblaastrio, Contrasts is in 1955 gekomponeer.

### 1.1.3 Suid-Afrikaanse komponiste

#### 1.1.3.1 Aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste

Sewe aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste was gedurende die sekondêre ontwikkelingsfase (1946-1960) verantwoordelik vir die skepping van 32.7% van die 51 instrumentale kamermusiekkomposisies.

---

7. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 254.
8. Ibid, Deel II, p. 255.

(a) **Idelson, Jeremiah (1893-1977)**

Volksnasionalisme asook literêre beïnvloeding word tydens 1946 in verskeie instrumentale kamermusiekkomposisies geïnkorporeer. Die assimilasie van volks-idiomatiese materiaal word in Jeremiah Idelson se trio vir klavier, viool en tjello, naamlik Variasies op Hebreeuse tema (1946) weerspieël. Die stryktrio lewer dus bewys van Idelson se godsdienstige oortuigings deurdat hy 'n aktiewe bydrae as musiekleier van die Verenigde Joodse Progressiewe Gemeentes en ere-musiekdirekteur van die Suid-Afrikaanse Bond vir Progressiewe Judaïsme, gelewer het. (9).

(b) **Oxtoby, Charles Francis (1912-1978)**

As outodidaktiese komponis, farmaseutiese verkoopsbestuurder en deeltydse musiekprogramopsteller van die SAUK in Durban, is
Charles F Oxtoby (1912-1978) waarskynlik gemotiveer deur die sistematiese en geleidelike oorskakeling deur die SAUK vanaf 'n interessante vermaaklikheidsdiens tot 'n belangrike opvoedkundige instansie. Literêre beïnvloeding van Oxtoby se strykkwartet Reflections on a Poem by Ben Johnson (1946) het aangesluit by bogenoemde opvoedkundige neiging deurdat navorsing ten opsigte van die Engelse digter se poëtiese bydrae vereis word, voordat die werk uitgevoer kan word.

---

9. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 256.

**(c) Swanson, Walter Donald (1903-1985)**

Die eerste meer uitgebreide instrumentale kamermusiekkomposisie vir sewe instrumentaliste naamlik Hommage aux Eveques Rondino, vir houtblasers, strykers en klavier is in 1948 deur Walter D Swanson geskep. Waarskynlik is die komposisie as 'n pedagogiese werk vir een van die opvoedkundige instansies, naamlik die Stellenbosch Konservatorium of die Kleurlingkollege te Hewat gekomponeer. (10). 'n Tweede miniatuur strykkwartet, Caprice (1955) is gedurende die vyftigerjare geskep.

**(d) Matthews, Hayden Thomas (1894-1958)**

Alhoewel Hayden T Matthews die Afrikaanse skuilnaam Johannes Joubert (saamgestel uit JOHANNESburg en JOUBERTpark) aangewend het om sodoende die verkope van sy Afrikaanse vokale komposisies te bevorder, is hierdie gebruik tydens die skepping van sy vier strykkwartette geïgnoreer. (11).

Met die stigting van die "South African Music Co (Pty)" deur Matthews is die publikasie van sy eie, asook ander Suid-Afrikaanse komponiste se vokale komposisies in Engeland geïnisieer, terwyl die publikasie van die Suid-Afrikaanse instrumentale musiek verontagsaam is.

Teenstrydigheid ten opsigte van die komposisiedatums van bogenoemde strykkwartette word gereflekteer in die Suid-Afrikaanse Musiekensi-

---

10. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 317.
11. Ibid, Deel III, p. 241.

klopedie wat 25 Junie 1950 as die komposisiedatum van die Strykkwartet Nr 1 vermeld, terwyl K Mallows in "Chamber Music by South African Composers in South African Libraries" onderskeidelik die komposisiedatums van Strykkwartet Nr 2 asook Strykkwartet Nr 3 as Augustus 1949 en 1950 noteer. (12). Al drie strykkwartette is in drie bewegings gekomponeer en word in die Universiteit van Kaapstadse Musiekbiblioteek gehuisves.

In 1947 het die SAUK die eerste Suid-Afrikaanse nasionale komposisiewedstryd, met 'n totale prysgeld van R 1 200,00 uitgeloof. 510 Inskrywings in drie afdelings vir orkes- en koorwerke, kamermusiek, asook liedere en komposisies vir solo-instrumente, is deur Albert Coats, Prof Eric Chisholm en Prof P R Kirby beoordeel. In die instrumentale kamermusiekafdeling is 23 inskrywings ontvang en die eerste prys van R160,00 is aan Hayden Matthews toegeken vir Strykkwartet in D mineur (vermoedelik Strykkwartet Nr 1). Matthews het ook 'n onbekende bedrag as prysgeld ontvang vir Twee werke vir Strykkwartet, (waarskynlik twee bewegings uit Five dance sketches vir strykkwartet) wat die derde prys in bogenoemde kompetisie verower het.

Op 29 Mei 1948 het die SAUK deur middel van 'n reeks omvattende radioprogramme, waarin daar uitsluitlik op Suid-Afrikaanse musiek gekonsentreer is, Matthews se Strykkwartet in D mineur gedurende die musiekfeesweek oor die Engelse sender in Johannesburg uitgesaai. (13).

---

12. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel III, p. 245 en K Mallows, "Chamber Music by South African Composers in South African Libraries", p. 9.
13. Verwys na Hoofstuk 5, p. 309.

Verskeie Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies is in bogenoemde programme ingesluit, naamlik: Adolph Hallis se Trio in C mineur, Priaulx Rainier se Strykkwartet asook Arnold van Wyk se Vyf Elegieë vir Strykkwartet (1940-1941) en Strykkwartet Nr 1 (1946). (14).

(e) **Bradley, Leo Paul (1889-1968)** (15).

Die ervare Engelse kapelmeester het aan die einde van die depressie jare in 1933, die betrekking as hoofkonstabel en leier van die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes aanvaar. Onder sy bekwame leiding is bogenoemde orkes tot 52 lede met 'n omvangryke repertorium uitgebrei.

Gedurende die onstabiele politieke jare het Bradley 'n Strykkwartet (1958) asook Trio (1958) vir fluit, hobo en fagot die lig laat sien. Die moontlikheid bestaan dat sy instrumentale kamermusiekkomposisies onderskeidelik tydens die uitvoerings deur Pretoria se Strykorkes en die Bantoe Polisie-orkes uitgevoer is.

**1.1.3.2 Egte Suid-Afrikaanse komponiste**

Die sekondêre ontwikkelingsfase word ingelei deur twee belangrike strykkwartette wat onderskeidelik in die vreemde en op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer is.

---

14. Verwys na Volume 1, Hoofstuk 5, p. 309.
15. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel I, p. 226.

**(a) Van Wyk, Arnoldus Christiaan Vlok (1916-1983)**

Op Britse bodem het Arnold van Wyk sy Eerste Strykkwartet (1946) met 'n opvallende sterk dissonante melodiese trefkrag geskep. Ongeag die toenemende vermenging van majeur en mineur modi besit die kamermusiekkomposisie die individualistiese Van Wyk toonaardgebondenheid. Die Britse komponis, John Ireland (1879-1962), was beïndruk met die gehalte van bogenoemde kamermusiekkomposisie omdat Arnold van Wyk deur middel van selfkritiek en dissipline as kundige vakman daarin geslaag het om die eise van die geïntegreerde kamermusiek-idioom te bemeester.

'n Hoogs individualistiese styl in die Eerste Strykkwartet (1946) wat vry van motoriese tempo-giusto dele is, is teenwoordig. Tydens die program "Music's Hour" is die nasionale bekendstelling van bogenoemde komposisie op 29 Mei 1948 deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) in Johannesburg oor die Engelse sender gemaak. (16). Die internasionale première van die Eerste Strykkwartet (1946) het in 1951 tydens die "Festival of the International Society for Contemporary Music" te Brussel plaasgevind. (17).

Die Eerste Strykkwartet (1946) is een van die weinige instrumentale kamermusiekkomposisies wat in gepubliseerde vorm verskyn. Hierdie werk is deur die Londense uitgewers Boosey and Hawkes in 1955 gepubliseer en is by elke tersiêre inrigting beskikbaar.

---

16. Verwys na Volume 1, Hoofstuk 5, p. 309.
17. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 441.

**(b) Grové, Stefans (1922-)** (18).

In sy outobiografiese skets in "Toe... en nou- 'n selfportret" soos gepubliseer in die Musicus 1974 het die humoristiese, sensitiewe toonkunsmentor, Stefans Grové (1922-), na die moeilike vennootskap tussen dosent en komponis verwys. (19). Grové se musikaliteit kan teruggevoer word na Duitse herkoms van die Roode-beroepsmusici aan moederskant. (20).

Op 'n vroeë ouderdom is Grové tot die geheimenisse van die strykinstrumente ingelyf waardeur hy insae tot die strykartikulasie verkry het. Sy kennis is uitgebrei tot die verkenning van die blaasinstrumenttegnieke waardeur hy die karakter en temperament van die houtblasers as fluitis ontdek het. Op die komposisie-gebied was hy aanvanklik outodidakties. Die improvisatoriese element van sy komposisies herinner aan die Impressionistiese skool terwyl sy bemeestering van die nabootsingstegniek van verskeie komponiste uiters geslaagd was. (21).

Na die voltooiing van sy musiekstudies het hy komposisie-onderrig van Prof W H Bell ontvang en uit erkenning teenoor die een van die grootste nasionale komposisieleermeesters, is Strykkwartet in D majeur (1946) geskep. Bogenoemde komposisie is ter nagedagtenis aan sy eerste komposisieleermeester, Prof W H Bell opgedra. Die werk word beskou as een van die mees gevorderde en gekompliseerde strykkwartette wat gedurende die sekondêre ontwikkelingsfase (1946-1960) gekomponeer is.

---

18. P Klatzow, Composers in South Africa Today, pp. 77-81.
19. S Grové, Musiekgeskiedenis lesing, September 1988.
20. Ibid.
21. Ibid.

Twee dae na die afsterwe van Prof Bell op 15 April 1946, is die strykkwartet tydens 'n konsert (wat uitsluitlik aan Grové se komposisies gewy is) uitgevoer. 'n Tweede uitvoering van bogenoemde instrumentale kamermusiekkomposisie is gedurende dieselfde jaar in die Oranjeklub aangebied.

'n Vars Neo-klassieke invloed is in die <u>Stryktrio</u> (1948) teenwoordig as gevolg van Grové se kortstondige eksperimentering met verskeie Avantgarde komposisiestrominge. Hindemith se ekonomiese, georganiseerde en gedissiplineerde komposisiemodelle het 'n sterk invloed op Grové se kamermusiekkomposisies uitgeoefen.

Tydens Stefans Grové se junior-dosent aanstelling (1950-1952) aan die Kaapstadse Musiekkollege, is 'n intense bewuswording van die voortdurende verwisseling van die musikale opset en uitdagings in die jong komponis ontketen. (22). In opdrag van die SAUK het Grové <u>Trio</u> (1951-52) vir die Van Riebeeckfees voltooi. Dit is egter onbekend of bogenoemde werk wel gedurende die feesgeleentheid uitgevoer of uitgesaai is. Gedurende dieselfde jaar skep Grové 'n trio vir houtblaasinstrumente, naamlik <u>Trio</u> (1952) vir hobo, klarinet en fagot.
Die "Northern California Harpists Association Prize" is aan Grové se <u>Kwintet: Serenade</u> (1952) vir drie houtblasers, stryker en harp toegeken. Verder is internasionale bekendheid met die uitvoering van <u>Kwintet: Serenade</u> (1952) en die solo klavierkomposisie <u>Drie Vindinge: Drei Inventionen: Three Inventions</u> (1951) deur Stefans Grové verwerf.

---

22. S Grové, Musiekgeskiedenis lesing, September 1988.

Die Amerikaanse Fullbright-beurs vir verdere studie aan 'n Amerikaanse Universiteit, is aan Stefans Grové toegeken. (23). Gedurende die voltooiing van die MMus graad aan die Harvard Universiteit in 1955 het hy drie instrumentale kamermusiekkomposisies geskep, naamlik Strykkwartet (1955); Divertimento (1955) vir houtblaas-kwartet asook Divertimento vir drie blokfluite (1955). Laasgenoemde komposisie is deur E G Schirmer uitgewers gepubliseer.

**(c) Du Plessis, Hubert Lawrence (1922-)**

Die noukeurige en perfeksionisties geordende musikus, Hubert du Plessis (1922-) het die seriële instrumentale kamermusiekkomposisie Strykkwartet opus 13 (1953) in sy aanvanklike vorm op Suid-Afrikaanse bodem voltooi, voordat hy met behulp van die "Performing Right Society" beurs na Londen vertrek het. In Londen het die veelsydige musikus onder Alan Bush en Howard Ferguson in komposisie gespesialiseer. (24).

Op 5 Januarie 1953 is bogenoemde Strykkwartet deur die Aleph Kwartet in die Wigmoresaal, Londen, tydens 'n program wat saamgestel was uit werke van Alan Bush se komposisiestudente, uitgevoer. (25).

Perfeksionisme het aanleiding gegee tot die vervanging van die vierde beweging met 'n finale, wat 'n meer intieme kamermusiekkarakter besit het. Bogenoemde werk is na die afsterwe van Du Plessis se komposisie-

---

23. S Grové, Musiekgeskiedenis-lesing, September 1988.
24. P J Krige, Die Kamermusiek van Hubert du Plessis - 'n Stylstudie, 'n Ph.D proefskrif aan die Universiteit van Port Elizabeth, 1983, p. 20.
25. Ibid, pp. 51-52.

leermeester, Prof W H Bell in 1946 aan hom opgedra. Die insluiting van altsolistiese seksies word in die Adagio-beweging aangetref.

Die seriële instrumentale komposisie is in die hersiene vorm in 1954 deur Novello gepubliseer. 'n Deurdagte analise van die instrumentale kamermusiekkomposisie word deur P J Krige in die proefskrif "Die Kamermusiek van Hubert du Plessis - 'n Stylstudie" aangetref. (26).

Tydens 'n program op 17 Mei 1955 wat aan Du Plessis se werke gewy is, is die Strykkwartet opus 13 (1951) deur M Neuss (viool), M Goodman (viool), E Schneider (altviool) en G Britton (tjello) uitgevoer.
Die opvallende Bartók-ooreenkomste in bogenoemde strykkwartet word tydens 'n televisie-onderhoud met Pierre Marais wat op 14 Junie 1982 gevoer is, aan die toevalligheid toegeskryf. (27).

**(d) Enkele bydrae deur verskeie komponiste**

Enkele instrumentale kamermusiekkomposisies word gedurende 1949-1951 deur bekende en minder bekende komponiste geskep. Een van Charles Weich se begaafde studente, naamlik Blanche Gerstman (1910-1973) het in 1947 die bestaande Intermezzo in F majeur (1947) vir solo klavier omskep tot 'n instrumentale trio Saranade (1947) vir viool, klavier en harp. Gerstman slaag daarin om die Avant-garde karakteristieke idioom van die verwisseling van instrumentale samestelling in die tweebeweging-trio Serenade en Scherzo (1951) te

---

26. P J Krige, Die Kamermusiek van Hubert du Plessis, pp. 51-63.
27. Ibid, pp. 51-52.

inkorporeer. Hierdeur word die instrumentale klankkombinasie onderhewig gestel aan die beskikbaarheid van verskillende instrumentale uitvoerders. Die instrumentale samestelling kan dus vanaf hobo, klarinet en fagot tot slegs twee klarinette en fagot wissel.

Die tweede beweging van die Strykkwartet (1948) asook Divertimento deur Neil Solomon, is op 12 Junie 1976 tydens die program "Komponis aan die Woord" onderskeidelik deur P Cater (viool), D Sutton (viool), N Travers (altviool) en E Martens (tjello) asook E Tamassy (fluit) en J van den Berg (viool) uitgevoer.

Minder bekende komponiste soos Peter Rorke (1929-), Alfred Garson en Ulmont Schneider (1923-) het trio's vir verskillende instrumentale kombinasies gekomponeer. (28).

As veelsydige kunstenaar het Gideon Fagan (1904-1980) 'n groot aantal Afrikaanse volksliedjies verwerk en uigevoer onder die skuilnaam Albert Diggenhof, maar sy enigste instrumentale kamermusiekwerk Nonet (1958) het onder sy oorspronklike naam verskyn. (29). Die komposisie is in opdrag van die "Czech Nonet" gekomponeer en is deur die internasionale ensemble in 1960 te Praag uitgevoer. Die Weense Oktet het onder die beskerming van die Johannesburgse Musiekvereniging Fagan se Nonet (1958) op 17 Februarie 1962 in die "Great Hall" van die Universiteit van die Witwatersrand, uitgevoer. (30). Verder is die kamer-

---

28. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 4, pp. 118-120.
29. A M E Coetzee, Die Koor en Vokale Musiek van Gideon Fagan (1904-1980), 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1992, p. 2.
30. Anoniem, Fagan-werk vir oktet, Die Vaderland, 16 Februarie 1962, p. 7.

musiekkomposisie op Suid-Afrikaanse bodem op 3 November 1974 asook op 24 Februarie 1977 deur die SAUK uitgesaai.

Twee stryktrio's is onderskeidelik gedurende 1958 deur Blanche Gerstman en Prof Alan Solomon, gekonstrueer naamlik Serenade en Menuet asook Stryktrio vir viool, altviool en tjello. Tydens die eerste nasionale komposisiekompetisie wat in 1964 deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Komponiste van stapel gestuur is, het Prof Solomon 'n tweede prys vir laasgenoemde komposisie verower. Die partituur van Prof Solomon se Stryktrio kan nie opgespoor word nie. (31).

In die opeenvolgende jare van 1956 en 1957 is slegs enkele trio's onderskeidelik vir houtblaas- en koperblaasinstrumente deur Ulmont Schneider en Stanley Glasser gekomponeer, naamlik Variasies op "Sur le pont d'Avignon" en Trio vir koperblaasinstrumente opus 4. Laasgenoemde werk is deur Musica Rara uitgewers gepubliseer.

## 1.2 Statistiek

Gedurende die sekondêre ontwikkingsfase is 51 instrumentale komposisies geskep waarvan 92.16% deur aanvaarde en egte Suid-Afrikaans gebore komponiste gekomponeer is, terwyl 3.92% deur besoekende en immigrante komponiste bygedra is. Van die 365 gedateerde werke is slegs 13.97% gedurende die sekondêre fase geskep. Die 51 komposisies kan soos volg gekategoriseer word.

---

31. Prof A Solomon, Telefoniese gesprek op 14 September 1993.


| KATEGORIE | AANTAL | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Trio's | 26 | 50.98% |
| Kwartet | 16 | 31.37% |
| Kwintet | 5 | 9.8 % |
| Sekstet | 0 | 0 % |
| Septet | 1 | 1.96% |
| Oktet | 1 | 1.96% |
| Nonet | 2 | 3.92% |

Die grafiese voorstelling verskaf die kategories persentasie op die vertikale as, terwyl die verskillende kategorieë op die horisontale as aangetoon word.

Die meeste instrumentale komposisies is vir die trio kategorie geskryf.

GRAFIESE UITEENSETTING

SEKONDÊRE ONTWIKKELINGSFASE 1946-1960



## 2. Oorgangsfase (1961-1975)

Die finale bevryding van Britse imperialisme is bewerkstellig deur die stigting van die Suid-Afrikaanse Republiek op 31 Mei 1961, nadat daar tydens 'n referendum op 5 Oktober 1960 ten gunste daarvan besluit is. Die aankweking van 'n nasionale bewussyn, selfrespek en onderlinge agting deur elke afsonderlike bevolkingsgroep, het aanleiding gegee tot die deurvoering van die apartheidsbeleid. Internasionale teenkanting teen die apartheidsbeleid het gelei tot die isolasie van die Republiek van Suid-Afrika. (32).

Kenmerkend in die oorgangsfase is die bevordering van internasionaal aanvaarde serialisme; die bekendstelling van elektroniese gerekenaardiseerde musiek as 'n intergrale element van instrumentale kamermusiek deur sommige komponiste, asook die aanwending van inheemse en nasionale volksmelodieë as cantus firmus in bogenoemde genre.

'n Individualistiese kreatiwiteitsbenadering word gereflekteer in die parallelle voortbestaan van seriële, atonale en tonale kamermusiekkomposisies.

---

32. In Oakes, D (ed), Illustrated History of South Africa: The Real Story, Second edition, Cape Town: The Readers' Digest Association South Africa (Pty) Ltd, 1989, pp. 390-393, word die internasionale reaksie teen die apartheidsbeleid geskets en die kontinentale Afrika-nasionalisme asook interne onderdrukking van swart-weerstand het aanleiding gegee tot die heftige teenkanting teen die apartheidsbeleid. Bogenoemde teenkanting het gevolglik gelei tot isolasie van die Republiek van Suid-Afrika na die Sharpeville voorval in 1961, waarna internasionale handelskontrakte met Suid-Afrika opgeskort is. Die isolasie het uitgekring tot die kulturele terreine.

## 2.2 Bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek

### 2.2.1 Immigrante komponiste

**(a) Van Zuilenburg, Paul Enea Otto Francesco Loeb (1926-)** (33).

Die veelsydige Nederlandse pianis, blokfluitonderwyser en musiekdosent het in 1955 na Suid-Afrika geïmmigreer om homself as houer van verskeie praktiese lisensiate te onderskei. Hy het ook sy musiekkennis verbreed deur die verwerwing van BMus en MMus grade aan die Universiteit van Suid-Afrika en 'n DPhil graad aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Van Zuilenburg het sy eie komposisie, naamlik Konsert vir Klavier en Orkes gedurende sy uitvoerende loopbaan (1954-1966) tydens 'n uitvoering in Johannesburg in 1966 ingesluit. Sy pedagogiese loopbaan het begin met die opening van 'n musieksentrum aan die Hoërskool Hendrik Verwoerd in Pretoria in 1956. Gedurende die tydperk 1961-1968 was hy aan die Pretoria Konservatorium verbonde, en hy is van onderwyser tot direkteur aan bogenoemde instansie bevorder.

Twee verskillende titels naamlik Consonances, vir fluit, klarinet en altviool (1963) en Trio vir fluit, klarinet en altviool (soos onderskeidelik aangedui in Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie en Catalogue

---

33. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, pp. 192-193.

<u>of Serious Music</u>) is deur Dr L van Zuilenburg aan die eerste instrumentale trio toegeken. (34).

**(b) Nowotny, Norbert Wilhelm (1937-)** (35).

Die Oostenrykse komponis, musikus en dirigent, Norbert Nowotny, het van 'n kleurryke, opspraakwekkende musiekloopbaan in Linz as Lektor in Musiek aan die Rhodes Universiteit in Grahamstad, gedurende 1966 na Suid-Afrika geïmmigreer. 'n Aktiewe betrokkenheid in die bevordering van kamermusiek word gereflekteer in sy veelvuldige rolle as uitvoerende violis van die Barok-trio, assistent-dirigent aan die Rhodes Universiteit se kamermusiek-ensemble asook begeleier en violis van verskillende Grahamstadse ensembles.

Prof Nowotny se intense belangstelling in die bevordering van Avantgarde komposisietegnieke word gereflekteer in die navorsing vir sy DPhil graad (1969) wat gebaseer is op die gedetailleerde ontleding van Josef (Matthais) Hauer (1883-1959) en O Steinbauer se musiekteorieë in "The theory and practice of Klangreibenkomposition". Die praktiese toepassing van bogenoemde komposisietegnieke word in die kamermusiekkomposisies opus 2-8 aangetref. Die twaalftoonkomposisie-uitgangspunt

---

34. Dr L van Zuilenburg, Korrespondensie gedateer 12 Mei 1990, verwys na die twee verskillende titels wat vir 'n enkele komposisie onderskeidelik in J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Vol 3, p. 194 en M S Levy, <u>Catalogue of Serious Music</u>, Vol 2, p. 431 aangewend word.
35. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel III, pp. 333-335.

in Hauer se Zwölftonspiele is benader as "the eternal, unalterable, absolute music" en gebaseer op "tropes" asook op vooropgestelde akkoordrye wat dien as 'n vereenvoudigde inleiding tot Avant-garde harmonie en komposisie. (36).

Passacaglia opus 8 (1966)

Passacaglia opus 8 (1966) vir fluit, viool en klavier is gebaseer op die toonreeksvorming en harmonisering waarin die twaalftoonreeks nie die omvang van 'n majeur sewende mag oorskry nie. Die harmonisering van die toonreeks word op drie lae van 'n vasgestelde reeks, bestaande uit drie halwe tone gebaseer. Selfgeïmplementeerde reëls van die Spielregeln, soos gebaseer op Hauer's Zwölftonspiel Neujahr 1947, reflekteer akkoordverdubbeling, harmonisering van aangehoue note, arpeggiate akkoorde teenoor die aangehoue twaalftoonreeks, ritmiese variasies, asook kontrapuntale beweging en 'n spieëlbeeld- (of omkering) tegniek. In die artikel "First steps in modern harmony: Composition with pre-established chord rows" verwys Prof Nowotny na die elementêre skeppingsproses van 'n komposisie, naamlik:

> "The complete Zwölftonspiel consists of fifty-seven bars (seven sections of eight bars each, plus the final bar with chord I). It introduces the beginner to a new world of sound in a totally unsophisticated way and shows him how to bring this world of sound to life". (37).

'n Tweede individualistiese fase van atonale komposisie-uiting sluit die volgende instrumentale kamermusiekkomposisies in:

---

36. N W Nowotny, "First steps in modern harmony: Composition with pre-established chord rows", Ars Nova, 1974, pp. 5-10.
37. Ibid, p. 10.

Suite (1966) opus 10 vir fluit, viool en klavier;

Music for flute, violin and piano (1967) opus 13 waarin instrumentale kombinasie-afwisseling teenwoordig is, deurdat 'n keuse tussen fluit en blokfluit asook tussen klavier en klavesimbel in 'n tydsduur van ongeveer agt minute aangedui word. (38);

Short Piece for flute, violin and piano (1967) opus 14; en

Six Sketches for flute, violin and piano (1969) opus 20.

Al die atonale kamermusiekkomposisies kan in die trio-kategorie geklassifiseer word en is hoofsaaklik vir die instrumentale kombinasie van houtblaas-, stryk- en perkussie-instrument geskryf.

'n Derde individualistiese skeppingsfase is duidelik deur György Ligeti (1923-) se statiese tekstuur of "Mikropolyphonie" of klankblokverskuiwings beïnvloed. (39). Prof Nowotny se laaste twee instrumentale kamermusiekkomposisies, naamlik Two Movements for String Trio (Hommage to G Ligeti) (1972) opus 26 asook Piano Trio ("De profundis") (1975) opus 27 is in die destydse populêre Ligeti styl geskryf.

Die Rhodes Universiteit Kamermusiekensemble was verantwoordelik vir die première uitvoerings van byna al Prof Nowotny se instrumentale kamermusiekkomposisies. Piano Trio ("De profundis") (1975) opus 27 is oorspronklik vir die Rhodes Klavier trio-ensemble gekomponeer.
Prof Nowotny het tydens die première as uitvoerende violis opgetree. (40).

---

38. M S Levy, Catalogue of Serious Music, Vol 2, pp. 292-293.
39. Prof N W Nowotny, Korrespondensie gedateer 21 September 1990.
40. Ibid.

**(c) O'Reilly, Stephen (1919-1990)** (41).

Die outodidaktiese komponis, Stephen O'Reilly, het opleiding in klavier, fluit, harmonie en kontrapunt in Prior Park te Bath, Engeland ontvang. Selfs as tienderjarige het O'Reilly al pogings aangewend om instrumentale kamermusiekkomposisies te komponeer. Tydens sy dienstydperk in die administrasiekantoor van Sadler's Wells-teater was O'Reilly ontvanklik vir die seriële kompositoriese styl van Schoenberg, Berg en Webern. (42).

In 1953 emigreer O'Reilly na Suid-Afrika om vir 'n dekade (1953-1963) as omroeper-regisseur van die SAUK se Engelse sender werksaam te wees. O'Reilly se enigste instrumentale kamermusiekkomposisie op Suid-Afrikaanse bodem, naamlik <u>Strykkwartet</u> (1966), is tydens sy dienstydperk as musiekbibliotekaris van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK) geskryf.

**(d) Van Oostveen, Klaas (1911-1992)** (43).

Klaas van Oostveen was 'n ervare uitvoerende fluitis, Nederlandse komponis en orkesdirigent aan die Muzieklyceum (1947-1956). Hy is op 1 April 1957 as dosent in Harmonie, Vorm en Komposisie in die Musiekdepartement van die Universiteit van die Witwatersrand, onder leiding van Prof F Hartmann aangestel. As musiekpedagoog en komponis het hy

---

41. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel III, pp. 345-346.
42. <u>Ibid</u>.
43. Dr K van Oostveen, Onderhoud gevoer op 9 September 1989.

alreeds in 1949 'n harmonie-handboek, naamlik "Practische Modulatieleer: Modulatieleer in Voorbeelden ten Dienste van hen die zich Voorbereiden op de Staatsexamens L.O, M.O. en Conservatorium" saamgestel. (44).

In Van Oostveen se soeke na vereenvoudigde moderne harmoniese onderrig het hy in 1964 die graad DPhil aan die Universiteit van die Witwatersrand voltooi. Die doktoraat is gebaseer op die navorsing oor "De zoogenaamde fouten in melodisch en harmonisch opzicht met betrekking tot het onderricht in de moderne harmonie-, kontrapunt- en komposisieleer". Van Oostveen se komposisie-ervaring het bygedra tot die ontwikkeling van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste, naamlik: Prof D J Reid, Dr L Faul, Dr H Roosenschoon, Dr L van Zuilenburg, J Swart, S Hoffmeyer, H van den Mark asook Neville Dove.

Gedurende die oorgangsfase (1961-1975) het Dr Klaas van Oostveen in 1967 twee instrumentale kamermusiekkomposisies gekomponeer, naamlik: Music for Trumpet and 5 Harps opus 48 asook Three Portraits for oboe, clarinet and bassoon opus 50. Albei werke besit 'n samestelling van Neo-klassieke en Avant-garde style deurdat die opeenstapeling van horisontale chromatiese melodieë aanleiding gee tot die vertikale dissonante harmoniese implikasies.

---

44. K van Oostveen, Practische Modulatieleer: Modulatieleer in Voorbeelden ten Dienste van hen die Zich Voorbereiden op de Staatsexamens L.O M.O. en Conservatorium. Amsterdam: H J Paris, 1949.

Op 16 Februarie 1984 is die Music for Trumpet and 5 Harps (1967) opus 48 vasgelê op 'n SAUK-magneetband en uitgevoer deur A de Ley (trompetspeler) en die volgende harpspelers - V Rosentdal, C Phillips, G Hendey, E Jordaan en I van Rensburg. (45).

**2.2.2 Besoekende komponis**

**(a) Stam, Johannes Theodorus (Joop) (1934-)** (46).

Joop Stam het as gekwalifiseerde pedagoog, met opleiding in komposisie en dirigering in 1961 na Suid-Afrika geïmmigreer om sodoende die vakante vakuture aan die Hoërskool Groblershoop te vul. Vir 'n dekade was hy vir die musiekopvoeding by verskillende skole verantwoordelik.

As Direkteur in Musiek en Opera van die Vrystaatse Streekraad vir Uitvoerende Kunste (SUKOVS) gedurende 1972-1978 was Stam verantwoordelik vir die opvoering van ongeveer 140 operas, enkele oratoria en die dirigering van toevallige musiek tydens toneelopvoerings.

Avant-garde musiek strominge en veral elektroniese gerekenariseerde musiek het Joop Stam beïndruk. Duidelike beïnvloeding van elektroniese musiek met opvoedkundige waarde word in die gedateerde strykkwartet naamlik, Functionele Muzieken Voor Strijkkwartet (1959), waargeneem. Dit is in Holland gekomponeer en is in vyf verskillende periodes in

45. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 2, p. 66.
46. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, pp. 216-217.

plaas van bewegings gegiet is. (47).

In 1966 en 1977 het hy onderskeidelik lesings gebaseer op bogenoemde onderwerp in Port Elizabeth en Bloemfontein aangebied. Stam is in 1970 deur die Oranje-Vrystaat Houtblaasensemble genader om die opdragstuk Kwintessens-variasies te skep.

## 2.3 Suid-Afrikaanse komponiste

### 2.3.1 Aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste

**Meer ervare aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste**

'n Merkwaardige afname in die bydrae deur die ouer meer ervare aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste word gedurende die oorgangsfase gevind.

**(a) Idelson, Jeremiah (1893-1977)**

Enkele instrumentale kamermusiekkomposisies is deur Jeremiah Idelson gekomponeer. Twee trio's vir dieselfde instrumentale besetting van fluit, viool en harp, naamlik Humoresque (1964) en Polka en Variasies (1965) is tydens die oorgangsfase geskryf.

**(b) Cherry, Richard John (1897-1982)**

Richard Cherry het tydens sy dienstydperk as dosent aan die Universi-

---

47. M S Levy, Catalogue of Serious Music, Vol 2, p. 353.

teit van Suid-Afrika in November 1967 An Examination Fugue for String Trio (hoofsaaklik vir die uitvoerende musiekstudente), geskryf. (48). Bogenoemde kontrapuntale komposisie is ook geskik vir die houtblaastrio (hobo, klarinet en fagot) of kan volgens aanduidings deur die komponis, deur twee klarinette en fagot, aangebied word. (49).
Neo-Romantiese karakteristieke eienskappe word deur noukeurige dinamiese en artikulasie-aanduidings, asook die implikasie van rubato deur middel van poco ritardando en a tempo aanduidings (mate 64-66) in bogenoemde tonaalgebonde komposisie gereflekteer.

**(c) Swanson, Walter Donald (1903-1985)**

Walter Swanson het gedurende die oorgangsfase (1961-1975) 'n totale bydrae van nege komposisies tot die instrumentale kamermusiekgenre gelewer. Die bydrae varieer vanaf trio's tot kwintette. Vier instrumentale kamermusiekkomposisies is gedurende 1974 gekomponeer. Satiriese titels is soms vir die waardevolle miniatuur kamerkomposisies aangewend, byvoorbeeld Sad thoughts on Income Tax (1974) waarin Swanson die onafwendbare verantwoordelikheid van alle sosiale vlakke teenoor die regering in die kanoniese werk uitbeeld.

In Cape Town Suite for Brass Quintet (1974) gebruik Swanson beskrywende titels om die karateristieke wisselende Kaapstadse atmosfeer te beskryf. 'n Romantiese karakter word in die subtitels gereflekteer, naamlik:

---

48. R Cherry, An Examination Fugue for String Trio (1967), manuskrip p. 5.
49. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 2, p. 121.

1. Moonlight over Table Bay: Calm over Table Bay.
2. Sunday Afternoon in Government Avenue.
3. The Adderley Street Flower-Seller.
4. The Tavern of the Seas. (50).

**Toetredende nuwelinge**

**(a) Bon, Gerrit (1901-1983)** (51).

Die energieke en veelsydige Nederlandse komponis en uitvoerende musikus, Gerrit Bon, het gedurende die tydperk van 1923-1962 voor sy vertrek na Zimbabwe, as sleutelfiguur in die musieklewe van Pretoria gefunksioneer. Prof Bon was verantwoordelik vir die stigting van die Afrikaanse musiekvereniging Erato waar die studentekoor en -orkes belangrike komposisies van Barok- en Klassieke komponiste kon instudeer en uitvoer. (52). Verder het hy 'n besondere lewendige belangstelling in die Suid-Afrikaanse kultuurlewe en -feeste getoon. (53).

In die instrumentale kamermusiekgenre het Prof Bon twee trio's en kwartette vir verskillende instrumentale kombinasies en tydsduur gekomponeer. Aangesien die bogenoemde partiture sonder jaartal verskyn het is dit haas onmoontlik om te bepaal of die werke op Suid-Afrikaanse bodem

---

50. M S Levy, Catalouge for Serious Music, Vol 2, p. 372.
51. Anoniem, In Memoriam Gerrit Bon (1901-1983), The South African Music Teacher, No 103, October 1883, p. 61.
52. FCLB, Musiekpersoonlikhede IX: Prof Gerrit Bon, Res Musicae, Vol 3, Nr 4, Desember, 1961, p. 5.
53. Prof Bon se lewendige belangstelling in die Suid-Afrikaanse kultuurlewe en -feeste word gereflekteer deur opdragwerke vir verskillende feeste te komponeer, byvoorbeeld die eerste Afrikaanse oratorium Die Hoogste Offer (1944) wat ses keer in Johannesburg en Pretoria uitgevoer is, soos bespreek in FCLB, Musiekpersoonlikhede IX: Prof Gerrit Bon, Res Musicae, Vol 3, Nr 4, Desember 1961, p. 6.

gekomponeer is. Slegs die Houtblaastrio wat op die volkswysie "Hansie Slim" gebaseer is, is oënskynlik op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer.

Internasionale erkenning is aan die Strykkwartet tydens die uitsending van bogenoemde strykkwartet in 1957 in Nederland deur die Rötgen-strykkwartet oor Hilversumradio verleen. Onsekerheid bestaan of laasgenoemde komposisie op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer is.

**(b) Van der Mark, Huigrina (Maria) (1912-)** (54).

Die Nederlandse musikus, Huigrina (Maria) van den Mark, het gedurende die depressiejare in Nederland in 1935 na Suid-Afrika geïmmigreer. Tydens haar tersiêre opleiding (1959-1968) was Dr Klaas van Oostveen verantwoordelik vir die komposisie-onderrig aan die Universiteit van die Witwatersrand. Vanaf 1975 het sy privaat komposisie-onderrig van Dr van Oostveen ontvang. (55).

Dr van Oostveen se Laat-Romantiese idiomatiese skryfwyse word in Van der Mark se instrumentale kamermusiekkomposisies, deur die lang chromatiese melodieë, gereflekteer. Kontrapuntale tegnieke asook tempo-wisseling word sporadies in haar komposisies aangetref.
Die première van die Suite vir houtblaastrio (1968) het op 25 Junie 1971 te "Bobolink", Sandhurst, plaasgevind. Bogenoemde komposisie is deur E Seeman (fluitis), M Trinchero (klarinettis) en D Morschel (fagottis) uitgevoer. (56).

---

54. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Vol 4, pp. 416-418.
55. H van der Mark, Persoonlike onderhoud op 9 September 1989, Johannesburg.
56. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 2, p. 65.

Van den Mark het in 1967 'n pedagogiese kamermusiekkomposisie in vier bewegings vir houtblaasinstrumente, naamlik Technique Pieces for Educational Use geskep. 'n Miniatuur kamermusiekkomposisie naamlik Drie Danse (1972), van vier minute is vir die instrumentale kombinasie-wisseling van fluit, klarinet, harp of klavier, geskep. Die manuskrip van Kwartet in drie bewegings (1972) vir fluit, klarinet, viool en tjello word tans in die Staatsargief in Pretoria geberg.

(c) **Temmingh, Roelof Wilhelm (1946-)** (57).

In 1975 word Roelof Temmingh se deurgronde kennis van eietydse musiek in sy DPhil proefskrif, "Aspekte van die twintigste eeuse musiek: 'n Bydrae tot die betekenisbepaling van die begrippe "hedendaags" en "eietyds", na aanleiding van komposisietegnieke sedert 1900" geopenbaar. 'n Intense belangstelling in elektroniese en Avant-garde musiekstrominge word in sy komposisies aangetref.

Temmingh het tydens die oorgangsfase 'n waardevolle bydrae tot die kamermusiekgenre gelewer deurdat hy agt werke vir bogenoemde genre gekomponeer het. Roelof se studentekomposisie pogings tydens sy BMus studies aan die Universiteit van Pretoria het twee instrumentale kamermusiekkomposisies, naamlik Strykkwartet Nr 1 (1968) in vier bewegings asook 'n Sekstet vir twee fluite en strykkwartet (1969) ingesluit. (58). 'n Suiwer klawerbordtrio is in 1970 vir klavesimbel, orrel en klavier geskep, naamlik Birth, Life and Death of a Fugue Subject.

---

57. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 346.
58. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 5, p. 148.

Die instrumentale kombinasie van fluit, klarinet en klavier vorm die basis van die drie kamermusiekkomposisies wat in 1972 gekomponeer is, naamlik: Ortofonie (1972), Polifonie (1972) en Vyf Outydse Fopspeentjies. Opvallend is die humoristiese titel wat vir die laaste trio aangewend is. Die periode word afgesluit met die fluitkwartet Voorspel, Adagio en Fuga in 1975.

(d) **Temmingh, Hendrik (1939-)** (59).

Hendrik Temmingh het op negentienjarige ouderdom van Nederland na Suid-Afrika geïmmigreer. Selfs gedurende sy BMus studietydperk aan die Universiteit van Pretoria was Henk Temmingh beïndruk deur die wisselende instrumentale samestellings in die kamermusiekgenre. Hy het 'n Suite (1969) vir klavier of klavesimbel, fluit, altviool en tjello gekomponeer. Gedurende dieselfde jaar het Temmingh 'n Strykkwartet met net een beweging gekomponeer. Alhoewel U Siehoff in "South African String Quartets" beweer dat bogenoemde manuskrip in die SAUK Musiekbiblioteek of -argief bewaar word, kon hierdie komposisie nie opgespoor word nie. (60).

(e) **Wegelin, Arthur Willem (1908-)** (61).

Die Nederlandse orkesviolis, kamermusiekensemble-speler, vioolonder-

---

59. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 343.
60. U Siehoff, South African String Quartets, p. 87.
61. Prof A W Wegelin, Korrespondensie gedateer 23 April 1990.

wyser en teoretikus, Arthur Wegelin, het na die Tweede Wêreldoorlog besluit om in 1947 na Suid-Afrika te immigreer. Nadat hy sy MMus graad in 1957 aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf het, is hy as senior lektor by die Potchefstroomse Universiteit aangestel.

Daarna was Prof Wegelin stigter en direkteur van die Konservatorium en is ook as Professor en Hoof van die Musiekdepartement aan die Universiteit van Port Elizabeth aangestel. As komposisiedosent aan die Universiteit van Pretoria het hy verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaanse kontemporêre komponiste, byvoorbeeld Dr J Zaidel-Rudolph, gemotiveer om komposisie hul loopbaan te maak. (62).

Onder die skuilnaam Oom Willem is baanbrekerswerk op die musiekpedagogiese gebied verrig en Wegelin is bevoorreg om sy eie "Oom Willem" uitgewery te bestuur. Twee van die drie instrumentale kamermusiekkomposisies naamlik Trio Romantico opus 58 (1971) wat in 1982 hersien is, asook Divertimento vir Blaaskwartet opus 21 (1975) is deur bogenoemde uitgewery gepubliseer en versprei. Laasgenoemde komposisie is ook as One Thousand Seconds opus 21 bekend en bestaan uit 'n stel van twaalf seriële komposisies waarin twaalf verskillende tempi uitgebeeld word.

'n Stryktrio naamlik Fibre Webs of Veeselweefsel opus 16 (1972) is gebaseer op tien ononderbroke helder omlynde afwisselinge van tempi of karakteraanwysings. Beide die uitvoerder en aanhoorder ervaar die kontrasterende gemoedwisseling van opwinding en ontspanning tydens die

---

62. Dr J Zaidel-Rudolph, Persoonlike onderhoud gevoer op Julie 1989.

voortdurende afwisseling van tempi. Die hoogs intellektuele seriële tematiese organisasie reflekteer gefragmenteerde aanwending van volks-wysies byvoorbeeld "Hoe ry die Boere sit-sit so" en "O, die liewe Martatjie". (63). Wegelin se sterk individualistiese ritmiese benadering word verkry deur die optimale ritmiese ostinerende triool- en kwintoolpassasies en is karakteristiek van die idiomatiese ritmiese ostinato-skryfwyse van die inheemse Afrika-musiek.

**2.1.3.2 Egte Suid-Afrikaanse komponiste**

**Ervare komponiste**

Die enigste twee egte Suid-Afrikaanse komponiste wat alreeds gedurende die sekondêre ontwikkelingsfase (1945-60) 'n bydrae tot die instrumentale kamermusiekgenre gemaak het, was Prof Alan Solomon en Gideon Fagan.

**(a) Solomon, Alan (1938-)**

Alhoewel Prof A Solomon se <u>Harptrio</u> (1965) deur die Nederburg Trio, met Prof W Mony (violis), Mev K Alister (harpspeler) en Mev L Grujon (fluitis), uitgevoer is, het die partituur verlore geraak. (64).

---

63. H J Stanford, Die Komposisies van Arthur Wegelin tot 1988, 'n DPhil proefskrif aan die Universiteit van Wes-Kaapland, Oktober 1988, p. 515.
64. Prof A Solomon, 'n Telefoniese gesprek op 14 September 1993.

**(b) Fagan, Gideon (1904-1980)**

'n Dekade later het Gideon Fagan Quintics A Five-time frolic for 5 Brass (1975) met die instrumentale kombinasie van twee trompette, horing, tenoor tromboon en bas tuba, gekomponeer.

**(c) Harvey, Eva Noel (1900-1984) - Dilettante komponis** (65).

Eva Noel Harvey word as 'n dilettante komponis beskou vanweë haar onvermoë om operas (byvoorbeeld Esther) en sangsiklusse te orkestreer. Inheemse Afrika musikale beïnvloeding word in al drie komposisie periodes van Eva Noel Harvey gereflekteer, naamlik:

Eerste periode 1942-1959
Tweede periode 1960-1969
Derde periode 1970-1978. (66).

Blootstelling aan inheemse musiekelemente gedurende haar jeugjare, deurdat sy vanaf haar geboorte in 1900 tot 1912 in Basoetoland vertoef het, het 'n opvallende invloed op haar kompositoriese aktiwiteite uitgeoefen. Die Afrika-idioom word in die komposisies deur die oorspronklike melodiese en ritmiese herhalings, ostinato begeleidingspatrone, die onderverdeling van simmetriese frases in herhalende tweemaateenhede waarin die beurtsang geïnkorporeer word, gereflekteer. (67).

---

65. E Krynauw, Eva Noel Harvey (1900-1984): A South African Composer, pp. 1-11.
66. Ibid, pp. 180-188.
67. Ibid, pp. 73-94.

**Kwartet vir fluit, hobo, tjello en klavier**

Die ongedateerde Kwartet vir fluit, hobo, tjello en klavier is tydens die MMus navorsing deur E Krynauw naamlik "Eva Noel Harvey (1900-1984): A South African Composer" in die Tweede periode (1960-1969) geklassifiseer, vanweë die meer ontwikkelde harmoniese en vormtegniese aanwending in bogenoemde komposisie. Die ses minute lange instrumentale kamerkomposisie in drie bewegings is tydens "Eva Harvey's Memorial Concert" op 27 April 1985 in Bobolink, Sandhurst deur Brigitte McKee (fluitis); Jan Duvenage (hoboïs); Peta-Ann Richardson (tjellis) en Peggy Haddon (pianis) uitgevoer.

Opvallend is die motoriese, quasi-ostinato klavierinleiding waarin die Afrika-idioom van direkte herhaling van die openingsmotief in maat 2, asook die direkte transponering van die eerste vier maat in maat 5-8 gereflekteer word.

**Incipit 9: Harvey, Eva N: Kwartet vir fluit, hobo, tjello en klavier**

Direkte transponering (mate 5-8).




Die karakteristieke patroon-sekwenstegniek word in die tjello besetting in mate 29-33 gereflekteer. (68).

---

68. J H Kwabena Nketia, The Music of Africa. First edition: London, Victor Gollanz Ltd, 1975, p. 125.

In die tweede beweging word die inwewing van die konvensionele rondovorm gekombineerd met sonatevorm aangetref. Die herhalende melodiese patrone, met beperkte ritmiese en melodiese metamorfose, is in die monomorfiese vorm van die derde beweging aangewend.

Oorheersende tonaliteite in al drie bewegings word sporadies verryk deur middel van die invoeging van sekondêre dominante en chromatiese veranderde akkoorde. Slegs enkele modulasies word deur spilakkoorde bewerkstellig.

Beperkte ritmiese metamorfose in die tweede en derde bewegings asook die aanwending van die motoriese ostinato-motief in die inleiding van die eerste beweging reflekteer die fundamentele waarde van karakteristieke Afrika-ritme soos J H Kwabena Nketia in The Music of Africa gestel word:

> "Since African music is predisposed towards percussion and percussive textures, there is an understandable emphasis on rhythm, for rhythmic interest often compensates for the absence of melody or the lack of melodic sophistication." (69).

Die komponis slaag daarin om die effektiewe Afrika-beurtsang deur middel van direkte modulasies, monotoniese herhaling van melodiese materiaal asook die verontagsaming van 'n idiomatiese instrumentale kamermusiek-skryfwyse, te bewerkstellig. Deur die beperkte aanwending van melodiese en ritmiese metamorfose word die komponis se beperkte kompositoriese vakmanskap weerspieël. Die opvallende beperkinge kan ook dien as 'n verteenwoordigende voorbeeld van die inheemse Afrika-musiek beïnvloeding uit haar jeugjare.

---

69. J H Kwabena Nketia, The Music of Africa, p. 125.

### 2.1.3.4 'n Nuwe Opkomende Komponiste-Generasie

Die bekendstelling van die nuwe derde generasie kamermusiekkomponiste sal volgens die chronologiese komposisie-uitset geskied.

**(a) Reid, Douglas John (1937-)** (70).

> "I compose for people and for occasions, and am truly an "occasional" composer. Looking back, there are really only two works - a string quartet and two songs - which I wrote entirely because of an inner need." (71).

Die onvergeetlike invloed van die musikale opvoedingsmilieu, die kreatiewe uitinge in komposisies gedurende die belangrike vormende tiender-jare, asook die ondersteunende aanmoediging van sy eerste komposisie-leermeester, Peter Rorke in 1957, het aanleiding gegee tot die onderbreking van Douglas Reid se voornemende loopbaan as regsgeleerde gedurende sy vyfde jaar as leerlingprokureur in 1960. Die visioenêre, veelsydige musikus en komponis, was beurshouer van die M Pollack-meriete-beurs en Rainsford McHarry-beurs, wat hy onderskeidelik gedurende sy tweede studiejaar van die BMus graad en as BMus-Hons student in 1964 aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf het.

Dr Klaas van Oostveen en C Cudworth was verantwoordelik vir die grondlegging van Prof Reid se kreatiewe loopbaan. (72). Vir Prof Reid het die aktiewe betrokkenheid in die skeppingsproses as katalisator, veral tydens die totstandkoming van sy persoonlike individualistiese lewensfilosofie in 1956-1963, gedien. (73).

---

70. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, pp. 136-137.
71. D J Reid, "My Music", Ars Nova, Vol 14, 1982, p. 33.
72. Prof D J Reid, Persoonlike onderhoud op 9 September 1989.
73. D J Reid, "My Music", Ars Nova, Vol 14, 1982, p. 33.

Tydens Prof Reid se dienstydperk (1963-1964) as Musiekgeskiedenislektor aan die Universiteit van die Witwatersrand en as dirigent van die Johannesburgse Filharmoniese Vereniging, is hy as die wenner van die kamermusiekensemble-seksie van die nasionale komposisiekompetisie onder leiding van die Suid-Afrikaanse Komponiste Vereniging, aangewys.
Eva Noel Harvey het daarin geslaag om borgskap van die "Anglo-American Chairman's Fund" vir die Suid-Afrikaanse Komponiste Vereniging Musiek-kompetisie te bekom. (74). Slegs vier-en-twintig inskrywings is vir bogenoemde kompetisie ontvang en die beoordeelaarspaneel het bestaan uit Prof P R Kirby (Suid-Afrika), Dr Henk Badings (Nederland) en Edmund Rubbra (Engeland). Die eerste prys in die kamermusiekseksie is toegeken aan Reid se Chamber work for eight Strings, soprano and baritone. (1964). Hierdie vokale kamermusiekkomposisie is egter 'n verwerking van Reid se String Quartet in Four Movements (1964) wat uit eie behoefte geskep is.


Die konvensionele String Quartet in Four Movements (1964) is opgedra aan die vyfjarige Fiona Blacking en die stemming van elke beweging word deur poëtiese aanhalings geskep:

---

74. E Krynauw, Eva Noel Harvey (1900-1984) a South African Composer, p. 8.

**Incipit 10: Reid, Douglas J: String Quartet in Four Movements (1964) (75).**

Titelbladsy



String Quartet
in
Four Movements

Douglas John Reid

1st Movement: Moderato - Allegro Agitato.
"Alone" - E.A. Poe: "From childhood........
........ me still"

2nd Movement: Animato
"The Lonely One in Autumn" - Chinese (as used by G. Mahler in 'Das Lied')
"My heart is weary ........
........ need refreshment"

3rd Movement: Lento
"Resurrection" - Klopstock (as used by G. Mahler in his Symphony No 2)
"You will rise again........
........ Prepare to live"

4th Movement: Allegro Feroce.
'Gitanjali No 95' - R. Tagore
"Even so in death ........
........ as well"

Dedicated to the memory of an angel - Fiona - whose life was dear to all who knew her.

Composed - 10/12/63 - 15/1/64.

75. Reid, Douglas J, String Quartet in Four Movements (1964), p. 1.


Die verwerkte weergawe, naamlik Movement in Eight Parts for Strings is in 1964 deur die Betty Pack ensemble in die Alexander Teater in Johannesburg uitgevoer. (76).

**Strykkwartet in D (1969)**

Na die verwerwing van sy MLitt graad aan die Cambridge Universiteit in 1966 het hy in 1967 as lektor aan die Universiteit van die Witwatersrand teruggekeer. Die konvensionele vier bewegings in die Strykkwartet in D (1969) open met 'n wegsterwende akkoordale tweemaat-inleiding deur die tweede viool, altviool en tjello voordat die tweemaat-tema deur die eerste viool aangekondig word. Interessant is die fragmentele seriële kreeftegangtegniek wat in die twee maat tematiese frase aangetref word deurdat die eerste vier note van die tema in melodiese kreeftegang in die tweede helfte van die frase aangewend word. 'n Opvallende voorbeeld van die parallelle aanwending van Europees gesentreerde en inheemse Afrika-musiekelemente word vanaf maat 13 aangetref. 'n Quasi ostinato van die gesinkopeerde, ritmiese motief word by die begeleidende strykinstrumente aangetref, terwyl afwisselende arcow- en pizzicato-spel in die tematiese tjello-passasie uitgevoer word. Beurtsang-imitasie word tussen die eerste viool en die altviool in mate 21-24, oor 'n quasi-ostinerende gesinkopeerde monotoniese tjello-party aangewend.

76. Prof D J Reid, Persoonlike onderhoud op 9 September 1989 te Pretoria.

**Incipit 11: Reid, Douglas J: Strykkwartet in D (1969).**
Parallelle aanwending van Europees gesentreerde en Afrika-musiekelemente. (mate 13-24).



**(b) Van Wyk, Carl Albert (1942-) (77).**

Margaret D Nabarro verwys na Prof Carl van Wyk as 'n leidende figuur van die jonger dinamiese Suid-Afrikaanse komponiste. (78). Die ekonomiese, tonale komponis het sy kompositoriese opleiding van Stanley Glasser, Blanche Gerstman en Ronald Stevenson ontvang. Verder het hy orkestrasie-onderrig van Prof Eric Chisholm en private kompo-

---

77. P Klatzow, Composers in South Africa Today, p. 193.
78. M Nabarro, South African Composers No 11 - Carl van Wyk, Scenaria 23, s l, s n, p. 2.

sisie-onderrig van Dawid Engela ontvang het. (79). Kontemporêre komponiste soos Béla Bartók, Aaron Copland en Benjamin Britten het 'n groot invloed op sy musiek uitgeoefen. (80).

In 1965 het Carl 'n MMus graad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Bogenoemde navorsing het sy Eerste Klavierkonsert asook die elektroniese musiekgebied ingesluit. Die toekenning deur die "University of Cape Town Council Scholarship" in 1965 asook die SAMRO Oorsese Studiebeurs, het hom in staat gestel om sy komposisiestudies aan die "Royal Academy of Music" in Londen onder Alan Bush voort te sit. Alhoewel Vyf Kanons vir fluit, klarinet en fagot (1963) 'n studentekomposisiepoging deur Carl van Wyk is, het sy toenemende waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse kunsmusiekrepertorium aanleiding gegee tot die opdrag vir 'n instrumentale kamermusiekkomposisie. In 1974 is Sextet for Winds in two movements (1974) vir die Camerata Pretoriana ensemble gekomponeer.

**(c) Klatzow, Peter James Leonard (1945-)** (81).

As 'n dinamiese, veelsydige musikus en komponis, het Peter Klatzow 'n belangrike bydrae tot die musiekliteratuur in Suid-Afrika gelewer. Gedurende sy musikale loopbaan het Klatzow 'n indrukwekkende lys prestasies op uitvoerende asook kreatiewe gebied opgestel. Die jong Suid-Afrikaanse komponis het in 1964 die Suid-Afrikaanse Musiek Regte Organisasie (SAMRO) studiebeurs verower en aan die "Royal Academy of

---

79. Prof C A van Wyk, Persoonlike onderhoud op 14 Oktober 1990 in Johannesburg.
80. P Klatzow, Composers in South Africa Today, p. 131.
81. A Wegelin, Musiekkroniek: P J L Klatzow, Standpunte, Vol 14, Nr 3, September 1974, p. 199.

Music" in Londen gestudeer. Klatzow het lesse in klavierspel by Kathleen Long, komposisie-onderrig by Bernard Stevens en orkestrasie-onderrig by Gordon Jacobs ontvang. Daarna het hy met die Octavia-reisbeurs sy komposisie-opleiding onderskeidelik in Floraans en Parys van Roman Vald en Nadia Boulanger ontvang. (82). Na sy aanstelling in 1972 as musiekregisseur aan die SAUK het hy deur middel van die Opperheimer-beurs nog 'n jaar in Engeland vertoef om sodoende sy kreatiewe denke deur internasionale beïnvloeding te verbreed.

Peter Klatzow verontagsaam alle tradisionele norme en word beskou as die mees gevorderde Suid-Afrikaanse Avant-garde komponis. (83).
Sy vroeë werke reflekteer eksperimentele fasette deur instrumentale virtuositeit, fyn nuansering en seriële komposisietegnieke aan te wend. Strykkwartet Nr 1 (1965) word tans in die Universiteit van Kaapstad gehuisves. Klatzow se Studies opus 2 (1966) is vir 'n interessante instrumentale kombinasie van drie klarinette, twee xilofone en klavier geskryf. Die oorspronklike komposisie, naamlik The World of Paul Klee (1972) is opgedra aan die Kathleen Alister Trio met 'n instrumentale besetting vir fluit, altviool en harp, voordat bogenoemde werk in 1976 as duo vir fluit en klavier verwerk is. (84).

**(d) Engela, Dawid Sofius (1931-1967) (85).**

Die entoesiastiese musikus en komponis Dawid Engela het na die voltooi-

---

82. C van Schalkwyk, Tegniese aspekte van uitgesoekte orkeswerke van agt Suid-Afrikaanse komponiste. 'n BMus skripsie aan die Universiteit van Pretoria, 1976, p. 150.
83. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Vol 2, p. 14.
84. M S Levy, Catalogue of Serious Music, Vol 1, p. 212.
85. J D Greyling, Dawid Sofius Engela (1931-1967). 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1980, p. 9.

ing van sy BMus graad aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1951, as voltydse omroep-regisseur van die SAUK gewerk. Sy verbintenis met die SAUK het so vroeg as 1 Desember 1948 as leerlingplate-programopsteller begin.

Die FAK-beurs het hom in staat gestel om gedurende 1953 na Oostenryk te reis om met musiekwetenskaplike navorsing onder die bekwame leiding van Prof Erich Schenk vanaf Januarie 1954 tot Augustus 1956, in Wenen, te begin. Terselfdertyd het hy as student aan die "Akademie für Musik und darstellende Kunst" geregistreer om sodoende homself as veelsydige musikus te bekwaam. Op komposisiegebied het hy die volgende kursusse gevolg, naamlik harmonie en kontrapunt onder leiding van Alfred Uhl en Karl Schiske. 'n Meer gevorderde kursus in komposisie en orkestrasie, aangebied deur Hans Jellinck en Paul Hindemith, is deur Engela voltooi. (86).

Na die teleurstellende Weense tydperk wat deurspek was met finansiële en huweliksprobleme het 'n meer verrykende Londense periode (1956-1963) gevolg. As vertaler, aankondiger, programopsteller en dramaregisseur in die Afrikaanse afdeling van "Overseas Regional Service" van die Britse Uitsaaikorporasie (BUK) het hy uitgebreide musikale ervaring opgedoen deur onderhoude met internasionale komponiste soos Aaron Copland asook die Suid-Afrikaanse komponis John Joubert te voer.
In 1963 het hy na Suid-Afrika verhuis om 'n betekenisvolle bydrae tot die uitbreiding van musikale aktiwiteite te lewer voordat hy op 25 November 1967 in 'n motorbotsing naby Laingsburg gesterf het. (87).

---

86. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel II, p. 17.
87. J D Greyling, Dawid Sofius Engela, p. 14.

Die volledige ontwikkeling van Engela se Divertimento (1954-1962) vanaf die drieledige werk [Bläsertrio (1954)] tot 'n vyfdelige werk word sistematies deur J D Greyling in die MMus verhandeling "Dawid Sofius Engela (1931-1967)" bespreek. (88).

Die uitvoering van die ontwikkelende instrumentale kamermusiekkomposisie was in die eerste fase as Bläsertrio (1954) is deur drie lede van die Weense simfonie-orkes tydens die "Akademie für Musik und darstellende Kunst" se kamerkonsert (ook genoem studentekonsert) in Junie 1954 uitgevoer. In 1962 is die volledige vyfdelige werk deur die Londense Blaaskwintet uitgevoer en deur die BUK uitgesaai. Op 27 Mei 1966 is die première op Suid-Afrikaanse bodem in 'n gewysigde vorm aangebied aangesien die blaaskwintet nie in die oorspronklike besetting uitgevoer is nie, maar die hobo en fagotpartye is onderskeidelik deur die viool en tjello vervang. Die uitvoerende kunstenaars wat opgetree het was E Tamassy (fluitis), N Travers (violis), D Woodman (klarinettis), R Cater (tjellis) en D Morschel (fagottis). (89).

In 1956 het Engela 'n Kwintet in drie bewegings vir strykers tydens sy studieperiode (1954-1956) in Wenen gekomponeer en 'n dekade later het hy op Suid-Afrikaanse bodem 'n Suite (1966) vir die instrumentale kombinasie van fluit, fagot en strykkwartet gekomponeer. Twee ongedateerde trio's naamlik Trio vir strykers (viool, altviool en tjello) asook Choral, Prelude and Fugetta vir klarinet, hobo en fagot word tans in die Staatsargief in Pretoria geberg.

---

88. J D Greyling, Dawid Sofius Engela, pp. 35-48.
89. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 2, p. 25.

**(e) Lamprecht, Christian Engelbertus (1927-)**

Die volkskomponis, deskundige van die Afrikaanse volkslied en orrelis, Christian Engelbertus Lamprecht, is op 1 Oktober 1927 in Bloemfontein gebore. Sy musikale pedagogiese grondlegging het op 'n jeugdige ouderdom plaasgevind deurdat hy sy klavieropleiding op sesjarige ouderdom van sy moeder ontvang het. (90). Sy musikale onderrig is verbreed deur Mej Brown en die jeugdige Stefans Grové wat verbonde was aan Prof Roode se musiekskool. (91).

Lamprecht se belangstelling in komposisie kan teruggevoer word tot sy kinderlike improvisatoriese uitinge op die klavier, maar sy daadwerklike belangstelling is aangewakker deur Ds M L de Villiers se programmatiese musiek vir klavier, naamlik Die Bokkie. As BMus student het hy gedurende sy tweede en derde jaar onderrig in komposisie van Walter Swanson ontvang, nadat Prof Lemmer hom beïnvloed het om musiek as loopbaan te kies.

Lamprecht se unieke verwerkings van volksliedjies tydens sy deeltydse sangpos aan Voortrekker Hoërskool in Boksburg en Afrikaans Hoërskool in Germiston, het gelei tot die aanstelling as vakadviseur in musiek vanaf 1953-1957 in die Transvaalse Onderwysdepartement. Gedurende sy studieverlof in 1954 het hy na die Westfalische Kirchenmusikschüle in Herford, Duitsland vertrek om hom verder in orrelspel, sang, koorleiding en komposisies (onder Adalbert Schütz) te bekwaam.

---

90. Prof C E Lamprecht, Persoonlike onderhoud gevoer op 11 April 1991.
91. Prof C E Lamprecht, Die Kreatiewe Aanwending van Volksmusiek, Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1985, p. 2.

'n Nuwe fase is ingelui met die aanstelling as Senior Skakelbeampte van die Afdeling Opvoeding buite skoolverband in die Departement Kultuursake, wat later omskep is in Hoofkultuurbeampte vir Musiek in die Departement van Nasionale Opvoeding. (92). Verskeie reise is gedurende 1969-1974 deur al vier provinsies en Namibië onderneem en 800 volksliedjies is op band vasgelê.

**Tema en Variasies vir fluit, viool en tjello (1970)**

Bogenoemde belangstelling in volksliedjies het aanleiding gegee tot die insluiting van die "Slawelied" as tema van instrumentale kamermusiekkomposisie tydens die voorbereiding van die MMus verhandeling wat op 'n portefeulje van komposisies gebaseer is. In die voorwoord tot Tema en Variasies vir fluit, viool en tjello (1970) word die geskiedkundige agtergrond soos volg verstrek:

> "Die sewe variasies van die Trio is gebou op 'n tema wat bekend staan as die "Slawelied". Dit is 'n liederwysie vir Gesang 27 en is volgens oorlewering dikwels tydens die Groot Trek deur 'n vrygemaakte slaaf gesing wat saam met 'n sekere Joubert-familie vanaf Barrydale via die binneland getrek het omstreeks 1836-38.
>
> Ek het die wysie in sy romantiese karakter opgeteken by Mev C H Esterhuizen van Onderstepoort, Pretoria. Sy is 'n direkte afstammeling van die Voortrekker, Gideon Joubert, wat na die Groot Trek in die Vrystaat gevestig het.
>
> Die "Slawelied" het in die volksmond bly voortleef tot vandag." (93).

Prof Lamprecht slaag daarin om deur middel van 'n motoriese ritmiese ostinato in die tjelloparty, die twee mate patroon-sekwens melodiese

---

92. Prof C E Lamprecht, Die Kreatiewe Aanwending van Volksmusiek, p. 2.
93. C Lamprecht, Tema en Variasie vir fluit, viool en tjello, Titelblad.

aanwending in die fluitparty, asook deur middel van melodiese verdubbeling in sesdes in die vioolparty, 'n ware Afrika-idioom in tonale harmonie vas te vang.

Incipit 12: Lamprecht, C E: <u>Tema en Variasie vir fluit, viool en tjello op 'n tema van 'n ongepubliseerde gewyde Volkslied</u>
Inheemse volkslied as cantus firmus. (mate 1-16) (94).




Imitasie van die sterk ritmiese tweemaat-motief word aangetref in die eerste variasie as die tjelloparty deur die fluit- en vioolparty in maat 1-3 geïmiteer word.

---

4. C Lamprecht, <u>Tema en Variasie vir fluit, viool en tjello</u>, p. 1.

**(f) Zaidel-Rudolph, Jeanne (1948-)**

Die individualistiese kontemporêre komponis, Jeanne Zaidel-Rudolph, is op 9 Julie 1948 in Pretoria gebore. In die musikale milieu het die oplettende familie die besondere musiektalent op 'n vroeë ouderdom by haar waargeneem. Met die onontbeerlike aanmoediging en ondersteuning het sy op vyfjarige ouderdom, onder die bekwame leiding van Goldie Zaidel, met klavieronderrig begin.

In die hoofstuk "A survey of the younger generation of South African Composers deur Penny Clough in "Composers in South Africa Today", word na Dr Zaidel-Rudolph as volg verwys "... as something of a child prodigy ...". (95). As uitvoerende pianiste het sy ongekende sukses behaal. (96)

Op 'n jeugdige ouderdom is die kreatiwiteit van 'n wordende komponis geopenbaar, alhoewel die uitvoeringsdrang steeds die swaarste geweeg het. Sommige jeugkomposisies is in die tydskrifte van "Pretoria High School for Girls" gepubliseer, maar die ware ontluiking van haar kreatiewe drange het gedurende die studentejare tot uiting gekom.

---

95. P Klatzow, Composers in South Africa Today, p. 208.
96. Aantekening wat deur Dr J Zaidel-Rudolph tydens 'n persoonlike onderhoud in Julie 1989 beskikbaar gestel is. Ongekende sukses is deur die jeugdige pianis behaal deurdat sy gedurende 1954-1965 elke klavier-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika met lof geslaag het en op 'n gereelde basis studente-beurse van bogenoemde instituut verower het. Hierdie belowende pianis is in 1961 gedurende 'n radioprogram "Jong Suid-Afrika" aan die breë musiekpubliek bekendgestel. Solistiese optredes saam met die simfonie-orkeste van Johannesburg en Pretoria, is veral gekenmerk deur die uitmuntende uitvoering van Morten Gould se Interplay tydens 'n konsert gedurende 1969 in samewerking met die TRUK orkes in Pretoria.

Gedurende 1966 het sy haar musiekstudies aan die Universiteit van Pretoria voortgesit deur in te skryf vir 'n BMus graad. As uitmuntende student het sy daarin geslaag om die meriete-beurs, naamlik "Die Pretorium Trust Beurs" vir vier agtereenvolgende jare te verwerf. Ook op die uitvoerende gebied het sy haarself bewys deur onder die bekwame leiding van Philip Levy die medalje vir "Die beste instrumentalis vir 1968" van die Bond van Oud-Studente te verower. Dr Zaidel-Rudolph se konsensieuse toewyding en deursettingsvermoë word in 1969 bekroon deurdat sy twee lisensiate met onderskeiding verwerf, naamlik LTCL (1969) en LRSM (1969).

**Studenteperiode (1971-1973)**

Die ewewigtige balans tussen kreatiewe drange en die genoegsame bevrediging van uitvoering word gedurende 1970-1971 gehandhaaf. Gedurende hierdie tydperk het sy 'n MMus graad in komposisie, asook nog twee lisensiate naamlik FTCL (1970) en UPLM (1971) met onderskeiding verwerf.

Die inisiatief vir die toetrede van die kreatiewe gebied, is deur Dr Johan Potgieter geïnisieer. Dr Zaidel-Rudolph se eerste instrumentale kamermusiekkomposisie <u>Kaleidoscope</u> (1971) vir blaasinstrumente en perkussie dateer dan ook uit hierdie periode. So ook die kompositoriese grondlegging deur Prof A Wegelin gelei tot die eksploitering van hierdie gebied toe sy met behulp van die Opperheimer Stigtingbeurs aan die "Royal School of Music" in Londen kon gaan studeer. Haar studieveld het die volgende komponente ingesluit, naamlik gevorderde komposi-

sisie onder leiding van John Lambert, kontemporêre elektroniese musiek deur Tristram Carey en die praktiese aspek van klavieruitvoering onder leiding van John Lill.

Die oorspronklike elektronies geïnspireerde komposisie Reactions (1973) vir klavier, tjello en perkussie, het gelei tot die verowering van die R O Morris en Corbett pryse.

**(g) Roosenschoon, Hans (1952-)** (97).

As deeltydse komponis is Hans Roosenschoon vanaf 1987 as Musiekbestuurder aan die SAUK in Kaapstad verbonde. Na die voltooiing van sy studies aan die Konservatorium vir Musiek in Pretoria, het Hans tjello-onderrig van Betty Pack ontvang. Die noodsaaklike fundamentele beginsels van musisering is tydens sy deelname as lid van die Suid-Afrikaanse Junior Kamerorkes bemeester.

Roosenschoon se kreatiewe drange is vanaf 1973 deur die komposisiementor, Dr Klaas van Oostveen, aangewakker aangesien hy verantwoordelik was vir die onderrig van fundamentele komposisietegnieke in harmonie en kontrapunt. Aan die "Royal Academy of Music" was Paul Patterson tot aan die einde van 1978 vir Roosenschoon se kreatiewe vorming verantwoordelik. Tydens die lang verbintenis met die SAUK as musiekregisseur is die invloed van verskeie opnametegnieke in sy komposisies waarneembaar. (98).

---

97. S J Jacobs, Die Komposisies van Hans Roosenschoon (1952-), 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1987, p. 5.
98. Ibid.

As Musiekorganiseerder van die musiekafdeling aan die SAUK in Kaapstad is hy vanaf 1980 verantwoordelik vir die gereelde uitsendings deur die Kaapstadse Simfonie-orkes, asook vir die bekendstelling van Suid-Afrikaanse komponiste deur opnames en programme van hul werke te organiseer. (99).

Anton Hartman het as dirigent van die Nasionale Simfonie-orkes 'n inspirerende invloed op Roosenschoon se kompositoriese loopbaan uitgeoefen, aangesien hy verantwoordelik was vir die première van verskeie werke. Die hoë kreatiewe standaard van Roosenschoon se komposisies word gereflekteer deur die verowering van 'n indrukwekkende aantal komposisieprystoekennings sedert 1974. (100). Die meeste komposisies is gekomponeer in opdrag van verskeie instansies, byvoorbeeld die SAUK, SAMRO, die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Oude Meester-stigting.

Die aktiewe bydrae tot die instrumentale kamermusiekgenre word met die outodidaktiese, konvensionele instrumentale besetting in <u>Katonk</u> (1971) vir fluit, klarinet, viool, tjello, kontrabas en klavier geopen. <u>Toccatino</u> (1973) vir hobo, viool en klavier, reflekteer die kombinasie van Europees gesentreerde en inheemse Afrika-musiekelemente met die insluiting van die rondo-sonatevorm en die aanwending van temporale aspekte soos imitasie, sinkopasie, sekwense en beurtsang. 'n Volledige analitiese van <u>Toccatino</u> (1973) word deur J S Jacobs in die MMus verhandeling "Die Komposisies van Hans Roosenschoon (1952-)" bespreek. (101).

---

99. J S Jacobs, Die Komposisies van Hans Roosenschoon (1952-), p. 6.
100. Ibid.
101. Ibid, pp. 66-69.

Toccatino (1973) is op 18 September 1973 in Pretoria voltooi en op 26 Maart 1974 deur Driene Lauf (hoboïs), Hester Wohlitz (violis), Hans Roosenschoon (tjellis) en Ruhan Maritz (pianis) uitgevoer. (102).

Kontrapuntale beïnvloeding deur Dr Klaas van Oostveen word in die konvensionele instrumentale besetting in Roosenschoon se instrumentale kamermusiek aangetref. Beïnvloeding deur die instrumentale aanweding van die inheemse Afrika-musiek, word gereflekteer (103) deur die wegbeweeg van konvensionele instrumentale besettings in Invensie vir drie strykers (1974), 13 Sketse vir verskillende instrumentkombinasies (1974-1975) tot die invoeging van perkussiewe instrumente in Kanon vir xilofoon, hobo, tjello en fagot (1975) asook Psige vir klavier, bas klarinet, vibrafoon, snaartrommel, driehoek en Sjinese blokke (1975).

**(h) Enkele bydraes deur Suid-Afrikaanse komponiste**

Enkele instrumentale kamermusiekkomposisies het gedurende die laat sestigerjare uit die pen van Peter Cohen, Adrian Cruft en Prof A Solomon gevloei, terwyl die eerste pogings deur die jong opkomende geslag gedurende die laaste twee jaar van die oorgangsfase verskyn het, naamlik:

Michael Blake se Canon in Nomine: Arnold Schoenberg (1974) asook WCT 22 (1975); Quartet in Folk (1974), Three Bagatelles (1974) asook Three Sketches (1975) deur John R Coulter en David Hoenigsberg se Quintet (1975).

---

102. J S Jacobs, Die Komposisies van Hans Roosenschoon (1952-), p. 67.
103. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 3, pp. 102-103.

## .2 Statistiek

Tydens die oorgangsfase is 68.4% van die 90 instrumentale komposisies deur aanvaarde en egte Suid-Afrikaanse komponiste gekomponeer, terwyl 5.26% deur die besoekende en 26.3% deur immigrerende komponiste, bygedra is. Van die 365 gedateerde werke is slegs 24.66% gedurende die oorgangsfase gekomponeer.


'n Totaal van 90 werke kan soos volg gekategoriseer word:

| KATEGORIE | AANTAL | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Trio's | 40 | 44.44% |
| Kwartette | 25 | 27.77% |
| Kwintette | 11 | 12.22% |
| Sekstette | 11 | 12.22% |
| Septette | 1 | 1.11% |
| Oktette | 2 | 2.22% |
| Nonette | 0 | 0% |

Die volgende grafiese voorstelling verskaf die kategories persentasie op die vertikale as, terwyl die verskillende kategorieë op die horisontale as aangetoon word.

'n Oplewing word in die sekstet-kategorie waargeneem.

GRAFIESE VOORSTELLING



## 3. Tersiêre Ontwikkelingsfase (1976-1990)

### 3.1 Bydraes tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek

#### 3.1.1 Immigrante-komponiste

**(a) James, Christopher Langford (1952-)**

In 1971 het Christopher James as aspirantkomponis na Suid-Afrika geïmmigreer. Hy het sy jeugdige musikale opleiding as pianis, orrelis en klarinetspeler van John Hodgson ontvang. Na 'n onderbreking van twee en 'n half jaar, waarin hy homself as rekenkundige wou bekwaam, het hy sy musiekstudies onder leiding van Pullbeack, Wright en Underwood aan die Universiteit van Rhodesië voortgesit. (105).

Dr James se belangstelling in komposisie is deur Prof S Grové geïnisieer en sedert 1974 tot 1982 het hy in bogenoemde rigting gespesialiseer. Gedurende hierdie tydperk het hy daarin geslaag om BMus-, BMus Hons-, asook die MMus graad aan die Universiteit van Pretoria te verwerf. In 1978 het hy die aanstelling as junior lektor in Harmonie en Kontrapunt en Musiekvorm aan die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar. Na die verowering van die Fullbright-beurs het hy na Amerika vertrek om sy doktorale proefskrif onder die kritiese, tog ondersteunende leiding, van Dr Scott Huston te voltooi.

Wisselende beïnvloeding word in Dr James se kompositoriese stylontwik-

---

105. Dr C L James, Onderhoud gedurende September 1989 te Pretoria.

keling aangetref deurdat Neo-Romantisisme met inheemse Afrika musiek-elemente in Winter's Dream for Three Percussionists (1985) gekombineer word, terwyl oorheersende jazz-elemente in Grahamstown Buzz! (1990) teenwoordig is.

Winter's Dream for Three Percussionists (1985) is in Maart 1985 voltooi en aan Dr Scott Huston opgedra. Perkussiewe instrumente word in die enkelbeweging-komposisie aangewend. Dr James slaag daarin om deur herhalende ritmiese patrone asook die voortspinnende ostinato-patrone met afwisselende beurtsang deur elke instrumentalis in 'n hegte struktuur te skep.

Incipit 13: James, C L: Winter's Dream for Three Percussionists (1985).

Afwisselend beurtsang. (mate 12-14)



**(b) Jolly, Margaret (1919-)**

Alhoewel Margaret Jolly in 1919 in Frankryk gebore is, het sy haar skolastiese opvoeding in Engeland voltooi voordat sy vir 'n tydperk van 15 jaar in Indië vertoef het. Nadat sy met 'n Suid-Afrikaanse argitek in die huwelik bevestig is, het sy as uitstaande klavierstudent haar musiekonderrig aan die Kaapstadse Universiteit Kollege voltooi. Gedurende haar studiejare was Walter Swanson vir haar komposisie-onderrig verantwoordelik.

Al die instrumentale kamermusiekkomposisies van Jolly is tydens die tersiêre ontwikkelingsfase geskep. Twee van die drie werke is verskeie kere uitgevoer, naamlik: Away in a manger (1977), onderskeidelik in 1977 en 1978 uitgevoer, en Toccata for String Trio (1985) wat by drie verskillende geleenthede in 1990 uitgevoer is. (106).

**(c) Stephenson, Allan (1949-)**

Allan Stephenson se belangrike bydrae tot die bekendstelling van die Suid-Afrikaanse kunsmusiekrepertorium sedert 1973 word gekenmerk deur sy uitgebreide aktiwiteite as komponis, dirigent en tjellis. Die opvallende liriese en ritmiese instrumentale kamermusiekkomposisies van Allan Stephenson is hoofsaaklik vir die gebruik deur vriende en kollegas gekomponeer. (107).

---

106. M Jolly, Korrespondensie gedateer 11 Junie 1990.
107. A Stephenson, Korrespondensie gedateer 4 Junie 1990.

Divertimento for Woodwind Quintet (1977) vir fluit, hobo, klarinet, fagot en horing het oorspronklik as 'n enkelbeweging-komposisie verskyn en is uitgebrei tot drie bewegings. Die verskillende bewegings van die kamermusiekkomposisie funksioneer as selfstandige eenhede en verskeie bewegings is al uitgevoer.

Die volkswysie van My Sarie Marais funksioneer as die cantus firmus in Pofadder Variations I (1977). 'n Humoristiese en spitsvondige karakter is in die variasievorm van bogenoemde komposisie vasgevang. Bogenoemde werk is op versoek van drie vriende, naamlik: E Tamassy (fluitis), L Bohn (hoboïs) en T Tecke (fagottis) gekomponeer. Pofadder Variations I is deur middel van dertig uitvoerings tydens 'n Kaapprovinsie Raad vir Uitvoerende Kunste (KRUIK) toer in die Kaapprovinsie aan skoliere en die breë publiek bekendgestel. (108).

Die Trio vir fluit, altviool en harp (1979) is in opdrag van die Nederburg Trio geskep. Lede van die Nederburg Trio, naamlik, L Snyman (fluitis), W Mony (altviolis) en K Alison (harpspeler) was verantwoordelik vir die vervaardiging van die SAUK klankbaanopname wat op 21 April 1981 uitgesaai is. (109).

Stryktrio (1985) is 'n konvensionele vierbeweging-komposisie wat aan "Adrian, David and Daniël, for your continuing success" opgedra is. Bogenoemde werk is in 'n kort tydperk van twee weke (28 Desember 1984 tot 15 Januarie 1985) gekomponeer. Die kenmerkende Laat-Romantiese

---

108. A Stephenson, Korrespondensie gedateer 4 Junie 1990.
109. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 2, p. 62.

karakteristieke eienskappe van metriese en tempowisseling word deurweek met quasi-ostinerende melodiese en ritmiese patrone, herhalende tweemaat-frases asook imitasie. Die première van bogenoemde komposisie het in die Nassau Sentrum in Kaapstad plaasgevind.

Die tegnologiese vooruitgang op die elektroniese rekenaargebied het bygedra tot tydbesparing en 'n kritiese evaluering van die skeppingsproduk tydens die kreatiewe proses. In 1984 is die Atari rekenaar met 'n notasieprogram aan die Suid-Afrikaanse skeppende en uitvoerende kunstenaars bekendgestel. 'n Verbeterde en opgegradeerde IBM weergawe het in 1987 op die Suid-Afrikaanse mark verskyn. Voordele van notasieprogramme soos "Finale", "Music Time" en "Ancor" het nie net die skeppingsproses vergemaklik nie, maar stel ook die komponis in staat om die komposisie te redigeer na oudiotiewe evaluasie. Na bogenoemde regstellings kan die komponis se innerlike psigiese klankbeelde tydens lewendige uitvoerings meer akkuraat weergee word.

Stephenson het die voordele van bogenoemde tegnologiese vooruitgang op die elektroniese rekenaargebied tydens die skeppingsproses van Brass Quintet (1988) benut. Op 26 Junie 1988 is Brass Quintet vir twee trompette, horing, tromboon en tuba geskep en bogenoemde komposisie word in die tydsduur van 14 minute uitgevoer. Mono-toniese tubaspel, direkte herhaling van tweemaat-frases in die horing- en tromboonpartye asook die ritmiese imitasie deur die trompette, word in die rekenaarnotasie aangetref.

**Incipit 14: Stephenson, A: Brass Quintet (1988)**

Opvallende inheemse Afrika-elemente. (mate 1-8).




**(d) La Pierre, Gerald (1947-1981)**

In 1975 het die Amerikaans-gebore komponis, Gerald LaPierre, na Suid-Afrika geïmmigreer. As lektor in Komposisie en musiekteorie van die Musiekdepartement aan die Universiteit van Natal, het hy ook die amp

van Direkteur van die "Electronic Music Studio" beklee. (110).

Dr Mary Rörich verwys na die veelsydige kompositoriese talente in die bespreking van LaPierre se langspeelplaatopname, "LaPierre, Gerald, Shades of Burgundy, Interpak, 24-5-84-7 (long-playing record)" in The South African Journal of Musicology.

Retoriek en verbeelding word deur 'n wye reeks timbre- en tekstuurverwantskappe gereflekteer. Aleatoriek word op 'n gehipnotiseerde, primitiewe, en tog rituele wyse in die instrumentale kamermusiekkomposisie, Burgundy Suite (1981), aangebied en gekontroleer. Die konvensionele instrumentale keuse van die kombinering van melodiese en ritmiese instrumente is gepas vanweë die eenvoudige melodiese konsep. Die herhaaldelik gevarieerde motief-sel in al sewe onderverdelings van die komposisie word op dieselfde toonhoogte deur instrumente oorgeneem. Beïnvloeding deur Messiaen word gereflekteer deur die menigvuldige kontrapuntale effekte en Dr Mary Rörich verwys ook na die quasi-improvisatoriese imitasies wat eie is aan die inheemse Afrika-musiekkarakter, naamlik:

> "Evocative and flexible linear writing, haunting intervallic dissonance and quasi-improvisatory imitations flesh out the textural fabric, until, in the final movement, the full timbral palette is presented in a multi-stranded counterpoint, reminiscent of Messiaen." (111).

Die langspeelplaat bevat ook die enkelbeweging Chamber Concert (1981) asook Repercussions for two percussionists and tape (1981).

---

110. Dr M Rörich, "LaPierre, Gerald, Shades of Burgundy, Interpak, 24-5-84-7 (long-play record), The South African Journal of Musicology (SAMUS), Vol 6, 1986, p. 103.
111. Ibid, p. 104.

'n Spontane interaksie tussen uitvoerende kunstenaars en voorbereide magneetbandopname vorm die primêre uitgangspunt van laasgenoemde komposisie.

### 3.1.2 Aanvaarde Suid-Afrikaanse komponiste

#### 3.1.2.1 Meer ervare komponiste

**(a) Swanson, Walter Donald (1903-1985)**

Alhoewel Walter Swanson hom sedert 1965 geleidelik van 'n aktiewe musieklewe onttrek het, is 'n uitstaande radioprogram tydens sy sewentigste verjaarsdag in 1973 aan sy lewe en werke gewy. Op 21 Februarie 1976 asook op 22 Junie 1988 is die Suite (1973) en Serenate (1959) tydens die program "Komponis aan die Woord" uitgesaai. Bogenoemde strykkwartette is deur J Kanar (violis), W Swanson (altviolis), Y Kanar (tjellis) en H van Heerden (pianis) uitgevoer. (112).

'n Dokumentêre program is in 1980 deur die SAUK gebeeldsaai en die agtergrondmusiekkomposisies deur Swanson is bespreek en uitgevoer. Gedurende 1976-1982 het Swanson agt miniatuur instrumentale kamermusiekkomposisies, waarvan die tydsduur vanaf twee tot vier minute wissel, gekomponeer. (113). Die instrumentale besetting is hoofsaaklik vir strykers met die uitsondering van Scherzetto (1977) wat vir drie sopraanblokfluite en 'n altblokfluit geskryf is.

---

112. W D Swanson, Suite (1973) en Serenata (1959), SAUK, 21 Februarie 1976 asook 22 Julie 1988, TM 3771 (76) en TM 4091 (88).
113. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 3, pp. 105-107.

Tydens die "Walter Swanson 90th Anniversary Concert" op 31 Julie 1993 in die "Herschel School Theatre", is twee instrumentale kamermusiekkomposisies van Swanson met die ondersteuning van SAMRO uitgevoer, naamlik: Three Impromptus (ongedateerde komposisie) asook Fughetta (1974). Die uitvoerende instrumentaliste was onderskeidelik: Kerren Bailey (violis), Naomi Pearl (violis), Xandi van Dijk (altviolis) en Catherine Rennie (tjellis) tydens die uitvoering van Three Impromptus, terwyl Kerryn Bailey (violis), Ingrid Glass (altviolis) en Catherine Rennie (tjellis) verantwoordelik was vir die uitvoering van Fughetta (1974). (115).

115. Program van "Walter Swanson 90th Anniversary Concert" uitgevoer op 31 Julie 1993 in die "Herschel School Theatre".

**Incipit 15: Program van "Walter Swanson 90th Anniversary Concert" uitgevoer op 31 Julie 1993 in die "Herschel School Theatre".**

*All the items on this programme, except the last (no. 11) are compositions of Walter Swanson.*

| | | |
|---|---|---|
| 1) | Orchestra | *Print Size Suite*<br>*a) Tempo di Bourree*<br>*b) Slow Minuet*<br>*c) Air*<br>*d) Rondino*<br><br>*The Cape Sinfonietta* |
| 2) | Songs | *"Fly, Heart O Fly" words by Paul Jacklin*<br>*"Flower of Night" Granville Barker*<br>*"Music upon the Breeze" Paul Jacklin*<br><br>*Annette Hamilton*<br>*accompanied by*<br>*Lucy Norton* |
| 3) | Duet | *Melodie Naif and Variations on a popular South African Air*<br>*Kerryn Bailey violin*<br>*Ingrid Glass viola* |
| 4) | Trio | *Fughetta*<br>*Kerryn Bailey violin*<br>*Ingrid Glass viola*<br>*Catherine Rennie 'cello* |
| 5) | Solo | *Pastorale for Oboe and Strings*<br>*Alice Mackinley solo oboe*<br>*with the strings of*<br>*The Cape Sinfonietta* |
| 6) | Orchestra | *Aubade*<br>*The Cape Sinfonietta* |
| 7) | Solo | *Scherzetto for Flute and Strings*<br>*Marianne Martens solo flute*<br>*with the strings of The Cape Sinfonietta* |
| 8) | Quartet | *Three Impromptus*<br>*Kerren Bailey violin 1*<br>*Naomi Pearl violin 2*<br>*Xandi Van Dijk viola*<br>*Catherine Rennie 'cello* |
| 9) | Solo | *Caprice for viola*<br>*Ingrid Glass viola*<br>*accompanied by*<br>*Marc Murray* |
| 10) | Songs | *"Van Hunks and the Devil" words by Adm. Woolley, "O Maan van my Genot" words by Omar Khayyam, translated by Langenhoven*<br>*Prof Maurice Kibel*<br>*accompanied by*<br>*Ashley Hartley* |
| 11) | Toy Symphony | *by Koos Van Der Mozhuizen*<br>*to be played by the Cape Sinfoneitta, with assistance from some players whom you will easily recognise.* |

*This work was written by Koos Van Der Mozhuizen, an elder brother of Mozart, and the manuscript was discovered by Allan Stephenson, some years ago. (The composer had been exiled to the Cape for reasons unknown!) We are most grateful to Mr Stephenson for sharing this delightful composition with us, and we thank all the artists who have contributed their time and talents to make this programme possible.*

*Refreshments will be served in the foyer, do join us.*

*This Concert has received generous support from the South African Music Rights Organisation (Samro)*

**(b) Temmingh, Roelof Willem (1946-)**

Gedurende die tersiêre ontwikkelingsfase het Roelof Temmingh onderskeidelik komposisie in Duitsland (1972) asook elektroniese musiek in Nederland (1979) bestudeer. Temmingh het met die uitvoering van sy komposisies in Duitsland, Nederland, Oostenryk, Switzerland, Italië, Spanje, Portugal, Turkey en Israel, internasionale erkenning as komponis verwerf. (116).

As lektor aan die Universiteit van Stellenbosch het Temmingh vanaf 1976-1988 vyf instrumentale kamermusiekkomposisies gekomponeer.
Die kombinasie van konvensionele instrumente met die elektroniese magneetband word in <u>White Integration</u> (1987) en <u>Autumn</u> (1988) aangetref.

Die première van <u>White Integration</u> (1987) is op 24 Mei 1987 deur die Musicultus-ensemble uitgevoer. Bogenoemde komposisie is tydens 'n radioprogram op 24 Mei 1987 uitgesaai en die uitvoerende kunstenaars was: M Hofmeyer (fluitis), A van der Westhuizen (tjellis), G Geldenhuys (klarinettis), B van Schoor (tjellis), Z Labuschagne (pianis) en R Temmingh as orrelis. (117).

---


116. R Temmingh, Programnotas - <u>Die Total Musiekbundel 1988</u>: Gala Première, "The Great Hall", Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 22 Oktober 1988, p. 5.
117. R W Temmingh, <u>White Integration</u> (1987), SAUK, 24 Mei 1987, TM 3602 (87).

## (i) Autumn (1988)

Opvallend is die ritmiese en melodiese ostinato passasies in die klavierparty in mate 190 tot mate 231 waarin die karakteristieke ritmiese ooreenkomste en imiterende patrone van Afrika-musiek in die deursigtige tekstuur van Autumn (1987) gereflekteer word. (118). Europese invloede word deur die inkorporering van elektroniese magneetband in Autumn gereflekteer.

**Incipit 16: R Temmingh - Autumn (1988)**

Afrosentriese ritmiese komponente. (mate 190-231).




118. R Temmingh, Autumn (1988), p. 12.

Die sewe instrumente is verdeel in 12 verskillende toonhoogtes, naamlik, fluite speel slegs G, terwyl die klarinet E en E mol speel.Die horing vertoef op B en C kruis, met die trompet op B mol, terwyl die eerste tjello op A mol luier en die tweede tjello op F. In die klavierparty word 'n hemi-pentatoniese toonleer geïmpliseer deur die toonhoogtes A - B - C - D - F kruis te inkorporeer.

Die twaalfminute-komposisie bestaan uit 'n uiteensetting en twee variasies wat die verganklikheid van die mensdom simboliseer. Imitasie van die afname in klankvermindering deur die konvensionele instrumente word in die voorbereide magneetband materiaal aangetref. In die koda word 'n dualistiese lied van verganklikheid en herlewing deur konvensionele instrumente weergegee.

(c) **Temmingh, Hendrik (1939-)**

Hendrik Temmingh het sy komposiese-kennis uitgebrei deur lesings by te woon wat deur Henk Badings in Nederland aangebied is. Passacaille et Rondeau (1980) vir fluit, hobo, klarinet en horing, is as 'n opdragswerk vir Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser Vereniging gekomponeer, terwyl Trio (1984) in opdrag van die Nederburg Trio geskep is.
Op 12 Februarie 1984 is laasgenoemde komposisie deur die uitvoerende kunstenaars naamlik: L Grujon (fluitis), L Alister (harpspeler) asook W Mony (altviolis) uitgevoer. (119).

---

119. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 2, p. 64.

Sedert 1987 is Hendrik Temmingh as hoof van die Musiekdepartement aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aangestel en tans is hy hoof van die Musiekdepartement aan die Universiteit van Pretoria.

(d) **Wegelin, Arthur W (1908-)**

Die individualistiese komponis, Arthur Wegelin het vanuit die Laat-Romantiese idiomatiese skryfstyl, 'n eiesoortige pluri-tonaliteitsisteem tot dodekafonie en seriële tegnieke beweeg sonder om tonaliteit geheel en al uit te skakel. Wegelin het die hoogtepunt van sy loopbaan as komponis en navorser aan die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ervaar. (120).


**Strykkwartet Nr 2 Opus 51 (1985-1986)**

Belangstelling in die inheemse volksmusiek word in Strykkwartet Nr 2 opus 51 (1985), in opdrag van die Musiekdepartement van Pretoria Universiteit gekomponeer, gereflekteer deur die inwewing van die klaende Rehobothbaster tema in die tweede beweging, maat 24 naamlik: "Basters folk tune of Namidib". (121).

---

120. J Stanford, Die Komposisies van Arthur Wegelin tot 1988, p. 13.
121. W A Wegelin, Strykkwartet Nr 2 opus 51 (1985-1986), p. 33.

**Incipit 17: A W Wegelin - Strykkwartet Nr 2 opus 51 (1985-1986)**
Inkorporering van inheemse volksmateriaal. (maat 24). (122).




'n Beperkte toonhoogte-omvang word in die tonaalgebonde komposisie aangetref, terwyl die sterk gesinkopeerde ritmiek as simmetriese skakel tussen die eerste en derde beweging funksioneer.

Om die inheemse Afrika-trefkrag te verskerp het Wegelin 'n meer vereenvoudigde harmoniese basis in die middelseksie van die tweede beweging geskep, terwyl die atonale harmoniese benadering in die buite seksies met chromatiese gewysigde tone, die Westerse kunsmusiek beïnvloeding reflekteer.

---

122. A W Wegelin, Strykkwartet Nr 2 opus 51 (1985-1986), p. 33.

Die opvallende gesinkopeerde tema, reperterende parlondo-tone asook die implementering van die gepunteerde ritmiese ostinato-patroon waardeur spanning oor 'n periode van twintig mate verhoog word, is verteenwoordigend van die Afrika-musiekelemente. Tiperende Wegelin inwewing van kanonfragmente is kenmerkend van bogenoemde komposisie. 'n Deurdagte analitiese weergawe van die Strykkwartet is deur Dr J Stanford in die DMus proefskrif "Die Komposisies van Arthur Wegelin tot 1988" bespreek. (123).

Al die instrumentale kamerkomposisies uit die derde ontwikkelingsfase (1976-1990) is deur O W Uitgewers in Montuque gepubliseer. Die laaste drie werke is in opdrag van verskillende instansies geskep, naamlik: Klaviertrio opus 42 (1983) in opdrag van die SAUK; Ditsems en Datsems opus 48 (1984) in opdrag van "The School of Music", van die Universiteit van die Witwatersrand terwyl die Strykkwartet Nr 2 opus 51 (1985-1986) in opdrag van die Musiekdepartement van die Universiteit van Pretoria geskep is.

**(e) Van Oostveen, Klaas (1911-1992)**

Na die aankondiging van Van Oostveen se uittrede as dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1976, is slegs twee instrumentale kamermusiekwerke deur hom geskep, naamlik: Prelude en Fuga opus 70 (1981) asook Strykkwartet opus 82 (1988). 'n Laat-Romantiese idiomatiese skryfwyse word in laasgenoemde komposisie aangetref. Fyn dinamiese nuansering en wisselende tempi word in die driebeweging-komposisie aangetref.

123. J Stanford, Die Komposisies van Arthur Wegelin tot 1988, pp. 586-617.

(f) **Enkele bydraes deur aanvaarde komponiste**

Die ongepubliseerde instrumentale kamermusiekkomposisie, Parallel Motion (1986) vir houtblaastrio is deur Maria van der Mark gekomponeer, terwyl die gepubliseerde Rondo Concertante for Brass Quintet (1988) van Loeb van Zuilenburg deur AZ Uitgewers vrygestel is.

### 3.1.3 Egte Suid-Afrikaanse komponiste

#### 3.1.3.1 Meer ervare komponiste

(a) **Van Wyk, Carl Albert (1942-)**

Van Wyk het die senior lektoraat aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1977 aanvaar, en hy is in 1982 bevorder tot medeprofessor aan die universiteit. In 1982 het die SAUK 'n musiekprogram en lewenskets as herdenking van sy veertigste verjaarsdag aangebied.

Gedurende die tersiêre ontwikkelingfase (1976-1990) het Van Wyk ses instrumentale kamermusiekwerke gekonstrueer waarvan slegs Trio for violin, horn and piano (1982) deur Musication Uitgewers in Claremont, Kaapstad gepubliseer is. 'n Hegte strukturele eenheid word deur twee-noot-tematiese motiefsel bewerkstellig. Die herhaaldelike aanwending van die oorspronklike tematiese motiefsel op dieselfde toonhoogte, wat onderhewig is aan melodiese metamorfose en direkte transponering van 'n oktaaf hoër in maat 14, reflekteer die Westerse kunsmusiek beïnvloeding

deur Béla Barók se motiwiese metamorfose in Music for String Instruments, Percussion and Celesta (1936); die direkte transponering herinner aan die inheemse Afrika-musiek tegniek.

In die Suite for Horn, Bassoon and Harp (1985), 'n opdragwerk deur "The School of Music" aan die Universiteit van die Witwatersrand, word die voortstuwende gesinkopeerde ritmiese ostinato in die harp-party as begeleiding aangewend, waarteen fragmentele beurtsang-effek deur die horing en fagot uitgevoer word. Bogenoemde karakteristieke eienskappe vestig die aandag op die assimilasie van die inheemse 'n Afrrika-musiek skryfwyse in Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek waardeur die sterk inheemse ritmiese inslag geïllustreer word.

(b) **Grové, Stefans (1922-)**

Die merkwaardige bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekgenre deur die internasionale bekende Suid-Afrikaanse komponis, Prof Stefans Grové, beloop altesaam 21 werke.

Die interessante inwewing van inheemse volksmelodieë as cantus firmus van die instrumentale kamermusiekkomposisies het veral die musikale "a-literate" beïndruk. (124). Bogenoemde stelling dui op die samestelling van Westerse kunsmusiek en inheemse Afrika musiek-idiome. Grové se musikale bekering het in 1984 plaasgevind as gevolg van sy aangetrokkenheid tot die geheimenisse, misterie en eksotiese Afrika-elemente wat hoofsaaklik in Sonate op Afrika Motiewe (1984) vir viool en

---

122. S Grové, Musiekgeskiedenis lesingsmateriaal, op 24 September 1988.

klavier,gereflekteer is. Bogenoemde duo is in opdrag van Dirk Ochse en Erika Bothma geskep.

**Trio vir viool, horing en klavier (1988)**

Die Streekraad vir Uitvoerende Kunste in die Oranje-Vrystaat (SUKOVS) het Grové genader om Trio vir viool, horing en klavier (1988) ter viering van hul 25ste bestaansjaar te konstrueer. 'n Gewetensgetroue uitvoering deur middel van tegniese vervolmaking en vrye gekompliseerde meter is deur die uitvoerende kunstenaars naamlik, D Osche (violis), Zietsman (virtuose horingspeler) en E Bothma (pianis) verskaf.

Die klavierparty open die komposisie, wat in drie aaneenskakelende dele verdeel is, met 'n dalende arpeggio-figuur wat later as skakel en tematiese materiaal aangewend word. Statiese inheemse Afrika-ostinato word deur Grové op 'n oordeelkundige wyse omseil deurdat konstante groei geïmplementeer word deur die sporadiese toonverandering.

Tempo-versnelling volg na die inleiding en Grové slaag daarin om die misterieuse Afrika-element in die tweede deel vas te vang deur die egalige vlak waarop die twee verskillende tempi deur die gedempte horing aangewend word. Die dialoog tussen die viool en horing in die laaste deel reflekteer die suksesvolle sintetiese aanwending van die Westerse kunsmusiek agtergrond en inheemse Afrika-ritme.

Tydens Dr Mary Rörich se bespreking van Grové se instrumentale kamermusiekkomposisie Dans Rapsodie - 'n Afrika Stad (1986) word daar

verwys na die suksesvolle assimilasie van Afrika-musiekelemente in bogenoemde komposisie, naamlik:

> " ... All his most recent works have been based on African motives and ideas. And yet he approaches the use of this material in a very different way from the many other South African composers who are interested in exploring the same avenue as Grové. Most local composers use it purely for colour. As a kind of surface feature on top of their own idioms. Stefans Grové manages to synthesize this material into his own musical idiom - giving a very integrated total idiom. He breaks down these little motives very often - analyses them creativley, in a wonderful climatic apotheosis. He goes back to the guts of the actual idea". (125).

Na 1984 word die assimilasie van Afrika-musiekelemente op 'n suksesvolle wyse in alle kunsmusiekkomposisies van Grové aangetref.

(c) **Holm, Albrecht (1937-)**

Albrecht Holm is op 8 Julie 1937 in Durban gebore. In die kunssinnige milieu van sy ouerhuis is 'n positiewe benadering tot Albrecht se musikale ontwikkeling geopenbaar. Tydens die familie se verblyf in Duitsland sedert 1939 het Holm sy musikale studies voortgesit deur sang- en blokfluitlesse te neem. Die Holm familie het in 1947 na Suid-Afrika teruggekeer en Albrecht het onderrig in tjello en klarinet ontvang. Gedurende hierdie tydperk het Albrecht sy eerste poging op kompositoriese vlak aangedurf.

Selfs tydens sy argitektuurstudies (1956-1961) het Holm sy praktiese musiekonderrig asook klasse in harmonie en kontrapunt voortgesit. Vanaf 1961-1962 het Albrecht 'n na-graadse studie in argitektuur in Wes-Duitsland gevolg. Sy verblyf in Wes-Duitsland word gekenmerk deur

125. S Grové, Musiekgeskiedenis-lesingmateriaal, 24 September 1988.

die aktiewe deelname aan kamermusiekensemble-uitvoerings en die bywoning van komposisieklasse van A Koerppen. (126).

Holm het in 1963 na Suid-Afrika teruggekeer en sy eie argitekpraktyk geopen. Op musikale vlak het Albrecht inisiatief geopenbaar deur die stigting van 'n eie koor, kamerorkes, strykkwartet en later ook 'n klavierkwintet. Albrecht se aktiewe betrokkenheid by verskillende kultuur- en erfenisbewaringsverenigings openbaar sy belangstelling en ywer.

Op kompositoriese vlak word Holm se bydrae gekenmerk deur pedagogiese werke vir die jeug, byvoorbeeld: Poppedans (1975), Die Verhaal van die Reus (1976) asook Speelgoed (1978). Meer gevorderde kamermusiekkomposisies is gedurende 1978 en 1980 geskep, naamlik: Stuiwers in Oom Koos se Beursie (1978) en Klavierkwartet Nr 1 (1980). (127).

**(d) Adams, Rosalie (1927-)**

Die outodidaktiese komponis, Rosalie Adams het uitvoerende lisensiate in orrel en klavier verwerf. Gedurende 1953 is die tweede prys tydens 'n Nasionale komposisiewedstryd aan Adams se ongespesifiseerde "Mis" toegeken. (128). Adams was verantwoordelik vir die komponering van twee strykkwartette wat deur plaaslike kamerensembles in Oos-Londen uitgevoer is. Strykkwartet Nr 1 (1989) asook Strykkwartet Nr 2 (1990) is deur die Ian Samson Kwartet en die Christopher Summer Kwartet

---

126. A Holm, Korrespondensie gedateer 13 September 1992.
127. Ibid.
128. R Adams, Korrespondensie gedateer 14 September 1992.

uitgevoer. (129). Strykkwartet Nr 3 (1991) en Strykkwartet Nr 4 (1992) is nog nie uitgevoer nie. Al vier strykkwartette is vir die konvensionele instrumentale kombinasie in die tydsduur van 15 minute geskryf.

**(e) Clough, Robert Arnold (1936-1987)**

Robert A Clough het sy musiekonderrig op praktiese en kompositoriese vlakke in 1955 op Suid-Afrikaanse bodem verbreed deur onderrig vanaf 1955-1963 van onderskeidelik van Peter Rorke en Nina Barry te ontvang. (130).

Tydens sy uitgebreide onderrigperiode aan die Rustenburg konservatorium, die Brakpan Tegniese Kollege, die Universiteit van Pretoria asook aan die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys vanaf 1960-1987 het Robert twee strykkwartet gekonstrueer. Die première van die strykkwartet Elegy to the Memory of a Colleague: Hennie Joubert (1986) is op 15 Maart 1986 in Tauromenium, deur lede van die SAUK Simfonie-orkes uitgevoer.

**(f) Enkele bydraes deur verskeie komponiste**

Gedurende die dekade (1977-1987) is enkele bydraes tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekgenre in chronologiese volgorde deur Prof A Solomon, Dr L Faul, Prof D J Reid en Prof Lamprecht gedoen. (131). Die titel A White Speck of the Moon (1977) deur Michael Blake

---

129. M S Levy, Catalogue for Serious Music, Vol 1, pp. 1-4, vermeld sleg Strykkwartet Nr 1 (1989) asook Strykkwartet Nr 3 (1991).
130. R Adams, Korrespondensie gedateer op 14 September 1992.
131. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 4, pp. 125-133.

is geïnspireer deur Arnold Schoenberg se wel bekende Pierrot Lunaire (1911). A White Speck of the Moon (1977) is op 25 Julie 1977 in die Bo-teater van die Markteater-kompleks in Johannesburg deur die Moonchild-ensemble onder leiding van die komponis, uitgevoer. (132).

**3.1.3.2 Die Derde Komponiste-generasie**

**(a) Klatzow, Peter James Leonard (1945-)**

Peter Klatzow was verantwoordelik vir die stigting in 1975, van die Kontemporêre Musiekvereniging en hierdeur het hy 'n belangrike bydrae gelewer tot die uitbreiding en bekendstelling van nie net Suid-Afrikaanse kunsmusiek nie maar veral ook instrumentale kamermusiekkomposisies. (133).

Strykkwartet Nr 2 (1977) is in die rekordtyd van tien dae in opdrag van die Allegri Quartet in Switzerland, gekomponeer. (134). Internasionale erkenning is in 1978 deur Klatzow tydens die "Stroud Festival Composers' Award" vir die instrumentale kamermusiekkomposisie Night Magic II (1977) asook die "Toronto Guitar Festival International Composers'

---

132. Anoniem, Jong kunstenaars verdien 'n bespreking, Oggendblad, 27 Julie 1977, p. 11.
133. P Klatzow, Composers in South Africa Today, p. 133.
134. Ibid.

Award" vir Contours and Transformations (1977), verwerf. Laasgenoemde komposisie vir houtblaas-, klawerbord- en perkussieinstrumente, is in 1982 hersien.

Night Magic II (1977) vir viool, horing en klavier is opgedra aan die virtuose horingspeler, Robert Grishkoff. Die eerste beweging "La Belle Dame sans Merci" reflekteer poëtiese beïnvloeding deur die aanwending van John Keats se "La Belle Dame sans Merci" as voorwoord tot die eerste beweging. Opvallende poëtiese beïnvloeding word wyer uitgestrek tot die tweede en derde beweging wat onderskeidelik deur strofes van onbekende digters voorafgegaan word, naamlik: "Chain against an egg-beat" en "Charm for a Lover". (135).

'n Waardevolle toevoeging tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekgenre is die Chamber Concerto for Seven (1979) waarvan die konsert deur Adcock-Ingrams, as deel van die Universiteit van Kaapstad se 150 jarige bestaansviering, geborg is. (136). Die uitvoerende kunstenaars tydens die première was: Beat Wenger (fluitis), Jimmy Reinders (klarinettis), Robert Grishkoff (horingspeler), Uliano Marchio (kitaarspeler), Peter Hamblin (slagwerk), Lamar Crowson (pianis) en Barry Jordan (elektroniese orrel). Die ensemble is deur die komponis gedirigeer.

Die idiomatiese instrumentale skryfwyse is tot die uiterste gevoer aangesien die komponis vertroud was met die virtuositeit van elke uitvoe-

---

135. P Klatzow, Night Magic II (1977), titelblad, asook p. 6 en p. 18.
136. P Klatzow, Chamber Concerto for Seven (1977), p. 3.

rende kunstenaar. Die perkussiesamestelling bestaan uit: Vinger-simbale, vibrafoon, marimba, xilofoon, glockenspiel en hangsimbaal.

'n Breedvoering bespreking van bogenoemde kamermusiekkomposisie deur Dr J Zaidel-Rudolph het in 'n artikel "Scores - Partiture" van The South African Journal of Musicology (1981) verskyn. Sterk beïn-vloeding deur internasionale Avant-garde komponiste word in bogenoemde artikel geïdentifiseer, naamlik die Laat-Stockhausen gebruik van wyesprong in onreëlmatige ritme in die klavierparty wat ook sporadiese aleatoriese notasie insluit en die Stravinskiaanse sinkopieerde motief-imitasie. Ligeti se Chamber Concerto for Seven (1969) met 'n tiperende aaneenskakelingsbeweging het veral die jonger komponiste beïnvloed en word in die tweede beweging gereflekteer. (137).

3 for Guitar (1979) is geskep vir uitvoerende jong en meer gevorderde kitaarspelers, deurdat die eerste drie stukke gepas is vir die junior groep terwyl die twee bykomstige werke vir die gevorderde groep geskik is. 'n Hoë standaard van idiomatiese kitaarskryfwyse is in die laaste twee werke aanwesig.

In 1981 is die musiekuitgewersfirma "Musications" deur Robert Grishkoff in samewerking met Peter Klatzow gestig. Die hoof doelstelling van bogenoemde onderneming is om veral die kunsmusiek van die jonger Suid-Afrikaanse derde en vierde generasie komponiste te propageer en te

137. J Zaidel-Rudolph, Scores - Partiture, The South African Journal of Musicology, Vol 1, 1981, pp. 108-110.

publiseer. Meer as twintig werke is gepubliseer, waaronder instrumentale kamermusiekkomposisies naamlik: Makietie (1978) deur Hans Roosenschoon; Caiscun Arpa Ben Gli Orecchi (1982) deur David Kosviner, asook Trio vir viool, horing en klavier (1982) deur Carl van Wyk. (138).

Met die inisïering van die jaarlikse Kamermusiekfees te Mount Grace in die Magaliesberge vanaf 1988 deur Raymond Sargent en Gerard Korsten, is Klatzow genader om 'n strykkwartet te skep. Die première van Strykkwartet: "Voyage" (1988) is tydens die eerste Kamermusiekfees in 1988 gebeeldsend terwyl 'n heruitsending op 18 Oktober 1988 gedoen is. (139).

**(b) Roosenschoon, Hans (1952)**

Die eerste instrumentale kamerkomposisie waarin sterk inheemse Afrikamusiekelemente teenwoordig is, word die koperblaaskwintet Makietie (1978) wat tydens Roosenschoon se studietydperk in Londen gekomponeer is, gereflekteer. Op 1 Desember 1978 het die première van bogenoemde komposisie aan die Koninklike Musiekakademie in Londen plaasgevind terwyl die nasionale première op 10 Augustus 1984 deur die koperblaaskwintet van die Universiteit van Kaapstad uitgevoer is.

In die komposisienota dui Roosenschoon aan dat hy van voornemens was om die Afrika-gees in 'n tonaalgebonde komposisie, wat op 'n inheemse Xhosalied gebaseer is, vas te vang. Die komponis slaag daarin om die

---

138. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 4, pp. 127-129.
139. Verwys na Volume 1, Hoofstuk 5, p. 308.

Afrika-idioom deur die ritmiese effekte naamlik multi-ostinaatpatrone, mono-ritmiese effekte en poliritmiese strukture in bogenoemde komposisie in te sluit. 'n Breedvoerige analitiese bespreking van hierdie werk word aangetref in "Die Komposisies van Hans Roosenschoon (1952-)" deur S J Jacobs. (140).

**(c) Zaidel-Rudolph, Jeanne (1948-)**

Na 'n stilswye van nege jaar het Jeanne Zaidel-Rudolph vyf instrumentale kamermusiekkomposisies gekomponeer, naamlik:

| | |
|---|---|
| 1982 | Three Chassidic Pieces vir fluit, viool en tjello. |
| 1984 | Brass Quintet - and All That Jazz vir twee trompette, horing, tromboon en tuba. Hierdie komposisie is in opdrag van die SAUK in 1984 geskryf. |
| 1985 | Margana vir fluit, viool, tjello en twee slagwerkerspelers is in opdrag van die Musiekdepartement vir die Universiteit van Pretoria gekomponeer. |
| 1989 | Masada vir strykkwartet en fagot, is in opdrag van die Musiekdepartement van Potchefstroomse Universiteit vir die Christelike Hoër Onderwys geskep. |

**Ligeti Periode (1974-1979)** (141).

Die keerpunt in Jeanne Zaidel-Rudolph se musiekloopbaan is bereik gedurende 'n konsertuitvoering van die Hongaar, Gyorgy Ligeti (1923-), se werke in Londen. 'n Samestelling van sy komposisies, wat die

---

140. S J Jacobs, Die Komposisies van Hans Roosenschoon (1952-), pp. 177-185.

141. Gedurende 1983 het Jeanne Zaidel-Rudolph ook 'n vokale kamermusiekkomposisie, Back to Basics, vir klavier, voorbereide klavier en voorleser, geskryf. Die première van bogenoemde komposisie het gedurende die eerste SAUK Kontemporêre Musiekfees in Julie 1983 plaasgevind. Die deklamatoriese nuansering en stembuiging toon sterk ooreenstemming met "Sprechgesang" in Arnold Schoenberg se Pierrot luniare (1912).

volgende ingesluit het, naamlik Ten Pieces for Wind Quintet (1968); Kammerkonzert vir dertien instrumente (1969-1970); asook Melodien (1970), is uitgevoer. Na 'n persoonlike ontmoeting agter die skerms was Dr Zaidel-Rudolph vasbeslote om as een van Ligeti se komposisie-studente aanvaar te word. Sy het verskeie komposisies na Hamburg gestuur. Na die aflegging van 'n deurtastende staatseksamen is sy op staatsonkoste toegelaat om as een van Ligeti se leerlinge te studeer.

Ligeti se meesterlike kompositoriese onderrig word met agting en waardering in 'n artikel "A 'first' for a composer" in The Star van 27 September 1979, verwoord, naamlik:

> "My year with him (Ligeti) was probably my most formative because I developed my own style". (142).

Ligeti se sprankelende toonkleuraanwending tesame met sy vindingryke ontginnende kontrapuntale tegnieke het waarskynlik die deur na die individualistiese periode vir Jeanne geopen. (143).

Na haar terugkeer uit die buiteland is Dr Zaidel-Rudolph in 1975-1976 as lektrise in Musiek aan die Universiteit van die Witwatersrand aangestel. Gedurende 'n besoek aan Kaapstad in Julie 1976, is sy opgeneem in KRUIK se konsertreeks getiteld "Die Komponis aan die Woord". Die doelwit van hier-die reeks was om Suid-Afrikaanse komponiste aan die publiek bekend te stel. Verskeie van haar komposisies, byvoorbeeld

---

142. J Dyer, "A 'first' for a composer", The Star, 27 September 1979, p. 25, kolom 2.

143. Die vokale kamermusiekkomposisie, Five Pieces for Woodwind Quartet and Soprano (1976), waarin bogenoemde kompositoriese Ligeti eienskappe gereflekteer word, word ook gekenmerk deur 'n sterk individualistiese Zaidel-Rudolph ritmiese vitaliteit met skerp gedifferensieerde klankkleuraanwending. Hierdie komposisie is gedurende 'n tweede besoek aan Darmstad in 1976 uitgevoer.

Seven Variations on an Original Theme vir klavier (1971), Three Dimensions (1974) vir klavier, asook Five Pieces for Woodwind Quartet and Soprano (1976), is deur lede van KRUIK uitgevoer terwyl Dr Zaidel-Rudolph gedirigeer het.

Aan die einde van 1976 het Dr Zaidel-Rudolph in die huwelik getree met Dr Michael Rudolph. Saam het hulle twee studiejare (1977-1978) in Boston (Verenigde State van Amerika) deurgebring. Behalwe vir geselekteerde konsertbesoeke, is haar tyd hoofsaaklik deur die voorbereiding en navorsing vir die graad DMus (Komposisie) aan die Universiteit van Pretoria, in beslag geneem. Bogenoemde doktoraat is gebaseer op 'n komposisie-portefeulje van vyf oorspronklike komposisies en drie navorsingsonderwerpe waarvan die hoofkursus "Music 1945-1975: Special reference to works of Ligeti, Boulez, and Peter Maxwell Davies" was. (144). Die gevierde Suid-Afrikaanse komponis, Stefans Grové, was dan ook haar promotor. Prof J P Malan verwys soos volg na nog 'n hoogtepunt in Jeanne se musikale loopbaan:

> Hierdie doelwit het sy in 1978 (sic) bereik en daarmee die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword om die besondere graad te verwerf. (145).

**Die Volwasse Individualistiese periode (1979 tot hede)**

Begeesterd om kontemporêre musiek in Johannesburg te bevorder, het Dr Zaidel-Rudolph in Februarie 1981 die stigting van "New Music

---

144. Die ander twee navorsingsonderwerpe was "Late Romantic Harmony in Elektra by Richard Strauss", en "Music Aesthetics".

sic. Volgens Dr J Zaidel-Rudolph, tydens 'n persoonlike onderhoud in Oktober 1990, moet die jaartal 1979 lees.

145. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 529.

Network" (NMN) geïnisieer. Die kamermusiekensemble, wat verantwoordelik aanbieding van kontemporêre konserte en lesings, het uit sewe instrumentaliste bestaan. Gedurende die aktiewe jare van NMN (1981-1983), het Dr Zaidel-Rudolph, afgesien van haar administratiewe verantwoordelikhede as voorsitter, ook die rolle van uitvoerder en komponis vervul.

Deur die aanvaarding van die internasionale uitnodigings het Jeanne onderskeidelik in 1981 en 1982 bygedra tot die bekendstelling van Suid-Afrikaanse musiek. In Maart 1981 het sy die uitnodiging na die "First International Festival of Woman in Music" te New York aanvaar. Tydens die kongres het Jeanne 'n lesing gebaseer op die musikale ontwikkeling in Suid-Afrika, naamlik, "Music in South Africa", aangebied. Gedurende Maart 1982 aanvaar sy die uitnodiging as gaskomponiste na die "Italian Festival of Women Composers" (Donne in Musica) in Rome, Italië. Die filantropiese komponiste en beskermmeesteres van musiek, Eva Noel Harvey (1900-1984), het bogenoemde reis persoonlik geborg. (146). 'n Staande ovasie na die uitvoering van die vokale kamermusiekkomposisie <u>Five Pieces for Woodwind Quartet and Soprano</u> (1976), het internasionale erkenning aan die Suid-Afrikaanse komponis verleen.

Zaidel-Rudolph het sedert 1982 talle opdragwerke van verskeie instansies ontvang. Opdragte van die SAUK varieer vanaf solistiese tot orkestrale werke en sluit ook twee instrumentale kamermusiek-komposisies in, naamlik: <u>Four Minim</u> (1982) en <u>Brass Quintet - and All That</u>

---

146. E Krynauw, Eva Noel Harvey (1900-1984) a South African Composer, p 4.

Jazz (1983). (147). In die strewe om Suid-Afrikaanse kontemporêre musiek te bevorder word Kaleidoscope for Woodwind and Percussion (1971) in 1983 deur die SAUK Simfonie-orkes onder leiding van Mnr O Maga uitgevoer.

**Margana (1985)**

Die individualistiese instrumentale aanwending met skerp gedifferensieerde dinamiek, word in die instrumentale kamermusiekkomposisie Margana (1985) aangetref. Margana (1985) is 'n opdragwerk van die Universiteit van Pretoria en die première het op 3 Oktober 1985 gedurende die Wegelin-konsert in die Musaion te Pretoria, plaasgevind. Die eenbeweging-werk is deur die volgende professionele musici uitgevoer: John Hinch (fluitis), Alan Solomon (violis) en Gerhard van der Geest (tjellis), terwyl die drie amateurmusici Ilma Wiggel, Chris Weideman en Harm, Botha die slagwerkafdeling behartig het. (148). Die treffende, ritmiese afwisselende werk is onder die leiding van Henri Arends uitgevoer.

'n Uitmuntende bandopname van Margana (1985) is op 12 Oktober 1987 in die SAUK se M1-A ateljee, onder die bekwame leiding van Prof Walter A Mony, vervaardig. Die volgende instrumentaliste was by

---

147. Opdragwerke van die SAUK is alreeds in 1974 ontvang en sluit die volgende in: Three Dimensions for Piano (1974) en Fanfare Festival Overture (1985) vir die Johannesburgse eeufees-viering. Hierdie werk is op 20 Augustus 1986 in Johannesburgse Stadskouburg deur die Nasionale Simfonie-orkes uitgevoer en is entoesiasties ontvang.

148. Programnotas: Komponiste-aand ter ere van Arthur Wegelin, Donderdag 3 Oktober 1985, om 20:00 in Musaion, te Pretoria, p. 4.

die opname betrokke: Naomi Barker (fluitis), Denise Sutten (violis), Peta-Ann Richardson (tjellis) en die twee slagwerkspelers, Dominique Mignolet en David Gooding.

Motivering vir bogenoemde komposisie het gespruit uit die invloed wat deur die toonskilderagtige klavierwerk Anagram opus 18 (1972) van Prof Arthur Wegelin, by Jeanne ontketen is. Die simmetriese boogvormkonstruksie met 'n volledige spieëlbeeldseksie, het voortgevloei uit 'n vakansie in die Lesotho-berge by Qabai. (149). Die titel Margana is ontleen aan die anagram van Anagram opus 18 (1972) deur Wegelin. Die Sotho-woord "Margana" beteken "baie woorde" en Jeanne se verwysing:

> "It is quite a talkative piece, in a way..." (150).

word in die dialoë deur die woordevloeduitbarstings tussen die verskillende instrumente geïllustreer.

Om 'n hegter skakel tussen die bogenoemde komposisies te bewerkstellig, het Jeanne die monografiese twaalftoonkreeftegangstelling in die slot van Anagram, met slegs twee enharmoniese veranderinge, as die fondasie vir die atonale Margana (1985) gebruik.

In die tydsduur van ongeveer nege minute (8 minute en 45 sekondes) slaag die komponis daarin om die luisteraar se belangstelling deur interessante afwisseling van instrumentale kombinasies en kleur, asook

---

149. H J Stanford, Komposisies van Arthur Wegelin tot 1988, p. 51.
150. Dr J Zaidel-Rudolph, Persoonlike onderhoud op 9 Oktober 1990.

deur die skerp gedifferensieerde dinamiek en gedetaileerde nuansering, te behou. (151). Die individualistiese aanwending van dertien verskillende slaginstrumente, onderskraag deur drie melodiese instrumente in 'n deursigtige tekstuur, het 'n interessante opbouende kritiek van Beeld se resensent ontlok:

> Die verrassing van die aand was Jeanne Zaidel-Rudolph se Margana...... Die jong komponiste het beslis 'n wonderlike oor vir klanktekstuur ontwikkel en die manier waarop sy veral die slaginstrumente aanwend - vanaf 'n polisiefluitjie wat deur een van die slagwerkers geblaas moet word tot die duet op die xilofoon - oorskry konvensionele begrensing". (152).

Deur die inkorporering van die omvattende aantal slaginstrumente slaag die komponis daarin om die inheemse Afrika-musiekelement hegter in die instrumentale kamermusiekkomposisie in te weef. Die twee slagwerkers moet onderskeidelik die volgende instrumente bespeel:

---

151. Dr J Zaidel-Rudolph, Margana (1985), Bandopname tydens konsert van "Komponiste-aand ter ere van Arthur Wegelin", op 3 Oktober 1985.
152. P Boekkooi, Prikkelende Musiekaand, Beeld, 7 Oktober 1985, p. 2.

| **Speler I** | **Speler II** |
|---|---|
| Bas-drom | 3 timpani met pedale |
| 3 Tom-toms (verskillende grotes) | Tenoor-drom |
| 2 Simbale | 2 bongos |
| Houtblok | 5 Tempelblokke |
| Swewende simbaal | Swewende simbaal |
| Xilofoon | Houtblok |
| Vibrafoon | Claves |
| Tamboeryn | Tamboeryn |
| Polisiefluitjie | Crotales |

Die doeltreffende, noukeurige instrumentasie-groepering in die komponis se notas weerspieël die fyn beredeneerde instrumentale plasing om sodoende 'n gebalanseerde ouditiewe en stereofoniese effek te bewerkstellig. Alhoewel die komponiste simboliese notasie en beeldskrif ("pictograms") in die voorwoord aandui, word hierdie tegniek nie konsekwent deur die kopiïs in die partituur aangewend nie. (153).

Die komponis se grondige kennis van interessante instrumentale effekte asook die bewustheid van die ontbrekende instrumentasie by verskeie instansies, het gelei tot die plaasvervangende instrumentasie-aanbeveling in die voetnotas, wat op hul beurt tot die afwissellende klanksamestelling gedurende elke uitvoering lei. (154).

---

53. K Kennan and D Grantham, The Technique of Orchestration, third edition, New Jersey: Prentice-Hall, Inc, 1983, p. 269.
154. J Zaidel-Rudolph, Margana (1985) partituur, p. 1.

Die uitgebreide toonkleurpalet word meesterlik gehanteer en getuig van 'n verfynde artistieke skryfwyse, byvoorbeeld die verrassende klankkleureffek van die skielike afwisseling van die skel groteske vioolklankkleur (sul ponticello aanwending in 'n fff dinamiese vlak in maat 118) deur 'n onverwagte sagte klank (subito piano in maat 119). Die voortdurende wisseling vanaf die hoë geaksentueerde, deurdringende tessitura van die fluit en die viool (maat 123) met 'n misterieuse vibrato oor die lae tjello-tone, verhoog die artistieke gehalte van die komposisie. Die effektiewe pizzicato, veranderlike tongslag-tegnieke, tremoli, ongespesifiseerde ritmes en glissandi op die timpani, verleen 'n eklektiese atmosfeer aan die werk.

Die seksionele een beweging instrumentale kamermusiekkomposisie reflekteer 'n ooreenstemming met die Klassieke sonatevorm deur die aanwending van twee kontrasterende temas, naamlik 'n ritmiese tema wat gebaseer is op terts-intervalle in mate 12-14, en 'n melodiese tema in mate 52-56. Verder is 'n tematiese ontwikkelingseksie, gevarieerde herhalingseksie en 'n uitgebreide koda teenwoordig.

<u>Margana</u> is verdeel in sewe aaneenlopende alfabetiese seksies. Elke seksie verteenwoordig 'n letter van die titel. Bogenoemde seksies is hoofsaaklik op onreëlmatige ritmiese groeperings gebaseer.

Die konvensionele tematiese bekendstelling word in die inleidingseksie (mate 1-11) van die A seksie aangetref. Op 'n deskundige wyse word die eerste drie note van die kreeftegangtoonreeks onderwerp aan 'n ritmiese metamorfose waardeur Afrika-gebare geïllustreer word.

Die bekendstelling van die melodiese instrumente geskied teen die dromeffek wat die aanhoorder herinner aan die polsende stoflike tydsgebondenheid en is eg aan die inheemse Afrika-idioom.

Die eksposisie (mate 12-65) word deur 'n humoristiese dansagtige tematiese seksie ingelei wat gekenmerk word deur die afparing van instrumente soos die fluit wat gekombineer word met die viool. Die monofoniese melodiese afparing word op 'n periodieke basis onderbrekend beantwoord deur die perkussiewe instrumente waardeur interessante dialoë gevorm word. 'n Vyfmaat-skakel (mate 47-51) met ritmiese tematiese materiaal, funksioneer as die brugpassasie tot die tweede melodiese seksie in mate 52-65. Die verteenwoordigende klassieke sonatevorm-eksposisie in die A-seksie word deur middel van 'n skakel met die B-seksie verbind. Kontrasterende artikulasie naamlik die afwisselende legato met staccato-spel in die fluitpassasie, asook die kontrasterende pizzicato met arcospel wat die snelle metriese verwisseling, bewerkstellig 'n sielkundige voorbereiding vir die rustige, kanoniese B-seksie.

Die ontwikkelingseksie word verteenwoordig deur die B, C, D en E seksies, deurdat beide temas onderworpe is aan ritmiese en melodiese metamorfose. Die fugale tema, gebaseer op die tempelblokke-motief uit maat 50, reflekteer interval-omkering in maat 75. 'n Sterk jazz-agtige effek word verkry deur die kanoniese nabootsing wat ontrafel tot 'n vryer kontrapuntale seksie (mate 84-97) en disintegreer in mate 98 tot die fluitmotief.

In die kenmerkende Afrika-xilofoonostinato (mate 99-105) word die ritmiese temas weerspieël deur middel van die ritmiese variasie. Die melodiese temas word onderwerp aan ritmiese en melodiese metamorfose gedurende die verrassende, kontrasterende, gewigtige xilofoonspel in 'n subito fortissimo dinamiese vlak. In 'n misterieuse atmosfeer verskyn die ritmiese vergrote melodiese tema teen die timpani glissandi. Variasietegniek asook tematiese teleskopering word in die verteenwoordigende herhaling of F seksie, aangetref. Die teleskoperende, vergrote ritmiese tema word gelyktydig deur die viool en vibrafoon in 'n misterieuse ppp dinamiese vlak, aangewend.

Die vyfmaat-skakel (mate 167-172) antisipeer die invoeging van die Afrika-idioom, naamlik roep en beurtsang en verskerp die luisteraar se belangstelling deur die onortodokse invoeging van die skril polisiefluitjie-klanke wat herinner aan die improviserende invoeging tydens die tradisionele myndanse. Hierdeur bereik die komponiste haar doelwit, naamlik:

> "I bring in something quite startling - one of the percussionists plays a referee's whistle, which is so typical of the mine dance idea. That is quite effective to get everyone's attention, to say "listen, all of you". (156).

Die effektiewe "roep en beurtsang", karakteristiek aan die inheemse Afrika-musiek, reflekteer nie net die teleskopering van die ritmiese en melodiese tematiese eksposisiematериaal nie, maar beeld ook die outoriteit van die leier in 'n "ad libitum tempo"-aanduiding teenoor die

156. Dr J Zaidel-Rudolph, Persoonlike onderhoud gevoer op 9 Oktober 1990.

onderdanigheid van die massa in 'n "a tempo"-aanduiding, uit. In mate 176 is die "ad libitum tempo"-aanduiding uitgelaat, alhoewel die "a tempo"-indikasie bogenoemde tempo-aanpassing regverdig.

**Incipit 18: Zaidel-Rudolph, J: Margana (1985)**

**Effektiewe beurtsang. (mate 175-182).**




Die tempelblokke meld die kortstondige tweemaat-brugpassasie tot die koda in mate 182-183, aan. Die koda word gekenmerk deur voortdurende instrumentale toevoeging, afwisselende meter, poli-ritmiese effekte asook die kenmerkende Barok terras-dinamiekaanduidings. Bogenoemde kompositoriese tegnieke kumuleer tot 'n oorweldigende klimaks in maat 214.

**Incipit 19: Zaidel-Rudolph, J: Margana (1985)**

Poli-ritmiek en afwisselende meter. (mate 207-214).



### 3.1.3.3 Die vierde generasie komponiste

**(a) Coulter, John Reid (1958-)** (157).

Op die jeugdige ouderdom van elf jaar is Coulter se kreatiwiteit geopenbaar in die skepping van sy eie komposisies. Sy eerste praktiese klavierlesse het hy op elfjarige ouderdom aan die Klooster van die Sacred Heart ontvang terwyl hy aan die Laerskool Sentraal asook die Hoër Seunskool in Potchefstroom verbonde was. Sy skolastiese opleiding het hy vanaf standerd 8 aan die Johannesburgse Skool vir Kuns, Ballet en Musiek voltooi.

Hy het hom hoofsaaklik op instrumentale kamermusiek toegespits en op 24 Oktober 1975 is die volgende kamermusiekkomposisies deur die Nasionale Stigting vir die Bevordering van Musiek bekend gestel: Quartet in Folk (1974) vir strykkwartet, Three Bagatelles (1975) vir 'n stryksekstet, asook Three Sketches (1975) vir viool, tjello, horing en klavier.

---

157. P Klatzow, Composers in South Africa Today, pp. 214-215.

**Incipit 20: Coulter, J R: <u>Verskeie instrumentale kamermusiekkomposisies</u>**

**Program van die Nasionale Stigting vir die Bevordering van Musiek op 24 Oktober 1975.**

JOHN COULTER

1. Sonatina for Two Pianos (July 1975)

   Allegro moderato
   Adagio
   Jig Vivace

   Soloists : Marcia Backstone
   Hester Beukes

2. Pastorale (Augustus 1974)

   Klavierduet : Marcia Blackstone
   John Coulter

3. Quartet in Folk (August 1974)

   Violin : Alan Solomon; Hansie van Dijk
   Viola : Marjan Vonk
   Cello : Sylvia Rohner

4. Klaviersuite (April 1975)

   Prelude
   Dans
   Elegie
   Postlude
   Solo : John Coulter

5. Prelude & Scherzo (December 1973)

   Solo : John Coulter

6. Three Sketches (April 1975)

   Slow and Stately
   Fairly Slow with a gentle lilt
   Bright and Rhythmic

   Violin : Alan Solomon
   Oboe : Walter Jouval
   Cello : Fiona Maçkkellar
   Piano : Marcia Blackstone

7. Drie Bagetelle (Januarie 1975)

   Allegro moderato & Ritmico
   Allegretto Scherzando
   Vivace

   Viole : Alan Solomon; Hansie van Dijk
   Hans Vonk; Marjon Vonk.
   Tjello's : Sylvia Rohner, Fiona Mackel

As aspirantkomponis het hy gedurende sy studentejare vir BMus graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys informele riglyne van Hennie Coetzee en Pieter de Villiers ontvang.

Twee instrumentale kamermusiekkomposisies is tydens sy studentejare gekomponeer naamlik, Trio (1976) vir 'n wisselende ensemble van sopraanblokfluit, klarinet en altviool of fluit, fagot en tjello, en Five Cantilities (1977). In laasgenoemde werk is die wisselvallige beskikbaarheid van instrumente aan verskillende instansies in ag geneem is, aangesien die instrumentale besetting soos volg is: Sopraanblokfluit of fluit, klarinet of fagot en klavier. Die SAMRO-komposisiebeurs is in 1979 vir die hoë standaard van sy komposisies aan Coulter toegeken. Trio vir fluit, fagot en tjello (1976) is gedurende Maart 1983 in die Ouditorium van die Stadshuis, Port Elizabeth deur lede van die Departement Musiek aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, met F Jooste as fagottis, uitgevoer. (158).

Coulter is tydens sy studies aan die "Trinity College of Music" in Londen (1980-1981) vir 'n tydperk van ongeveer sestien maande aan internasionale Avant-garde beïnvloeding, blootgestel. Kompositoriese leiding is deur die konvensionele Tsjeggiese komponis, Antonin Tucapsky, verskaf.

**(b) Kosviner, David Gordon (1957-)** (159).

Die jeugdige komponis het tydens sy studie in 1975-1978 asook in 1982-1986 aan die Universiteit van Kaapstad onderrig van Peter Klatzow, James May en Stuart Reiner ontvang. Die insluiting van aleatoriek-

---

159. P Klatzow, Composers in South Africa Today, pp. 221-222.
158. B van Wyk, Virtuose fagot hoogtepunt in kamermusiekkonsert, Die Oosterling, 15 Maart 1983, p. 7.

notasie in Thumbprint (1984) reflekteer die beïnvloeding van die Avant-garde komposisiestrominge op die instrumentale kamermusiekkomposisies van Kosviner.

**Ciascum Apra ben gli orecchi (1982)**

Voor sy vertrek na Duitsland teen die middel van 1983 as komposisiestudent van Helmut Lachenmann, het Kosviner een van die mees geslaagde strykkwartette, Ciascun Apra ben gli orecchi (1982)gekomponeer. Hierdie komposisie is uitsluitlik vir die 1983 "Five Roses National Festival of Arts" in Grahamstown, geskep. Die eerste uitvoering op 15 Julie 1983 is deur die Enesco Quartet aangebied.

Die titel is ontleen aan 'n gedig deur Lorenzo de Medici en die werk is opgedra aan 'n vriend en mentor, Stuart Reiner.

**Incipit 21: Kosviner, D G: Ciascum Apra ben gli orecchi (1982).**

Titelbladsy

*Notes.*

This work, which was written specifically for the 1983 Five Roses National Festival of the Arts, was completed in December 1982.

The first performance was given by the Enesco Quartet (Constantin Bogdanas, 1st Violin; Florin Szigeti, 2nd Violin; Liviu Stanese, Viola; Dorel Fodoreanu, Cello) on Friday, 15th July 1983.

The title of the work is a line from a poem by Lorenzo de 'Medici, and it can be translated as "Let all open their ears wide".

The work, which is in two movements, is dedicated to my good friend and mentor, Stuart Reiner.

'n Tweede uitvoering deur die Enesco Strykkwartet is gedurende Augustus 1983 in die Baxter Teater in Kaapstad aangebied. 'n Derde geslaagde uitvoering van die strykkwartet in die Baxter Teater word op 12 November 1983 deur die resensent van "The Cape Times" in die artikel "Kosviner pleasing" as 'n meesterstuk beskryf word:

> "One's first reaction could almost be "a masterpiece"
>
> Die resensent sluit die artikel ook af met "This work is a gem to be treasured - ..." (159).

Op 24 Januarie 1984 is 'n vierde uitvoering van Caiscum Arpa Ben Gli Orecchi (1982) deur die Enesco Strykkwartet aangebied. Die uitvoerende kunstenaars was: C Bogdanas (violis), F Szigeti (violis), L Stanese (altviolis) en D Frodoreanu (tjellis). (160).

Alhoewel Kosviner sy benadering tot komposisie as 'n intellektuele spel beskou waarin hy die beperking van gekose instrumentale besetting, tydsduur, eksploitering van tematiese of harmoniese idee op die mees effektiewe en ekonomiese wyse kan aanwend, word inheemse Afrika-musiek-elemente in bogenoemde werk gereflekteer. Die onkonvensionele stryk-kwartet in twee bewegings is om 15:26 op Woensdag 22 Desember 1982 voltooi. (161). Die werk word geopen deur die monotoniese ostinato tjello-spel waarteen die individuele herhaaldelike nootverplasing in die omvang van 'n oktaaf deur die ander drie strykers weerklink. Ostinerende multi-ritmiese spel word deur drie partye gereflekteer.

---

159. J Cloete, Kosviner pleasing, The Cape Times, 12 November 1983, p. 9.
160. D G Kosviner, Caiscun Arpa Ben Gli Orecchi (1982), SAUK, 24 Januarie 1984, TM 1333 (84).
161. D G Kosviner, Caiscun Arpa Ben Gli Orecchi for String Quartet (1982), Cape Town, Musications 1983, p. 17.

Kenmerkend is die gesinkopieerde ritmiese patrone wat deur die komponis aangewend word. 'n Enge melodiese omvang van 'n halwetoon-verskuiwing word in die begeleiding waargeneem.

Incipit 22: Kosviner, D G: <u>Ciascum Arpa ben gli orecchi</u> (1982)
Ostinerende multi-ritmiese Afrosentriese idioom.
(mate 22-27). (162).



In 1988 word die Afrosentriese beïnvloeding ook in die Zulu titel van die instrumentale kamermusiekkomposisie gereflekteer, naamlik: <u>Hamba Kahle</u> (1988) (Trekgoed) vir tromboon, altviool en tjello.

162. D G Kosviner, <u>Ciascun arpa ben gli orecchi</u> for String Quartet (1982), p. 2.

(c) **Vietri, Phillip Frederick (1955-)**

Die aktiewe beluistering van verskillende musikale strominge het 'n sterk invloed in die vormingsjare van Vietri uitgeoefen. Alhoewel sy kreatiewe drange alreeds tydens sy militêre opleiding geïdentifiseer is, het sy formele studie in musiek eers in 1978 aan die Universiteit van Natal begin. (163).

Na die tragiese afsterwe tydens 'n motorongeluk in 1981, van sy eerste bekwame komposisieleermeester, Dr Gerald LaPierre was hy genoodsaak om komposisie onder Arnold van Wyk te studeer. Tydens sy priesterskapopleiding aan die "Vianney Seminary" in Pretoria, na die voltooiing van sy BMus graad, het hy die drang om sy kreatiewe talente te ontwikkel, vervul deur deeltyds komposisietegnieke onder die wakende oog van Prof Stefans Grové te studeer.

Sy instrumentale kamermusiekkomposisies reflekteer 'n eklektiese skryfstyl waarin intellektuele, religieuse en sentimentele aspekte teenwoordig is. (164). Sy bydrae tot die uitbreiding van 'n Suid-Afrikaanse kamermusiekrepertorium bestaan uit Strykkwartet (1978) asook die trio Gune Gunaikon (1987) vir fluit, horing en tjello.

Vietri is tans as administrateur van "Emmanuel Cathedral" in Durban werksaam.

---

163. P Klatzow, Composers in South Africa Today, pp. 214-215.
164. Ibid, pp. 212-214.

**(d) Hoenigsberg, David (1959-)**

Op vyfjarige ouderdom het Hoenigsberg onderskeidelik klavieronderrig van sy moeder, Moira Birks, asook Anette Kearny ontvang. Hoenigsberg het homself onderskei as 'n veelsydige uitvoerende instrumentalis deur blokfluitonderrig van Josef Slater en John Hinchte te ontvang. Later het hy ook onder George Robertson gestudeer. (165). Op 'n jeugdige ouderdom het hy die geleenthede benut om as lid van die Universiteit van Natalse orkes, op te tree. Die voorbereidende fase tot sy kompositoriese loopbaan word gekenmerk deur die bywoning van spesiale Harmonie- en Kontrapuntklasse aan die Universiteit van Natal in Durban. (166).

Op tersiêre vlak het hy sy klavieronderrig onder die bekwame leiding van Peggy Haddon voltooi, terwyl hy fluitlesse van Amos Eisenberg en Leslie Shiells ontvang het. Tydens sy BMus studie aan die Universiteit van die Witwatersrand, het hy kompositoriese tegnieke onder die bekwame leiding van Prof Carl van Wyk en Dr Jeanne Zaidel-Rudolph bestudeer.

David Hoenigsberg se aktiewe bydrae tot die uitbreiding en bekendstelling van Suid-Afrikaanse kunsmusiek word geïnkorporeer in die veelsydige verpligtinge as direkteur van YOU 25 ('n maatskappy wat hul ten doel stel om Suid-Afrikaanse kunstenaars oorsee te stuur), stigterlid van die Suid-Afrikaanse Musiekgilde en as voorsitter van die "Student Music Society" aan die Universiteit van die Witwatersrand.

---

165. Anoniem, Die Total Musiekbundel 1987 - Gala Première, "The Great Hall", Universiteit van die Witwatersrand, Oktober 1987, p. 5.
166. P Klatzow, Composers in South Africa Today, p. 212.

Tydens sy ampstermyn as voorsitter van laasgenoemde organisasie, het hy hom beywer vir die stigting van 'n konsertreeks getiteld "Composer on Campus".

As uitmuntende toonkunskomponis is 'n meriete-sertifikaat in Komposisie van die Universiteit van die Witwatersrand in 1986 aan hom toegeken. Negentig persent van die instrumentale kamermusiekkomposisies wat in die Catalogue for Serious Music deur M S Levy verskyn, is deur die komponis onttrek. Hierdie werke is dus nie meer beskikbaar vir uitvoering of navorsingdoeleindes nie. (167).

Sewe instrumentale kamermusiekkomposisies met konvensionele instrumentale besetting in 'n tydsduur wat varieer van twaalf tot vyftig minute, is sedert 1976 deur Hoenigsberg gekomponeer. Vier opdragwerke deur verskillende instansies, naamlik Julian Crawford Begg, SAMRO, SAUK en Achim Helmstedt, sorteer onder bogenoemde repertorium.

(e) **De Bliquy, Marc (1963-)**

As veelsydige uitvoerende kunstenaar is Marc in 1976 ingesluit as violis in die Betty Pack Orkestoer na Israel. Sy leermeester of leermeesteres in die verskillende instrumente was: Sarah Pack - viool, Mev de Bliquy (moeder) - klavier en Mnr Bryan Shaw - hobo. (168).

167. D Hoenigsberg, Korrespondensie gedateer 6 Junie 1990.
168. M de Bliquy, Korrespondensie gedateer 12 September 1992.

Komposisie-onderrig asook die fundamentele teoretiese aspekte is vanaf 1978-1992 tydens privaatstudie deur Dr Klaas van Oostveen aan De Bliquy gebied. Veelsydige belangstelling deur die talentvolle en jeugdige komponis word gereflekteer deur voorgraadse studie in 'n natuurweten-skaplike rigting, maar sy belangstelling in musiek het vanaf 1991 oorheers deurdat hy vir 'n BMus graad aan die Universiteit van Suid-Afrika geregistreer het. (169). Marc se ekonomiese, kompositoriese benadering word soos volg deur die komponis as 'n stokperdjie gedefinieer:

> "I regard composition as a hobby - a form of escapism/ amusement. Decided to do all types of combinations with 3 instruments, to express a dynamic function, not limited by excessive instruments and by length - I would prefer to express something in small duration". (170).

De Bliquy maak hoofsaaklik gebruik van opusnommers tydens die skepping van instrumentale kamermusiekkomposisies. Getrou aan sy visie om in die kortste tydsduur uiting te gee aan sy skeppingsbehoefte, is gereflekteer in die nege komposisies wat varieer van een minuut en sewe-en-dertig sekondes tot vyf minute en sewe sekondes. Die leemte aan beskikbare uitvoeringsfasiliteite en -geleenthede in Suid-Afrika blyk daaruit geen komposisie van Marc de Bliquy nog uitgevoer is nie. (171).

---

169. M de Bliquy, Korrespondensie gedateer 12 September 1992.
170. Ibid.
171. Ibid.

**(f) Els, Nicolaas Anton (1959-)**

Anton Els is op 28 Mei 1959 in Graaff Reinet gebore. Hy het onderskeidelik in 1983 en 1986 'n BMus en 'n MMus graad aan die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad verwerf.

Tydens sy finale jaar as BMus student-het Anton Els twee instrumentale kamermusiekkomposisies geskryf, naamlik, Divertimento vir klarinet, horing, tjello en klavier en Drie vir vier met die besetting van fluit, horing, altviool en vibrafoon. (172).

**(g) Malan, Waldo (1963-)**

As jeugdige Bolander is Waldo Malan op negejarige ouderdom aanvaar as lid van die Drakensberg Seunskoor. (173). Nadat hy in 1982 gematrikuleer het, was hy in die hoedanighede as direkteur, komponis, begeleier en uitvoerende kunstenaar by musikale uitvoerings betrokke. Na die voltooiing van 'n BMus graad in komposisie aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1986, het hy as MMus-komposisie-student met Prof Carl van Wyk as studieleier, aan bogenoemde universiteit geregistreer.

Malan het aktief as uitvoerende kunstenaar aan die konsertreeks "Composer on Campus" deelgeneem. Die hoë skeppingstandaard van sy komposisies word gereflekteer in die toekenning van die "Amstel

---

172. A Els, Korrespondensie gedateer 10 Augustus 1990.
173. W Malan, Vyf kort en jazzerige stukkies vir klavier, Musicus, Vol 20.1, 1992, p. 115.

Festival Composition Prize" in 1987 asook die SAMRO Meriete Prys vir Komposisie in 1991. (174).

Gedateerde instrumentale kamermusiekkomposisies deur Waldo Malan sluit die volgende in: Le Trios (1983) vir fluit, fagot en klavier, asook Lament for a Dying Freedom (1986) vir strykkwintet. Flankering met die jazz-idioom word geïmpliseer deur die titel van die ongedateerde trio, naamlik Jazz Patches Trio vir fluit, tjello en klavier. (175).

**(h) Smit, Petrus Willem (Pieter) (1956)**

Die begaafde jeugdige komponis is op 12 Februarie 1956 in Rondebosch, Kaapprovinsie gebore. Nadat hy sy BA graad aan die Universiteit van Stellenbosch in 1976 behaal het, het hy in 1981 'n BMus graad (met komposisie as hoofvak) aan die Universiteit van Kaapstad verwerf.
Peter Klatzow het gedurende sy studiejare as komposisieleermeester opgetree, terwyl Pieter Smit in privaat hoedanigheid kompositoriese tegnieke onder Dr Kevin Volans bestudeer het. (176).

Sy hoë kompositoriese standaard word gereflekteer in die toekenning van 'n reeks komposisiebeurse. In 1984 verower hy die Edmin Komposisie-prys en in die daaropvolgende jaar word die Harry Crossley Beurs vir verdere studie in die buiteland deur die Universiteit van Kaapstad aan

---

174. W Malan, Vyf kort en jazzerige stukkies vir klavier, Musicus, Vol 20.1, 1992, p. 115.
175. M S Levy, Catalogue for Serious Music, Vol 1, p. 258.
176. P Smit, Programnotas - Die Total Musiekbundel 1987: Gala Première, "The Great Hall" Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 1987, p. 4.

hom toegeken. 'n Spesiale meriete toekenning is gedurende 1984 as deelvan die SAMRO oorsese studiebeurs vir komponiste aan hom oorhandig. In Duitsland het hy verdere kompositoriese opleiding van Prof Mauricio Kagel in Cologne, ontvang.

Smit het nasionale en internasionale erkenning verwerf tydens die uitvoering van Trio (1985) vir klarinet, kontrabas en klavier. Bogenoemde komposisie is in 1985 deur die Instituut vir Kontemporêre Kuns in Londen uitgevoer. Sommige instrumentale kamermusiekkomposisies is ook tydens die uitvoering van twee konserte in Keulen ingesluit. (177). Verdere bydraes tot die instrumentale kamermusiekgenre is: Simfonia Secca opus 7 (1986) vir hobo, twee klarinette en fagot, en Trio (1990) vir altviool, tjello en klavier.

**(i) Van Rensburg, Etienne (1963-)**

As vurige vegter vir die voortbestaan van Suid-Afrikaanse kunsmusiek, is Etienne van Rensburg aktief betrokke by die skepping en identifisering van uitvoeringsgeleenthede vir kunsmusiek. Deur die portefeulje van voorsitter van die musiekvereniging Obelisk te beklee word die taak vergemaklik.

Die jeugdige, talentvolle komponis is op 16 Oktober 1963 op Oogies (sic) in Transvaal gebore. Na 'n plattelandse opvoeding van 1964 tot 1976 op Grootfontein in Suidwes-Afrika (Namibië), het hy in 1981 aan die Hoërskool Voortrekker, Pietermaritzburg gematrikuleer.

---

177. M S Levy, SAMRO Biographical Notes, Copyright SAMRO 1991 (32).
178. E van Rensburg, Korrespondensie gedateer 7 September 1992.

Tersiêre opleiding is met welslae aan die Universiteit van Pretoria voltooi deurdat hy die volgende grade met cum laude behaal het, naamlik BMus in 1985, BMus (Honneurs) in 1987 en MMus in 1990. Prof Stefans Grové is ook sy enigste komposisieleermeester. (178).

Verskeie komposisiepryse, naamlik die Oude Meester Musiekprys (1991); die ATKV se Forte-Komposisiekompetisieprys (1990) asook SAMRO se oorsese beurs vir "ernstige musiek" (1991) is deur Van Rensburg verower. Die menigvuldige verantwoordelikhede van enige Suid-Afrikaanse komponis word deur die talentvolle komponis as 'n uitdaging beskou in die artikel "Selfs rooikop komponiste moet kan eet" in die Desember/ Januarie 1991-1992 uitgawe van <u>Insig</u>.

> "Oor die jong komponis sê Van Rensburg: "Jy is advertensie-agent van jou eie musiek, jy is organiseerder, jy reël konserte - daar is as jong komponis geen ander manier wat jy dit in hierdie land kan doen nie. Mettertyd kan jy deur instansies begin werk.
>
> Op 'n ander vlak: Daar is 'n grap onder die komponiste wat sê "jy skryf vir die argief". Dit is ongelukkig waar, want waar beland meeste van hierdie goed? In Tukkies se Africana-versameling, ens. ...". (179).

Sy persoonlike ervaringsmilieu, asook visuele en literêre verskynsels dien as die stimulus vir sy komposisies. <u>Rivier en Landskap</u> (1987) is in opdrag van die Suid-Afrikaanse Musiekgilde geskep. Eksterne beïnvloeding blyk uit die suggestie van warmte wat ontleen word uit die koel landskap in die visuele abstrakte kunswerk van Cecily Sash, "Kwartet: Rivier en Landskap". Bogenoemde kunswerk het as stimulus

---

179. P Boekkooi, Selfs rooikop komponiste moet kan eet, <u>Insig</u>, Desember /Januarie 1991/1992, p. 38.

vir Van Rensburg se kwartet vir fluit, viool, tjello en klavesimbel gedien. (180). In die eerste deel word die melodiese lyne in die fluitparty aangewend om die stadige kronkelende beeld van die rivier te simbolieer. Die emosionele warmte in die tweede deel word deur die strykpartye geskep.

Op 4 Oktober 1987 is Rivier en Landskap tydens die Suid-Afrikaanse Musiekgilde konsert in die Johannesburgse Kunsmuseum, Joubertpark uitgevoer. Die uitvoerende kunstenaars was: Petro von Wielligh (fluitis), Suzanne Swanepoel (violis), Peta Ann Richardson (tjellis) en Robert Phillips (klavesimbelspeler). (181).

In die Kwintet (1990) word 'n hoë individualistiese en idiomatiese instrumentale skryfwyse in drie fases van interaksie tussen die klarinet en strykers geskep. Die première van bogenoemde instrumentale kamermusiekkomposisie het op 28 Februarie 1992 in Tauromenium, Waterkloofrif, Pretoria plaasgevind. Uitvoerende kunstenaars wat opgetree het was: Robert Pickup (klarinettis), André Swanepoel (violis), Leonie Viljoen (violis), Jan Henkins (tjellis) en Kobus Swanepoel (tjellis).

Etude (1988), Elegieë (1988), Menuet-Trio (1988) en Finaal - Nabetragting (1987) vorm deel van 'n volledige instrumentale kamermusiek-

---

180. Programnotas, SAMG konsert van Suid-Afrikaanse komponiste, 4 Oktober 1987, p. 4.

181. Program, Obelisk musiek - Kontemporêre musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste, 28 Februarie 1992.

komposisiesiklus, waarin die nege instrumentaliste in verskillende kombinasies in elke beweging aangewend word, voordat hulle in die Finaal saamgevoeg word. (182).

Die beplanning van die volledige stel is soos volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | | Cadenza I | - | (slagwerk) | onvoltooid |
| 2. | | Suite | | | |
| | (a) | Etude | - | | voltooi in 1988 |
| | (b) | Elegie (Aria) | - | | voltooi in 1988 |
| | (c) | Menuet - Trio | - | | voltooi in 1988 |
| | (d) | Gigue | | | onvoltooid |
| 3. | | Cadenza II | - | (tjello) | onvoltooid |
| 4. | | Finaal - Nabetragting vir 9 spelers | | | voltooi in 1987. (183). |

## 3.2 Statistiek

Gedurende die derde periode is 87.5% van die 186 instrumentale kamermusiekrepertorium deur aanvaarde en egte Suid-Afrikaanse komponiste gekomponeer, terwyl besoekende en immigrante-komponiste onderskeidelik 3.57% en 8.92% tot bognoemde genre bygedra het. Van die 365 gedateerde werke is slegs 50.96% gedurende die tersiêre fase geskep.

---

182. E van Rensburg, Korrespondensie gedateer 7 September 1992.
183. Ibid.


'n Totaal van 186 werke kan soos volg gekategoriseer word:

| KATEGORIE | AANTAL | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Trio's | 58 | 31.18% |
| Kwartette | 57 | 30.65% |
| Kwintette | 32 | 17.20% |
| Sekstette | 15 | 8.06% |
| Septette | 9 | 4.89% |
| Oktette | 11 | 5.91% |
| Nonette | 4 | 2.15% |

Die grafiese voorstelling verskaf die kategories persentasie op die vertikale as, terwyl die verskillende kategorieë op die horisontale as aangetoon word.

Die meeste komposisies word gedurende die laaste periode in die trio- en kwartet-kategorieë aangetref.

GRAFIESE UITEENSETTING



**Gevolgtrekkings**

Dramatiese omwentelinge in die Suid-Afrikaanse politieke arena vanaf 1946-1990 is hoofsaaklik deur die Suid-Afrikaanse tradisionele segregasiebeleid beïnvloed. Alhoewel die primêre instelling van die segregasiebeleid op die aankweking van nasionale bewussyn, selfrespek en onderlinge agting by elke afsonderlike bevolkingsgroep gebaseer is, het politieke magteloosheid en ekonomiese agterlikheid by verskeie bevolkingsgroepe tot die Sharpeville opstand op 21 Maart 1960 gelei.

Ongekende ekonomiese vooruitgang na die ontdekking van die Oranje-Vrystaat en Wes-Rand goudvelde asook die ontwikkeling van diepmynbou, het in 1947 tot die instroming van buitelandse kapitaal gelei. Industriële ontwikkeling is gekenmerk deur vooruitgang op chemiese gebied deurdat petrol uit steenkool deur die Sasol Industrie vervaardig is.

Politieke agitasie en onluste het felle internasionale kritiek teen die Suid-Afrikaanse segregasiebeleid ontlok en gelei tot isolasie van die Republiek van Suid-Afrika. Internasionale handelskontrakte met Suid-Afrika is opgeskort en bogenoemde isolasie het ook uitgekring na alle sport- en kulturele terreine. Hierdie negatiewe beïnvloeding word duidelik gereflekteer in die afname in die bydrae tot die instrumentale kamermusiekrepertorium deur immigrerende komponiste van 64% in die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) tot ongeveer 13.05% tydens die triomferende individualistiese periode (1946-1990).

Pedagogies geïnspireerde instrumentale kamermusiekkomposisies het in al drie ontwikkelingsfasese van die triomferende individualistiese periode

voorgekom, naamlik Trio (1953) deur Gerard de Vries, An Examination Fugue for Strings (1967) deur Richard Cherry asook Trio Romantico opus 58 (1971) deur Prof Arthur Wegelin onder die skuilnaam "Oom Willem" en Poppedans (1975) deur Albercht Holm.

Eksterne beïnvloeding deur die poësie, die visuele kunste en die literatuur word in die titels gereflekteer. Romantiese beskrywende subtitels word deur Walter Swanson in Suite for Brass Quintet (1974) gebruik terwyl Etienne van Rensburg deur visuele en literêre stimulus tydens die kreatiewe proses van Rivier en Landskap (1987) beïnvloed is. Soms het dieselfde instrumentale kamermusiekkomposisies onder twee verskillende titels verskyn, byvoorbeeld Dr L van Zuilenburg se Consonances vir fluit, klarinet en altviool (1963) is ook as Trio vir fluit, klarinet en altviool (1963) aangedui.

Die assimilasie van inheemse benaming en tematiese materiaal word ook in die titels van verskeie kamermusiekkomposisies aangetref, byvoorbeeld Variations on an African Theme (1953) deur Stewart Hylton-Edwards, die gebruik van die Sotho-woord Margana (1985) wat "baie woorde" beteken deur Dr J Zaidel-Rudolph, asook die Zulu-titel Hamba Kahle (1988) in David Kosviner se instrumentale kamermusiekkomposisie.

Absorbering van internasionale kulturele beïnvloeding tydens die besoeke aan die buiteland word op 'n eksperimentele basis in die instrumentale kamermusiekkomposisies aangewend. Immigrante-komponiste was vertroud met die alledaagse musikale kompositoriese omwenteling en Prof Nowotny asook Steven O'Reilly het hul uitsluitlik op die aanwen-

ding van seriële tegnieke in instrumentale kamermusiekkomposisies toegespits. Prof Arthur Wegelin het ook die internasionale seriële komposistoriese tegniek in <u>Fibre Webs of Veselweefsel</u> opus 16 (1972) geabsorbeer. Die fragmentariese aanwending van volksmusiekmateriaal word in laasgenoemde instrumentale kamermermusiekkomposisie aangetref met die insluiting van "Hoe ry die Boere sit-sit so". Die kombinasie van elektroniese magneetband en konvensionele instrumente word in die deursigtige tekstuur van <u>Autumn</u> (1987) deur Roelof Temmingh gevind. Die derde en vierde Suid-Afrikaanse komponiste-generasie is hoofsaaklik deur György Ligeti se die aaneenskakeling van die bewegings, beïnvloed.

Jazz-elemente word in instrumentale kamermusiekkomposisies soos <u>Margana</u> (1985) deur Dr J Zaidel-Rudolph asook in <u>Grahamstown Buzz</u> (1990) deur Dr C L James aangwend. Aleotoriek met quasi-improvisatoriese imitasie word in die <u>Burgundy Suite</u> (1981) deur Dr G LaPierre aangetref.

Westerse volkswysies asook inheemse melodieë is in verskeie instrumentale kamermusiekkomposies as cantus firmus aangewend. Soms is volksmelodieë slegs fragmentaries ingeweef. Prof C E Lamprecht het gedurende sy studenteperiode die "Slawelied" as die tema in <u>Tema en Variasies vir fluit, viool en tjello</u> (1970) aangewend, terwyl Allan Stephenson "My Sarie Marais" as cantus firmus vir <u>Pofadder Variations I</u> (1977) gebruik het.

Veelvuldige voordele is geput deur die aanwending van elektroniese gerekenaardiseerde notasieprogramme. Veral die finale redigering van die manuskrip na ouditiewe evaluasie deur die komponis om sodoende die

innerlike psigiese klankbeelde akkuraat weer te gee, is deur enkele komponiste toegepas.

Die isolasie van Suid-Afrika het indirek bygedra tot die aanwending van inheemse musiekelemente in instrumentale kamermusiekkomposisies.

Gedurende die triomferende individualistiese periode (1946-1990) het inheemse Afrika-musiekelemente 'n intergrale deel van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek gevorm. Prof S Grové het sedert 1984 doelbewus Afrika-elemente met 'n sterk ritmiese impuls asook die sporadiese inwewing van inheemse volksmateriaal in sy kunsmusiek geïnkorporeer. Die karateristieke ostinerende ritmiese patrone kompenseer vir die ontbrekende gesofistikeerde melodiese metamorfose en is opvallend in Eva N Harvey se ongedateerde Strykkwartet vir fluit, hobo, tjello en klavier. Direkte melodiese en ritmiese motiwiese herhalings, die karakteristieke aanwending van die patroon-sekwenstegniek asook die inkorporering van beurtsang of imitasie met herhalende mono-toniese ritmiese patrone is verteenwoordigende voorbeelde van die beïnvloeding deur inheemse Afrika-musiekelemente.

Verder is die inheemse Afrika-karakter in 'n instrumentale kamermusiekkomposisie verhoog deur die insluiting van Afrika-instrumente soos die polisiefluitjie in Margana (1985) asook die aanwending van die xilofoon en veral perkussiewe instrumente.

Internasionale erkenning is deur verskeie Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomponiste verwerf deur hulle deelname aan internasionale komposisiekompetisies asook deur die uitsending van kamermusiekwerke

tydens radioprogramme. Op nasionale vlak was die SAUK, SAMRO en verskillende opvoedkundige inrigtings en kamermusiekensembles verantwoordelik vir die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium deur opdragwerke van bekende Suid-Afrikaanse komponiste te vra. Gideon Fagan is deur die "Czech Nonet" ensemble genader om die Nonet (1958) te komponeer.

Eie inisiatief is deur Suid-Afrikaanse komponiste geopenbaar om die instrumentale kamermusiekkomposisies deur die stigting van musiekverenigings of uitvoerende ensembles en die instelling van konsertreekse aan die breë Suid-Afrikaanse publiek bekend te stel. Die konsertreeks "Composer on Campus" aan die Universiteit van die Witwatersrand wat deur David Hoenigsberg geïnisieer is, het slegs kortstondig gefunksioneer. Tydens die uitvoering van Avant-garde instrumentale komposisies deur "New Music Network" (NMN) onder leiding van Dr J Zaidel-Rudolph, is etlike Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies ingesluit. Dus is waardevolle blootstelling aan Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies verleen.

Selfs musiekuitgewersfirmas is gestig om uitsluitlik kunsmusiek (waaronder instrumentale kamermusiekkomposisies ook sorteer) te publiseer. Prof P Klatzow het in samewerking met Robert Grishkoff die musiekuitgewersfirma "Musications" in die Kaapprovinsie gestig, terwyl Prof Arthur Wegelin weer die OW Uitgewers tot stand gebring het. Prof Wegelin is die uitvoerende direkteur van laasgenoemde uitgewersfirma.

'n Toenemende belangstelling om die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium uit te brei is veral tydens die tersiêre ontwikkelingsfase (1976-1990) deur die Suid-Afrikaanse komponiste geopenbaar. Die onvangryke toename in die aantal instrumentale kamermusiekkomposisies van 51 werke tydens die sekondêre ontwikkelingsfase (1946-1960) tot 186 gedurende die tersiêre ontwikkelingsfase (1971-1990) staaf bogenoemde stelling. 'n Hoogtepunt in die kompositoriese aktiwiteite word in 1988 aangetref deurdat 24 instrumentale kamermusiekkomposisies gedurende die jaar gekomponeer is.

# HOOFSTUK 5

## BEKENDSTELLING EN BEVORDERING VAN SUID-AFRIKAANSE INSTRUMENTALE KAMERMUSIEK DEUR VERSKILLENDE INSTANSIES

### 1. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie as beskermheer van 'n dinamiese, eietydse kamermusiekkultuur

### 1.1 'n Sinoptiese oorsig van die radiowese in Suid-Afrika

#### 1.1.1 'n Historiese oorsig oor die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK)

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is een van die invloedrykste enkele instansies wat op 'n deurlopende basis verantwoordelik was vir die bekendstelling van internasionale asook nasionale kamermusiek vanaf 1924 tot hede. 'n Sinoptiese historiese oorsig oor die ontwikkeling van die uitsaaiwese in Suid-Afrika dien slegs as agtergrond waarteen die kamermusiekaktiwiteite geskets kan word.

Guglielmo Marconi, die Italiaanse wetenskaplike, het gedurende 1894-5 wetenskaplike en meganiese uitvindings en ontdekkings gekombineer om die eerste Italiaanse radio te produseer. (1). Westinghouse, bekend as KDKA, het gedurende 1920 in Pittsburgh, Pennsylvania (Verenigde State van Amerika), gefunksioneer as die eerste volskaalse "amptelike" internasionale radio-uitsending wat gebaseer is op die uitvloeisel van

---

1. The Reader's Digest Assosiation Ltd, (ed), The Inventions That Changed The World, London: The Reader's Digest Association, 1982, p. 226.

Marconi se uitvinding waarvolgens geselekteerde klank oor die eter gestuur en elders op 'n toestel opgevang en gereproduseer kon word. (2).

Parallel met die stigting van die openbare utiliteitsliggaam in 1927, naamlik die Britse Uitsaai-korporasie (BUK), is die Suid-Afrikaners se verbeelding geprikkel deur Marconi se uitvindsel en die vraag na radio-uitsendings, waardeur musiek, vermaaklikheid, opvoedkundige materiaal en nuusinligting die publiek kon bereik, het ontstaan.
T A F Rhodes verwys na die baanbrekerswerk deur die Suid-Afrikaanse Spoorweg Uitsaai-Komitee, onderskraag deur die "draadloos"-amateurs, musici en tegnici van die "Western Electric Company", wat verantwoordelik was vir die uitsending van die eerste eksperimentele konserte gedurende die laaste maande van 1923 in Johannesburg. (3).

Aangesien drie private onafhanklike uitsaaidienste sedert 1924 in Suid-Afrika gefunksioneer het, is regulasies vir die instelling van private uitsaai-organisasies sonder versuim deur die Suid-Afrikaanse regering neergelê. Die eerste gereelde uitsaai-organisasie in Suid-Afrika, naamlik "Scientific and Technical Club of Associated Scientific and Technical Broadcasting Company Ltd", (A S & T), het vanuit Johannesburg uitsendings oor 'n gebied met 'n radius van 160 kilometer aangebied. Bogenoemde uitsendings se aanvangsdatum word deur R J van den Berg in "Die Musiekaktiwiteite van die SAUK" as 1 Julie 1924 aangedui. (4).

---

2. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, 'n MMus verhandeling aan Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Opvoeding, 1976, p. 8.
3. T A F Rhodes, <u>Broadcasting before the SABC was created</u>, Johannesburg: SAUK, paragrawe 1 tot 14.
4. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 9.

In September 1924 het 'n uitsaaidiens, bekend as "Cape Peninsula Publicity Association Ltd", wat die gebiede Kaapstad, Knysna en Upington bedien het, begin funksioneer. Die enigste nasionale en internasionale munisipale uitsaaidiens in Durban het vanaf Desember 1924 teen 'n finansiële verlies gefunksioneer. 'n Poging is aangewend om die dienste van die genoemde drie uitsaaidienste te koördineer met die stigting van "South African Broadcasting Council" in 1924. (5).

I W Schlesinger het in 1927 die "African Broadcasting Company" (ABC) gestig nadat alle vorige uitsaai-ondernemings in Suid-Afrika, as gevolg van groot finansiële verliese en publieke uitbuiting, misluk het. Effektiewe sentralisering en koördinering van uitsaai-organisasies in Kaapstad en Durban met Johannesburgse se sender is om suiwer ekonomiese redes gedoen. (6). Radiorowery ("piracy") het in 1929 tot 'n finansiële verlies gelei en het aanleiding gee tot die mislukte onderhandeling met die regering ten opsigte van subsidies en finansiële steun. 'n Finansiële oplossing is beding deur die instelling van die "blue voucher"-skema wat deur I W Schlesinger geïnisieer is. (7).

5. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 9.
6. Ibid, p. 10.
7. Ibid, p. 11.

### 1.1.2 Aktiwiteite na die totstandkoming van die SAUK

Die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-Korporasie het voortgevloei uit die Reith-verslag in 1943, "Broadcasting policy and development", soos op 2 November 1934 aan die Suid-Afrikaanse regering voorgelê.

Geïsoleerde baanbrekerspogings op musiekgebied word deur J van der Berg in die artikel "Van 'n nederige begin" in 25 Years/Jaar of/van radio in Natal, geïdentifiseer as slegs 'n paar plateprogrammetjies. (8). In die ontwikkelingsfase van die SAUK gedurende die eerste dekade is periodieke aanpassings om met die nuwe behoeftes van die publiek tred te hou, geïmplementeer. Die beheerraad van die SAUK het in September 1946 'n kommissie van ondersoek benoem en op 6 Februarie 1948 is die verslag met verwysing tot die heersende korporasiestelsel gepubliseer. (9).

R J van den Berg verwys in "Die Musiekaktiwiteite van die SAUK" soos volg na die oorgang van vermaaklikheid tot openbare opvoedkundige funksie van die SAUK in die bestek van 'n dekade:

> "Die inleiding van die verslag verwys na Sir John Reith se rapport, waarin beweer word dat die radio wat voorheen beskou is as 'n interessante vermaaklikheidsmiddel, nou inderdaad 'n belangrike openbare diens geword het, waarvan die invloed verreikend kan wees". (10).

---

8. Van der Berg, John, Van 'n nederige begin, 25 Years/Jaar of radio/van die radio, in Natal, SAUK.
9. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 13.
10. Ibid, p. 13.

In aansluiting by bogenoemde aanhaling, verwys 'n artikel in The Forum na die oorheersende funksie van musiek in alle programme.

In bepaling 3 van die verslag van die Kommissie word gewys op die nadelige invloed van 'n handelsuitsending waarin die kulturele en kunsstandaarde van die uitsending verlaag word, deurdat die programme van die handelsuitsending hoofsaaklik toegespits sou wees op ligte vermaaklikheid om sodoende die aandag van die breë publiek na handelsadvertensies te trek. (12).

Die kragtige opvoedkundige funksie van die SAUK ten opsigte van die verhoging van musikale standaard word beklemtoon in die uitspraak van die kommissie, naamlik:

> "Hoewel die radio oorspronklik feitlik bloot as 'n vermaaklikheidsmiddel bedoel was, is dit vandag [1948] ook 'n magtige middel tot opvoeding en kan so die standaard van musiek, drama en literêre saam verhoog. As dit verkeerd aangewend word, kan dit die kulturele smaak en standaarde verlaag. Die moontlikheid is sterk by die betrekking van 'n handelsender, tensy dit doelmatig teengegaan word". (13).

Deur die benutting van slegs plaaslike talent in radio-uitsendings sou die gehalte van instrumentale kamermusiekuitvoerings negatief beïnvloed word, aangesien ingevoerde buitelandse kamermusiekopnames van aansienlike hoër gehalte was. Ernstige besware sou uitgelok word indien die publiek die voorreg ontneem sou word om na die hoë gehalte internasionale opnames van kamermusiek te luister.

---

12. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 13.
13. Ibid, p. 14.

Praktiese probleme is geskep met die werwing van plaaslike talent deur oudisies te adverteer. R J van den Berg verwys na die praktiese en organisatoriese probleme waar nie naastenby alle applikante tydens 'n oudisie geakkommodeer kon word nie. (14).

Verder moes oudisie-omstandighede selfvertroue by onervare en senuwee-agtige kandidate, wat wel die aanleg getoon het, inboesem. Geldelike vergoeding is aangewend om talent te lok en sodoende is die gehalte van uitvoerings verhoog.

Smaakverskille en uiteenlopende belangstellings by luisteraars (gegrond op fundamentele verskille ten opsigte van ras, ouderdom, opvoedings-peil, ekonomiese standaarde, omgewing, ensovoorts) het gelei tot die koördinering van die Afrikaanse en Engelse programdienste, waardeur die grootste verskeidenheid programmateriaal op enige gegewe oomblik aan die luisteraar beskikbaar gestel is. (15). Jaarverslae van die Raad van die SAUK toon die hoë waarde wat aan musiekuitsendings geheg is, deurdat twee-derdes van die Korporasie se uitsaaityd aan musiek gewy is. (16).

Verder het die ingebruikname van die "baie-hoë-frekwensie/frekwensie-modulasie-tranmissienetwerk" in die vroeë sestigerjare gelei tot die uitsaai van 'n wyer klankspektrum met hoër klankkwaliteit. 'n Artikel in die "Sunday Times" verwys na die waarde van die BHF/FM transmissie-netwerk ten opsigte van ernstige musiek. (17).

---

14. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 15.
15. Ibid, p. 16.
16. Ibid, p. 17.
17. Allighan, G, Report to the nation, <u>Sunday Time</u> (Magazine section) December 9, 1962.

## 1.2 Organisasie en aktiwiteite in die SAUK ter beskerming van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek

Die volgende maatreëls is ingestel om die Suid-Afrikaanse Kamermusiek te beskerm teen wederregtelike verspreiding, naamlik:

### 1.2.1 Die kopie- en uitvoerregafdeling

Die kopie- en uitvoerregafdeling van die SAUK administreer die kopie- en uitvoerregte met betrekking tot alle musiek (instrumentale kamermusiek ingesluit) wat die instansie in progamme uitsaai, in die openbaar opvoer, op bande of plate opneem, asook die duplisering van manuskripte, bladmusiek of enige afsonderlike musiekparty. (18).

Kopiereg word in ooreenstemming met die Internasionale Kopieregwet aangewend deurdat reëlings vooraf met die kopieregeienaars of hul agente getref word. Gedurende die uitvoering en opname van kamermusiekwerke wat in opdrag van die SAUK geskryf is, word die kopieregafdeling by die aktiwiteite van die musiekdepartement betrek in die maak van transkripsie-opnames vir die diskoteek. (19).

---

18. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 49.
19. Ibid.

### 1.2.2 Die Musiekbiblioteek

Die SAUK musiekbiblioteek kan moontlik as een van die wêreld se modernste beskou word. Aktiewe bedrywighede in die departement reflekteer die polsslag van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek.

Voltydse personeellede (hoofsaaklik uitgetrede professionele musici) is verantwoordelik vir die voorbereiding en versorging van bladmusiek vir instrumentale ensemble-uitvoerings. Die SAUK musiekbiblioteek voorsien die meeste bladmusiek aan sowel die munisipale orkeste van Kaapstad en Durban as die verskillende streeksrade vir uitvoerende kunste. (20).

Reeds in die beginjare van die SAUK is daar met 'n musiekbiblioteek, wat uitsluitlik aan Suid-Afrikaanse komponiste gewy is, begin. (21). Bogenoemde biblioteek is gesistematiseer en in 1938 by die Durbanse uitsaaistasie ingerig. (22). In die vroeë stadium het die indeks alreeds 264 Suid-Afrikaanse komposisies aangetoon. So vroeg as 1941 is daar begin om 'n biblioteek vir verwerkings van Suid-Afrikaanse musiek op te bou en teen die einde van daardie jaar het bogenoemde afdeling reeds 60 komposisies van die aard gehuisves. (23).

"The Catalogue of South African Compositions in the Music Library of the South African Broadcasting Corporation" is in 1981 saamgestel deur

---

20. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 55.
21. Jaarverslag van die SAUK 1937.
22. Ibid, 1938.
23. Ibid, 1941.

die SAUK Musiekbiblioteek-personeel. Bogenoemde katalogus word hoofsaaklik as 'n interne verwysingsbron aangewend en is in 1988 opgegradeer en uitgebrei tot die bestaande omvang.

Die katalogus is in drie dele verdeel, naamlik:

A - Seksie : "South African Broadcasting Corporation Music Department: Commissioned Works C 1949-1987".

B - Seksie : "Catalogue of South African Compositions Orchestral Works."

C - Seksie : "South African Chamber Music".

Inligtingsmateriaal in die A- en C-seksies sal op 'n kernagtige wyse aangebied word.

A-seksie: Opdragwerke

Volledige inligting van die betrokke komponis se naam; geboortedatum, -plek en nasionaliteit asook die datum en plek van afsterwe (indien van toepassing) word aangedui. Verder word komposisies volgens genre in die volgende onderafdelings ingedeel:

Kamermusiek
Titel
Aantal Bewegings
Tydsduur
Datum van opdrag
Datum en lokaal van eerste opname
Uitvoerende kunstenaars
Liaseernommer van partituur in Musiekbiblioteek
Liaseernommer van bandopname in SAUK Klankargief.

'n Kernagtige beskrywing van die opdragwerk word genoteer en indien

persoonlike notas van die komponis beskikbaar is, word dit ook ingesluit.

Slegs ses opdragwerke in die kamermusiekgenre word in hierdie seksie aangedui: (24).

| Komponis | Jaar | Titel van Opdragwerk |
|---|---|---|
| Du Plessis, Hubert | 1960 | Trio vir klavier, viool en tjello opus 20 |
| | 1984 | 'n Klein Hulde aan Bach opus 50 |
| Grové, Stefans | 1983 | Jue de Timbres |
| | 1984 | Concerto for six celli (without orchestra) |
| Kosviner, David G | 1984 | Thumbprint vir strykkwartet |
| Van Wyk, Carl A | 1983 | Movement for Brass Choir |
| Zaidel-Rudolph, Jeanne | 1984 | Burn the Bras(s) "Woman's Lip" |

Die komponiste in die C-seksie: "South African Chamber Music" is alfabetiese georden en die doopname asook geboorte- en sterfdatums (indien van toepassing) word verstrek. Selfs die komposisies verskyn in alfabetiese volgorde terwyl die instrumentasie en uitgewers of manuskrip

---

24. In M S Levy se Catalogue of Serious Music Volume I en II verskyn 11 SAUK opdragwerke soos in Volume 2, pp. 77-114 van hierdie proefskrif aangedui is. Die volgende SAUK opdragwerke ontbreek dus in "The Catalogue of South African Compositions in the Music Library of the South African Broadcasting Corporation", naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| Cherry, Richard J | 1947 | Suite on South African Tunes |
| Grové, Stefans | 1952 | Trio (Opdrag van SAUK vir van Riebeeckfees) |
| Hoenigsberg, David | 1988 | Trio |
| Klatzow, Peter J L | 1988 | Strykkwartet |
| Malan, Jacques de V | 1988 | Desert Approaches II |
| Wegelin, Arthur W | 1983 | Klaviertrio opus 42 |

aangedui word. In die laaste kolom verskyn die liaseernommer van die partituur in die Musiekbiblioteek.

Tans is die SAUK musiekbiblioteek in Johannesburg gesentreer en bevat werke wat slegs in manuskripvorm bestaan en waarop kopiereg voorbehou word. R J van den Berg verwys na die grootskaalse onderneming deur die SAUK waardeur die verspreiding en bekendstelling van Suid-Afrikaanse musiek geskied:

> "Die SAUK onderneem nou die taak om sowel die groot hoeveelheid oorspronklike musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste as die tradisionele Suid-Afrikaanse musiek op 'n grootse en aantrekliker wyse aan te bied in die vorm van orkesverwerkings". (25).

### 1.2.3 Verspreiding van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek

Verdienstelike werk is alreeds verrig deur die verspreiding van Suid-Afrikaanse kamermusiek. Twee verspreidingskemas is in werking gestel om eerstens Suid-Afrikaanse musiek op nasionale vlak te versprei en te propageer en tweedens om internasionale verspreiding en bekendstelling aan te moedig.

Die verspreiding van Suid-Afrikaanse kamermusiekwerke op 'n nasionale grondslag is bewerkstellig deur die oprig van musiekbiblioteke by alle SAUK sentra. Hierdie skema is uitsluitlik in werking gestel om Suid-Afrikaanse kunstenaars voortdurend aan te moedig om bogenoemde werke uit te voer. (26). 'n Versoekskrif om stukrag aan bogenoemde skema te

---

25. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 56.
26. Ibid, p. 57.

verleen, is in 1963 deur Anton Hartman aan alle SAUK streekdirekteure gerig. Talle kamermusiekwerke wat versprei kon word, is egter nie meer in druk nie, maar in die privaat besit van kunstenaars.

Die opspoor en verspreiding van kamermusiekkomposisies is soos volg aangepak: Indien kunstenaars enige van die werke by 'n SAUK sentrum sou uitvoer, moes hul versoek word om sodanige werke aan die SAUK-biblioteke te leen vir duplisering, sodat al die streekateljees daarvan voorsien kon word. Selfs musiekuitgewers is versoek om Suid-Afrikaanse werke wat deur hulle gepubliseer is, aan die SAUK te verskaf. Kontrak-briewe waarin die doel van bogenoemde skema uiteengesit is, word op 'n periodieke basis aan die opgespoorde komponiste gestuur om sodoende toestemming te verkry om werke op SAUK onkoste te dupliseer.

Die internasionale verspreidingskema ten opsigte van Suid-Afrikaanse musiek het hoofsaaklik betrekking op orkesmusiek terwyl kamermusiek met 'n egte, eiesoortige Suid-Afrikaanse karakter, gebaseer op die inwewing van Afrika en Westerse idiome, verontagsaam word.

**1.2.3.1 Indekssisteem**

Die klassifikasiesisteem van die SAUK-musiekbiblioteek is 'n samestelling van die beste oorsese sisteme na jarelange studie deur Dr Aronowsky. Oorvleueling van hoofde waaronder werke nageslaan kan word, verskyn in die indekssisteem.

**1.2.3.2 Kaartsisteem**

In die kamermusiekafdeling is die komponiste en titels alfabeties gerangskik. Kamermusiek sluit alle instrumentale werke in wat nie onder orkeswerk resorteer nie. Verder word kamermusiek ook in 'n afsonderlike indeks gekatalogiseer volgens verskillende instrumentale besettings.

**1.2.3.3 Transkripsiediens**

'n Tweeledige diens word deur die transkripsie-afdeling verskaf, naamlik die vervaardiging van transkripsie-opnames vir plaaslike gebruik in die SAUK diskoteek, asook die verskaffing van SAUK transkripsie-opnames aan die buitelandse radio-organisasies. (27).

Die uitdaging om selfvervaardigde blanko aluminiumskywe te ontwerp, is geskep deur die moeilike ekonomiese toestand gedurende die Tweede Wêreldoorlog aangesien aluminiumskywe baie duur en byna onverkrygbaar was. Hierdeur is die SAUK gedwing om 'n metode te ontwerp waarvolgens ou plaatskywe herwin kon word. Aangesien die formule van die asetaatbedekking en die metode van aanwending 'n beskermde kommersiële geheim was, was dit 'n onderneming om te bemeester. (28).

Die primêre funksie van die transkripsiediens is om in die SAUK se eie behoeftes te voorsien. Kommersiële opnames wat onverkrygbaar is, soos

---

27. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 62.
28. Ibid, p. 63.

kamermusiekwerke deur Suid-Afrikaanse komponiste en uitvoerings deur Suid-Afrikaanse kunstenaars resorteer hieronder. Die transkripsiediens het in die leemtes van die diskoteek van die SAUK voorsien en opnames word voortdurend in programme gebruik.

Uitbreiding van die transkripsiediskoteek van die SAUK het volgens die Jaarverslag van die SAUK 1942 deur die toevoeging van Afrikaans- en Engelssprekende komponiste in Suid-Afrika, geskied. (29). In 1946 het heelwat musiek van Suid-Afrikaanse komponiste op die transkripsie-indeks verskyn, byvoorbeeld Charles Oxtoby se kamerkomposisie - Suite vir fluit en strykers. (30).

In die Jaarverslag van die SAUK 1961 word gemeld dat byna alle uitvoerings deur besoekende musici (soliste en kamermusiekensembles) vir plaaslike transkripsiedoeleindes opgeneem is. Musiek van die Republiek se ander bevolkingsgroepe geniet ook voortdurend aandag in die uitbreiding van die transkripsiediskoteek.

'n Voltydse buitelandse transkripsiediens is in 1961 deur die SAUK ingestel met die doel om die beste Suid-Afrikaanse transkripsie-opnames onder oorsese radio-organisasies te versprei. Die transkripsie-diens lewer dus 'n besondere bydrae om Suid-Afrika en sy omstandighede aan die buitewêreld bekend te stel. R J van den Berg verwys soos volg na transkripsiediens as 'n kragtige publiteitsdiens:

> "Dit is 'n magtige publiteitsmedium aangesien miljoene radioluisteraars op die wyse bereik kan word." (31).

---

20. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 63.
30. Ibid.
31. Ibid, p. 65.

Die uitbreiding van aktiwiteite deur die Transkripsiedepartement word gereflekteer in die verspreiding van programme aan 210 radiostasies in 1962 en 603 radiostasies in 1963. (32).

Die SAUK se Afdeling Buitelandse Dienste, waaronder die buitelandse transkripsiediens resorteer, is in 1964 gestig en funksioneer as 'n aanvullende sektor by die SAUK se regstreekse kortgolfuitsending na die buiteland. (33). Soortgelyke transkripsieskemas word deur die meeste buitelandse uitsaai-organisasies gevolg om publisiteit aan hul eie werksaamhede te verleen. Dus vorm die SAUK transkripsiediens deel van die internasionale uitruilskema waarby die beste plaatopnames deur die grootste radio-organisasies in die wêreld betrokke is. Die beste musiekopnames van kamermusiek word op hierdie wyse deur die SAUK bekom en word in eie programme gebruik. (34).

Evaluering ten opsigte van Suid-Afrikaanse kamermusiek kan geskied na die beluistering van waardevolle opnames wat gereeld deur die SAUK ontvang word. Hieronder resorteer kamermusiekprogramme uit die wêreld se grootste musiekfeeste, naamlik die Salzburgfees (Radio Salzburg), die Edinburgfees, die fees van Ghent en ander musiekfeeste in Engeland, Holland, België, Duitsland, Oostenryk, Italië en Finland. Spesiale internasionale kamermusiekkonserte kan ook op hierdie wyse in musiekprogramme beluister word.

---

32. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 65.
33. Ibid, p. 67.
34. Ibid.

Die belangrikste transkripsie-opnames gedurende 1943-1992 van buitelandse uitsaai-organisasies beklemtoon die waarde wat die skema vir die SAUK inhou. (35).

### 1.2.3.4 Diskoteek en Klankargief

#### (a) Diskoteek

Die diskoteek word beskryf as die musiekspens van die SAUK waar alle kategorieë musiek gehuisves word en op aanvraag beskikbaar gestel word. (36). Die SAUK in Johannesburg beskik oor twee diskoteke, naamlik 'n hoofdiskoteek en 'n afsonderlike diskoteek vir die handelsdiens. Kleiner diskoteke is in ander sentra soos Durban, Kaapstad, Grahamstad, Bloemfontein en Pretoria geleë.

---

35. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 67.
36. SAUK, Ons Uitsaaiwese, 1924-1949, p. 15.

**(b) Klankargief**

Klankopnames van historiese belang is vir 'n geruime tyd bewaar en in 1963 is daar alreeds 75 harde plate bekom. Met die stigting van 'n selfstandige argiefafdeling, is daar vroeg in 1964 oorgegaan tot die sistematisering volgens 'n chronologiese en alfabetiese indeling van bogenoemde afdeling. (37). Argiefopnames wat vir transkripsie deurgestuur word, word in 'n afsonderlike kabinet, alfabeties volgens komponis en titel, gekatalogiseer. In Januarie 1964 is die reuse taak om materiaal in te samel en te orden, deur M M van Lille en K Landman aangepak. (38).

Waardevolle opnames wat dateer uit jare voor die stigting van die SAUK, verskyn op die rakke. Vir bewaring moet opnames volgens argiefanalisestandaarde kwalifiseer en daarom is 'n spesiale komitee aangewys wat moet beslis oor die meriete van opnames wat vir argiefdoeleindes oorweeg word.

Die klankargief van die SAUK is die enigste bewaarplek van klankmateriaal in Suid-Afrika wat aktuele inligting vir akademiese navorsingsdoeleindes beskikbaar kan stel.

---

37. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 73.
38. A Meerkotter, Die Musiekversameling in die Klankargief van die SAUK, The South African Journal of Musicology, 1987, Vol 7, p. 91, kolom 1.

Die klankargief het tot en met 1984 as deel van die SAUK se oudioteek gefunksioneer, maar het sedert 1 September 1984 as 'n onafhanklike eenheid met 'n eie bestuur begin funksioneer. Ses argivarisse het die volgende dissiplines gehanteer, naamlik Afrikaans, Engels, "Ernstige Musiek" (waaronder kamermusiek resorteer), "Ligte Musiek", Argiefkunde en Sport, Omgewingsklanke en Radio RSA. In 1984 het die musiekversamelingprojek alreeds uit 800 oudiobande bestaan en dit is sedertdien uitgebrei tot bykans 4 000 bande. (39).

Die bewaringsaksie van "Ernstige Musiek" is spesifiek op die Suid-Afrikaanse musiekkultuurerfenis gerig en behalwe vir die musiekopnames word veral opnames van onderhoude met Suid-Afrikaanse komponiste, musiekwetenskaplikes en ander musiekpersoonlikhede, historiese opnames, opnames van besondere musiekproduksies, opvoerings, konserte, feeste, kongresse en simposia bewaar. Tans word daar ook aandag geskenk aan die Mondelinge Geskiedenisaksie-projek waar die agtergrondgeskiedenis en werke van Suid-Afrikaanse komponiste, kunstenaars en ander musiekpersoonlikhede, mondelings oorgedra word. (40).

'n Volledige lys van Suid-Afrikaanse kamermusiekkomposisies wat in die Klankargief bewaar word, verskyn volgens die komponiste in alfabetiese volgorde in Volume 2. Opnames van 44 instrumentale kamermusiekkomposisies word sedert 1966 in die Klankargief bewaar. (41).

---

39. A Meerkotter, Die Musiekversameling in die Klankargief van die SAUK, The South African Journal of Musicology, 1987, Vol 7, p. 91, kolom 1.
40. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 147.
41. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 5, pp. 152-155.

## 1.3 Geleenthede wat die SAUK aan Suid-Afrikaanse komponiste en uitvoerende kamermusiekensembles bied

### 1.3.1 Oudisies en voorlegging van manuskripte

Die ontbreking van 'n duidelike geformuleerde, doelgerigte beleid ten opsigte van oudisies en die voorlegging van manuskripte is opvallend in die opset van die SAUK. (42).

Plaaslike komponiste word sporadies uitgenooi om 'n toets by die SAUK se musiekdepartement af te lê of om voorbeelde van komposisies vir oorweging voor te lê. Ongelukkig word die resultate op bogenoemde uitnodigings nie vermeld nie.

### 1.3.2 Opdragte aan komponiste

Aanmoediging van die SAUK ter uitbreiding van Suid-Afrikaanse kamermusiek geskied in die vorm van komposisie-opdragte. Die groot finansiële bedrae wat aan opdragwerke gespandeer word, is opvallend. Vanaf 1947 tot 1988 het die SAUK slegs 13 opdragwerke in die kamermusiekgenre van komponiste versoek. Die alfabetiese tabel gee die noodsaaklike inligting weer:

| Komponis | Jaartal | Titel van Komposisie | Instrumentasie |
|---|---|---|---|
| Cherry, R J | 1947 | Suite on South African Tunes | vl,altvl,tj |

42. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 110.

| Komponis | Jaartal | Titel van komposisie | Instrumente |
|---|---|---|---|
| Du Plessis, H | 1984 | 'n Klein Hulde aan Bach | 2 ho,fg |
| Grové, S | 1952 | Trio (Opdrag vir Van Riebeeckfees) | vl,tj,klav |
| | 1984 | Sextet for Celli | 6 tj |
| | 1984 | Jue De Timbres | claves,ghong, crotales,hp, celesta,tam-tam,marimba,pk |
| Hoenigsberg, D | 1988 | Trio | altvl,tj,klav |
| Klatzow, P J L | 1988 | Strykkwartet | str-kw |
| Kosviner, D G | 1984 | Thumbprint | str-kw |
| Malan, J de V | 1988 | Desert Approaches II | fl,kl,hr,vl,tj, tub klokke, perk |
| Van Wyk, C A | 1983 | Movement for Brass Choir | 2 tp,2 hr, 2 trb,tu |
| Wegelin, A W | 1983 | Klaviertrio opus 42 | vl,tj,klav |
| Zaidel-Rudolph, J | 1984 | Burn the Bras(s) "Woman's Lip" | hr,2 trp,trb, tu |

Die meeste opdragwerke wat deur die SAUK aan komponiste in 'n enkel jaar gegee is, naamlik drie kamermusiekwerke, is gedurende 1988 uitgedeel.

In 1947 het die SAUK, ooreenstemmend met die beleid om Suid-Afrikaanse musiek te bevorder, die eerste nasionale wedstryd vir Suid-Afrikaanse komponiste uitgeskryf. 'n Prysgeld ter waarde van R 1 200,00 is uitgeloof. Die volgende musici het as beoordelaars opgetree: Albert Coats, Prof Eric Chisholm en Prof P R Kirby. Die resultate was baie bemoedigend en die gehalte van die inskrywings was bevredigend. (43).

In die volgende drie afdelings is daar altesaam 510 inskrywings ontvang, naamlik:

48 in volle orkes- en koorwerke
23 in kamermusiek
439 liedere en komposisies vir solo-instrumente.

In die kamermusiekafdeling is die pryse soos volg toegeken:

Eerste prys met 'n prysgeld van R 160,00 aan Hayden Matthews vir <u>Strykkwartet</u>.

Tweede prys met 'n prysgeld van R 120,00 aan Stefans Grové vir <u>Stryktrio</u>.

Derde prys met 'n onbekende bedrag as prysgeld aan Hayden Matthews vir <u>Twee werke vir Strykkwartet</u>.

Gedurende die week wat op 31 Mei 1949 geëindig het, is 'n groot fees van Suid-Afrikaanse musiek aangebied waartydens radioprogramme uitgesaai is.

---

43. <u>Jaarverslag van die SAUK 1948</u>, p. 22.

'n Tweede komposisie-wedstryd vir Suid-Afrikaanse komponiste is in 1951 georganiseer en die bekroonde inskrywing sou deel van die groot Van Riebeeckfeesprogram in 1952 vorm. Die aantal inskrywings was teleurstellend in vergelyking met die van 1948, alhoewel die algemene peil van die werke hoog was. Beoordelaars wat opgetree het was Prof Eric Chisholm, Gerrit Bon, P J Lemmer en Jeremy Schulman. (44).

Gedurende die vierde wedstryd in 1958 is die eerste prys van R400,00 en kleiner pryse van altesaam R800,00 uitgeloof. Opdragte is deur die SAUK uitgereik en die komposisie-wedstryde het bygedra tot die uitbouing van die instrumentale kamermusiekrepertorium. Suid-Afrikaanse komposisies van hoogstaande gehalte is geproduseer. (45).

R J van den Berg verwys na die waardevolle bydrae tot die uitbreiding en vestiging van die Suid-Afrikaanse kultuur deur die aktiwiteit van die SAUK, naamlik:

> "...hierdeur verrig die SAUK 'n taak van onskatbare waarde vir die Suid-Afrikaanse kultuurlewe en moet daarom sterk onderskryf word as 'n positiewe beleidsrigting". (46).

### 1.3.3 Bekendstelling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek

Die SAUK het Suid-Afrikaanse Kamermusiek deur middel van algemene programme aan die wye Suid-Afrikaanse publiek bekendgestel:

---

44. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 116.
45. Ibid, p. 117.
46. Ibid.

| Jaar | Program |
|---|---|
| 1937 | The South Africans |
| 1946 | Uit Eie Bodem |
| 1947 | Uit Eie Bodem<br>Onder die Suiderkruis |
| 1948 | Uit Eie Bodem<br>Almal se mikrofoon |
| 1949 | Komponiste van Suid-Afrika |
| 1962 | Africana - 'n Interessante programreeks op plate waarin werke van die belangrike Suid-Afrikaanse komponiste van die verlede bekendgestel is. |
| 1964 | Woensdagaandprogramme waarin onder andere musiek van moderne Suid-Afrikaanse komponiste voorgestel is aan kieskeurige, intelligente luisteraars. |
| 1975 | Die Komponis aan die Woord - Verskeie kamermusiekkomposisies is tydens die programreeks uitgesaai, byvoorbeeld: Everson, Cromwell - <u>Trio vir altviool, tjello en klavier</u> op 8 April 1978. (47). |
| 1982 | The Composer of South Africa - Kamermusiekkomposisies van verskeie komponiste is gedurende hierdie programreeks uitgesaai, byvoorbeeld: Roosenschoon, Hans - <u>Makietie</u> op 18 Maart 1987. |
| 1986 | Op Eie Werf - 'n Reeks van ses programme van die musiekgeskiedenis van Johannesburg soos aangebied deur Anna Bender. |

---

47. Verskeie kamermusiekkomposisies is in die programreeks "Die Komponis aan die Woord" uitgesaai, naamlik:

Lamprecht, Christian E - <u>Trio vir fluit, viool en tjello</u> op 15 Mei 1975
Langley, Bernard - <u>Trio vir fluit, altviool en klavesimbel</u> op 15 Mei 1975
Solomon, Neil - <u>Strykkwartet</u> op 12 Junie 1976.

Verder is die musiek van Suid-Afrikaanse komponiste verteenwoordig in programme op nasionale en godsdienstige feesdae, asook ander geleenthede van nasionale belang. Die omvang van kamermusiek wat in die programme verteenwoordig is, word in die volgende chronologiese tabel geïllustreer:

| Jaar | Komponis | Titel van Kamermusiekkomposisie |
|---|---|---|
| 1945 | Barton, Horace<br>Van Wyk, Arnold | Fuga vir klavier en drie tjellos<br>Vyf Elegieë vir Strykkwartet |
| 1946 | Oxtoby, Charles | Suite vir fluit en strykers |
| 1947 | Taylor, Colin | Twee werke vir hobo en strykers |
| 1956 | Van Wyk, Arnold | Vyf Elegieë vir Strykkwartet |
| 1964 | Van Wyk, Arnold | Kamermusiek |
| 1974 | Fagan, Gideon | Nonet |
| 1975 | Langley, Bernard | Trio vir fluit, altviool en klavesimbel |
| 1976 | Solomon, Neil<br>Swanson, Walter | Strykkwartet<br>Suite vir viool, tjello en klavier |
| 1978 | Everson, Cromwell | Trio vir altviool, tjello en klavier |
| 1981 | La Pierre, Gerald<br>Jordan, Barry<br>Stephenson, Allen | Trio en Horizons<br>Summer Music<br>Trio vir fluit, altviool en harp |
| 1984 | Kosviner, David<br>Van Oostveen, Klaas<br>Temmingh, Hendrik | Ciascum apra ben gli<br>Musiek vir trompet en vyf harpe<br>Trio vir fluit, harp en viool |
| 1985 | Du Plessis, Hubert L<br>Everson, Cromwell<br>Klatzow, Peter | Trio vir viool, tjello en klavier<br>Trio vir altviool, tjello en klavier<br>Chamber Concerto for Seven |
| 1986 | Engela, David<br>Grové, Stefans | Divertissement<br>A City Serenade |

| Jaar | Komponis | Titel van Kamermusiekkomposisie |
|---|---|---|
| 1987 | Newcater, Graham | Strykkwartet |
| | Rainier, Priaulx | Strykkwartet |
| | Roosenschoon, Hans | Makietie |
| | Temmingh, Roelof | White Intergration |
| 1988 | Cloete, Johan | Apocalypsis Vortex |
| | Grové, Stefans | Trio vir Franse horing, viool en klarinet |
| | Klatzow, Peter | Strykkwartet |
| | Malan, Pierre de Vos | Desert Approaches II |
| | Van der Merwe, Jaco | Less than Five Minutes |
| 1990 | Van Wyk, Carl | Klavierkwartet |

Uit bogenoemde inligting blyk dit duidelik dat die uitsending van kamermusiekkomposisies in 1988 'n hoogtepunt bereik het deur die uitsending van vyf kamermusiekwerke gedurende die jaar.

Finansiële ondersteuning en visuele dekking is vanaf 1988 deur die Suid-Afrikaanse Televisiediens (SATV) verleen aan die jaarlikse kamermusiekfees te Mount Grace in die Magaliesberge van die Transvaalse provinsie. Raymond Sargent en Gerard Korsten het die jaarlikse kamermusiekfees geïnisieer. (48). Die eerste opdragwerk vir die kamermusiekfees is deur die SATV aan Peter J L Klatzow gerig vir die komposisie van Strykkwartet: "Voyage" (1988) en 'n heruitsending is op 18 Oktober 1988 in die program "Chamber Music Festival 1988" uitgesaai. (49). Die kunstenaars wat betrokke was by die uitvoering, is:

| | | |
|---|---|---|
| Gerard Korsten | - | viool |
| Peter van der Geest | - | tjello |
| Gina Beukes | - | tjello |
| Olivier de Groot | - | klarinet |

48. Mount Grace Chamber Music Festival 1990, SATV produksie, Videonommer V90-18600.
49. Chamber Music Festival 1988. 'n Kort glanspunt deur Judith Krummock van Mount Grace in die Magaliesberg gedurende 1988, 18 Oktober 1988 TM 4278 (88).

'n Unieke potensiële geleentheid vir die bevordering en bekendstelling van Suid-Afrikaanse kamermusiek word deur bogenoemde kamermusiekfees gebied. Die programme van die drie opeenvolgende kamermusiekfeeste reflekteer artistiese steriliteit deur die gestandaardiseerde repertorium wat deur ensembles soos "Cape Town Symphony Orchestra Brass Quintet", Alma Musica, Diarte Ensemble asook professionele uitvoerende musici aangebied is.

Die Suid-Afrikaanse musiekfees is gedurende die week eindigende op 31 Mei 1949 suksesvol aangebied en was gedeeltelik die uitvloeisel van die buitengewone welslae wat met die eerste komposisiewedstryd in 1948 behaal is. In die verhandeling "Die Musiekaktiwiteite van die SAUK" verwys R J van den Berg na die grootste musiekgebeurtenis in die geskiedenis van die SAUK soos volg:

> "Dit was sekerlik die grootste enkele poging tot dusver om Suid-Afrikaanse skeppende en uitvoerende kunstenaars aan te moedig, en hul werke aan die Suid-Afrikaanse publiek voor te stel". (50).

Omvattende programme wat slegs Suid-Afrikaanse musiek bevat het, is daagliks vanuit die drie hoofsentra van die SAUK aangebied.

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die sterk verteenwoordiging van kamermusiek in die inhoud van die musiekprogramme gedurende die feesweek. Op 29 Mei 1949 is daar altesaam vyf verskillende kamermusiekkomposisies oor die Engelse en Afrikaanse uitsending-kanale uitgesaai.

---

52. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 124.

| Sentra | Datum | Sender | Program |
|---|---|---|---|
| Johannesburg | 25 Mei | Engels | Program met werke deur:<br>Blanche Gerstman<br>Sydney Rosenbloom<br>Horace Barton<br>Sydney Richfield |
| | 26 Mei | Afrikaans | Werke van Stanley Glasser:<br>Twee werke gebaseer op inheemse musiek, naamlik:<br>"Proefnemings met ritme en variasies op 'n tema van die Bacastam" |
| | 26 Mei | Afrikaans | Program van Suid-Afrikaanse musiek:<br>P R Kirby: <u>Somersuite</u> |
| | 29 Mei | Engels | Music's Hour:<br>Arnold van Wyk: <u>Strykkwartet Nr 1</u> |
| | 29 Mei | Afrikaans | Adolph Hallis: <u>Trio in C Mineur</u><br><br>Connoisseurkonsert:<br>Priaulx Rainier: <u>Strykkwartet</u> |
| | | Engels | Kamermusiekkonsert:<br>Hayden Matthews: <u>Kwartet in D mineur</u><br>Arnold van Wyk: <u>Vyf Elegieë vir Strykkwartet</u>. (51). |

Heruitsending van programme wat deur die Johannesburgse sender aangebied is, is deur die senders van Kaapstad en Durban ook uitgesaai.

---

51. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 98.

### 1.3.4 Bevordering van instrumentale kamermusiek in Suid-Afrika

#### 1.3.4.1 Besoekende kamermusiekensembles

Die SAUK vervul 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse musieklewe deur op 'n periodieke basis internasionale kunstenaars aan Suid-Afrikaanse gehore en SAUK luisteraars bekend te stel. Finansiële ondersteuning word deur die SAUK aan bogenoemde besoekende kunstenaars gegee. Hulle toerprogramme sluit openbare optredes en ateljee-uitvoerings in en laasgenoemde word dikwels opgeneem vir bewaring in die transkripsiediskoteek. (52).

#### 1.3.4.2 Suid-Afrikaanse kamermusiekensembles

Tot met die stigting van die streeksrade gedurende die sestigerjare, het die SAUK die spil gevorm waarom die Suid-Afrikaanse musiekaktiwiteite gedraai het. (53). Benewens die rol van bekendstelling van buitelandse kamermusiekensembles, is plaaslike kunstenaars ook aan die Suid-Afrikaanse publiek voorgestel.

---

52. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 129.
53. Ibid.

## 1.4 Bekendstelling van kontemporêre kamermusiek

Die SAUK het die beleid aanvaar om alle geleenthede te benut waardeur die organisasie waardering vir mindere bekende en kontemporêre musiek by die luisteraars kan kweek. (54). Die Afrikaanse en Engelse programdienste van die SAUK word volgens 'n evaluasie-proses nog in 'n groot mate deur die smaak van die breë publiek bepaal. 'n Addisionele programdiens wat die intellektuele minderheid bedien, word dus nie geregverdig nie.

'n Monopolitiese uitsaai-organisasie soos die SAUK, kan die musieksmaak van die samelewing manipuleer deur sekere musiekstyle in die uitsaai- en konsertprogramme op 'n onoordeelkundige wyse saam te stel. Sodoende word nie net die musieksmaak van die luisterpubliek nie, maar ook die kreatiewe denkwyse van die toekomstige komponiste en musiekbeleidmakers gekondisioneer.

In die verhandeling "Die Musiekaktiwiteite van die SAUK" verwys R J van den Berg na die artistieke steriliteit in Suid-Afrika deurdat 'n gestandariseerde repertorium nie net die musikale stylevolusie strem nie maar ook hedendaagse komponiste dwing tot die beoefening van absurde Avant-gardisme:

> "Wanneer 'n mens die musiekgeskiedenis bestudeer en veral let op die rol van die kontemporêre musiek [kamermusiek-komponis] in die samelewing van die verskillende kultuurhistoriese periodes tot in die negentiende eeu, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die huidige situasie waarin die hedendaagse musiek, 'n min of meer kunsmatige byvoeging tot die "standaard repertorium" van die agtiende en negentiende eeuse komposisies uitmaak,

---

54. R J van den Berg, Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 129.

> die natuurlike historiese vooruitgang van musikale stylevolusie moet strem". (55).

Die aanvraag na kontemporêre kamermusiek word belemmer deur bogenoemde atmosfeer van artistiese steriliteit en kunsmatige stimulasie word bewerkstellig deur middel van opdragwerke en komposisiekompetisies. (56). Verder verwys R J van den Berg na die gedwonge kunsmatige beoefening van absurbe musikale Avant-gardisme:

> "Sommige komponiste word gedwing tot die beoefening van absurde Avant-gardisme binne 'n klein geslote kring van "ingewydes" waarin alle moontlike bande met eeueoue gevestigde Westerse Kultuur verbreek moet word - dit wil sê, 'n faktor wat stylevolusie versper". (57).

Die SAUK se aanvaarde programsamestelling van kamermusiek sluit sporadiese internasionale kontemporêre kamermusiek, in byvoorbeeld Willem Pijper - <u>Trio vir klavier, viool en tjello</u> en werke van Bartók en Kodály soos onderskeidelik in 1947 en 1960 deur die Hongaarse Strykkwartet uitgevoer. (58). Klankbane in die klankargief dui daarop dat verskeie Suid-Afrikaanse kamermusiekkomposisies herhaaldelik uitgesaai is, terwyl die enorme repertorium nie ingestudeer word nie en van die musiekpubliek weerhou word. (59). Oor 'n tydperk vanaf 1966-1990 is 48 kontemporêre Suid-Afrikaanse kamermusiekkomposisies op klankbane vasgelê. Sewe kamermusiekkomposisies is twee keer uitgesaai terwyl H Temmingh se <u>Trio vir fluit, harp en altviool</u> asook C A van Wyk se <u>Trio vir klavier, viool en horing</u> drie keer oor die eter gehoor is. (60).

---

55. Ibid, pp. 129-130.
56. R J van den Berg, Die Musiekaktiwiteite van die SAUK, p. 130.
57. Ibid.
58. Ibid, pp. 134-135.
59. Verwys na Volume II, pp. 174-176.
60. Ibid.

Die volgende tabulêre opsomming van verskeie kamermusiekprogramme reflekteer die populariteit van kamermusiek gedurende 1938 asook die inkorporering van verskeie Suid-Afrikaanse komposisies.

| **Jaar** | **Program** | **Aanduiding** |
|---|---|---|
| 1938 | 'n Programreeks aangebied deur Jose Rodriguez-Lopez oor die Afrikaanse diens, Johannesburg. | Altesaam 46 kamermusiekwerke van hoogstaande halte |
| 1947 | Verskeie kamermusiekprogramme | Komposisies:<br>Pijper - <u>Trio vir klavier viool en tjello</u>.<br>A van Wyk - <u>Strykkwartet</u><br>Niels Gade - <u>Trio in F mineur</u> |
| 1947 | Program waarin bekroonde werke van komposisiekompetisie uitgesaai is. | Hayden Matthews - <u>Strykkwartet</u><br>Stefans Grové - <u>Stryktrio</u><br>Hayden Matthews - 2 werke vir strykkwartet |
| 1952 | Musicales - vanuit Pietermaritzburg | Suid-Afrikaanse werke:<br>Steward Hylton-Edwards- <u>Strykkwartet</u> |
| 1962 | Musiekaand (weekliks)<br>Chamber music concert (weekliks) | Uitvoerings deur beste Suid-Afrikaanse kamermusiekensembles:<br>Gideon Fagan - <u>Nonet</u> |

## 2. Nasionale Kultuurverenigings

Die Suid-Afrikaanse stryd om die behoud van basiese lewenstandaarde, erkenning van menswaardigheid en 'n poging om die maatskaplike posisie te verstewig, het gelei tot die stigting van die Broederbond, die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) asook die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) gedurende die twintigste eeu. In die artikel "Kunssinnige kronkels & kulturele knope" beklemtoon Etienne van Rensburg die intergrale verwerwing van politiek, kultuur en godsdiens wat kenmerkend is van die Suid-Afrikaanse geskiedenis:

> Politiek en Kultuur is saamgesmee tot die swaard waarmee die stryd aangedurf sou word, met Godsdiens as skild". (61).

Die moeisame proses tot die ontplooiing van die Suid-Afrikaanse toonskepping en die nasionale kunsmusiekbewuswording het oor 'n tydperk van nege dekades plaasgevind. Die behoefte aan kultuurbeoefening het gelei tot die totstandkoming van verskeie musiek-, koor- en orkesverenigings, opera- en operette-verenigings asook sangverenigings op streekbasis aan die begin van die negentiende eeu. So vroeg as 1801-1802 het Carel Christoph Pabst (-1805) 'n aantal intekenkonserte gedurende die wintermaande georganiseer (62) en tesame met sy "Musiek Gezelschap" medewerking tydens 'n toneelaand in die Afrikaanse Skouburg verleen.

Die twintigste eeu word gekenmerk deur staatkundige betrokkenheid ten opsigte van kunsbevordering en 'n bydrae tot die kultuurbeoefening het

---

61. E van Rensburg, Kunssinnige kronkels & kulturele knope, <u>Obelisk News/ Nuus</u>, Januarie 1993, Jaargang 2.1, p. 4.
62. Verwys na Volume 1, Hoofstuk 1, p. 20.

ook vanuit die privaatsektor gekom. Op staatkundige vlak het die Direktoraat van Kultuursake van die Departement van Onderwys en Kultuur finansiële hulp verleen deur die subsidiëring van uitvoerings van Suid-Afrikaanse kunsmusiek, terwyl die Stigting van Skeppende Kunste vanaf 1989 finansiële ondersteuning aan Suid-Afrikaanse komponiste verskaf het.Die finasiele bydrae het aanleiding gegee tot die bevordering en uitbouing van kompositoriese aktiwiteite. In die privaatsektor het 'n hulpvaardige vennoot in 1961 tot die redding van kunsmusiek asook kamermusiek na vore getree, naamlik die Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisisie (SAMRO).

## 2.1 Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie (SAMRO)

Die nie-rassistiese, outonome en nasionale organisasie, naamlik: Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie (SAMRO) het in Desember 1961 die uitvoerende regte van musiek by die "Performing Right Society" (PRS) van Engeland, wat deur middel van 'n hoofagent in Kaapstad beheer is, oorgeneem. (63). SAMRO se departementshoof van Ernstige Musiek, M S Levy verwys gedurende sy toespraak tydens die algemene vergadering van die "International Society for Contemporary Music World Music Days" in Warskou op 15-23 Mei 1992, na die dualistiese funksionering van bogenoemde organisasie op nasionale en internasionale vlak:

> "SAMRO is a private, non-profitmaking company, constituted as a society of composers, music publishers and musical text-authors, and is a member of the Confederation Internationale des Societes d'Auteurs et Compositeurs (CISAC), with a seat on its Administrative Council." (64).

---

63. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Volume IV, p. 314.
64. M S Levy, Comparing Notes: South African Music & Music Information, the Present and the Future, "World Music Days", Warsaw, 15-23 May 1992, SAMRO, p. 4.

Onder die opskrif "SAMRO and its Service to Music in Southern Africa" brei Levy tydens sy toespraak in Waskou uit op die primêre funksionele diens wat deur SAMRO aan 2 300 musici oor 'n uitgestrekte gebied aan die suidelike punt van Afrika gebied word:

> Its primary function is to protect, administer and promote not only the musical works of its own members, but also those of composers and musical text-authers belonging to 120 similar societies worldwide, in its territory of operation. This territory comprises the Republics of South Africa and Botswana, the Kingdoms of Lesotho and Swaziland, and Transkei, Bophuthaswana, Venda and Ciskei." (65).

Die aantal komponiste wat met SAMRO geaffilieer het, het vanaf 38 in 1961 tot 1 494 in 1982 gegroei en het verdubbel tot 2 300 in 1992. (66). Hieruit is dit duidelik dat SAMRO die mees verteenwoordigende organisasie van Suid-Afrikaanse komponiste is. Laasgenoemde syfer sluit kommersiële musiekkomposisies ook in. Die beraamde syfer van ernstige kunsmusiekkomponiste is ongeveer 260. (67).

As lid van die Confederation International des Societes d'Auteurs et Compositeurs (CISAC) is SAMRO ook 'n geaffilieerde lid van soortgelyke organisasies in alle lande wat aan die Berne-Unie vir die Beskerming van Letterkundige Artistieke Werke verbonde is of ondertekenaars van die Universele Outeursregkonvensie is. (68). Deurdat bogenoemde organisasies deur 'n stelsel van wedersydse ooreenkomste verbind is, word SAMRO verplig om as beskermheer van nasionale- en internasionale musiek

---

65. M S Levy, Comparing Notes, p. 7.
66. Ibid, p. 8.
67. M S Levy, <u>Catalogue of Serious Music</u>, Vol I, pp. 1-277 en Vol II, pp. 278-461.
68. J P Malan, <u>Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie</u>, Deel IV, p. 314.

op Suid-Afrikaanse bodem op te tree. (69). Op soortgelyke wyse word die belange en komposisies van Suid-Afrikaanse komponiste op internasionale vlak beskerm. Dus word die totale internasionale repertorium van outeursregmusiek in die uitgestrekte gebied van Suiderlike Afrika deur SAMRO beheer. (70).

As administrateurs van internasionale uitvoerende regte is SAMRO verplig om as 'n musiek-informasiesentrum te funksioneer. Na aanleiding van bogenoemde verpligtinge is SAMRO verbind om daagliks op die hoogte te bly met die skommeling en uitbreiding in die nasionale sowel as die internasionale repertoriumgebied. SAMRO se algemene beleid is gerig op aktiewe onderskraging van die uitvoerende sowel as die skeppende aspekte van Suid-Afrikaanse musiek en die beskikbaarstelling van inligting ten opsigte van inheemse musiekologiese navorsing. (71).

Michael S Levy het 'n onmisbare, waardevolle dokumentasie van Suid-Afrikaanse komponiste in kunsmusiek die lig laat sien. "Catalogue of Serious Music" is die mees omvattende en waardevolle samestelling van Suid-Afrikaanse musiek oor 'n tydperk van agtien jaar. Die eerste publikasie van bogenoemde werk het in 1979 verskyn, terwyl die bekendstelling van die tweede opgegradeerde en uitgebreide uitgawe met die herdenking van SAMRO se dertigste bestaansjaar, saamgeval het.

---

69. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Deel IV, p. 314.
70. Ibid.
71. Ibid, Vol IV, p. 315.

Alle genres waarin die betrokke komponis gekomponeer het, onder andere kamermusiek, word duidelik aangedui. In "South African Music and Music Information, the Present and the Future" omskryf Michael S Levy die inhoudswaarde van die katalogus soos volg:

> It lists South African works in all serious music genres - orchestral chamber, choral, solo, vocal, and so on - by more than 260 Southern African composers and arrangers, and provides, under each entry, the fullest available information on instrumentation, performing times, publication details, text-authers and/or translators of vocal works, commissioning bodies (if applicable), details of any awards the work may have won, dates of composition and first performance, and an indication as to whether a copy is held in SAMRO's Music Library. (72).

Die tweede uitgawe bevat 'n bylaag, naamlik 'n "Repertoire Category Guide" met 'n selektiewe en breedvoerige notering van komposisies ten opsigte van 80 geselekteerde repertoriumkategorieë. Aspekte soos "Cross-Cultural Works, Avant-garde and Aleotory Music", asook "Chamber ensembles (Non-Vocal)" word in die bylaag ingesluit. Solistiese instrumentale komposisies word afsonderlik in twee hoof groepe verdeel naamlik in orkestrale of ensemble deelname. (73). Die beskikbare informasie in die bylaag kan op 'n meer effektiewe wyse aangebied word indien die komposisie-titel, volume asook bladsynommer saam met die komponis se naam weergegee word.

Die bylaag verskaf nie net leiding aan die musiekbibliotekarisse, musiekoloë of skoliere nie, maar dra by tot die identifisering van leemtes in sekere genres. Uitvoerende kunstenaars en konsertorgani-

---

72. M S Levy, <u>Comparing Notes</u>, p. 8.
73. M S Levy, <u>Catalogue of Serious Music</u>, Appendix, p. 8.

seerders kan ook na aanleiding van die bylaag 'n meer gebalanseerde program van beskikbare Suid-Afrikaanse kamermusiek saamstel. (74).

Van uit die staanspoor het SAMRO gepoog om 'n uitgebreide kunsmusiekbiblioteek op te bou. Prof A W Wegelin het tydens 'n opname van holografiese Suid-Afrikaanse musiekpartiture in Suid-Afrika, vasgestel dat SAMRO een van die twee grootste enkele Suid-Afrikaanse holografiese partituurversamelings besit. (75). Slegs 7.14% van die 512 geïdentifiseerde instrumentale kamermusiekkomposisies word deur uitgewers op die mark beskikbaar gestel. (76).

SAMRO lewer ook 'n diens aan die gebruikers van musiek, deur lisensies uit te reik vir die uitvoering van nasionale en internasionale musiek in die openbaar. Die lisensiehouers betaal tantièmes aan SAMRO ooreenkomstig sekere vasgestelde tariewe. Verder is dit SAMRO se taak om toe te sien dat die tantièmes aan die komponiste wie se werk uitgevoer is betaal word. Die Outeurswet van Suid-Afrika (Wet 98 van 1978) bepaal dat outeursreg van krag bly gedurende die leeftyd van die komponis en vir 50 jaar na sy dood, sodat die erfgename verdere vruggebruik vir genoemde periode het. (77).

SAMRO bevorder verdere musiekstudie vir jong Suid-Afrikaners in die Buiteland deur jaarliks 'n beurs ter waarde van R10 000 beskikbaar te stel. (78). Die beurs is toeganklik vir komponiste en uitvoerende

---

74. M S Levy, Catalogue of Serious Music, Appendix, pp. 2-29.
75. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Volume IV p. 314.
76. Verwys na Volume 2, Hoofstuk 4, p. 116.
77. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Volume IV p. 314.
78. Ibid.

kunstenaars. Tegelykertyd borg SAMRO die jaarlikse Senior Musiekbeurs deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), sowel as die André Huguenet-beurs vir die studie op teatergebied.

SAMRO loof jaarliks 10 beurse ter waarde van R 4 000 uit vir musiekstudies aan enige inrigting vir hoër opvoeding in Suidelike Afrika. Internasionale en nasionale beurse is toeganklik vir applikante uit SAMRO se verantwoordelikheidsfeer, ongeag ras, geloof of geslag.

SAMRO se algemene beleid is gerig op finansiële steun op verskillende gebiede, naamlik geldelike steun aan musiekgroepe en - verenigings (byvoorbeeld Obelisk in Pretoria), aan orkeste, aan kunswedstryde en ander verdienstelike organisasies dwarsdeur Suid-Afrika, maar ook in die vorm van gereelde opdragte aan komponiste. (79). Verder word finansiering vir die skrywe of publikasie van kultuurhistoriese werke aangebied. Hieronder resorteer biografieë van prominente Suid-Afrikaanse musiekfigure, die geskiedenis van Suid-Afrikaanse ligte musiek, die versameling van Afrikaanse kunsliedere, asook die tydskrif van die Musiekologiese Vereniging van Suid-Afrika. (80).

## 2.2 Suid-Afrikaanse Musiekgilde

Na deurdagte beplanning en navorsing is die Suid-Afrikaanse Musiekgilde (SAMG) op 11 Augustus 1986 deur 'n groep Suid-Afrikaanse komponiste, musici en belangstellendes te Johannesburg gestig. Finansiële en administratiewe ondersteuning is deur SAMRO verleen. (81).

---

79. M S Levy, Comparing Notes, p. 9.
80. J P Malan, Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Volume IV, p. 315.
81. M S Levy, Comparing Notes, p. 6.

Die konstitusie van die Musiekgilde is gebaseer op die bevordering van inheemse ernstige musiek deur middel van Suid-Afrikaanse musici se ondersteuning ten opsigte van organisatoriese kundigheid, vars idees, finansiële onderskraging en musikale kundigheid en vaardigheid.
Die tydskrif, Die Stem van die Komponis, van die Suid-Afrikaanse Musiekgilde is ook geborg deur SAMRO en dien as forum waardeur relevante opinies en indrukke deur lede bekendgestel is.

Die eerste funksie wat aangebied is onder die beskerming van die SAMG was 'n konsert van Johannesburgse komponiste in die Derrick Lewis Kamer van die "Johannesburg College of Education". Bogenoemde funksie is gesamentlik deur SAMRO en Obelisk New Music in Pretoria geborg.

Die konsert het kamermusiekkomposisies van vyf Johannesburgse komponiste ingesluit, naamlik: Lourens Faul, David Hoenigsberg, David Kosviner, Graham Newcater en Alan Solomon. 'n Kort bekendstellende opmerking ten opsigte van die komposisies is in 'n ontspanne atmosfeer aangebied.

Gedurende die SAMG konsert op 4 Oktober 1987 in die Johannesburgse Kunsmuseum te Joubertpark is Etienne van Rensburg se Rivier met Landskap, wat geïnspireer is deur 'n kunswerk van Cecily Sash, uitgevoer deur:

Petro van Williegh - fluitis
Suzanne Swanepoel - violis
Peta Ann Richardson - tjellis
Dominique Mignolet - perkussie I
Johnny Maritz - perkussie II
Prof W Mony - Dirigent

Bogenoemde konsert is aangebied in samewerking met die Direktoraat Kultuur Aangeleenthede van die Departement van Onderwys en Kultuur asook die "Administration House of Assembly".

## 2.3 Obelisk

Die stigting van die Obelisk New Music Vereniging in 1981 was 'n gesamentlike poging van twee jong Pretoriase komponiste, naamlik Barry Jordan en Dirk de Klerk, wat ondersteun is deur David Kosviner.

David Kosviner was stigterslid van die eerste Obeliskvereniging en die unieke musikale fenomeen word vandag onder die banier van 'n nuwe vereniging naamlik Obelisk voortgesit.

Die doelwit van Obelisk is soos volg:

> "Obelisk beywer hom daarvoor om 'n verhoog beskikbaar te stel vir die uitvoering van solo- en ensemblemusiek van Suid-Afrikaanse komponiste. So kan konsertgangers bekend raak met die veelsydige inheemse repertorium. En skeppende kunstenaars kry erkenning vir al die swoeg en sweet wat dikwels gepaard gaan met die komponeer van 'n nuwe werk". (82).
>
> "Those works that are placed in the category of "art music" suffer especially because of a lack of exposure".

Obelisk is 'n vereniging sonder winsoogmerk en Etienne van Rensburg dien tans as voorsitter, met Johannes van Eeden as sekretaris en Dr Chris James as tesourier.

---

82. Anoniem, Obelisk wil Suid-Afrikaanse kunsmusiek help bevorder, Die Beeld: Kalender, 5 Mei 1992.

Obelisk-konserte stel die veelsydige inheemse repertorium aan die konsertgangers bekend. Die dualistiese doelwit van Obelisk word vervul deurdat die jong presterende, uitvoerende kunstenaars 'n geleentheid gegun word om Suid-Afrikaanse kunsmusiek deel van hul repertorium te maak en om op te tree.

Obelisk se eerste twee uitvoerings van kontemporêre musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste is onderskeidelik op 28 Februarie en 7 Mei 1992 in Tauromenium, Derricklaan 330, Waterkloofrif, Pretoria uitgevoer.
'n Derde uitvoering van inheemse musiek is op 25 Julie 1992 in die Studio van die Staatsteater te Pretoria aangebied.

Die première van <u>Kwintet vir klarinet en Strykers</u> deur Etienne van Rensburg het op 28 Februarie 1992 plaasgevind. Op 25 Julie 1992 is 'n "Huldigingskonsert aan Stefans Grové - Suid-Afrikaanse Komponis 70 jaar oud", in die Studio van die Staatsteater aangebied.

'n Kamermusiekuitvoering is op 11 November 1989 in Tauromenium te Pretoria aangebied en is geborg deur Sasol, Eerste Nasionale Bank, The Anglo American en "De Beer's Chairman's Fund". Die uitvoerende kunstenaars was:

Albie van Schalkwyk - pianis
Oliver de Groote - klarinettis
Leslie Shiells - fluitis
en strykers

Obelisk het in die Kunsmuseum 'n uitvoering gegee en die program is geopen met Jacques de Vos Malan se <u>The Shadow, the Skeleton and the</u>

North Wind vir altviool, tjello en klavier. (83). In die artikel "Kamermusiek" deur Stefans Grové word verwys na die finansiële steun van SAMRO en Barry Jordan se deursettingsvermoë. Die program word gekenmerk deur 'n verskeidenheid musiek wat deeglik ingestudeer is en op 'n geïnspireerde wyse aangebied is.

Kamermusiekwerke met musikale trefkrag, waarin eksperimentering verruil is vir 'n waardevolle kunsboodskap in 'n subtiele gekonstrueerde musikaliteit, soos Barry Jordan se Summer Music vir fluit, klarinet en tjello is gevoelvol uitgevoer deur:

Maryna van den Berg - fluittis
Duncan Combe - klarinettis
Peter van de Geest - tjello

## 2.4 Stigting vir die Skeppende Kunste (SSK)

As nie-winsgewende maatskappy is die doelstellings van die Stigting vir die Skeppende Kunste om skeppende kunste van al die kultuur- en taalgroepe van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te bevorder. Die drie hoof dissiplines van die skeppende kunste sluit alle aspekte van woordkunste, toonkuns en beeldende kunste in.

Verder poog die Stigting om die nodige kennis, begrip, waardering en beoefening van Suid-Afrikaanse kunste, waaronder musiek en instrumentale kamermusiek resorteer, te bevorder. Finansiële hulp word aan verdienstelike skeppende kunstenaars en organisasies wat hul ten doel

---

83. Anoniem, Obelisk-groep slaag in belangrike doel, Hoofstad, 5 Oktober 1982, p. 7.

stel om kuns te bevorder, verleen. Advies ten opsigte van die bevordering van Suid-Afrikaanse kunste word aan instansies soos Staatsdepartemente, plaaslike owerhede, onderwysinrigtings asook organisasies uit die privaatsektor verleen.

Met die totstandkoming van die Stigting vir die Skeppende Kunste op 9 Maart 1989 is twee direkteure, naamlik, Dr T van der Walt en Mnr N Nossel aangestel, terwyl die administratiewe take deur die sekretariaat van die ATKV onder leiding van mnr F Kok behartig word. (84).

Tydens die vergadering van die Subkomitee: Musiek, op 23 Oktober 1989 is die opdragwerk vir 'n instrumentale kamermusiekkomposisie aan Roelof Temmingh opgedra. 'n Werk vir fluit, hobo, klarinet en fagot is vir 1990 geskeduleer. 'n Vergoeding van R 3 500,00 vir die twintig minute komposisie is aan die komponis toegeken. Bogenoemde werk sal deur lede van die Nasionale Orkes wat 'n SAUK-Blaaskwintet gestig het, uitgevoer word. (85).

Die standpunt dat 'n komposisie wat onuitgevoer is slegs "half-gebore" is, is tydens die vergadering van die Sub-komitee: Musiek op 23 Oktober 1989 gehuldig. (86). Heelhartige steun vir die uitvoering van die Stigting se opdragwerke, is deur die Musiekhoof van die SAUK, Mnr B Bierman verskaf. 'n Basis van samewerking tussen die Rade van

---

84. Ongedateerde Verslag van die Voorsitter van die Stigting van Skeppende Kunste, p. 2.
85. Stigting vir die Skeppende Kunste, Verslag van Vergadering van die Sub-komitee: Musiek, gehou op 23 Oktober 1989, p. 2.
86. Verslag van die vergadering van die Sub-komitee: Musiek, gehou op 23 Oktober 1989, p. 8.

Uitvoerende Kunste en die Stigting vir die Skeppende Kunste is bewerkstellig met die doel om opdragwerke uit te voer. (87).

## 3. Gevolgtrekkings

Die bevordering van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek kan verdeel word in die stimulering en uitbreiding van die skeppende aktiwiteit waardeur die Suid-Afrikaanse repertorium uitgebou word, asook die uitvoering en bekendstelling van die instrumentale kamermusiek-komposisies deur middel van uitvoerings en uitsendings tydens radioprogramme, televisieprogramme, musiekfeeste en konserte.

Die versending van geselekteerde klankgolwe oor die eter, die ontvangs en reproduksie van bogenoemde klankgolwe op 'n toestel, funksioneer as die belangrikste medium waardeur Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek aan die breë publiek bekendgestel word.

Sedert die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-Korporasie in 1936 het bogenoemde instansie periodieke aanpassings geïmplementeer om met die wisselende behoeftes van die publiek tred te hou. 'n Transisie vanaf 'n vermaaklikheids- tot 'n openbare opvoedkundige instansie word reeds gedurende die eerste dekade van die SAUK se bestaan aangetoon.

'n Intensiewe organisatoriese netwerk van aktiwiteite word deur die SAUK aangewend er beskerming van die onwettige duplisering van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek. As een van die modernste

---

87. Uittreksel uit die Verslag van die Voorsitter 1989-1990, p. 1.

musiekbiblioteke word die uitgebreide bedrywighede van die SAUK Musiekbiblioteek gereflekteer in die voorsiening van bladmusiek (insluitend kamermusiekkopieë) aan munisipale orkeste en verskillende streeksrade vir uitvoerende kunste. Verder word Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek deur 'n nasionale en internasionale verspreidingskema, soos geïnisieer deur Anton Hartman, aangemoedig.

"The Catalogue of South African Compositions in the Music Library of the South African Broadcasting Corporation" dien sedert 1981 as 'n interne verwysingsbron. In 1988 is die waardevolle naslaanbron opgegradeer en uitgebrei tot die bestaande omvang waarin kernagtige beskrywings van instrumentale kamermusiekopdragwerke verskyn.

Deur volgehoue uitbreiding van die transkripsiediskoteek word veral aandag aan inheemse musiek deur ander bevolkingsgroepe verleen.
Die internasionale bekendstelling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies word deur die buitelandse transkripsiediens bevorder. As deel van die internasionale uitruilskema word die Suid-Afrikaanse luisteraar in staat gestel om die uitvoeringskwaliteit en die skeppingsproduk van instrumentale kamermusiekkomposies objektief te evalueer na aanleiding van die beluistering van internasionale kamermusiekprogramme tydens die uitsending van instrumentale kamermusiekfeeste, byvoorbeeld die Salzburgfees.

Die SAUK klankargief funksioneer as die enigste bewaarplek van klankmateriaal waardeur aktuele inligting vir akademiese navorsingsdoeleindes beskikbaar gestel word. Aktuele onderhoude met Suid-Afrikaanse komponiste, musiekwetenskaplikes en ander musiekpersoonlikhede vorm

deel van die uitgebreide bewaringsaksie deur die argivaris van "Ernstige Musiek". Sedert 1966 is opnames van 44 instrumentale kamermusiekkomposisies in die klankargief opgeneem. Deelname aan oudisies, voorlegging van manuskripte asook die opdragte aan komponiste resorteer onder die geleenthede wat deur die SAUK aan Suid-Afrikaanse komponiste en uitvoerende kunstenaars gebied word om sodoende die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium uit te brei en bekend te stel. Die uitreiking van sporadiese opdragwerke in die instrumentale kamermusiekgenre het sedert 1949 gegroei tot drie opdragwerke in 1988.

In ooreenstemming met die beleid van die SAUK om Suid-Afrikaanse musiek te bevorder, is die eerste nasionale wedstryd vir Suid-Afrikaanse komponiste in 1947 uitgeskryf. Vier komposisiewedstryde tot 1958 het bygedra tot die uitbouing van 'n instrumentale kamermusiekrepertorium.

Algemene radioprogramme is sedert 1937 aangewend vir die bekendstelling van nasionale instrumentale kamermusiek. Verskeie kamermusiekkomposisies in die programreeks "Die Komponis aan die Woord" is vanaf 1975 uitgesaai. Programme op nasionale en godsdienstige feesdae dien as illustrasie van die deurlopende belangstelling om die uitbreidingsprojek ten opsigte van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek te stimuleer.

Met die inisïering van die jaarlikse Kamermusiekfees deur Raymond Sargent en Gerard Korsten is 'n unieke potensiële geleentheid geskep vir die uitvoering van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies tydens die beeldsending van 'n televisieprogram. Artistieke steriliteit word gereflekteer deur die aanbieding van ge-

standaardiseerde kamermusiekrepertorium tydens die opeenvolgende kamermusiekfeeste sedert 1988 tot 1990.

Die Suid-Afrikaanse musiekfees gedurende die week eindigende op 31 Mei 1941 was seker die mees geslaagde enkele poging deur die SAUK om inheemse skeppende en uitvoerende kunstenaars aan te moedig om nasionale instrumentale kamermusiek aan die breë publiek bekend te stel. Vyf kamermusiekkomposisies is op 29 Mei 1949 oor die Engelse en Afrikaanse senders vanuit Johannesburg uitgesaai. Bogenoemde bekendstellingsproses is uitgebrei deur heruitsending van die radioprogramme oor die Johannesburgse sender, asook oor die senders van Kaapstad en Durban.

Alhoewel die SAUK as organisasie die beleid aanvaar het waardeur alle geleenthede benut word om waardering vir minder bekende en kontemporêre musiek by die luisteraar te kweek, kan die instelling van 'n addisionele programdiens vir die intellektuele minderheid nie regverdig word nie. Deur die onoordeelkundige samestelling van sekere musiekstyle in uitsaai- en konsertprogramme kan die musieksmaak van die luisterpubliek, die kreatiewe denkwyse van hedendaagse en toekomstige komponiste asook musiekbeleidmakers gemanipuleer word deur die omvangryke invloed van die monopolitiese uitsaai-organisasie.

Kunsmatige stimulering van instrumentale kamermusiekuitbreiding word deur die opdragwerke en komposisiekompetisies bewerkstellig. Herhaaldelike uitsending van dieselfde instrumentale kamermusiekkomposisie belemmer die geleentheid vir die instudering en uitvoering van die uitgebreide Suid-Afrikaanse kamermusiekrepertorium.

Die moeisame ontplooiingsproses van inheemse toonskepping asook nasionale kunsmusiekbewuswording strek oor 'n tydperk van sewe dekades. Die behoefte aan kultuurbeoefening kan tot die organisasie van intekenkonserte deur Carl C Pabst (-1805) in 1801 teruggevoer word. Kenmerkend van die twintigste eeu is die staatkundige betrokkenheid ten opsigte van kunsbevordering asook die finansiële bydrae uit die privaatsektor tot die uitbreiding van kunsbeoefening.

Met die totstandkoming van die nie-rassistiese, outonome, nasionale organisasie naamlik die Suid-Afrikaanse Musiekregte Organisasie in 1961, word finansiële steun aan 260 individuele ernstige kunsmusiekkomponiste deur middel van vasgestelde tantièmes en vergoeding vir opdragwerke verskaf. SAMRO se finansiële ondersteuning word ook uitgebrei tot orkeste, musiekensembles en -verenigings (byvoorbeeld Obelisk) en ander verdienstelike organisasies. Studiebeurse word bewillig vir navorsing op nasionale en internasionale vlak.

'n Waardevolle opgegradeerde en uitgebreide naslaanwerk ten opsigte van vokale en instrumentale kamermusiek (asook ander genres) is deur M S Levy saamgestel. "Catalogue for Serious Music" is die mees omvattendste samestelling van die Suid-Afrikaanse inheemse kunsmusiekrepertorium wat oor 'n tydperk van 18 jaar saamgestel is. Die bylaag "Repertiore Category Guide" kan aangewend word as riglyn vir die samestelling van 'n gebalanseerde program van beskikbare Suid-Afrikaanse musiek, met die inkorporering van instrumentale kamermusiek, deur uitvoerende kunstenaars en konsertorganiseerders.

Nasionale musiekverenigings, naamlik Obelisk en die Suid-Afrikaanse Musiekgilde, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die skepping van uitvoerende fasiliteite vir Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies. Finansiële en administratiewe ondersteuning word hoofsaaklik deur SAMRO verskaf. Karakteristiek is die verbale of skriftelike bekendstelling van komponiste en kamermusiekkomposisies tydens die konserte.

Beide musiekverenigings stel hul ten doel om 'n verhoog vir die uitvoering van solo- en ensemblemusiek van Suid-Afrikaanse komponiste te skep. Hierdeur word die konsertganger blootgestel aan die veelsydige inheemse repertorium. 'n Dualistiese doelwit word bereik deurdat die jong kunstenaars 'n geleentheid gegun word om Suid-Afrikaanse kunsmusiek deel van hul repertorium te maak.

Die nie-winsgewende maatskappy - Stigting vir die Skeppende Kunste, verleen nie slegs finansiële hulp aan verdienstelike skeppende kunstenaars nie, maar stel hul ten doel om die drie hoof dissiplines in die skeppende kunste van al die kultuur- en taalgroepe van Suid-Afrika te bevorder.

Op nasionale en streekvlak word daadwerklike pogings deur organisasies, instansies en verenigings aangewend om die bevordering en uitbreiding van inheemse instrumentale kamermusiek te bevorder. Kunsbewustheid asook musiekwaardering en musisering moet egter op 'n jeugdige ouderdom in die intieme atmosfeer van die ouerhuis en skool aangekweek word.

# SAMEVATTING


## 1. Voorbereidende Fase (1652-1910)

Die ontwikkeling van 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekidioom het 'n bevordelike milieu vir musikale kreatiwiteite vereis. Eksterne negatiewe en positiewe beïnvloeding deur ekonomiese, sosiologiese, militêre, godsdienstige en politieke aktiwiteite het 'n stremmende uitwerking op die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek gedurende die voorbereidende fase (1652-1910) uitgeoefen.

Die historiese oorsig oor Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek word ingelui deur die informele musisering onder die skeepslui waardeur 'n intieme musikale kommunikasie, tydens die volksplanting onder die bewind van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (1652-1795), gehandhaaf is. Improvisatoriese instrumentale tafelmusiekuitvoerings tydens die gebruiklike Europese feestelike maaltye, die beklemtoning van musisering in die intieme huislike atmosfeer wat onderskraag is deur die bekendstelling van Nederlandse instrumentale kamermusiekpartiture, en die openbare uitvoering van harmoniemusik, kan beskou word as die ontstaan van die embriogeniese ontwikkeling van instrumentale kamermusiek op Suid-Afrikaanse bodem.

### 1.1 Wisselende kulturele beïnvloeding

Tydens die transformasie van 'n tydelike verversingspos tot 'n permanente nedersetting, is die gerigtheid op Europa versterk deur die kosmopolitiese musiekverryking aan die suidelike punt van Afrika. Deur

die assimilasie- en denasionaliseringsbeleid van die Nederlandse regering tydens die instroming van Duitse immigrante, Franse Hugenote, Britse Setlaars asook die invoering van slawe, is 'n belangrike bydrae tot die ontwik- keling van 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek- idioom gelewer. Die kenmerkende improvisatoriese musikale element van die inheemse Afrika-musiek is deur die slawe geïnisieer en word gestaaf deur verwysings na die natuurlike wyse waarop die slawe tydens die uitvoering en beoefening van informele kamermusiek, hul instrumente bespeel het.

Positiewe beïnvloeding op die ontwikkeling van instrumentale kamermusiek in Suid-Afrika is deur Lord Charles Somerset se verengelsingbeleid in 1822 en persoonlike kontak met die 1820 Britse Setlaars bewerkstellig. Die breë Suid-Afrikaanse publiek is dus blootgestel aan Engelse kultuurverfyning en het hierdeur toegang tot die mees ontwikkelde en verfynde universele kamermusiek verkry. Met die aankoms van die Britse Setlaars (onderskeidelik in 1820 en 1842 tot 1858 in Port Elizabeth en Durban) is musiek as 'n belangrike vermaaklikheidsaktiwiteit beskou. Toenemende inisiatief ten opsigte van musisering is vanaf die veertiger jare gedurende die negentiende eeu, deur die Engelssprekende burgers geopenbaar.

## 1.2 Musiekonderrigfasiliteite

Gedurende die agtiende eeu is ongeorganiseerde musiekonderrig hoofsaaklik deur die garnisoen, beroepsmusikante en bekwame Duitse musici onderneem. Ongeag die volgehoue ekonomiese wurggreep wat amateur- en professionele musici gedwing het om musiekonderrig op 'n uitgebreide

basis aan te bied, het 'n lewendige belangstelling in musiekbeoefening en uitvoering in Kaapstad en Stellenbosch gedurende die 143 jaar van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie se bewind, ontwikkel.

Westerse musiekonderrig in Suid-Afrika het tussen 1838-1910 gevarieer van toevallige beskikbaarheid van musiekleermeesters gedurende die stigtingsjare van die Republikeinse stede tot die voldoende beskikbaarheid van professionele en amateurmusici in die Britse kuskolonies. Na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) was instrumentale musiekonderrig slegs vir blankes vrylik beskikbaar, hoofsaaklik as gevolg van die taalmediumprobleem wat met die ander bevolkingsgroepe ondervind is.

Voldoende beskikbare musiekonderrigfasilitiete tydens die voorbereidende fase (1652-1910) word gereflekteer deur die parallelle aanbieding van privaat musiekklasse, die oprigting van musiekstudio's, -akademies en - skole vanaf 1866 tot die instelling van nasionale hoër opvoedkundige inrigting naamlik die Stellenbosch Konservatorium in 1905. Selfs in die noorde is 'n Musiekkollege gedurende 1910 in Pretoria gevestig terwyl privaat musiekskole in Johannesburg gestig is.

Die noodsaaklikheid van klavieronderrig word in die wisselwerking tussen uitvoerende vaardighede en kompositoriese aktiwiteite tydens die primêre ontwikkelingsfase (1910-1945) gereflekteer. Prominensie word aan die instrument as 'n primêre instrument in ensemblebesettings verleen, deurdat die klavier in 44% van die komposisies in bogenoemde ontwikkelingsfase geïnkorporeer word. Praktiese musiekonderrig was

beskikbaar in klawerbord-, hout- blaas-, koperblaas-, stryk- en slag-instrumente, terwyl perkussiewe onderrig hoofsaaklik deur die orkes- meesters van verskillende blaasorkeste aangebied is.

Talle professionele musici met indrukwekkende musiekkwalifikasies het na Suid-Afrika geïmmigreer. Deur die instelling van hoofsaaklik Engels-georiënteerde praktiese en teoretiese musiekeksamens is die Suid-Afrikaanse uitvoerende en kompositoriese standaarde verhoog. Verder het die waardevolle onderrigmetode van Herr Eberlein, deur die fyn balans tussen tegniese, teoretiese en interpretasiebeginsels in die stryk- en klaviertrio's ensemble-spel te handhaaf, bygedra tot die ontwikkeling van die uitvoerende en kreatiewe komponente van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek.

## 1.3 Beskikbaarheid van kamermusiekinstrumente en -partiture

'n Ooraanbod van kamermusiekinstrumente deur musiekhandelaars en -onderwysers tydens die voorbereidende fase (1652-1910) aan die suidelike punt van Afrika, word gestaaf deur veelvuldige koerantadvertensies. Die vrylike beskikbaarheid van die volledige reeks orkes- of kamermusiekinstrumente was hoofsaaklik te danke aan die vestiging van gespesialiseerde musiekhandelaars in al vier provinsies. Die persmedia is in 'n toenemende mate aangewend om die beskikbaarheid van instrumente onder die publiek se aandag te bring. Beoefening van kamermusiek tydens hierdie fase kan nie uitgesluit word nie, aangesien voldoende kamermusiekinstrumente, partiture en pedagogiese handboeke beskikbaar was. Die instandhouding en herstelwerk van kamermusiekinstrumente is deur musiekmeesters en musiekhandelaars onderneem.

## 1.4 Kamermusiekuitvoerings

Alhoewel die eerste openbare konsert sedert 1794 in Kaapstad aangebied is, is die eerste instrumentale konsert eers op 11 Desember 1802 in die Afrikaanse Skouburg, Boereplein uitgevoer. Musikale ontwikkeling het ongestoord in die stedelike gebiede gedy deurdat huiskonserte parallel met intekenkonserte gefunksioneer het.

Konsertmeesters en verskeie musiekgeselskappe het nie alleen eietydse Europese kamermusiek nie, maar moontlik ook die eerste Suid-Afrikaanse kamermusiekkomposisie, naamlik die trio Tyrolise Air, with nine new Variations deur C White op 7 Junie 1828 uitgevoer.

Die Britse Immigrante en Setlaars was vertroud met die instrumentale kamermusiekuitvoerings tydens die populêre "Monday Pops" konserte in Londen waartydens hulle aan 'n omvangryke kamermusiekrepertorium blootgestel is wat Klassieke en Romantiese (destydse kontemporêre musiek) asook die instrumentale kamermusiek deur die Britse komponiste ingesluit het,. Afrikaanse konserwatisme en wantroue teenoor vernuwing het 'n stremmende invloed op die ontwikkeling van die instrumentale kamermusiek uitgeoefen terwyl die lighartige en liberale lewensbeskouing van die Engelssprekende bevolking tot die ontwikkeling van 'n aktiewe, sorgvrye kultuurlewe bygedra het.

'n Oorgangsfase vanaf verskeidenheidskonsertprogramme, wat instrumentale kamermusiek-items ingesluit het, tot die georganiseerde kamermusiekkonsertreekse word gedurende die tagtiger- en negentigerjare van die negentiende eeu, geïdentifiseer. Verder is die gewilde, intieme

soirèes, inskrywings-, privaat-, filantropiese-, verskeidenheids- en militêre orkeskonserte ingesluit. Kamermusiekkonsertreekse is uitsluitlik vir die meer ernstige musiekliefhebber georganiseer, byvoorbeeld in Johannesburg is die "Otto von Booth Chamber Concerts" aangebied.

Seldsame besoeke van internasionale kamermusiekensembles gedurende 1838-1910 het aanleiding gegee tot die stigting van plaaslike kamermusiekensembles. Bekende musiekhandelaars het as beskermheer van besoekende internasionale uitvoerende kunstenaars en organiseerder van verskeie konserte opgetree. Tog het die internasionale ensembles (soos die beroemde Russiese Cherniavski-ensemble, die Hambourg-Coryjeag-Coates ensemble asook die Australiese Payne familie) deur middel van kulturele kruisbestuiwing die Suid-Afrikaanse musici op die hoogte gehou van die musikale ontwikkeling op internasionale vlak.

Konsert-organiseerders was verplig om enkele instrumentale kamermusiekkomposisies in 'n verwerkte vorm aan te bied, weens die beperkte aantal beskikbare uitvoerende kunstenaars. Konsertprogramme het die instrumentale kamermusiekrepertorium van die Klassieke en Romantiese komposisiemeester asook dié van minder bekende Europese kamermusiekkomponiste ingesluit.

## 2. Kreatiewe Periode (1890-1990)

'n Oorvleueling van die voorbereidende fase (1652-1910) waar die Suid-Afrikaanse publiek, aspirante- en professionele komponiste asook uitvoerende musici aan internasionale kontemporêre kamermusiek tydens

georganiseerde uitvoerings blootgestel was en kamermusiekinstrumente en -partiture ook vrylik beskikbaar was, met die aktiewe skeppingsproses (1890-1990), word aangetref.

## 2.1 Voorbereidende fase (1890-1910)

Die embriogeniese ontluiking van Suid-Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiek kan teruggevoer word tot die skepping van Meiring Beck se <u>Suite</u> in 1890. Die eerste Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisie is hoofsaaklik vir die verstewiging van interne familiebande geskep. Politieke en militêre konflik asook die onstabiliteit in die ekonomiese en sosiologiese arenas het 'n stremmende uitwerking op die kreatiwiteit van die Suid-Afrikaanse kunsmusiek uitgeoefen.

## 2.2 Primêre ontwikkelingsfase (1911-1945)

Eurosentriese kultuurverryking het aanleiding gegee tot die sporadiese konstruering van instrumentale kamermusiekkomposisies gedurende 1890 tot 1933. Die trae kulturele ontwikkeling word gereflekteer in die skeppingstempo van slegs vier gedateerde instrumentale kamermusiekkomposisies oor 'n tydperk van agtien jaar terwyl die primêre kreatiewe pogings hoofsaaklik deur Engelssprekende immigrante geïnisieer is. Wedersydse kultuurverryking, naamlik die assimilasie van Afrika-volksmusiekelemente in die oorwegende Engelse musiekkultuur op Suid-Afrikaanse bodem, het die fondasie vir 'n eiesoortige Afrikaanse idiomatiese instrumentale kamermusiek gevorm. Afrika-melodieë is hoofsaaklik deur Prof Bell, Prof Kirby en Lissant-Collins in hul

komposisies aangewend terwyl die onreëlmatige en afwisselende metriese aanwending 'n integrale komponent in die oorwegend konvensionele vormbenadering en Romantiese geïnspireerde instrumentale kamermusiekkomposisies gevorm het.

Prof W H Bell het as komposisiementor 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek gelewer. Deur die instelling van periodieke studentekonserte asook "Popular Saturday Concerts", het Prof Bell die belangrikste faktor in die kreatiewe proses, naamlik die fisiese instrumentale uitvoering van die innerlike psigiese klankbeelde van 'n komponis, aangespreek. Musikale opleiding is nie slegs aan alle rasse verskaf nie, maar daar is ook pogings aangewend om die algemene Suid-Afrikaanse publiek deur middel van koerantrubrieke en platekritiek in nuusblaaie, op te voed.

'n Oplewing van kulturele aktiwiteite is deur die ekonomiese herlewing geïnisieer en is uitgebrei na die stigting van die SAUK in 1936. Die aantal instrumentale kamermusiekkomposisies het drievoudig toegeneem en die vernaamste bydrae op Suid-Afrikaanse bodem is tydens die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) deur die Engelssprekende immigrante en besoekende komponiste gelewer. Slegs 36% van die instrumentale kamermusiekkomposisies is deur Suid-Afrikaanse komponiste geskryf, terwyl 64% deur immigrerende en besoekende komponiste gekonstrueer is.

As nasionale uitvoerende kamermusiekensemble-speler het Horace Barton (1872-1951) daarin geslaag om die eerste geslaagde instrumentale kamermusiekkomposisie, naamlik <u>Trio in F mineur</u> (1937) te komponeer.

Die enkelbeweging-komposisie met kenmerkende metriese wisseling en oorheersende Romantiese eienskappe, kan beskou word as die mees invloedryke instrumentale kamermusiekkomposisie wat by drie verskillende geleenthede deur die SAUK senders uitgesaai is.

Die wisselende musikale arenas word dus verkry deur die komponering van instrumentale kamermusiek op Suid-Afrikaanse bodem asook onderskeidelik in Amerika en Engeland deur Suid-Afrikaners. Op vreemde bodem het die eerste waardevolle instrumentale komposisies uit die pen van Suid-Afrikaans gebore komponiste gevloei, naamlik Reuben T Caluza en Arnold van Wyk.

Die eerste diepgaande Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisie, <u>Vyf Elegieë vir Strykkwartet</u> (1940-1941), is tydens Arnold van Wyk se studieperiode in Engeland gekomponeer. Opvallend is die aanwending van tematiese fragmentasie in die tonaalgebonde komposisie. Aggressie wat deur die mono-toniese quasi-ostinato en ostinato ritmiese patrone in die tjelloparty ontketen word, is tiperend van die invloed van die inheemse Afrika-musiekelemente. Fyn gebalanseerde instrumentale kommunikasie word deur 'n volwasse en vakkundige strykkwartet-tegniek gereflekteer. <u>Vyf Elegieë vir Strykkwartet</u> (1940-1941) is die eerste Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisie wat in 1951 internasionale erkenning tydens die "Festival of the International Society for Contemporary Music" te Brussel verwerf en ook in gepubliseerde vorm verskyn het.

## 2.3 Sekondêre ontwikkelingsfase (1946-1960)

### 2.3.1 Afname in die aantal besoekende en immigrerende komponiste

Die ongekende ekonomiese vooruitgang in Suid-Afrika het in 1947 tot die instroming van buitelandse kapitaal gelei. Internasionale kritiek teen die Suid-Afrikaanse segregasiebeleid het aanleiding gegee tot algehele isolasie van die Republiek van Suid-Afrika. Bogenoemde negatiewe beïnvloeding word duidelik in die afname vanaf 64% in die primêre ontwikkelingsfase (1911-1945) tot ongeveer 13.05% tydens die triomferende individualistiese periode (1946-1990) deur immigrante komponiste tot die uitbreiding van 'n Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium.

### 2.3.2 Bydrae tot die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek

Kenmerkend van die sekondêre ontwikkelingsfase is die bevordering van instrumentale kamermusiek deur die instelling van nasionale komposisiekompetisies asook die bekendstelling tydens radioprogram-uitsendings en die publikasie van verskeie werke.

Die sekondêre ontwikkelingsfase word gekenmerk deur die vermenging van majeur en mineur modi in die individualistiese Van Wyk toonaard gebondenheid in Eerste Strykkwartet (1946), waarin die komponis deur selfkritiek en dissipline daarin slaag om aan die eise van die geïntegreerde kamermusiek-idioom te voldoen.

Opvallende wisselwerking tussen die uitvoerende en kreatiewe komponente word aangetref in die mees gevorderde en gekompliseerde strykkwartet gedurende die primêre ontwikkelingsfase, naamlik Strykkwartet in D majeur (1946) deur Stefans Grové, met die noukeurige aanduiding van die strykinstrumente-artikulasie.

Eksperimentering met verskillende kompositoriese style wat wissel vanaf Impressionisme, Romantisisme tot die ekonomiese , georganiseerde en gedissiplineerde Neo-Klassisme word in Stefans Grové se instrumentale kamermusiekkomposisies aangetref. Die Suid-Afrikaanse komponis het daarin geslaag om die "Northern California Harpists Association Prize" met Kwintet: Serenade (1952) vir drie houtblasers, strykers en harp, te verower. Internasionale bekendheid is deur die uitvoering van bogenoemde komposisie verwerf.

Imitasie en kontrapuntale skryfwyse word in verskillende instrumentale kamermusiekkomposisies aangetref. Assimilasie van inheemse tematiese materiaal word soms in die titels, byvoorbeeld Hylton-Edwards (1924-) se Variations on an African theme (1953) waargeneem, of as cantus firmus in Hayden T Matthews (1894-1958) se Strykkwartet Nr 2 ingesluit.

## 2.4 Oorgangsfase (1961-1975)

Tydens die ekonomiese en kulturele isolasie van die Republiek van Suid-Afrika word 'n Eklektiese kompositoriese skryfwyse in die instrumentale kamermusiekgenre waargeneem. Die bevordering van internasionale aanvaarde serialisme en die bekendstelling van elektroniese

gerekenaardiseerde musiek as 'n integrale deel van instrumentale kamermusiekkomposisies, het 'n ividualistiese kompositoriese benadering verstewig.

Satiriese en Romantiese titels is deur die aanvaarde Suid-Afrikaanse komponis, Walter D Swanson (1903-1985) onderskeidelik in Sad thoughts on Income Tax (1974) en Cape Town Suite for Brass Quintet (1974) aangewend. Gerrit Bon (1901-1983) het die Suid-Afrikaanse volkswysie "Hansie Slim" as cantus firmus tydens die skepping van die ongedateerde Houtblaastrio gebruik.

Die dilettante komponis, Eva N Harvey (1900-1984) het daarin geslaag om die karakteristieke inheemse Afrika-musiekelemente in die ongedateerde Kwartet vir fluit, hobo, tjello en klavier uit haar tweede periode 1960-1969, te inkorporeer. Die komponis het daarin geslaag om die effektiewe Afrika-beurtsang deur direkte modulasie, mono-toniese herhaling van melodiese materiaal asook die ontbrekende idiomatiese instrumentale kamermusiekskryfwyse te bewerkstellig. Beperkte melodiese en ritmiese metamorfose in die onderverdeling van die simmetriese frase in herhalende tweemaat-eenhede versterk die trefkrag van die treffende inheemse beurtsang. Beklemtoning van die ongesofistikeerde ritmiese ostinato-patrone verster die inheemse Afrika musiekbeïnvloeding op bogenoemde instrumentale komposisie.

## 2.4 Tersiêre ontwikkelingsfase (1976-1990)

'n Sterk individualisitiese kompositoriese benadering gedurende die tersiêre ontwikkelingsfase (1976-1990) word deur die aanvaarde en egte Suid-Afrikaanse komponiste geopenbaar. Neo-Romantisisme, Serialisme, Neo-Klassisme en 'n neiging tot die kombinering van elektroniese musiek met konvensionele akoestiese instrumente word in die instrumentale kamermusiekkomposisies aangetref.

Die assimilasie van Afrika-musiekelemente as 'n integrale deel van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek, word veral deur die derde en vierde komponiste-generasie aangetoon.

'n Verteenwoordigende voorbeeld van die inwewing van inheemse Afrika-musiekelemente benadering word in Dr J Zaidel-Rudolph se Margana (1985) aangetref. Selfs die titel van Margana, wat ontleen is van die anagram van Prof A Wegelin se Anagram opus 18 (1972) is 'n Sotho-woord wat "baie woorde" beteken.

'n Sterk Afrosentriese invloed word deur jazz-elemente, kanoniese imitasies wat ontrafel tot 'n vryer kontrapuntale seksie asook die kenmerkende aanwending van die Afrika-xilofoon-ostinato met ritmiese variasies, asook beurtsang in Margana gereflekteer. Met die invoeging van die skril polisie-fluitjieklanke slaag die komponis daarin om die tiperende Afrika myndans-effek te weerspieël.

## 2.6 Statistieke


Slegs 71,3% van die totale geïdentifiseerde instrumentale kamermusiekkomposisies is gedateer. Die 365 gedateerde instrumentale kamermusiekkomposisies kan soos volg gekategoriseer word.

| KATEGORIE | AANTAL | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Trio's | 132 | 36.2% |
| Kwartette | 118 | 32.3% |
| Kwintette | 54 | 14.8% |
| Sekstette | 28 | 7,7% |
| Septette | 11 | 3% |
| Oktette | 14 | 3.8% |
| Nonette | 5 | 1.4% |

Die volgende grafiese uiteensetting verskaf die kategories persentasie op die vertikale as, terwyl die verskillende kategorieë op die horisontale as aangetoon word.

## GRAFIESE UITEENSETTING

# GEDATEERDE WERKE 1890 - 1990
## KAMERMUSIEKKOMPOSISIES



## 2.7 Inkorporering van inheemse Afrika musiekelemente in titels

Eksterne beïnvloeding deur die poësie, die visuele kunste en die literatuur word in die aanwending van titels gereflekteer. Assimilasie van inheemse benaming en tematiese materiaal word ook in die titels van verskeie kamermusiekkomposisies gereflekteer, naamlik Variations on an African Theme (1953) deur Stewart Hylton-Edwards, die inkorporering van die Sotho-woord Margana (1985) wat "baie woorde" beteken deur Dr J Zaidel-Rudolph asook die aanwending van die Zulu-titel Hamba Kahle (1988) deur David Kosviner.

Die intensiteit van die indrukke wat deur die inwoners en natuurskoon van Afrika op besoekende immigrante asook aanvaarde en egte Suid-Afrikaanse komponiste gelaat word, word in die titels van die gedateerde en ongedateerde instrumentale kamermusiekkomposisies gereflekteer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Britton, Philip J (1911-1971) | - | | African Shepherd's Rapsody |
| Culuza, Reuben T (1895-1969) | - | 1934 | Reminiscences of Africa |
| Cherry, Richard J (1897-1982) | - | 1947 | Suite on African Tune |
| Du Plessis, Stephen J | - | 1988 | Made in Africa (Adomo) |
| Hylton-Edwards, Stewart | - | 1953 | Variasies op 'n Afrika tema vir houtblaastrio |
| Klein, Hubert (1939-) | - | 1973 | African Metamorphosis |
| | | 1977 | Introduction and African Dance |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Oxtoby, Charles Francis (1912-1978) | - | 1963 | From South Africa |
| Pobjoy, Marion | - | 1936 | Variations for Strings on an African Melody |

## 2.8 Inheemse Afrika musiekelemente as 'n integrale deel van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies

Die isolasie van Suid-Afrika het indirek bygedra tot die aanwending van inheemse musiekelemente in instrumentale kamermusiekkomposisies.

Gedurende die triomferende individualistiese periode (1946-1990) het die inheemse Afrika musiekelemente 'n integrale deel van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek gevorm. Prof Stefans Grové slaag daarin om doelbewustelik Afrika-elemente met 'n sterk ritmiese impuls, asook sporadiese inwewing van inheemse volksmateriaal in sy kunsmusiek geïnkorporeer. Die karakteristieke ostinerende ritmiese patrone wat kompenseer vir die ontbrekende gesofistikeerde melodiese metamorfose, direkte melodiese en ritmiese motiwiese herhalings, karakteristieke aanwending van patroon-sekwenstegniek asook die inkorporering van beurtsang of imitasie met herhalende mono-toniese ritmiese patrone in die kenmerkende tweemaat-frase, is verteenwoordigend van inheemse musiek-beïnvloeding.

Die Afrika-karakter in 'n instrumentale kamermusiekkomposisie is verhoog deur die insluiting van Afrika-instrumente soos 'n polisiefluitjie en xilofoon.

## 2.9 Westerse of internasionale beïnvloeding op Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies

Dir absorbering van internasionale kulturele beïnvloeding tydens die besoeke aan die buiteland word op 'n eksperimentele basis in die instrumentale kamermusiekkomposisies aangewend. Immigrante-komponiste was vertroud met die internasionale musikale kompositoriese omwenteling en het hul op die aanwending van seriële tegnieke in instrumentale kamermusiekkomposisies toegespits. Die kombinasie van elektroniese magneetband met konvensionele instrumente word in die deursigtige tekstuur van Autumn (1987) deur Roelof Temmingh, aangetref. Die derde en vierde Suid-Afrikaanse komponiste-generasie is hoofsaaklik deur György Ligeti se aaneenskakeling van die bewegings, beïnvloed.

Jazz-elemente word in instrumentale kamermusiekkomposisies geïnkorporeer terwyl Aleotoriek met quasi-improvisatoriese imitasie in verskeie instrumentale kamermusiekkomposisies aangetref word. Die tema van die Duitse volksliedjie O du Lieber Augustin is as cantus firmus in Lemming se X Variations für l'Air: O du Lieber Augustin aangewend. Die tegniek vorm dan ook die basis van die Suid-Afrikaanse gebruik om inheemse volksmelodieë as cantus firmus in instrumentale kamermusiekkomposisies te inkorporeer.

Europese volkswysies asook inheemse melodieë in verskeie instrumentale kamermusiekkomposies is as cantus firmus aangewend of is slegs fragmenteel ingeweef. Opvallend is die ooreenkomste tussen die sewentiende eeuse Duitse instrumentale kamermusiekkategorisering en die heersende Suid-Afrikaanse karakteristieke eienskappe, naamlik:

(a) Verwerking of imitasie van vokale musiek op 'n vrylike of fragmentele basis. Aanwending van vokale musiek as die cantus firmus van 'n instrumentale kamermusiekkomposisie word in Caluza se Strykkwartet Nr 1 en Strykkwartet Nr 2 aangetref.

(b) Suiwer geïmproviseerde kamermusiek word in LaPierre se Burgundy Suite (1981) gereflekteer.

(c) Dansmusiek uitsluitlik geskep of verwerk vir 'n instrumentale ensemble word in "seties" of "Schottische" dansvorm aangetref in Prince Alfred Polka deur William Ireson.

Veelvuldige voordele deur die aanwending van elektroniese gerekenaariseerde notasieprogramme naamlik die finale redigering van die manuskrip na ouditiewe evaluasie deur die komponis om sodoende die innerlike psigiese klankbeelde akkuraat te weergee, is deur enkele komponiste toegepas.

Internasionale erkenning is deur verskeie Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomponiste verwerf deur middel van deelname aan internasionale komposisiekompetisies asook deur die uitsending van kamermusiekwerke tydens radioprogramme. Op nasionale vlak was die SAUK, SAMRO en verskillende opvoedkundige inrigtings en kamermusiekensembles verantwoordelik vir die toekenning van opdragwerke aan bekende Suid-Afrikaanse komponiste.

Eie inisiatief is deur Suid-Afrikaanse komponiste geopenbaar om die instrumentale kamermusiekkomposisies deur die stigting van musiekverenigings of uitvoerende ensembles asook die instelling van konsertreekse aan die breë Suid-Afrikaanse publiek bekend te stel. Die revolusionêre musiekdrukkerspoging van die veelsydige litograaf, Johan Marthinus Carstens Schonegevel, was die voorloper van die musiekuitgewerafdeling van die Darter & Seuns firma, wat vanaf 1860 tot 1943

verantwoordelik was vir die bewaring van kosbare musikale Africana.

Gedurende die individualistiese tydperk is selfs musiekuitgewersfirmas wat hul uitsluitlik toegespits het op die publisering van kunsmusiek (waaronder instrumentale kamermusiekkomposisies ook resorteer), gestig naamlik, Musications en OW Uitgewer-firmas.

'n Toenemende belangstelling om die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium uit te brei is veral tydens die tersiêre ontwikkelingsfase (1976-1990) deur die Suid-Afrikaanse komponiste geopenbaar. 'n Uitgebreide toename in die aantal instrumentale kamermusiekkomposisies vanaf 51 werke tydens die sekondêre ontwikkelingsfase (1946-1960) tot 188 gedurende die tersiêre ontwikkelingsfase (1971-1990) staaf bogenoemde stelling. 'n Hoogtepunt in die kompositoriese aktiwiteite word in 1988 aangetref deurdat die instrumentale kamermusiekrepertorium met 24 komposisies uitgebrei is. Tydens die laaste twee dekades het die Suid-Afrikaanse komponiste daarin geslaag om die werke vir die kategorieë vanaf trio's tot nonette te skep.

## 3. Bekendstelling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies

Die bevordering van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek kan verdeel word in die stimulering en uitbreiding van die skeppende aktiwiteit waardeur die Suid-Afrikaanse repertorium uitgebou word, asook die uitvoering en bekendstelling van die instrumentale kamermusiekkomposisies deur middel van uitvoerings en uitsendings tydens radioprogramme, televisieprogramme, musiekfeeste en konserte.

Met die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie in 1936 het bogenoemde instansie periodieke aanpassings geïmplementeer om met die wisselende behoeftes van die publiek tred te hou. 'n Intensiewe organisatoriese netwerk van aktiwiteite word deur die SAUK aangewend om ter beskerming van die onwettige duplisering van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiek.

Internasionale bekendstelling van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies word deur die buitelandse transkripsiediens bevorder. As deel van die internasionale uitruilskema word die Suid-Afrikaanse luisteraar in staat gestel om die uitvoeringskwaliteit en die skeppingsproduk van instrumentale kamermusiekkomposisies objektief te evalueer na aanleiding van die beluistering van internasionale kamermusiekprogramme tydens die uitsending van instrumentale kamermusiekfeeste, byvoorbeeld die Salzburgfees.

Die SAUK klankargief funksioneer as die enigste bewaarplek van klankmateriaal waardeur aktuele inligting vir akademiese navorsingsdoeleindes beskikbaar gestel word. Aktuele onderhoude met Suid-Afrikaanse komponiste, musiekwetenskaplikes en ander musiekpersoonlikhede vorm deel van die uitgebreide bewaringsaksie.

Deelname aan oudisies, voorlegging van manuskripte asook die opdragte aan komponiste resorteer onder die geleenthede wat deur die SAUK aan Suid-Afrikaanse komponiste en uitvoerende kunstenaars gebied word om sodoende die Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekrepertorium uit te brei en bekend te stel. Die uitreiking van sporadiese opdragwerke

in die instrumentale kamermusiekgenre het sedert 1949 toegeneem tot drie opdragwerke in 1988.

In ooreenstemming met die beleid van die SAUK om Suid-Afrikaanse musiek te bevorder, is in 1947 die eerste nasionale wedstryd vir Suid-Afrikaanse komponiste uitgeskryf. Vier komposisiewedstryde tot 1958 het bygedra tot die uitbouing van 'n instrumentale kamermusiekrepertorium. Algemene radioprogramme is sedert 1937 aangewend vir die bekendstelling van nasionale instrumentale kamermusiek.

Met die inisiëring van die jaarlikse Kamermusiekfees deur Raymond Sargent en Gerard Korsten is 'n unieke potensiële geleentheid geskep vir die uitvoering van Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies tydens die beeldsending van 'n televisieprogram. Artistieke steriliteit word gereflekteer deur die aanbieding van 'n gestandaardiseerde kamermusiekrepertorium tydens die opeenvolgende Kamermusiekfeeste sedert 1988 tot 1990.

Die SAUK het as organisasie die beleid aanvaar waardeur alle geleenthede benut word om waardering vir minder bekende en kontemporêre musiek by die luisteraar te kweek. Deur die onoordeelkundige samestelling van sekere musiekstyle in uitsaai- en konsertprogramme kan die musieksmaak van die luisterpubliek, die kreatiewe denkwyse van hedendaagse en toekomstige komponiste asook musiekbeleidmakers gemanipuleer word deur die omvangryke invloed van die monopolitiese uitsaai-organisasie.

Kunsmatige stimulering van instrumentale kamermusiek-uitbreiding word deur die opdragwerke en komposisiekompetisies bewerkstellig. Herhaal-

delike uitsending van dieselfde instrumentale kamermusiekkomposisie belemmer die geleentheid vir die instudering en uitvoering van die uitgebreide Suid-Afrikaanse kamermusiekrepertorium.

Die moeisame ontplooiingsproses van inheemse toonskepping asook nasionale kunsmusiekbewuswording strek oor 'n tydperk van nege dekades. 'n Behoefte aan kultuurbeoefening kan tot die organisering van intekenkonserte deur Carl C Pabst (-1805) in 1801 teruggevoer word. Kenmerkend van die twintigste eeu is die staatkundige betrokkenheid ten opsigte van kunsbevordering asook die finansiële bydrae uit die privaatsektor tot die uitbreiding van kunsbeoefening.

Finansiële steun aan 260 individuele ernstige kunsmusiekkomponiste deur middel van vasgestelde tantièmes en vergoeding vir opdragswerke word verskaf. SAMRO se finansiële ondersteuning word ook uitgebrei tot orkeste, musiekensembles en -verenigings (byvoorbeeld Obelisk) asook aan ander verdienstelike organisasies. Studiebeurse word bewillig vir musieknavorsing op nasionale en internasionale vlak.

'n Waardevolle opgegradeerde en uitgebreide naslaanwerk ten opsigte van vokale en instrumentale kamermusiek (asook ander genres) is deur Michael Levy saamgestel. "Catalogue for Serious Music" is die mees omvattende samestelling van 'n Suid-Afrikaanse inheemse kunsmusiekrepertorium wat oor 'n tydperk van 18 jaar saamgestel is. Die bylaag "Repertoire Category Guide" kan aangewend word as riglyn vir die samestelling van 'n gebalanseerde program van beskikbare Suid-Afrikaanse musiek, met die inkorporering van instrumentale kamermusiek, deur uitvoerende kunstenaars en konsertorganiseerders.

Nasionale musiekverenigings, naamlik Obelisk en Suid-Afrikaanse Musiekgilde, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die skepping van uitvoerende fasiliteite vir Suid-Afrikaanse instrumentale kamermusiekkomposisies. Finansiële en administratiewe ondersteuning word hoofsaaklik deur SAMRO verskaf. Karakteristiek is die verbale of skriftelike bekendstelling van komponiste en kamermusiekkomposisies tydens die konserte.

Beide musiekverenigings stel hul ten doel om 'n verhoog vir die uitvoering van solo- en ensemblemusiek van Suid-Afrikaanse komponiste te skep. Hierdeur word die konsertganger blootgestel aan die veelsydige inheemse repertorium. 'n Dualistiese doelwit word bereik deurdat die jong kunstenaar 'n geleentheid gegun word om Suid-Afrikaanse kunsmusiek (waaronder instrumentale kamermusiekkomposisies resorteer) deel van hul repertorium te maak.

Die nie-winsgewende maatskappy - Stigting vir die Skeppende Kunste verleen nie slegs finansiële hulp aan verdienstelike skeppende kunstenaars nie, maar stel hul ten doel om die drie hoof dissiplines in die skeppende kunste van al die kultuur- en taalgroepe van Suid-Afrika te bevorder.

Op nasionale en streekvlak word daadwerklike pogings deur organisasies, instansies en verenigings aangewend om die bevordering en uitbreiding van inheemse instrumentale kamermusiek te vergroot. Kunsbewustheid asook musiekwaardering en musisering moet egter op 'n jeugdige ouderdom in die intieme atmosfeer van die ouerhuis en skool aangekweek word.

## 4. Slotsom

Aangesien die derde en vierde Suid-Afrikaanse komponiste-generasies daarin geslaag het om inheemse Afrika-musiekelemente as 'n intergrale deel van hul instrumentale kamermusiekkomposisies te inkorporeer, word die grootste uitdaging aan alle Suid-Afrikaanse musiekpedagoë gerig om die inheemse bevolkingsgroepe se musikale kennis op te hef tot 'n standaard waar hul op 'n egte Afrosentriese wyse kan bydra tot die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse eiesoortige instrumentale kamermusiekrepertorium.

## BIBLIOGRAFIE

### A. GEPUBLISEERDE WERKE


Apel, W — Harvard Dictionary of Music. London: Heinemann Educational Books, 1970.

Baron, J H — Chamber music: A research and information guide. New York: Garland Publication, 1987.

Barrow, J — Reizen in de Binnelanden van het Zuidelijk gedeelte van Afrika in de jaren 1797 en 1798. Uit het Engelsch. Haarlem, 1805.

Bouws, J — Musiek in Suid-Afrika. Eerste uitgawe. Kaapstad: Voorland Brugge, 1946.

Bouws, J — Geskiedenis van die Musiekonderwys in Suid-Afrika (1652-1902). Kaapstad: Nasou, 1960.

Bouws, J — Komponiste van Suid-Afrika. Stellenbosch: C F Albertyn, 1971.

Bouws, J — Suid-Afrikaanse Komponiste van Vandag en Gister. Kaapstad: Balkema, 1957.

Bouws, J — So lank daar Musiek is...: Musiek en Musiekmakers in Suid-Afrika (1652-1982). Eerste uitgawe. Kaapstad: Tafelberg uitgewers, 1982.

Bouws, J — Die Musieklewe van Kaapstad, 1800-1850 en sy verhouding tot die musiekkultuur van Wes-Europa. Kaapstad: Balkema, 1966.

Bouws, J — Geskiedenis van die Onderwys in Suid-Afrika (1652-1902). Kaapstad: Nasou Beperk, 1960.

Burchell, W J — Woodcut vignettes: From "Travels in the interior of South Africa". Cape Town: Struik (c), 1968.

Cameron, T en Spies, S B (red) — Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede hersiene uitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau, 1991.

Coetzee, F Chr (red) — Onderwys in Suid-Afrika (1652-1960). Pretoria: J L van Schaik, 1975.

De Villiers, M — M L de Villiers: Toonsetting van "Die Stem" en 'n opsomming van sy loopbaan. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1966.

Franken, J L M — Duminy-dagboeke. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging, 1938.

Fourie, G (red) — Bronnegids vir Musiek. Pretoria: Navorsing vir Geestelike Wetenskap, 1970, 1973 en 1975.

Franken, J L M — Duminy-dagboeke. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging, 1938.

Fourie, G (red) — Bronnegids vir Musiek. Pretoria: Navorsing vir Geestelike Wetenskap, 1970, 1973 en 1975.

Grout, D J — A History of Western Music. Revised edition. London: J M Dent and Sons, 1978.

Headington, C — The Listener's Guide to Chamber Music. Dorset: Blandford Press, 1982.

Hoge, J — Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806: In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Negende Jaargang. Kaapstad: s.n., 1946.

Huskisson, Y — Die Bantoe-Komponiste van Suider-Afrika. Eerste uitgawe. Johannesburg: Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, 1969.

Huskisson, Y — The Bantu Composers of Southern Africa: Supplement Pretoria: Human Science Research Council, 1983.

Jackson, G S — Music in Durban 1850-1900. Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1970.

Klatzow, P (ed) — Composers in South Africa Today. Cape Town: Oxford University Press, 1988.

Kennan, K and Grantham, D — The Technique of Orchestration. New Jersey: Prentice-Hall, 1983.

Kwabena Nketia, J H — The Music of Africa. London: Victor Gollancz Ltd, 1975.

Lamprecht, C E — Die Kreatiewe aanwending van Volksmusiek. Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1985.

Levy, M S — Catalogue of Serious Music: Original Works, Arrangements and Orchestrations, Published and in Manuscript, by Southern African Composers and Arrangers (1962-1992). Volume I, II and Appendix. Johannesburg: SAMRO, 1992.

Malan, J P (red) — Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie. Kaapstad: Oxford University Press, 1986. Deel I, Deel II, Deel III en Deel IV .

Muller, C F (red) — 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Tweede hersiende en geïllustreerde uitgawe. Pretoria: Academica, 1968.

Oakes, D (ed) — Illustrated History of South Africa. Second edition. Cape Town: The Reader's Digest Association South Africa (Pty) Ltd, 1989.

Perry, J G — Spore in die Tyd - Kaap. Johannesburg: McGraw-Hill, 1971.

Rhodes, T A F — Broadcasting before the SABC was created. Johannesburg: SABC.

Sadie, S (ed) — The New Grove's Dictionary of Music and Musicians. Eight edition. London: MacMillian, 1980, Volume 4 and Volume 5.

Scholes, P A (ed) (revised) — The New Oxford Companion to Music. London: Oxford University Press, 1983.

Siegmeister, E (ed) — The Music Lover's Handbook. London: Adam and Charles Black, 1979.

Ulrich, H and Pisk, P — A History of Music and Musical Style. First edition. New York: Harcourt Brace Jovanovich, Inc, 1963.

Van der Merwe, F Z — Die Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie 1781-1952. Pretoria: J L van Schaik, 1958.

Van der Walt, A J H, Wiid, J A en Geyer, A L — Geskiedenis van Suid-Afrika. Tweede uitgawe. Kaapstad: Nasou Beperk.

Van Oostveen, K — Practsche Modulatieleer: Modulatieleer in Voorbeelden ten Dienste van hen die Zich Voorbereiden op Staatsexamens L.O, M.O. en Conservatorium. Amsterdam: H J Paris, 1949.

Van Riebeeck, J A, Bosman, D B en Thom, H B — Daghregister, gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck. Deel I.

Walthew, R H — The Development of Chamber Music: Three Lectures, delivered at South Place Institute 1909. London: Boosey and Co, 1909.

Wittlich, G E (co-ed) — Aspects of Twentieth Century Music. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, 1975.

Wolpowitz, L — James & Kate Hyde: And the development of music in Johannesburg up to the First World War. Pretoria: J L van Schaik, 1969.

Young, P M — A History of British Music. London: Ernest Benn, 1967.

## B. ONGEPUBLISEERDE WERKE


Bosman, F C L — Drama en Toneel in Suid-Afrika. 'n DPhil proefskrif aan die Universiteit van Amsterdam, 1928. Deel I, 1855. Kaapstad: Dusseau, 1928.

Burger, W Naudé — Orkestrale Styltegnieke in geselekteerde werke van Gideon Fagan (1904-1980). 'n Doktorale proefskrif aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1984.

Coetzee, A M E — Die Koor en Vokale Musiek van Gideon Fagan (1904-1980). 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1990.

Geldenhuys, D G — John Joubert se Komposisies: 'n Stylkritiese Ondersoek met spesiale verwysing na sy vokale werke. 'n Doktorale Proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch, 1976.

Greyling, J D — Die Musiek van Dawid Sofius Engela (1931-1967). 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1980.

Grobbelaar, E P — Die lewe en werk van Hans Endler en sy invloed op die musieklewe van Stellenbosch. 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Stellenbosch, 1969.

Hartman, A C — 'n Oorsig van die Europese musiek in Suid-Afrika 1652-1900. 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van die Witwatersrand, 1947.

Human, J L K — Die Musieklewe in Bloemfontein 1900-1939. 'n Doktorale proefskrif aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976.

Human, J L K — Musiek in die Oranje-Vrystaat vanaf 1850 tot aan die begin van die Anglo-Boere-Oorlog. 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976.

Jacobs, S J — Die Komposisies van Hans Roosenschoon (1952-). 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1987.

Jooste, S J — Westerse blaasinstrumentspel en -onderrig in Suid-Afrika van 1652-1902: 'n Kultuurhistoriese Evaluasie. 'n DMus proefskrif aan Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1987.

Krige, P J — Die Kamermusiek van Hubert du Plessis - 'n Stylstudie. 'n DMus proefskrif aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1983.

Krynauw, E — Eva Noel Harvey (1900-1984) a South African Composer. A dissertation for the Degree of Master of Music at the University of the Witwatersrand, 1988. Volume I and Volume II.

Mallows, K — Chamber Music by South African Composers in South African Libraries: A bibliography. Cape Town: University of Cape Town Libraries, 1979.

Ottermann, R E — Friedrich Wilhelm Jannasch en sy invloed op die Kerkmusiek van die NG Kerk. 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Stellenbosch, 1971.

Reid, D J — A Systematic Survey of the Musical History of the Transvaal to 1902. A DMus thesis at the University of Cape Town, 1972.

Siehoff, U — South African String Quartets. A dissertation for the BMus degree at the University of the Witwatersrand, 1982.

Stanford, H J — Komposisies van Arthur Wegelin tot 1988. 'n DPhil proefskrif aan die Universiteit van Wes-Kaapland, Oktober 1988.

Temmingh, H — 'n Stylkritiese Studie van die musiek van Arnold van Wyk. 'n MMus verhandeling aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Opleiding, 1965.

Temmingh, R W — Aspekte van Twintigste eeuse Musiek: 'n Bydrae tot die betekenisbepaling van die begrippe "Hedendaags" en "Eietyds" na aanleiding van Komposisietegnieke sedert 1900. 'n Doktorale proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch, 1975.

Troskie, A J J — The Music of Port Elizabeth 1875-1900. Magister Musicae at the University of Port Elizabeth, 1969.

Van den Berg, R J — Die Musiekaktiwiteite van die SAUK. 'n MMus verhandeling aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1976.

Van der Merwe, F J — The Compositions of Percival R Kirby (1887-1970). A dissertation for the Degree of Master of Music at the University of South Africa, 1977.

Van der Spuy, H H — W H Bell: Enkele aspekte van sy loopbaan en sy invloed op Suid-Afrikaanse musieklewe. 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Port Elizabeth, 1970.

Van der Spuy, H H — Die Musieklewe van Pietermaritzburg 1850-1902. 'n Doktorale proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch, 1975.

Van Niekerk, H — Manuscripts Collection: Inventory of the Richard Cherry Collection. Pretoria: University of South Africa, 1989.

Van Schalkwyk, C — Tegniese aspekte van uitgesoekte orkeswerke van agt Suid-Afrikaanse komponiste. 'n BMus skripsie aan die Universiteit van Pretoria, 1974.

Venter, C L — Suid-Afrikaanse Klaviermusiek: 'n Kultuurhistoriese en stylanalitiese studie. 'n Doktorale proefskrif aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1977.

Vermeulen, E — Die Musieklewe in Pretoria (1902-1926). 'n MMus verhandeling aan die Universiteit van Pretoria, 1967.

Von Beck, M K E L B — A Study of Bibliographic Control Tools for Music Literature and Scores. (Published and unpublished with particular reference to the Republic of South Africa). A Master of Library Science at the University of South Africa, 1987.

## C. SUID-AFRIKAANSE TYDSKRIFTE


Anoniem — Stefans Grové: Die graad Doctor Musicae Honoris causa, Musicus, Volume 14.2, 1986.

Anoniem — Akademie - Onderskeiding vir Hubert du Plessis. Vita Musica, September 1963.

Anoniem — Vertrek van Prof Bon. Res Musicae, Junie 1957, Volume 3 Nr 4.

Anoniem — Prof F H Hartmann. Res Musicae, September 1961, Volume 8 Nr 4.

Anoniem — John Joubert. Res Musicae, Desember 1956, Volume 3 Nr 2.

Anonymous — Carl van Wyk - Trio for Violin, Horn and Piano. The South African Journal of Musicology, Augustus 1985, Volume 5 No 1.

Anonymous — South African Musical Personalities: III Prof Percival Robson Kirby, Res Musicae, March 1960, Volume 7 No 1.

Anonymous — Horace Barton. The South African Musical Times. Augustus 1913, Volume 1 No 5.

Anonymous — A New Opera by Erik Chisholm. Vita Musica, September 1963.

Anonymous — In Memoriam Gerrit Bon (1901-1983). The South Africa Music Teacher, Oktober 1983, No 103.

Antcliffe, H — The Quest of the Composer. The South African Musical Times, Julie 1914.

Arend, K — South African Musical Personalities - 1: Prof F H Hartmann. Res Musicae, September 1959, Volume 6 No 1.

Barton, H — Natal Musical Festival. The South African Musical Times, Augustus 1914, Volume 2 No 5.

Beernaert, G D — Die sewe invensies van Cromwell Everson. Ars Nova 1990, Volume 22.

Boekkooi, P — Selfs rooikop Komponiste moet kan eet. Insig, Desember/Januarie 1991/1992.

Bon, G — Some Suggestions For a Different Approach to the Teaching of Harmony. Res Musicae, Desember 1962, Volume 6 No 2.

Bosman, F — Musiekpersoonlikhede XII: Gideon Fagan. Res Musicae, Desember 1962, Volume 9 Nr 1.

Bouws, J — Musieklewe in die Transvaal 1852-1899. Vita Musica, Oktober 1962.

Bouws, J — Musiekbeoefening aan die Kaap in die Hollandse Kompanjietyd. Kwartaalblad van Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1961-62, Volume 16.

Bouws, J — Hollandse tyd in die Musieklewe van Suid-Afrika. Kultuur, Johannesburg: Filma, Augustus 1946.

Bouws, J — Hubert du Plessis, 'n belangrike Suid-Afrikaanse Komponis. Standpunte, Februarie/April 1957, Jaargang XI Nr 4.

Bouws, J — Prof P R Kirby - 75 Years Old. Res Musicae, Maart 1962, Volume 8 No 3.

Bouws, J — Langs die Wapad van Suid-Afrikaanse Musieklewe. Res Musicae, September 1960, Volume 7 Nr 4.

Brumage, S — Kroniek/Chroncle: In Memoriam Gerrit Bon Snr (1901-1983). The South African Journal of Musicology, 1984, Volume 4.

Chisholm, E — Chamber Music and the Contemporary Idiom. Res Musicae, Junie 1960, Volume 6 No 3.

Drury, J D — Modern Popular Music and the South Africa Challenge. The South African Journal of Musicology, Augustus 1985, Volume 5 No 1.

Engela, D — Probleme in die hedendaagse Toonkuns. Standpunte, Mei-Junie 1958, Jaargang 12 Nr 3.

FCLB — Musiekpersoonlikhede IX: Prof Gerrit Bon. Res Musicae, Desember 1961, Volume 3 Nr 4.

Forsyth, M — A New Chamber Group in Cape Town. Opus, 1964, Volume 1 Nr 1.

Glasser, S — Musical Personalities: Prof Erik Chisholm. Res Musicae, Desember 1960, Volume 6 No 4.

Grové, I — Chronicle/Kroniek: In Memoriam - Arnold van Wyk. The South African Journal of Musicology 1983, Volume 3.

Grové, S — Scores: Partiture. The South African Journal of Musicology, 1983, Volume 3.

Grové, S — Gedagtes aan die sewende Hek. Odeionnuus, April 1982.

Grové, S — Probleme van die Suid-Afrikaanse Komponis. Standpunte, Desember 1952, Jaargang 7 Nr 3.

Grové, S — Die Nuwe Musiek en sy Tydgenote. Standpunte, Oktober 1952, Jaargang 7 Nr 1.

Grové, S — Credo. The South African Music Teacher, Desember 1960, No 59.

Grové, S — Gideon Fagan. The South African Music Teacher, Augustus 1980, No 97.

Grové, S — Oor Jong en Ou Dinge. Obelisk Nuus, Augustus 1992, Nr 1.2.

Grové, S — Die ontstaan en ontwikkeling van ons kunsmusiek - Deel 3: Johannes Fagan 1889-1920, Musicus, Volume 21.2.

Grové, S — Toe ... en Nou, Obelisk Nuusbrief, 1992.

Haddon, P — Chronicle/Kroniek: In Memoriam - Adolph Hallis. The South African Journal of Musicology, Desember 1987, Volume 7.

Hallis, A — Has South Africa Grown More Musical? The South African Music Teacher, Mei 1942, No 22.

Hallis, A (ed. M Rorich) — A Hallis (An autobiographical sketch). Musicus, 1974, Volume 2.1.

Hartman, A — Aanvullende Aantekeninge oor W H Bell. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, September 1975, Jaargang 15, Nr 3.

Henning, C G — Jan Orrelis - die Wonder van die Paarl. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, September 1974, Jaargang 14, Nr 3.

Henning, C G — Futher Manuscripts of J S de Villiers Rediscovered. Musicus, 1980, Volume 8.2.

Hoogenhout, P — Afrikaanse Sketse: Musiek. De Goede Hoop, Maart 1908.

Holm, A — Quo Vadis? Standpunte, Augustus 1984, Jaargang 20, Nr 7.

Hyde, J — Music and Musicians. The South Africa Musical Times, September 1913.

James, C L — Hans Roosenschoon: If Music Be. _The South Africa Journal of Musicology_, Desember 1986, Volume 6 No 1 and 2.

James, C L — Ensemble Music: The Corner-stone of the Musical Future of South Africa. _The South Africa Music Teacher_, June 1945, No 28.

Lesicnik, L — An Analytical study of 4 "Minim" for cello and Piano by Jeanne Zaidel-Rudolph. _Ars Nova_ 1986, Volume 18.

Levy, M S — Kroniek/Chronicle: In Memoriam - Joyce Loots (1907-1985). _The South Africa Journal of Musicology_, Augustus 1985, Volume 5.1.

Levy, M S — Nineth Musicological Congress, University of the Witwatersrand, Johannesburg, 20-21 August 1982. _The South Africa Journal of Musicology_, 1983, Volume 3.

Levy, M S — African and Western Music: Shall the Twain ever meet? _The South Africa Journal of Musicology_, 1986, Volume 6.

Malan, J P — Suid-Afrikaanse Musiekwetenskap: 'n Uitdaging en 'n verantwoordelikheid. _The South Africa Journal of Musicology_, 1983, Volume 3.

Malan, J P — Musiekpersoonlikhede VII: Blanche Gerstman. _Res Musicae_, Junie 1961, Volume 7 Nr 3.

Malan, J P — Stefans Grové - 60 jaar. _The South Africa Journal of Musicology_, 1982, Volume 2.

Malan, J P — In Memoriam: Anton Hartman (1918-1982). _The South Africa Journal of Musicology_, 1982, Volume 2.

Malan, W — Five short and Jazzy pieces for piano solo. _Musicus_, 1992, Volume 21.1.

Meerkotter, A — Die Musiekversameling in die Klankargief van die SAUK. _The South Africa Journal of Musicology_, 1987, Volume 7.

Nabarno, M — South African Composers No 11 - Carl van Wyk, _Scenaria 23_.

Nowotny, N W — First Steps in modern harmony: Composition with pre-established chord rows. _Ars Nova_, 1974, Volume 2.

Nowotny, N W — Popular Music in Music Education (II). _The South Africa Music Teacher_, Maart 1982, No 100.

Parker, B — Musiek: Universiteit van Natal. The South Africa Journal of Musicology, Desember 1986, Volume 6, Nr 1 and 2.

Reid, D J — Chronicle/Kroniek: The Musicological Society of South Africa. The South Africa Journal of Musicology, 1981, Volume 1.

Reid, D J — Jeanne Zaidel-Rudolph: Review of Music/Musiek Bespreking. The South Africa Journal of Musicology, 1988/1989, Volume 8/9.

Reid, D J — My Music. Ars Nova, 1982, Volume 14.

Reid, D J — In Memoriam: Priaulx Rainier. The South Africa Journal of Musicology, September 1986, Volume 6.

Rorich, M — LaPierre, G. The South Africa Journal of Musicology, Desember 1986, Volume 6, Nr 1 and 2.

Sack, J — Kamermusiek Smee Vriendskapsbande. Opus, Junie 1973, Volume 4 Nr 4.

Stam, J — Elektronika en Rekenoutomate - Hulpmiddels by die Modern Musiek Deel II. The South Africa Music Teacher, Junie 1965, Nr 69.

Stanford, J — Chronicle/Kroniek: Arthur Willem Wegelin. The South Africa Journal of Musicology, 1988/1989, Volume 8/9.

Stroux, C — The Study of Music History: Scope and Method. The South Africa Journal of Musicology, 1987, Volume 7.

Stroux, C — National Music Conference and Festival, Johannesburg, University of the Witwatersrand, 26-31 January 1981. The South Africa Journal of Musicology, 1981, Volume 1.

Temmingh, H — Die Musiek van Arnold van Wyk, Musicus, Volume 2.2, 1974.

Theron, R — Hulde aan Hubert du Plessis en Stefans Grové - vanjaar sestig. The South Africa Music Teacher, September 1981, Nr 101.

Theron, R — Priaulx Rainier Op Besoek in Suid-Afrika. The South Africa Music Teacher, Maart 1980, Nr 96.

Theron, R — In Memoriam - Arnold van Wyk (1916-1983). The South Africa Music Teacher, Oktober 1983, Nr 103.

Vallance, G — Some Remarks About Chamber Music. The South Africa Musical Times, April 1914.

Van den Berg, R — In Memoriam - Richard Cherry (1897-1982). The South Africa Journal of Musicology, 1983, Volume 3.

Van Rensburg, E — Oor op die Grond - 'n Onderhoud met Stefans Grové. Obelisk Nuus, Augustus 1992, Nr 1.2.

Van Zuilenburg, L — The Interpretation of Recorder Music. Musicus, 198 , Volume 6.1.

Wegelin, A W — Musiekkroniek: P J L Klatzow. Standpunte, September 1974, Jaargang 14 Nr 3.

Wegelin, A W — Musiekkroniek: Hubert du Plessis. Tydskrif van Geesteswetenskappe, April 1977, Jaargang 17 Nr 1.

Wegelin, A W — Musiekkroniek: Gideon Fagan. Tydskrif van Geesteswetenskappe, April 1976, Jaargang 16 Nr 1.

Wegelin, A W — Musiekkroniek: Thomas Rajna. Tydskrif van Geesteswetenskappe, September 1983, Jaargang 23 Nr 3.

Wegelin, A W — Musiekkroniek: W H Bell. Tydskrif van Geesteswetenskappe, September 1975, Jaargang 15 Nr 3.

Zaidel-Rudolph, J — Scores- Partiture. The South Africa Journal of Musicology, 1981, Volume 1.

Zaidel-Rudolph, J — First International Congress on Women in Music, New York University, 26-29 March 1981. The South Africa Journal of Musicology, 1981, Volume 1.

## D. KOERANTBERIGTE


Anoniem Kuns en Vermaak, Die Transvaler, 1 September 1954.

Anoniem Obelisk-groep slaag in belangrike doel, Hoofstad, 5 Oktober 1982.

Anoniem Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter, 31 Januarie, 1802.

Anoniem Kaapsche Stads Courante en Afrikaansche Berigter II, 27 Augustus 1803, Nr 21.

Anoniem Kaapsche Courante en Afrikaansche Berigter XII, 22 November 1817, Nr 612.

Anoniem Kaapsche Courante en Afrikaansche Berigter XVIII, 14 Junie 1823, Nr 909.

Anoniem Geauthoriseerde Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter I, 16 Augustus 1800.

Anoniem De Verzamelaar, III Nr 113, 13 September 1842.

Anoniem The African Court Calender and Directory, 1824-1829.

Anoniem The Cape Town Gazette and African Advertizer XXI, Nr 1051, 3 Maart 1826.

Anoniem The Friend, 25 November 1880.

Anoniem The Friend, 11 Arpil 1888.

Anoniem De Zuid-Afrikaan V Nr 265, 27 Februarie 1835.

Anoniem The Cape of Good Hope Goverment Gazette XXIII, Nr 1169, 6 Junie 1828.

Anoniem Van Rensburg Wen Forte-kompetisie. Die Beeld 29 Junie 1991.

Anoniem Fagan-werk vir oktet, Die Vaderland, 16 Februarie 1962.

Anoniem Connell oorhandig Samro se Oorseese beurse. Die Transvaler, 22 Julie 1991.

Anoniem D'Urban Advocate. 5 Maart 1852.

Anoniem Jong kunstenaars verdien 'n bespreking, Oggendblad 27 Julie 1977.

Anoniem — Obelisk wil Suid-Afrikaanse Kunsmusiek help bevorder. Die Beeld: Kalender, 5 Mei 1992.

Anonymous — Cloete Concert. The Cape Times, 17 June 1985.

Anonymous — Concert. The Cape Times, 9 February 1986.

Anonymous — Chamber concert proves popular, Pretoria News, 27 June 1977.

Allighan, G — Report to the nation, Sunday Times, 9 December 1962.

Boekkooi, P — Prikkelende musiekaand. Die Beeld, 7 Oktober 1985.

Boekkooi, P — Klankontginning in nuwe werke. Die Beeld: Bylaag Kunsbeeld, 18 Mei 1989.

Boekkooi, P — Obelisk rises from the ashes. The Star: Tonight, 3 Maart 1992.

Boekkooi, P — Grové Towers above South African composers. The Star: Tonight, 12 Mei 1992.

Burger, L — Lesing oor Art Brut as pelgrimreis na psige. Die Beeld: Kalender, 21 Maart 1991.

Cloete, J R — Kosviner pleasing, The Cape Times, 12 November 1983.

Dryer, J — A 'first' for a composer. The Star, 27 September 1979.

Goosen, A — 'n Nostalgiese kyk na Afrika. Die Beeld: Kalender 31 Julie 1989.

Grové, S — 'n Kabaret-opera met teks van Krog, Leroux en Letoit. Die Beeld: Kalender, 8 Mei 1992.

Grové, S — Kunstenaars se lewe word so moeilik as moontlik gemaak. Die Beeld: Kalender, 8 Mei 1992.

Grové, S — Plaaslike werke knap uitgevoer. Die Beeld: Kalender, 13 Mei 1992.

Martin, M — Kultuur 'n vredemaker en toekomsbouer: Eurosentrisme egter 'n groot struikelblok. Die Beeld: Kalender, 14 Mei 1991.

Pawel, S — Fresh music played with commitment. The Star 15 November 1988.

Sapa — Student honoured in Music. Pretoria News, 15 November 1990.

| | |
|---|---|
| Silvertri, A | Chamber works by Rainier, The Argus, 29 June 1982. |
| Strydom, F | Composer underscored. Pretoria News, 8 October 1985. |
| Van den Bergh, M | Taakgroep bekyk nuwe musiekroete vir Suid-Afrika. Die Beeld: Kalender, 11 Junie 1991. |
| Van Rensburg, R | Superb technique at Grové's birthday bash. Pretoria News, 30 July 1992. |
| Van Wyk, B | Virtuose fagot hoogtepunt in kamermusiekkonsert, Die Oosterling, 15 Maart 1983. |

## E. ONDERHOUDE

| | |
|---|---|
| Dr C L James | November 1989, Pretoria. |
| Prof C E Lamprecht | April 1991, Pretoria. |
| Prof W A Mony | September 1989, Johannesburg.<br>Desember 1992, Johannesburg. |
| Dr K van Oostveen | Augustus 1989, Johannesburg.<br>September 1989, Johannesburg. |
| Prof D J Reid | September 1989, Pretoria. |
| Dr B Spies | April 1991, Pretoria. |
| Mev H van der Mark | September 1989, Johannesburg. |
| Mnr E van Rensburg | Oktober 1992, Pretoria. |
| Prof C A van Wyk | Oktober 1990, Johannesburg. |
| Dr J Zaidel-Rudolph | Julie 1989, Johannesburg.<br>9 Oktober 1990, Johannesburg. |

## F. KORRESPONDENSIE

| | |
|---|---|
| Adams, R | 14 September 1992. |
| Blake, M | 2 Julie 1990.<br>15 Oktober 1992. |
| Burger, W Naudé | 4 Oktober 1993. |
| Cloete, J N | 9 Junie 1990. |
| De Bliquy, M | 12 September 1992. |
| De Vries, T L | 15 September 1992. (mbt G de Vries) |
| Els, A | 10 Augustus 1990. |
| Faul, L A | 18 April 1990. |
| Fourie, C | 10 September 1992. |
| Hankinson, M | 28 Junie 1990. |
| Hoenigsberg, D | 6 Junie 1990. |
| Holm, A | 13 September 1992. |
| Holm, I | 24 Junie 1990. |
| James, C L (Dr) | 17 Augustus 1991. |
| Jolly, M | 11 Junie 1990. |
| Krige, P | 13 Junie 1990. |
| Kosviner, D | 15 Mei 1990. |
| Lane, M | 17 September 1992. |
| Malan, J de Vos | 19 Junie 1990. |
| Newcater, G | 10 Junie 1990. |
| Nowotny, N W (Prof) | 21 September 1990. |
| Ottermann, R (Prof) | 15 September 1992. |
| Stephenson, A | 4 Junie 1990. |
| Swanson, M | 20 September 1993. |
| Universiteit van Kaapstad | 14 Oktober 1993. |
| Van Dijk, P L | 10 April 1990. |

| | |
|---|---|
| Van Rensburg, E | 7 September 1992. |
| Van Zuilenburg, L | 12 Mei 1990. |
| Vietri, P | 10 April 1990. |
| Wegelin, A W (Prof) | 23 April 1990. |

## G. OUDIVISIELE BIBLIOGRAFIE

| | |
|---|---|
| Du Plessis, H | Kant 2:<br>Trio vir klavier, viool en tjello<br>(i) Motto Moderato: Allegro moderato<br>(ii) Motto Adagio espressivo<br>(iii) Vivace.<br><br>SAUK: MC 6794 |
| Harvey, E N | Concert at Bobolink - 27 April 1985:<br>Quartet for flute oboe, cello and piano<br>Brigitte McKee (flute)<br>Jan Duvenage (oboe)<br>Peta An Richardson (cello)<br>Peggy Haddon (piano) |
| James, C L | Kant 1:<br>Moonshine Op 8<br>Kant 2:<br>Wind Quintet Op 15<br>Winters Dream Op 20<br><br>UNISA: MC 6804 |
| Newcater, G | Kant 2:<br>String Quartet (1984) (17'48")<br><br>SAUK: MC 6905. |
| SAUK | Radiodiens Programme: Klankargief<br>W H Bell<br>Kant I:<br>'n Huldigingsprogram:<br>Betsy de la Porte<br>William Henry Bell<br>Arnold van Wyk.<br>Opgestel deur S Grové (29'03")<br><br>Kant 2:<br>William Henry Bell - Suid-Afrika se eerste professor in Musiek.<br>Opgestel deur Maggie Smit (13'04") |

| | |
|---|---|
| Stephenson, A | Kant 1:<br>String Trio (1985):<br>uitgevoer deur Cape String Trio<br><br>Kant 2:<br>Brass Quintet (1988)<br>uitgevoer deur CTSD Brass Quintet. |
| Van Oostveen, K (Dr) | Kant 1:<br>Onderhoud met Dr K van Oostveen<br><br>Kant 2:<br>Music for trompet and 5 Harps Op 48 |

## H. SUID-AFRIKAANSE INSTRUMENTALE KAMERMUSIEKPROGRAMME

Concert at Bobolink - 27 April 1985. A Loving Tribute in Memory of Eva Harvey.

Komponiste-aand ter ere van Arthur Wegelin, Donderdag 3 Oktober 1985 om 20:00 in Musaion.

Program van Nasionale Stigting vir die Bevordering van Musiek, 24 Oktober 1975.

Die Total Musiekbundel 1987: Gala Première, "The Great Hall", Universiteit van die Witwatersrand, Oktober 1987 om 20:00.

SAMG konsert van Suid-Afrikaanse komponiste, 4 Oktober 1987.

Obelisk musiek - Kontemporêre musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste, 28 Februarie 1992.

SAMG konsert op 26 November 1989, Johannesburg Kunsmuseum, Joubertpark.

SAMG konsert op 24 September 1989, Johannesburg Kunsmuseum, Joubertpark.

SAMG concert on 13 November 1988, Johannesburg Art Gallery, Joubertpark.

Inwydingskonsert op 26 Oktober 1986, Derrick Lewis Musiekkamer, Johannesburgse Onderwyskollege, Parktown.

Obelisk musiek op 25 Julie 1992, Studie, Staatsteater, Pretoria.

SAMG programme: A recital of newer music by some South African composers. Musaion - Pretoria University, 25 April 1990.

SAMG concert on 30 August 1987, Johannesburg Art Gallery, Joubert Park.

Obelisk musiek: String variations. Staatsteater in Pretoria, 17 Maart 1992.

Obelisk music: Contemporary South African Music. Tauromenium, 30 Derrick Avenue, Waterkloof Ridge, Pretoria, 7 May 1992.

Obelisk musiek: Tauromenium, 30 Derrick Laan, Waterkloofrif, Pretoria, 17 September 1992.

## I. BESKIKBARE PARTITURE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | **Barton, H P** | | | |
| | 1938 | Trio in F mineur | klav,vl,tj | 2' |
| 2. | **Cherry, R** | | | |
| | 1967 | An "Examination" Fugue for String Trio | vl,altvl,tj<br>OF ob,kl,fg<br>OF 2 kl,fg | |
| 4. | **Cloete, Johan** | | | |
| | 1983 | The Return of Ulysses | str-kw | 20' |
| | 1984 | Sine amore nil est jucundum | picc,bas kl, tp,2 perk, orr,tj | 7' |
| 5. | **Clough, R** | | | |
| | 1986 | Elegy to the of a College: Hennie Joubert | str-kw | 3'20" |
| | 1986 | Three Elegies for Good Friday | str-kw | 6'20" |
| 6. | **Coulter, J R** | | | |
| | 1974 | Quartet in Folk | str-kw | 8' |
| | 1981 | Three Songs for Soprano:<br>a. A Talk with a wood (B Patten)<br>b. Youth in Age (G Meredith)<br>c. A Cat, a Horse and the Sun (R McJough) | Sop,kl,klav | |
| 7. | **Cruft, A** | | | |
| | 1968 | Three Bagatelles for Wind Trio opus 50 | fl,ho,kl | |

**8. De Bliquy, M**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1984 | Fugue for Strings opus 16 | str-kw | |

**9. De Klerk, D**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1980 | Lied vir Kersfees | Sop/Mez-Sop, kl,tj | |

**10. De Vries, G**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1953 | Trio for Violin, Alto and Cello | vl,altvl,tj | 7'15' |
| 1958-1959 | 'n Stel Variasies gebaseer op volks-wysies:<br>a. "O My Liewe Martatjie"<br>b. "Hansie Slim"<br>c. "Pollie Ons gaan Pêrel toe"<br>d. "Die Son verrys" | 2 sop blfl, alt blfl | |
| 1960 | Fugetta oor Hansie | 3 sop blfl | 2' |

**11. Du Plessis, H**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1953 | Strykkwartet opus 13 | str-kw | 29' |
| 1960 | Trio vir klavier viool en tjello opus 20 | klav,vl,tj, | 25' |

**12. Endler, J F**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Petite Valse | vl,tj,klav | |

**13. Fagan, G**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1974 | Suite for Strings | vl 1,vl 2, altvl,tj, kb | 16' |

**14. Firth, F**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Strykkwartet | str-kw | |

**15. Hoenigsberg, D**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1982 | Haiku Screen (C Meintses) | Ten/Bar, altvl,hp | |
| 1982 | Movement for String Quartet | str-kw | 20' |

**16. Honey, A E**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1966 | Passacaglia for a Wind Band | ho,2 kl,2 pt, trb,hr,fg | 4'5" |

**17. James, C L**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1985 | Winter's Dream | 3 perk | 5'40" |
| 1986 | Moonshine | Sop,fl,hp | |

**18. Jordan, B**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1981 | Summer Music | fl,kl,tj | 10' |

**19. Joubert, J**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1951 | String Quartet in A Flat major opus 1 | str-kw | 21' |
| 1958 | Trio opus 30 | vl,altvl,tj | |

**20. Klatzow, P J L**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1977 | Night Magic | vl,hr,klav | 11" |
| | Chamber Concerto for Seven | fl,kl,hr, klav,ki,perk orr | 20' |
| 1985 | Into Four | fl,kl,hr,fg | |

**21. Klein, H E**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1974 | 4 Gestures | kl,fg,hr | 11' |
| 1976 | Klein Ballade (E Eybers) | Sop,fl,fg, vl,altvl,tj | |

**22. Kosviner, D**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1982 | Ciascum apra ben gli Orecchi | str-kw | 11' |
| 1984 | Thumbprints | str-kw | 3' |
| 1987 | Met Titel | vl,altvl,tj, klav | 6'30" |

**23. Krynauw, E**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1983 | Nostalgia for Five | fl/picc,c-a, hr,alt sax/ sop sax,tj | 5' |
| 1985 | Impossible Illusions | fl/picc,fl, kl,fg,tj,perk | 7' |
| 1988 | Anthorismos | fl,kl,hr,trb, 2 perk,vl,2 tj | 9' |

**24. Lamprecht, C E**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1972 | Tema en Variasies op tema van 'n ongepubliseerde volkslied | fl,vl,tj | |
| 1990 | Fantasie vir vier kitare | 4 ki | |

**25. Lane, M**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1988 | The Gnostic | kl,str-kw | 15' |

**26. Lapin, L**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1930 | Tango | vl,tj,klav | |

**27. Lemming, F C**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 10 Variasies sur l'air O, Du lieber Augustin | str-kw | |

**28. Lowenhertz, E**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | A Prayer (Vrede) | Sop,vl,klav | |

**29. Malan, J de Vos**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1981 | Sunbeetle Music opus 21 | 2 tp,hr,ten trb,tu | 10' |

**30. Newcater, G**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1982 | In Memoriam of Anton Hartman | vl,hr,klav | 9'25" |
| 1984 | String Quartet | str-kw | 16'44 |

**31. Reid, D J**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1963 | Suite in five Movements for Strings | str-kw | |
| 1964 | Movement in Eight Parts for Strings | 4 vl,2 tj 2 kb | 15'45" |
| 1968 | Strykkwartet in D | str-kw | |
| 1987 | Three for Five | vl,fl,tj | |

**32. Roosenschoon, H**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1973 | Janus | vl 1 + 2, altvl,tj,kb | |
| 1973 | Toccatino | ho,vl,tj, klav | 3'32" |
| 1975 | Passacaglia | vl 1 + 2, tj,kb | 4' |
| 1978 | Makietie | 2 tp,hr,trb | 16' |

**33. Spies, B**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1986 | Johannesburg Gold | str-kw | |

**34. Stephenson, A**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1985 | Stryktrio | vl,altvl,tj | 18' |
| 1988 | Brass Quintet | 2 tp,hr,trb, tu | 15' |

**35. Temmingh, R**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1988 | Autumn | fl,kl,hr, tp,2 tj, klav,magnb | 14' |
| 1976 | Drie Liedere op Tekste van Totius | Bar,fl,kl, hr,altvl | |

**36. Torode, C**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Sarabande | 3 vl,altv,tj, kb | |

**37. Van den Mark, M**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1968 | Capricorn, Aquarius, Tuarus Suite | fl,kl,fg | |

**38. Van Oostveen, K**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1988 | Strykkwartet opus 82 | str-kw | 14'10" |
| | Strykkwartet "Vita Christi" opus 25 | str-kw | |

**39. Van Rensburg, E**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1990 | Quintet | kl,str-kw | 22'40 |

**40. Van Wyk, A C**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Five Elegies for String Quartet | str-kw | |

**41. Van Wyk, C A**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1982 | Trio for Violin, Horn and Piano | vl,hr,klav | 10' |
| 1985 | Piano Quartet | vl,altvl,tj, klav | 20' |
| 1985 | Suite for Horn, Bassoon and Harp | hr,fg,hp | 12' |

**42. Von Booth, O**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Quartet | str-kw | |

**43. Volans, K**

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Who are You, little i? | Sop,fl,klav | |

**44. Wegelin, A**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1985 | Tweede Strykkwartet opus 51 | str-kw | 20' |

**45. Zaidel-Rudolph, J**


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1985 | Margana | fl,vl,tj, 2 perk | 9' |
| 1989 | Masada | fg,str-kw | 13' |

## J. BYLAAG

Slegs 71,3% of 365 van die totale geïndentifiseerde instrumentale kamermusiekkomposisies is gedateer. 'n Chronologiese weergawe van die gedateerde werke word volgens die verskillende kategorieë in dekades aangedui. Die volgende grafiese voorstellings verskaf die kategories persentasie op die vertikale as, terwyl die 10 dekades (vanaf 1890-1990) op die horisontale as, as D1 tot D10 aangetoon word.


### GRAFIESE UITEENSETTING

# CHRONOLOGIESE WEERGAWE VAN
## TRIO KOMPOSISIES




GRAFIESE UITEENSETTING

# CHRONOLOGIESE WEERGAWE VAN
## KWARTET KOMPOSISIES




**GRAFIESE UITEENSETTING**

# CHRONOLOGIESE WEERGAWE VAN
## KWINTET KOMPOSISIES




GRAFIESE UITEENSETTING

# CHRONOLOGIESE WEERGAWE VAN SEKSTET KOMPOSISIES




GRAFIESE UITEENSETTING

# CHRONOLOGIESE WEERGAWE VAN
## SEPTET KOMPOSISIES



GRAFIESE UITEENSETTING



GRAFIESE UITEENSETTING

# CHRONOLOGIESE WEERGAWE VAN

## NONET KOMPOSISIES

